

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Verklaring en Prediking van die Ou Testament

Prof. JL Helberg

Nota: In die teks dui ^[xx] die oorspronklike bladsynommers in die gedrukte weergawe aan. Waar die bladsy in die middel van 'n woord of Skrifverwysing begin word dit aan die begin van die woord of verwysing geplaas.

Inhoud

INLEIDING	6
1. Nuwe belangstelling in die verklaring van die Bybel	6
2. Die Bybel is die Woord van God.....	6
I. GESKIEDENIS VAN DIE VERKLARING VAN DIE OU TESTAMENT TOT DIE TYD RONDOM DIE HERVORMING	8
1. JOODSE VERKLARINGS	8
1.1 Die rabbi's - tradisie	8
1.2 Die Qumran-sektes - eskatologiese verwagtings	8
1.3 Philo - allegoriese verklaring	9
2. DIE VROEË CHRISTELIKE KERK	9
2.1 Toespitsing op Jesus Christus	9
2.2 Tweede eeu n.C. - die kerklike tradisie teenoor kettere: Irenaeus en Marcion	10
2.3 Die skole van Alexandrië, Antiochië en die Weste - allegorie teenoor letterlike betekenis	10
3. DIE MIDDELEEUE	11
3.1 Gesag van die tradisie en die kerk	11
3.2 Joodse verklaarders - letterlike betekenis	12
4. DIE HERVORMING.....	12
4.1 Die hervormers - die eenvoudige, letterlike betekenis van die skrif, en die direkte betrokkenheid van die gelowiges	12
4.2 Luther - Christusverkondiging as maatstaf	12
4.3 Calvyn - alleen die Woord, bevestig deur die Heilige Gees	13
4.4 Die na-reformatoriese periode - konservering en konsolidasie.....	14
II. DIE GESKIEDENIS VAN DIE VERKLARING VAN DIE O.T. VANAF DIE RASIONALISME TOT VANDAG	15
1. DIE RASIONALISME	15
1.1 Opkoms van die Rasionalisme - die verstand as maatstaf en bron van waarheid	15
1.2 Die historiese kritiek - die geskiedenis self as die eintlike, skeppende mag	15
2. DIE TEOLOGIES-HISTORIESE SKOOL	17
2.1 Karl Barth - God tree transendent op vir hier en nou.....	17
2.2 W. Visscher - christologiese verklaring.....	17
2.3 Rudolf Bultmann - "ontmitologisering" van die Skrif	18
2.4 Friedrich Baumgärtel - die Ou Testament 'n getuigenis van 'n ander religie.	19
3. DIE NUWERE HERMENEUTIEK	19
3.1 Ebeling en Fuchs - die Bybel as woordgebeure	19
3.2 W. Pannenberg en J. Moltmann - 'n trinitariese God in wording.....	20
4. HEDENDAAGSE ONTWIKKELINGE OP DIE GEBIED VAN DIE OU TESTAMENT.....	20
4.1 G. von Rad - geherinterpreteerde geskiedenis as geloofsbelydenis	20
4.2 W. Eichrodt - die verbond.....	21
4.3 J. Bright - 'n historiese en teologiese eenheid	21
4.4 Th. C. Vriezen - 'n teologies-Christelike benadering	22
4.5 A.S. van der Woude - aksent op onderrig, nie op kerugma	22
4.6 W. Brueggemann - aksent op die mens as geskapene, nie as verlore	23
4.7 C. Westermann - handelingstruktuur in plaas van gedagtestruktuur	23
4.8 J. Barr - die woord is primêr, nie die geskiedenis nie	24
4.9 C.J. Labuschagne - 'n skriftelike verslag van menslike geloofservarings	25
4.10 A.H.J. Gunneweg-monoteïsme, maar nie een tema nie	25
4.11 Die "Amsterdamse Skool" - 'n prediking in die vorm van geskiedenis	25
4.12 B.S. Childs - uitgangspunt in die voltooië kanon	25
4.13 G.T. Sheppard - sapiëntialisering van die Ou Testament.....	26
4.14 Invloede van lewensbeskoulike denkstrominge.....	26
4.15 Die algemene situasie - bronne en teologieë.....	27
4.16 Die Gereformeerde wêreld in die algemeen - detailstudies en 'n nuwe, relasionele waarheidsbegrip?	27
5. VERSKILLENDE WAARDERINGS VAN DIE OU TESTAMENT	28
5.1 Devaluering en verwerping van die Ou Testament.....	28
5.2 Vergeesteliking van die Ou Testament.	29
5.3 Revidering van die Ou Testament	29
5.4 Die teologie van die Ou Testament aan die Woord stel.....	29

III. DIE GESAG VAN DIE OU TESTAMENT	31
1. GETUIENIS VAN DIE OU TESTAMENT OOR HOMSELF	31
1.1 Die Goddelike seggenskap	31
1.2 Goddelike seggenskap oor die mens se beoefening van kennis	32
1.3 Paradoksale gesagsuitoefening vanweë die gevalle mensdom	33
2. DIE VERBOND	35
2.1 Die woord vir die verbondskring bedoei	35
2.2 Gó d se woord, nie sy volk s'n nie	35
2.3 Gesagvolle optekening - Skrifgesag	35
2.4 Die Woord bokant die tradisie	36
2.5 Nuwe openbaring?	36
2.6 Die gewete - beperkte en relatiewe waarde	36
IV. VERKLARINGSMETODE.....	37
1. LITERATUURSOORTE.....	37
1.1 Verhaalstof.....	37
1.2 Profesie	38
1.3 Digterlike literatuur	40
1.4 Onderwysing.....	41
2. STYLSOORTE.....	41
2.1 Hiperbool, beeld, simbool.....	41
2.2 Allegorie	41
2.3 Tipe.....	42
3. WOORDBETEKENISSE.....	42
3.1 Stamontleding	42
3.2 Gebruiksbetekenis.....	42
4. SAMESTELLEND E ONDERDELE.....	43
4.1 Literêre kritiek	43
4.2 Vormhistoriese metode	44
4.3 Tradisie-historiese metode	44
4.4 Redaksie-historiese metode	45
4.5 Kritiek op die histories-kritiese benaderings	45
5. DIE OPENBARINGSHISTORIES E LYN.....	47
5.1 'n Sentrale lyn	47
5.2 Verband met die geheel	47
V. VERKLARINGSMETODE EN HOOFLYNE IN DIE OU TESTAMENT SELF	49
1. OPSET VAN DIE OU TESTAMENT - OPENBARINGSGESKIEDENIS VAN DIE KONINKRYK VAN GOD	49
1.1 Die kanon as vertrekpunt	49
1.2 Openbaringsgeskiedenis van God se lewewekkende koninkryksheerskappy	49
1.3 Nie 'n heilshistoriese, wets-, profetiese of wysheidstregter nie	51
1.4 Nie 'n lewensbeskoulike tonnelvisie nie	51
1.5 Die Ou Testament as Óú Testament	52
1.6 Samevatting	52
2. WOORD EN GESKIEDENIS	53
2.1 Dinamiese maar nie meganiese openbaring deur die Woord.....	53
2.2 Die persoonlike betrokkenheid van God en mens by die Woord.....	53
2.3 Spanning tussen die woord en die mens	54
2.4 Openbaring in en deur die geskiedenis	55
2.5 Openbaringsgeskiedenis: 'n geskiedenis met 'n eie karakter.....	55
2.6 Openbaringsgeskiedenis, nie bloot heilsgeskiedenis en ook nie bloot heilsboodskap nie	56
2.7 Aktualisering	57
2.8 Nie eksistensialisties nie, maar histories.....	58
2.9 Kontinuiteit en vaslegging van die openbaring.....	59
2.10 Verwagting: Noue verbinding van God se heerskappy, geskiedenis, woord, persoon en lewewekking	60
2.11 Die lig van vervulling	60
2.12 Die Bybel groter as die verklaring	60
2.13 Samevatting:	61
3. GOD DIE SKEPPER EN REGEERDER, EN DIE MENS 'N KONING	62
3.1 God is skepper en maghebber oor alles	62

3.2 God se skeppershoedanigheid is iets aktueels.....	62
3.3 Die mens se aardse bestaan, behoeftes en koninklike roeping.....	63
4. PERSOONLIKE GEMEENSKAP EN PERSOONLIKE GERIGTHEID.....	64
4.1 Persoonlike gemeenskap, persoonlike geborgenheid en persoonlike diens.....	64
4.2 Persoonlike betrokkenheid by die Woord.....	65
4.3 Persoonlike gerigtheid in verband met basiese probleme van die mensdom.....	65
4.4 'n Verbondsverhouding.....	66
4.5 Die verbond in die verband van die koninkryk.....	67
5. DOOD, LEWEWEKKING EN HOOP (ESKATOLOGIE).....	68
5.1 Belofte en verwagtings.....	68
5.2 God tree lewewekend op in die bestaanswyse van die mens.....	68
5.3 God tree lewewekend op in die geskiedenis.....	69
5.4 Hoop op die lewende God.....	70
5.5 Lewewekkende woord en onverbreeklike verbond.....	70
5.6 Die Woord deur die dood heen saam met die volk en vir die volk.....	71
5.7 Samevatting.....	72
6. SAMEVATTING.....	72
VI. DIE VERKLARING VAN DIE OU TESTAMENT DEUR DIE NUWE	
TESTAMENT.....	75
1. DIE OU TESTAMENT VIND SY SAAMTREK PUNT IN EN DEUR CHRISTUS.....	75
1.1 Johannes die Doper: die koms van Jesus Christus en die koms van die koninkryk.....	75
1.2 Die messiaanse tyd en Jesus Christus.....	75
1.3 Die Woord het mens geword.....	75
2. JESUS LÊ 'N VERBAND TUSSEN DIE OU TESTAMENT EN DOOD EN OPSTANDING.....	76
2.1 Jesus se prediking aan die Emmaüsgangers - die Ou Testament vind sy sin in Jesus se dood en opstanding.....	76
2.2 Jesus se prediking aan die Sadduseërs - God se heerskappy is persoonlik en lewewekend.....	76
2.3 Die groot gebod van die Ou Testament - God wat die lewe waarborg, eis liefde.....	77
2.4 Jesus bring 'n nuwe bedeling deur sy dood en opstanding.....	77
2.5 Jesus het persoonlik en histories uit die dood opgestaan volgens die Skrifte.....	77
2.6 Jesus sien ook die nuwe bedeling eskatologies.....	78
2.7 Jesus lê 'n verband tussen die woord en die Heilige Gees.....	78
3. DIE OU TESTAMENT AS DEEL VAN 'N GROTER GEHEEL.....	79
3.1 'n Eenheid van Ou Testament en Nuwe Testament.....	79
3.2 Die verhouding Ou Testament - Nuwe Testament is openbaringshistories.....	80
3.3 Onderskeid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament.....	81
3.4 Die Ou Testament sonder beperkings.....	82
VII. ENKELE SAKE WAAROP DIE NUWE TESTAMENT NUWE LIG LAAT VAL	
.....	83
1. KULTIESE EN SEREMONIËLE VOORSKRIFTE EN GEBRUIKE.....	83
1.1 Offerandes.....	83
1.2 Seremoniële wette.....	83
2. HUWELIK EN GESLAG.....	83
2.1 Die posisie van die vrou.....	83
2.2 Egskeiding.....	83
3. MAATSKAPLIKE VERHOUDINGE.....	84
3.1 Vyandskap en stryd.....	84
3.2 Vergelding.....	84
3.3 Heilige oorloë.....	84
3.4 Slawerny.....	84
4. WET EN GEES, EN STOF EN GEES.....	84
4.1 Die wet en die Gees.....	84
4.2 Stoflik-geestelik.....	85
5. ENKELING EN GEMEENSKAP, EN DIE LEWE HIERNA.....	85
5.1 Enkeling-gemeenskap.....	85
5.2 Die lewe hierna.....	86
6. VERBOND-KONINKRYK.....	86
VIII. DIE VERHOUDING HERMENEUTIEK-EKSEGESE-PREDIKING.....	87
1. DIE VERHOUDING.....	87

1.1 Die Skrif moet self aan die woord kom	87
1.2 Eksegese of hermeneutiek as uitgangspunt?	87
1.3. Grensoorskryding van die hermeneutiek	88
2. GRAMMATIES-HISTORIES	88
2.1 Tekskritiek	88
2.2 Grammaties	88
2.3 Histories	89
3. OPENBARINGSHISTORIES	89
3.1 Openbaringshistoriese lig	89
3.2 'n Organiese geheel	89
4. DIE VERHOUDING VAN EKSEGESE EN PREDIKING	90
4.1 Die Ou Testament is verkondiging	90
4.2 Die Ou Testament preek self tot die hoorder	90
IX. DIE PREDIKING	91
1. OPENBARINGSHISTORIESE PREDIKING	91
1.1 Die Drie-Enige God, God van verlede, hede en toekoms	91
1.2 Christus en die Heilige Gees nie 'n ekstra nie	91
1.3 Die prediker onder heerskappy van Christus en die Gees	91
2. ELEMENTE IN DIE PREDIKING NADER BEKYK	92
2.1 God as heilige en liefdevolle heerser	92
2.2 Christus en sy soenverdienste	92
2.3 Die Heilige Gees en sy lewewekkende werking	92
2.4 Perspektief op verlede, hede en toekoms	93
2.5 Samevatting	93
X. VERKLARING VAN ENKELE SKRIFGEDEELTES	94
1. ALGEMENE BESPREKING	94
1.1. Gen. 22 - Abraham moet sy seun op Moria gaan offer	94
1.2 Eks. 20 - Die wet van die HERE	95
1.3 Rut 1 - God is koning ondanks 'n skynbaar leë situasie	96
1.4 1 Sam. 1 - Hanna en Samuel: geheel en al in God se diens.	97
1.5 Ps. 137 - "Hoe kan ons die lied van die HERE sing in 'n vreemde land?"	98
1.6 Jes. 7 - Die Immanuel-teken	99
1.7 Jer. 31:31-34 - Die nuwe verbond	101
2. HOMILETIESE LYNE	102
2.1 'n Skema	102
2.2 Kort formulerings	102
LITERATUUR	103

[7] INLEIDING

1. Nuwe belangstelling in die verklaring van die Bybel

Daar is vandag groot belangstelling in die verklaring van die Bybel. Dit is onder andere die gevolg van 'n belangstelling in die wetenskap wat hom besig hou met die verstaan en die verklaring van geskifte in die algemeen. Die vooruitgang in ander wetenskappe het vir die Skrifverklaring waarde, maar dit het ook grense. Die Bybel is uniek. Daarom speel die geloof 'n belangrike rol by die verklaring van die Bybel (kyk punt 2). Wetenskap en geloof moet egter nie van mekaar geskei word of teenoor mekaar gestel word nie. Die Bybel moet wetenskaplik verklaar word, maar teologies-wetenskaplik, en wel gelowig-wetenskaplik.

Die Ou Testament was in die verlede baie afgeskeep deur die teologie in die algemeen en ook deur die predikers en die gewone lesers van die Bybel. In die afgelope jare het daar in die teologie egter 'n groter belangstelling vir die Ou Testament gekom. Daar word meer en meer besef dat die Ou Testament noodsaaklik is om die Nuwe Testament reg te kan verstaan. Die verklaring van die Ou Testament dek 'n geweldige terrein en kan nie in een publikasie uitgeput word nie. Hierdie een is bowendien oorsigtelik. Dit wil nie 'n volledige bespreking van 'n metode van uitleg en van die verskillende standpunte gee nie, maar wil net die hoofsaak stel. Dit probeer toespits op 'n hooflyn vir die verklaring.

2. Die Bybel is die Woord van God

God beoefen persoonlike gemeenskap met die mens. Dit is nie 'n mistieke gemeenskap nie. Mistiek in die ware sin van die woord benader God as 'n vae, onpersoonlike Godheid. Mistieke gemeenskap bestaan daarin dat 'n mens deur bepeinsing jouself verloor en in "die Godheid" opgaan. Daar vind 'n soort eenwording tussen jou en Hom plaas. Die gemeenskap tussen God en mens is volgens die Skrif egter 'n egte persoonlike gemeenskap: God bly Homself as Persoon, en ons bly persone met eie persoonlikhede. Ons gemeenskap is op 'n ander Persoon ('n objek) gerig en is dus objektief. Dit is nie so dat daar 'n samesmelting binne ons (die subjek) plaasvind nie; daarom is ons gemeenskap met God nie subjektief nie. Omdat dit objektief persoonlik is, is dit [8] kontroleerbaar. Dit bestaan nie in 'n onkontroleerbare mistieke mededeling of 'n onkontroleerbare leiding van die Heilige Gees nie. As dit so benader sou word, ontstaan daar verwarring, want die leiding van 'n mens se eie sondige verlangens, en selfs van die duiwel, kan aangesien word vir die leiding van die Gees.

God se gemeenskap met ons is kontroleerbaar deur sy Woord, die Bybel, want dit is deur die Woord wat Hy gemeenskap met ons beoefen, nie sonder die Woord nie. Hierdie feit hang ook daarmee saam dat God nie op individualistiese manier met ons gemeenskap beoefen, met elkeen op homself, los van die ander nie, maar binne die verband van die verbond. As ons met Hom 'n liefdesgemeenskap beoefen, moet ons dit ook met ons naaste beoefen. Die gemeenskap tussen God en ons is verder nie net 'n oombliksgemeenskap nie maar vind plaas binne die verband van sy optrede in die geskiedenis. Die Ou Testament dra dan ook 'n sterk historiese karakter. Dit bestaan nie uit tydlose gesegdes, waarhede, eise of aanbevelings nie maar gaan veral oor God se optrede en openbaring in en deur historiese gebeurtenisse, menslike optrede, alledaagse lewe en die lewe en gebeurtenisse in die natuur. Dit gaan dus oor die geskiedenis in die wye sin van die woord, en ook oor die geskiedenis as 'n eenheid. Die Ou Testament is egter nie 'n gewone geskiedenisboek nie maar openbaringsboek oor hoe God regeer, hoe Hy vir die mens sorg en hoe Hy gedien moet word. Die verskillende gedeeltes moet volgens meriete benader en verklaar word. Selfs waar die Bybelskrywers geskiedenis beskryf, is hulle nie altyd op dieselfde manier as ons geïnteresseerd in die

akkuraatheid of "korrektheid" van byvoorbeeld getalle, jaartalle, direkte opeenvolging van geslagte, ens. nie.

Nog 'n kenmerk van God se gemeenskap met ons is dat dit ons geheel-en-al en onvoorwaardelik opeis - met ons verstand en al. Dit beteken nie dat ons verstand uitgeskakel word nie. Die geloof staan nie teenoor ons verstand nie en werk nie daarsonder nie. Die Bybel eis nie van ons 'n onpersoonlike, blinde gehoorsaamheid aan homself of aan God nie, maar stel sy eis teen die agtergrond van iets wat ons verstand kan waarneem, naamlik wat God in sy Woord en die geskiedenis vir ons gedoen het, nou besig is om te doen en nog sal doen. Die Woord maak dus in werklikheid 'n beroep op ons verstand. (Die Heidelbergse Kategismus sê geloof is kennis en vertroue, antwoord 21). Ons aanvaar die Bybel as die Woord van God omdat die Bybel dit vir homself opeis en omdat hierdie aanspraak met ons verstand gekontroleer kan word, of, beter gestel, omdat dit deur ons verstand toegestem kan word. Ons aanvaar die Bybel dus nie net as Woord van God in soverre dit met ons verstand toegestem kan word nie, maar omdat dit met ons verstand toegestem kan word. Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê dat ons die Bybel as die Woord van God aanvaar omdat hy die getuigenis daarvan in homself het en omdat die blindes self kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 5).

Dit beteken nie dat ons met ons verstand oor die Bybel heers nie. Inteendeel, die Bybel beheers ons verstandelike optrede. Dit gebeur deur die werking van die Heilige Gees en deur middel van die geloof. Die Heilige Gees is die ^[9] eintlike outeur van die Bybel en is ook nog betrokke as dit gelees word. Hy maak die Bybel oop vir ons verstand en hart en maak ons verstand en hart oop vir die Bybel. As dit nie gebeur nie, bly die Bybel vir ons geslote en sien ons dit as 'n blote menslike boek. Die vervulling van wat in die Bybel voorspel is, en wat dus deur ons verstand gekontroleer kan word, is bowendien van so 'n aard dat hierdie bewys alleen deur die geloof begryp en aanvaar word. Wat gebeur, gaan teen menslike verwagtings en berekenings in. Die dood en ondergang het skynbaar die laaste greep en laaste sê in alles: die mens se lewe, die skepping en die geskiedenis. In werklikheid werk God egter in en deur hierdie situasies. Hy doen dit deurdat Hy lewe uit ondergang wek. Dit is as't ware opstanding uit die dood.

Hierdie buitengewone optrede van God kenmerk die hele lang geskiedenis van Israel. Israel se geskiedenis vind in die Ou Testament sy brandpunt in die volksdood van die ballingskap en die wonderbaarlike volksopstanding van die terugkeer (Eseg. 37). God se Woord en werk met Israel in die Ou Testament is 'n wonder. Dit het voor die oë van die wêreld afgespeel en uiteindelik finaal saamgetrek in God se wonderdadige optrede in Jesus Christus. Sy lewe het uitgeloop op die dood, en sy opstanding het vir ons die lewe gebring. Jesus Christus is die Woord wat mens geword het. Die woord het saam met Jesus Christus gesterf en opgestaan. Daardeur het die bedeling van vroeër, die verbond van God met sy volk, oud geword. In Jesus Christus het daar 'n nuwe verbond, 'n nuwe bedeling, gekom. Tog het die oue nog gebly (net soos Jesus self bly bestaan het). Daar bestaan gevolglik nog 'n Ou Testament. Dit is nie deur die Nuwe Testament vervang nie; dit moet wel nou in die lig van die Nuwe Testament gelees word.

God se Woord en optrede in die Ou-Testamentiese geskiedenis en in Jesus Christus is lewewekkend. Hierdie feit is so eenvoudig en duidelik dat selfs blindes dit kan waarneem (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 5.) Tog word dit alleen aanvaar deur die mens wie se oë deur die lewewekkende Gees van God oopgemaak word.

Vir ware Skrifverklaring is die geloof en die leiding van die Heilige Gees dus noodsaaklik.

[10] I. GESKIEDENIS VAN DIE VERKLARING VAN DIE OU TESTAMENT TOT DIE TYD RONDOM DIE HERVORMING

1. JOODSE VERKLARINGS

1.1 Die rabbi's - tradisie

In die eeue onmiddellik voor die opkoms van die Christendom het die Judaïsme ál meer 'n godsdiens geword wat nie alleen op die Skrifte gegrond is nie, maar ook op die tradisie. Die tradisie het bestaan uit aanvulling, verklaring en toepassing van die Skrifte. Daar is geglo dat die Skrifte sowel as die tradisie aan Moses by Sinai geopenbaar is en sedertdien getrou oorgelewer is. Daar was veral twee soorte verklarings, naamlik die hallaka en die haggada. Die woord hallaka kom van die woordstam wat "loop", "wandel" beteken. Die term hallaka is gebruik vir die tradisionele verklarings van hoe die wet van Moses verstaan moet word in die nuwe, anderse situasies van die later tye. Verder sluit die hallaka ook aanvullings in wat die algemene uitsprake van die wet van Moses in meer spesifieke besonderhede uitwerk. Die term haggada kom van die woordstam nagad wat "vertel", "verduidelik" beteken. Dit was verklarende uitbreidings van die Ou-Testamentiese teks en wou stig, onderrig en inspireer. Dikwels is legendariese of denkbeeldige besonderhede by die teks bygevoeg.

Vir die moderne Westerse leser lyk die uitleg van hallaka sowel as haggada soms na willekeurige verklaring. Tog het dit volgens duidelike geformuleerde reëls geskied. Rabbi Hillel, 'n tydgenoot van Jesus, het byvoorbeeld 'n aantal reëls opgestel. Hillel was die vader of grootvader van Gamaliël I, wat 'n leermeester van Paulus was (Hand. 5:34-39; 22:3). 'n Ewe beroemde tydgenoot van Hillel was rabbi Sjammai. Hy het die wet strenger verklaar as Hillel. Die Christelike kerk het die Ou-Testamentiese Skrifte as geïnspireerde en kanonieke (gesagvolle) oorkondes van die Goddelike openbaring aanvaar. Daarmee saam het hulle ook die oorgelewerde metodes van uitleg oorgeneem (soos skrifbewys, tipologie en allegorie). Daar is ook 'n ooreenkoms tussen die rabbynse verklaring en die manier waarop die Nuwe Testament die Ou Testament gebruik.

Tog is daar 'n belangrike verskil: in die Nuwe Testament word die Ou Testament verklaar in die lig van 'n nuwe en allesbeheersende openbaring. Dit is die openbaring in Jesus Christus. (Vgl. i.v.m. die voorgaande asook vir 1.2 ^[11] en 1.3, veral G.W. Anderson, 1971, 972.)

1.2 Die Qumran-sektes - eskatologiese verwagtings

Die Qumran-gemeenskap het digby die Dooie See geleef. Hulle het hulle onder meer toegelê op die oorlewering en verklaring van die Ou Testament. Die vondste in die Qumran-grotte het onder andere fragmente van kommentare op verskillende Bybelboeke bevat. Die bekendste is die oor Habakuk. Die Qumran-gemeenskap het 'n baie streng verklaring van die wet gehad, strenger as die skool van Sjammai. (F.F. Bruce, 1979, 408). Net soos die vroeë christene het die Qumran-gemeenskap die Ou-Testamentiese voorspellings gesien as die raadsplan van God wat in hulle eie tyd tot vervulling gekom het. Met die oprigting van hierdie Qumran-gemeenskap het die eindtyd, die eskatologiese tyd, aangebreek. In die geskifte wat ontdek is, word dit egter nêrens so gesien dat die messiaanse tyd reeds ingetree het nie. Die gemeenskap se lewe het hoogstens in die klein vooruitgegryp op die messiaanse omstandighede (Bruce, 1979, 411).

Die profete se verwysings na nasies en gebeurtenisse in die profete se tyd is deur die Qumran-gemeenskap gesien as versluisde verwysings na hulle eie tyd se nasies en

gebeurtenisse. Die gebeurtenisse was reeds beleef of op hande, en daar was 'n finale klimaks wat nog moes kom. Die Qumran-gemeenskap bevat egter nie iets soortgelyks aan die Nuwe Testament se toespitsing op die persoon en werk van Jesus Christus as die vervulling van die ou Skrifte nie.

1.3 Philo - allegoriese verklaring

Philo was 'n tydgenoot van Jesus en Paulus en het in Alexandrië gewoon. Die geskifte van Philo openbaar die botsing tussen die Joodse en die Hellenistiese denke. Sy geskifte het ook invloed uitgeoefen op die groot Christelike geleerdes van Alexandrië sowat twee eeue later. Die Alexandrynse Jode was toegewy aan die Ou Testament. Die Ou Testament is in Alexandrië in Grieks vertaal. Hierdie vertaling is die Septuagint genoem, ook aangedui met die letters LXX.

Hierdie vertaling het groot waarde gehad, want dit het die Griekssprekende Jode in staat gestel om die Ou Testament te lees, ook die Griekssprekende Christene later, in die tyd van Jesus en daarna.

Philo het 'n ander benadering as die Nuwe Testament en die Qumran-geskifte gehad. Hy was nie geïnteresseerd in 'n vervulling van die Ou Testament in die gebeurtenisse van sy tyd nie. Philo het die Ou Testament verklaar as bevattende algemene geestelike waarhede en beredeneringe. Die historiese aspek van die Ou Testament het by hom uit die gesigsveld verdwyn en het plek gemaak vir tydlose idees. Philo het die Ou-Testamentiese Skrifte so probeer verklaar dat hulle die hoogste wysheid van die Griekse filosofie insluit en ook oortref. Nie die Griekse filosofie nie, maar Moses is die grootste wetgewer en ook die eerste en grootste filosoof. Om in sy doel te slaag, het Philo 'n grootskaalse herinterpretasie van die Ou Testament gedoen met behulp van 'n uitgebreide allegoriese metode.

[12] Hierdie metode het aangesluit by die van die Griekse geleerdes. Hulle het die werke van Homerus en ander Griekse digters geallegoriseer om die hinderlike menslike voorstellings van die gode te wysig. Die eienskappe en optrede van die gode is verklaar as geestelike uitbeelding van menslike deugde of menslike tekortkomings. In die allegoriese verklaring word die letterlike betekenis van die teks oorheers deur 'n spekulatiewe verborge betekenis. Hierdie verklaring pas in die geestesklimaat van die filosofie van Plato met sy onderskeiding van 'n bo-materiële ideë-wêreld en 'n aardse skaduwerklikheid. Philo het 'n letterlike en allegoriese of figuurlike betekenis onderskei. In baie gevalle het hy die letterlike betekenis verwerp. Die geskiedenis van die mense in Genesis is volgens hom nie geskiedenis nie, maar 'n groot stuk psigologie en etiek. Die verskillende mense, goeies en slegtes, beteken die verskillende sielstoestande wat in mense voorkom. Verder: tuin beteken aardse wysheid en deug; Eden beteken vreugde. Daarom wil die Tuin van Eden sê: waar wysheid en deug is, is vreugde.

Met sy allegoriese verklaring wou Philo teologiese probleme verwyder, soos antropomorfismes (menvormige spreekwyses oor God, soos verwysings na sy toorn). Verder wou hy op hierdie manier teenstrydighede en ander aanstootlike dinge verwyder. Philo het egter wel die Goddelike oorsprong en gesag van die Skrifte aanvaar en met groot begaafdheid het hy verborge rykdomme van die tekste probeer ontsluit.

2. DIE VROEË CHRISTELIKE KERK

2.1 Toespitsing op Jesus Christus

Die vroeë Christelike kerk het grotendeels aangesluit by die Joodse verklaringsmetodes, maar

met een belangrike verskil. Die hele Ou Testament is gesien as toegespits op die een beslissende openbaringsgebeurtenis, die koms van Jesus Christus. Daarom het die Ou Testament en Nuwe Testament saam vir hulle as Kanon gegeld. Die toespitsing op Christus het ook nuwe lig op die aard en gesag van die Skrif gewerp. Die Skrif is as onfeilbare Woord van God beskou en is verklaar na analogie van die menswording van die Woord Jesus Christus. Soos Jesus Christus ten volle menslik is maar sonder sonde, so is die Skrif 'n menslike boek en tog onfeilbaar omdat dit die Woord van God is. Die verklaarders in hierdie tyd het in alles in die Ou Testament 'n aanduiding en aankondiging van Christus probeer vind. Die tipes (voorafbeeldings) van die Verlosser se persoon en werk is opgesoek, nagevors en aan die lig gebring. Daarmee het die tipiese en allegoriese manier van Skrifuitleg vanself na vore gekom.

2.2 Tweede eeu n.C. - die kerklike tradisie teenoor ketters: Irenaeus en Marcion

Die beheersende skrifverklaarder van die 2e eeu n.C. was *Irenaeus*. Hy het die onverantwoordelike eksegeese van die ketters afgewys en klem gelê op die eenheid van die Skrifte. Daarvoor het hy 'n matige tipologie en allegorie toegepas en het hy benadruk dat ware verklaring ooreenstem met die kerklike ^[13] tradisie. Tipologie aanvaar die letterlike betekenis van 'n teks, maar sien dit tegelykertyd as 'n voorafbeelding van toekomstige gebeurtenisse, instellings of persone. In hierdie tyd was die verklaring veral op twee sake gerig. Eerstens wou dit vir die Christelike geloof 'n pleidooi lewer as antwoord op kritiek van buite, en tweedens wou dit die leer van ketters weerlê. 'n Ander belangrike persoon uit hierdie tyd is die ketter *Marcion*. Hy het die bestaansreg van die Ou Testament binne die Kanon ontken. Die God wat deur die Ou Testament verkondig word, was 'n Demiurg, 'n god van 'n laer orde. So het Marcion beweer. Hierdie opvatting sluit aan by die Gnostieke filosofiese beskouings onder die Grieke. Volgens hierdie beskouing het daar aanvanklik godhede van laere ordes uit die godheid voortgevloei. Die hoogste uitvloeisel (emanasie) is, volgens Marcion, Jesus Christus. Hy is deur God gestuur om die mens te verlos van die bose wêreld en die skepper daarvan, die wrede, wettiese God van die Ou Testament.

Behalwe die benadering van Irenaeus was daar ook nog andere, soos die van die Alexandrynse, die Antiocheense en die Westerse skool onderskeidelik.

2.3 Die skole van Alexandrië, Antiochië en die Weste - allegorie teenoor letterlike betekenis

Die verklaring van die Alexandrynse skool vertoon duidelike ooreenkoms met die van Philo uit die tyd van Jesus. Daarby het dit ook gebou op die wyere Griekse tradisie in Alexandrië wat 'n belangrike bydrae gelewer het tot die studie van die teks en filologie van die klassieke Griekse skrywers. Volgens *Origenes* (2e en 3e eeu n.C.) was daar in 'n teks drie betekenisse. Dit het aangesluit by die drievoudige samestelling van die mens volgens die destydse beskouing. Die mens is gesien as saamgestel uit liggaam, siel en gees. (Dit is gedoen met 'n beroep op 1 Thess. 5:23.) In elke teks is daar 'n letterlike betekenis. Dit kan verstaan word deur die gewone, onverligte en onvolkome christen. Daar bokant staan die morele betekenis, wat die mens veral in sy siel aanspreek en te doen het met die mens se alledaagse optrede. Heel bo-aan staan die geestelike of mistieke betekenis wat die mens in sy gees aanspreek. Dit kan alleen verstaan word deur die wat volkome in die geheimnisvolle dieptes van die Skrifsin kan indring. Al die betekenisse kan tegelykertyd voorkom, so is geleer. Die neiging was egter om die letterlike betekenis te onderskat. In sommige gevalle is die letterlike sin absurd en onmoontlik en moet dit verwerp word, so is gevoel. 'n Voorbeeld hiervan is die vermelding van die drie dae voor die skepping van son, maan en sterre (Gen. 1). Origenes se metode vertoon 'n ernstige geringskatting van die geskiedenis en het tot 'n sekere verdraaiing van die

Skrif gelei. In werklikheid trek die eintlike betekenis van die evangelies saam in die letterlike betekenis, byvoorbeeld die koms, sterwe, opstanding en wederkoms van Jesus Christus. Jesus hou ook nie 'n mistieke betekenis as die ware betekenis van die woord voor nie, maar die eenvoudige wat deur kindertjies verstaan kan word. Ondanks die gebrek in Origenes se metode van verklaring het hy baie gedoen om die rykdom van 'n teks te probeer ontplooi.

[14] Die skool van *Antiochië* het veel meer aandag gegee aan die grammatika en aan die letterlike betekenis van die teks, sowel as aan die verband waarin 'n teks voorkom. Hulle het meer oog gehad vir die historiese perspektief en ook vir die verskil tussen Ou Testament en Nuwe Testament. Daarom het hulle daarteen gewaak om die Nuwe Testament in die Ou Testament in te lees. Om dieselfde rede het hulle 'n oordrewe messiaanse en christologiese verklaring van baie Ou-Testamentiese gedeeltes afgewys. By Melito van Sardes kom die tipologiese eksegeese sterk na vore, en tipologiese eksegeese staan altyd binne 'n openbaringshistoriese raamwerk (vgl. bv. L. Floor. Eksegese en prediking by Paulus, 10). Terwyl die Alexandrynse skool sterk Griekse invloed ondergaan het, was die Antiocheense skool blykbaar sterker beïnvloed deur die Joodse sinagoge.

In die *Weste* het *Hiëronymus* (4e - 5e eeu n.C.) wat die Latynse Bybelvertaling gerevideer het, sterk klem gelê op die letterlike betekenis van die teks. *Augustinus*, 'n tydgenoot van Hiëronymus, daarenteen was sterk allegories in sy verklaring. Hy het egter versigtige en deeglike eksegeese van die teks benadruk om teen spekulاسie te waak. Verder moet die verklaarder volgens Augustinus sy eksegeese kontroleer deur dit te toets aan die tradisionele leer van die kerk. Hierdie nadruk van Augustinus was die gevolg van die stryd wat die kerk moes voer teen die baie kettere met hulle willekeurige verklarings. Die verklaring moet volgens Augustinus egter bowe-al beantwoord aan die tweevoudige norm: liefde vir God en liefde vir die naaste. Die regte verklaring is dus nie slegs 'n saak van die verstand nie, maar dit hang ook saam met die gesindheid van die hart.

3. DIE MIDDELEEUE

3.1 Gesag van die tradisie en die kerk

Die Middeleeue het nie veel selfstandigs tot die verklaring van die Bybel bygedra nie. Die hoofkenmerk van hierdie tyd is die bewaring van die tradisionele verklarings. Verder is die gesag van die kerk in verband met verklaring so sterk benadruk dat die kerk die monopolie daarvoor verkry het. Daar is geglo dat die kerklike hiërargie, in besonder die pous, 'n buitengewone leiding van die Gees besit. Die dualisme tussen letterlike en geestelike sin is voortgesit en die drievoudige sin wat Origenes in 'n teks gesien het, is aangevul met 'n vierde, nl. die anagogiese of eskatologiese. Die onderskeiding tussen die drie betekenis wat benewens die letterlike betekenis onderskei is, is gedoen volgens die skema: geloof-liefde-hoop:

1. letterlike sin: letterlike, woordelike betekenis;
2. allegoriese sin: geloof en leer van die kerk;
3. morele (tropologiese) sin: christelike optrede, moraal;
4. eskatologiese (anagogiese) sin: hoop, eindverwagting, geheimenisse van God.

Die woord Jerusalem is soos volg verstaan: letterlik, 'n stad in Juda; moreel, die getroue siel van die christen; geestelik, die kerk van Christus; en eskatologies, die hemelse stad van God.

[15] 3.2 Joodse verklaarders - letterlike betekenis

Gedurende die 12e eeu tree daar ook Joodse verklaarders op met sterk klem op die letterlike betekenis, soos Abraham ibn Esra en David Kimchi. Laasgenoemde het groot invloed uitgeoefen op die Christelike studie van die Ou Testament in die tyd van die Hervorming (Vgl. vir 'n omvattender bespreking, veral G.W. Anderson, 1971, 974).

4. DIE HERVORMING

4.1 Die hervormers - die eenvoudige, letterlike betekenis van die Skrif, en die direkte betrokkenheid van die gelowiges

By die hervormers het die vraag na die gesag van die Skrif 'n sentrale plek ingeneem. Die gelowige word volgens hulle in die Skrif deur God self aangespreek en opgeroep tot geloof en belydenis. Hierdie direkte betrokkenheid van die gelowige by die Skrif, sonder bemiddeling van die kerk, het gelei tot 'n herontdekking van die krag van die Woord. Dit het ook 'n geweldige stoot gegee aan ondersoek van die Skrif. Calvin het byvoorbeeld alle Bybelboeke in kommentare of preke behandel, behalwe 2 en 3 Johannes en Openbaring. Soos die geleerdes van die Renaissance die literatuur van die klassieke oudheid herontdek het, het die hervormers die Bybelse literatuur herontdek. Die hervormers se siening van die Skrif het ook daartoe gelei dat hulle die Skrif aan mense in hulle eie taal wou gee. Luther het byvoorbeeld die Bybel in Duits vertaal. Die Roomse kerk daarenteen was tevrede dat die Bybel in die offisiële kerklike taal, Latyn, bestaan het.

Die hervormers het die allegoriese verklaring as algemene metode verwerp en teruggekeer na die eenvoudige, letterlike sin. Die Skrif is eenvoudig en duidelik in sy beslissende uitsprake, en lê homself uit. Die eenvoudige sin self roep op tot geloof en optrede. Die Skrif het nie 'n verborge betekenis wat deur gesagsinstansies, die kerklike hiërargie, uitgelê moet word nie. Die Skrif kom voor die kerk en staan in gesag bokant die kerk en sy leraars. Om God te hoor spreek, moet die gelowige na die Woord toe gaan, en wel die Woord in sy eenvoudige sin. Dit moet in geloof en deur gebed gedoen word. Die Roomse kerk het die teenwoordigheid van God grootliks beperk by die hiërargiese en sakramentele instellings, soos die pousdom, die priesters en die sakramentele genademiddels. Deur die hervormers se beklemtoning van die betekenis van die Woord het hierdie dinge hulle oorspanne betekenis verloor. Die krag van die eenvoudige Woordverkondiging, die prediking, is herontdek. Verder het die gewone Skrifondersoek en teologie geweldig opgebloeï. Die Skrif was nou die finale gesag, nie die kerklike tradisie en die leeramp nie. Daarmee is daar tegelykertyd 'n belangrike verantwoordelikheid op die prediking en die teologie gelê. Om die gesag van die Skrif te bevestig en te waarborg, is daar nou baie nadruk gelê op die letterlike inspirasie van die Skrif.

4.2 Luther - Christusverkondiging as maatstaf

Luther identifiseer nie God se Woord met die geskrewe teks van die Bybel nie.

[16] Die ware Woord is vir hom Christus, van wie sowel Ou Testament as Nuwe Testament getuig. In hierdie getuïenis aangaande Christus lê die eenheid van die Bybel. Dit is die Bybel se kernbetekenis. Volgens Luther gaan dit in die Bybel om Christusverkondiging (was Christum treibet). Daarom het Luther 'n voorliefde uitgespreek vir sekere boeke (veral Pss., Rom., Gal., Ef.); ander boeke weer het hy gering geskat (bv. Jak., Openb.).

In die Bybel is die verhoogde Christus self teenwoordig en werksaam. Die Bybel is nie slegs 'n historiese dokument of 'n bron vir intellektuele ondersoek nie, maar in die Woord gryp Christus na ons en skeep Hy geloof of ongeloof, lewe of dood. Die Skrifwoord word dus deur

Luther nuut verstaan as mondelinge woord, maar dan die gepredikte woord. Dit is van mondelinge prediking afkomstig en moet in die mondelinge prediking uitgelê word. Daarom kan en mag die uitleg nie byvoorbaat deur 'n outonome instelling buite die Woord self, soos die institusionele leergesag van die kerk, vasgelê word nie. Soos God vry is in sy skepperswerk, so moet die gepredikte word vry wees in sy werk aan die gemeente. Die Skrif het geen uitleggingsinstelling bokant hom nodig nie, want hy is in sy beslissende uitsprake helder en duidelik.

Die sentrale skopus van die Skrif is Christus; van daaruit moet alle uitsprake verstaan word, veral die onduidelikes. Daarvoor moet die uitleg reg onderskei tussen wet en evangelie, tussen die dodelike toorn van God en die aanbod van sy genade (vgl. veral K. Frör, 1967, 23 e.v.).

4.3 Calvyn - alleen die Woord, bevestig deur die Heilige Gees

Volgens Calvyn is dit die Skrif alleen wat ons leer wat ons van God moet weet (sola Scriptura). Die leser moet egter die Skrif in die geloof ondersoek om die kennis te kan verkry. Die gesag van die Skrif hang nie van die kerk af nie, maar word bevestig deur die getuienis van die Heilige Gees. Calvyn het allegorie verwerp maar die verhouding tussen die Ou Testament en Nuwe Testament tipologies verklaar. Hy het verder nie so maklik en so baie aan Ou-Testamentiese gedeeltes 'n messiaanse karakter toegeken as wat gewoonlik gedoen is nie.

Die Calvinistiese rigting van die hervorming het hulle Skrifuitleg volgens die volgende reëls gedoen (vgl. S. Greijdanus, 1946, 183 e.v.).

- 4.3.1 Die Heilige Skrif is God se eie woord, dit is vir die gelowige asof hy daarin die eie lewende stem of woorde van God hoor.
- 4.3.2 Die Skrif is outopistos, dit wil sê hy bevat die grond vir sy geloofwaardigheid in homself. Hy moet nie aan bewysvoerings en redenerings onderwerp word nie.
- 4.3.3 Ons kan die Skrif alleen reg verstaan as die Heilige Gees ons innerlik toeganklik maak daarvoor.
- 4.3.4 Die Skrif sluit nie die apokriewe boeke in nie.
- 4.3.5 Dit moet in die grondtale bestudeer word.
- 4.3.6 Die Skrif is self die hoogste en finale gesag los van kerklike outoriteit of tussenkoms. Dit sluit nie groot waardering en raadpleging van die kerklike ^[17] uitleg in die loop van die eeue uit nie, maar die kerk en tradisie staan onder die Skrif.
- 4.3.7 Die hoogste regter oor Skrifuitleg is die Skrif self, of liever God, wat in en deur die Skrif spreek. Onduidelike gedeeltes word deur die duidelikes belig.
- 4.3.8 Die Skrif is noodsaaklik, volmaak, genoegsaam vir wat ons nodig het vir ons saligheid, en dit is duidelik. Die beslissende uitsprake oor hoe God gedien moet word, kan selfs deur die eenvoudiges verstaan word. Dit sluit nie woordverklaring deur bedienaars van die Woord uit nie. Laasgenoemdes staan egter onder die Woord en in diens daarvan.
- 4.3.9 Allegorieë moet verwerp word omdat dit saamhang met willekeurige uitleg. Die Skrif is 'n oorfloedige en onuitputlike bron van rykdom, maar het nie verskillende betekenis wat deur elkeen na sy eie goëddunke versin kan word nie.

- 4.3.10** Grammatikale kennis en grammatikale verklaring is noodsaaklik.
- 4.3.11** Daar moet rekening gehou word met die tyd, die omstandighede en die verband.
- 4.3.12** Nie alleen wat uitdruklik geskryf is, is die woord van God nie, maar ook wat deur goeie gevolgtrekking daaruit volg.
- 4.3.13** Daar moet by die uitleg rekening gehou word met die *analogia fidei*, dit wil sê met die algemene geloofswaarhede.
- 4.3.14** Onduidelike plekke moet vanuit die duidelikes verklaar word, nie omgekeerd nie.

4.4 Die na-reformatoriese periode - konservering en konsolidasie

Die dinamiese periode van die reformasie is opgevolg deur een van konservering en konsolidasie. Die *Roomse Kerk* het met die konsilie van Trente (1545-1563) sy posisie verskans en die kern van die hervormers se standpunt verwerp. Die Bybel is die onfeilbare Woord van God, maar so ook die ongeskrewe tradisies van die kerk, so is geleer. Die Skrifuitleg oor geloofsake en morele sake moet ooreenstem met die kerklike leer. Aan die kerk kom dit toe om te oordeel oor die ware sin en verklaring van die Heilige Skrif. Rome het ook vasgehou aan die apokriewe boeke, asook aan die Latynse vertaling, die Vulgaat, as die enigste outentieke vertaling.

Onder die protestante tree die periode van sogenaamde "*Protestantse skolastisisme*" in. 'n Meganiese inspirasieleer is voorgestaan waarin die menslike skrywers se persoonlikheid geïgnoreer is en waarvolgens hulle in werklikheid maar net diktafone was. In sommige kringe was daar slaafse letterlike beskouings. Ook is die historiese karakter van die Skrif misken. Die Skrif is prakties gehanteer as boek vol tydlose uitsprake en leerstellings wat almal op dieselfde vlak lê.

In ander kringe weer is die verklarende werking van die Heilige Gees so sterk en onafhanklik van die Woord benadruk dat dit aanleiding gegee het tot hoogs willekeurige uitleg. Hiervan is die *Anabaptiste* 'n voorbeeld. Hulle het die Heilige Skrif en die Heilige Gees heeltemal van mekaar losgemaak. Die Bybel ^[18] is volgens hulle net 'n getuienis en beskrywing van wat God in die verlede gesê het. God spreek nog daagliks deur die Heilige Gees in ons hart, onafhanklik van die Skrif, en alleen so word die geloof in ons hart gewerk. Die Woord is dus vir die werklike geestelike mens nie meer nodig nie. Hierdie subjektiwisme en willekeur van die Anabaptiste het uiteindelik daartoe gelei dat 'n vashouplek in die rasionalisme gesoek is. Die Anabaptisme was reeds in die hervormers se tyd bedrywig. Die hervorming moes dus nie alleen teen Rome die stryd voer nie, maar moes op verskillende fronte veg.

Coccejus volg 'n oordrewe tipologiese verklaring van die Ou Testament. Hy het 'n eienaardige verbondsbeskouing, asof daar 'n trapsgewyse afskaffing van die werkverbond in opeenvolgende verbondsluitinge was. Die Ou Testamentiese saligheid is volgens hom objektief geringer as die van die Nuwe Testament. In die Ou Testament was alles wel aanwesig maar slegs in tipe en skaduwee, die werklikheid het nog ontbreek, indien nie geheel en al nie, dan tog vir die grootste gedeelte. Die gelowiges se troos was nog swak en hulle gewete ongerus. Daarom het hulle soveel moontlik aanwysings na Christus toe nodig gehad, sodat hulle uit die hoop op die toekoms kon leef. (Vgl. vir meer besonderhede oor 4.4, veral S. Greijdanus, 1946, 188 e.v.).

[19] II. DIE GESKIEDENIS VAN DIE VERKLARING VAN DIE O.T. VANAF DIE RASIONALISME TOT VANDAG

1. DIE RASIONALISME

1.1 Opkoms van die Rasionalisme - die verstand as maatstaf en bron van waarheid

Vir die Rasionalisme gee die rede of verstand van 'n mens die deurslag in alle dinge. Daarvolgens is die verstand nie slegs 'n instrument om te dink, te redeneer en te ken nie, maar is dit die maatstaf en bron vir die kennis van die waarheid. Die verduistering van die mens se verstand deur die sonde word ontken of gering geskat. Die Bybel kan volgens die Rasionalisme vir die mens ook nie werklik iets nuuts sê nie, in elk geval nie iets anders as wat die mens vroeër of later deur sy eie verstand sou herken het nie. Die verstand is die goddelike en is die norm waarvolgens die Bybel uitgelê moet word. In kiem was die Rasionalisme reeds voor die Reformasie in die *Renaissance en Humanisme* aanwesig, maar het toe nog nie ten volle deurgedring nie. Ook in die Reformasie self is daar spore hiervan, soos in sekere elemente by Luther en in die opvatting van die Anabaptiste.

Die Rasionalisme kom in mindere of meerdere mate by verskillende geestesstrominge voor. Die *Sosinianisme* glo dat slegs die kern van die Bybel geïnspireer en ten volle geloofwaardig is. Die *Remonstrantisme* beklemtoon die menslike element en inisiatief ten koste van die Goddelike. Die *Aufklärung* aanvaar net wat klop met die Filosofie en Natuurwetenskap en aanvaar dus geen wonders nie (Descartes, Spinoza, Kant).

Die *Piëtisme* is 'n reaksie teen die skolastiese dogmatisme van die verstarde ortodoksie met sy koue intellektualisme. Dit lê nadruk op egte vroomheid. Dit het eerbied vir die Skrif, maar gebruik die Skrif eensydig vir innerlike stigting. Die vroomheid word in afsondering beoefen, en die wetenskap word enersyds gering geskat en andersyds, vanweë die piëtis se geïsoleerde lewenswyse, aan die Rasionalisme en Sekularisme prysgegee (Spener, Francke en veral Bengel). (Vgl. vir 1.1 o.a. S. Greijdanus, 1946, 198 e.v.).

1.2 Die historiese kritiek - die geskiedenis self as die eintlike, skeppende mag

Die Rasionalisme van die *Aufklärung* het nog uitgegaan van bo-tydelike, [20] ewige, nie-historiese geldende waarhede. Dan volg egter die tydperk (18e en 19e eeu) waarin die Rasionalisme met die geskiedenis verbind word. Die geskiedenis self is gesien as die eintlike skeppende mag, 'n proses van die selfontvouing van die menslike gees in altyd weer nuwe lewensvorme. (Vgl. veral K. Frör, 1967, 26 e.v.).

In hierdie verband het onder andere *Schleiermacher* 'n belangrike rol gespeel deur die Rasionalisme te verbind met 'n psigologiese subjektivisme. Hy volstaan nie met wat die Bybelskrywer sê nie, maar probeer deurdring na die gees van die skrywer om sy sielkundige dryfvere te probeer peil. Daarmee word die objektiewe openbaringskarakter van die Skrif geïgnoreer; die subjektiewe, psigologiese eieaard van die skrywer word die beheersende faktor gemaak.

Vir *Schleiermacher* en sy volgelingen is die geskiedenis die proses waardeur die religieuse bewussyn gestalte kry in individue. Daarom moet die vrome bewussynstoestande van die skrywer en die mense oor wie hy skryf, vasgestel en vir die gemeente toegepas word. Die groot persoonlikhede van die Bybel was die sigbare vergestaltung van religieus-sedelike idees. Hierdie religieus-sedelike idees moet die innerlike lewe van die hoorder gaan bepaal.

In so 'n benadering word Abraham, Isak en Jakob in die eerste plek gesien as die verteenwoordigers van sielkundige tipes: die heldhaftige, die geduldige en die strydende, onderskeidelik.

In bogenoemde verklaringsmetode is die nadruk op die geskiedenis gekoppel met die begrip *ontwikkeling en akkommodasie*. Volkome duidelikheid kom deur die verstandsgodsdiens, so is die saak beskou, maar dit kom eers aan die einde van 'n lang proses van ontwikkeling uit die duisternis van bygeloof en mistisisme. Die godsdienste, insluitende die Christendom, is dan slegs verskillende stasies op hierdie ontwikkelingspad. Die begrip akkommodasie is gebruik om kritiek te regverdig op die leer van die Ou Testament, en die van Jesus en die apostels. God kon Hom nie anders begryplik maak nie as deur aanpassing aan die begripsbeperkinge van die ou tye (Ernesti, Semler). (Vgl. K. Frör, 1967, 26 e.v.; S. Greijdanus, 1946, 200 e.v.). *Wellhausen* het groot invloed op die verklaring van die Ou Testament uitgeoefen deur dit te benader vanuit 'n evolusionistiese skema. Hy het die stof van die Ou Testament geherrangskik volgens wat hy beskou het as 'n minder of meer ontwikkelde Godsbegrip. Die oudste vorme van godsdiens is 'n aanbidding van baie geeste (polidaemonisme), dan volg die aanbidding van baie gode (politeïsme) en uiteindelik die aanbidding van slegs een God (etiese monoteïsme). Hierdie laaste stadium is die van die profete. Die finale vorm daarvan is die Godsvoorstelling van Jesus. *Wellhausen* het die Pentateuch (5 boeke van Moses) gesien as 'n samevoeging van verskillende bronne (J, E, P en D).

Studie van die oudheidkunde en opgrawings het later egter aan die lig gebring dat sogenaamde ontwikkelde Godsbegrippe reeds tot die oudste periodes van die Ou Testament behoort. Daarby is die voorgestelde volgorde van die bronne gewysig en is die gedeelte van die sogenaamde priesterlike skool (P) as die heel ^[21] jongste beskou, naamlik uit die tyd van die ballingskap. Die bronne-teorie word vandag nie meer so kategories as vroeër gehanteer nie, veral nie met sy evolusionistiese benadering nie, maar tog geniet dit tot vandag toe taamlik algemene erkenning.

In hierdie periode kom die sogenaamde heilshistoriese teologie na vore (F.C. Baur en veral J.C.K. Hofmann). Die geskiedenis is ook vir hierdie teologie die medium van die openbaring. In hierdie teologie word die tydlose leersistiem van die Ordoksie vervang deur die heilshistoriese proses. Die geskiedenis is "voorspellende geskiedenis" en is die draer van 'n organiese ontwikkelingsgang.

Die nadruk op die geskiedenis het al sterker geword en die Bybelse religie is saam met al die ander, ál meer beskou as 'n bestanddeel van 'n ontwikkelingsproses binne die geskiedenis self. Die studie van die Skrif word al meer 'n onderdeel van algemene *godsdiensgeskiedenis* en verloor sy besondere karakter as teologie, studie van die Goddelike Woord. Die gesag of waarde van 'n teks vir die hoorder het sodoende berus op wat deur die Psigologie daaruit gehaal kon word. In hierdie "*liberale teologie*" is daar steeds met drie grondbegrippe gewerk: ontwikkeling, vooruitgang, persoonlikheid. In die laaste geval is daar veral klem gelê op die skeppende persoonlikheid en op religieus-sedelike waardes. Eers toe die eskatologiese karakter van die Skrif, veral van die evangelie, raakgesien is, het hierin verandering gekom. (Vgl. K. Frör, 1967, 29, 30.)

Die leemte in die voorafgaande beskouings is dat hulle nie genoeg rekening hou met die besondere Goddelike openbaring nie en dus as't ware gevange bly in 'n algemene openbaringsbegrip.

2. DIE TEOLOGIES-HISTORIESE SKOOL

Hierdie skool wil die Bybel nie bloot histories sien, maar stel die vraag: Hoe hoor ek in die Bybel God se stem, en hoe gee ek dit deur aan mense?

2.1 Karl Barth - God tree transendent op vir hier en nou

Barth het in reaksie gekom teen die Rasionalisme en Liberalisme waarin die Woord van God aan die menslike verstand en beredenering ondergeskik gestel is. Barth benadruk dat die mens nie die subjek is wat die Woord as objek ondersoek en beredeneer nie. Veel eerder is God die subjek, en die mens is die toegesproke objek. God het die inisiatief. Barth lê besondere nadruk op die vrye optrede van God vanuit die transendente vir die hier en nou. Barth se Skrifleer is christologies; dit is gebou op die analogie met die menswording van die Woord in Christus. (Vgl. vir hierdie bespreking, veral K. Frör, 1967, 31 e.v.). In Christus deel God Homself mee op 'n vrye en genadige manier; so-ook in die Skrif. Die teenwoordigheid van die woord van God in die menslike woord van die profete en apostels, word gebeurtenis in die Skrif. (Die Skrif is die "Ereigniswerden der Gegenwart des Wortes Gottes im Menschenwort der Propheten und Apostel".) Daar is in die Skrif 'n onderskeid tussen Godswoord en menswoord, maar ook 'n eenheid, 'n "indirekte indentiteit".

[22] God spreek ons deur hierdie menswoorde aan. Die teks kan net gehoor word as 'n mens gehoorsaam aanvaar dat dit die Woord van God is, en as jy verder die geloofsverwachting het dat God in sy wysheid sy Woord na jou sal laat kom. Dit is volgens Barth "teologiese eksegesi". Die plek van die teologiese eksegesi lê tussen die herinnering aan hierdie aanspraak van die Skrif om Woord van God te wees, en die verwagting dat dit vir my die Woord van God sal word. Dit stem ooreen met die plek van die kerk: in die tyd tussen hemelvaart en wederkoms.

Die Bybel is ook 'n menslike boek, soos Christus ook mens was. Daarom moet dit ook *histories* gelees word. Daarvoor moet dieselfde historiese metode as die vir enige ander literatuur gevolg word. Die doel is egter nie om die vrome gemoedstoestand van die Bybelse skrywer vas te stel nie, maar die getuigenis van die openbaring van God. Barth wil dus nie 'n bloot historiese of 'n psigologiese of 'n sogenaamde onbevooroordeelde benadering hê nie. Daar is volgens hom ook slegs een waarheid in die teks; die sogenaamde pneumatiese of geestelike eksegesi mag nie eers 'n tweede stap in die eksegesi wees nie. Daarmee wys Barth ook die dualisme tussen "wetenskaplike" en "praktiese" eksegesi af.

Barth se sterk nadruk op die vrye optrede van God om die teks die Woord van God te laat word, het egter die teks self en die eksegesi daarvan by hom op die agtergrond laat raak.

W.J. Snyman het tereg (in 'n klasbespreking) die volgende kritiek op Barth se standpunt gelewer: Barth maak geloof los van die Bybel, om die Bybel met die geloof te benader. Dit is geloofskritiek. Vir Barth gaan dit om aangespreek te word. Dan eers word die Bybel die Woord van God. Objektiviteit is vir Barth: wat bo is, transendensie. In werklikheid is transendensie egter in die Bybel. Die transendensie van God se Woord is gebind aan die Bybel. En die Bybel is so persoonlik aan God verbind dat verligting (illuminasie) nodig is om ons onself te laat onderwerp aan die Woord. Weens ons sonde wil ons dit nie doen nie. Barth se transendering is tog maar subjektiwisme. Dit gaan vir hom per slot van rekening om wat met my gebeur, in plaas dat dit gaan om wat met Jesus Christus gebeur het, om sy dood en opstanding. Dit is hiervan wat die Bybel getuig.

2.2 W. Visscher - christologiese verklaring

Visscher pas 'n oordrewe "christologiese" verklaring op die Ou Testament toe. Hy aanvaar

die eenvoudige, historiese betekenis van die Ou Testament, maar in die lig van God se bedoeling wat later in Jesus Christus geopenbaar is. Visscher lees die Ou Testament vir sy getuienis oor Christus. Die Bybel is die Heilige Skrif alleen in sover dit van Jesus Christus praat, sê hy. Die Ou Testament sê vir ons alles oor wat die Christus is; die Nuwe Testament moes ons nog net vertel *wie* Hy is. As God in Gen. 1:3 sê: "Laat daar lig wees," dan is dit 'n voorafskaduwing van 2 Kor. 4:6. Die hele hoofstuk praat van Christus, want Christus is die Woord wat in die begin by God was (Joh. 1:1-5). Die teken van Kain (Gen. 4:15) wys heen na die kruis en is in die kruisteken hernu.

[23] Visscher se benadering kom daarop neer dat die Ou Testament nie self aan die woord gestel moet word met wat dit vir mense van sy eie tyd gesê het nie. Die Ou Testament het, volgens sy benadering, alleen betekenis as dit iets anders sê as die duidelike eenvoudige betekenis. (Vgl. veral J. Bright, 1967, 86 e.v.).

2.3 Rudolf Bultmann - "ontmitologisering" van die Skrif

R. Bultmann laat volle ruimte vir die histories-kritiese ondersoek van die Bybelteks, maar die historiese betekenis het volgens hom net betreklike waarde. Bultmann verklaar die Skrif eksistensialisties. (Vgl. vir die verdere bespreking, veral J. Bright, 1967, 69 e.v.; K. Frör, 1967, 34 e.v.) Die Woord bedoel net om prediking, verkondiging (kerugma) te wees, nie 'n beskrywing van gebeurtenisse nie. As die mens van God wil praat, moet hy oor homself praat. Dit geld ook van die Bybelteks. Uitsprake oor God is slegs uitsprake oor die mens en sy bestaan (antropologies). Daarom moet daar in die Bybelteks gesoek word na die selfverstaan van die mens wat daarin werksaam is. Dit is die "eksistensiële interpretasie" of "antropologiese interpretasie". Die mens moet tot 'n nuwe selfverstaan kom deur die geloof. Dit is 'n werk van God se genade en dit gebeur deur die toegesproke Woord. Die Persoon en geskiedenis van Jesus soos dit in die Nuwe Testament beskryf is, is vir die verkondiging (kerugma) sonder betekenis. Al wat belangrik is, is dát Jesus gekom het. Die res is slegs inkleding of verpakking. Dit geld ook van die eskatologie. Die teks moet van al hierdie bykomstighede geontmitologiseer word. Die term "mitologies" slaan hier nie bloot op mitologieë van die oudheid nie, maar op die inkleding van alle tekste. Die term word dus nie godsdienshistories bedoel nie, maar ontologies of filosofies.

Bultmann pleit nie soos die Historisisme, vir 'n streng objektiewe, "onbevooroordeelde" benadering nie. Hy pleit intendeel vir die subjektiewe, vir die vooraf verstaan (Vorverstandnis): alleen wie deur die vraag oor sy eie eksistensie gedring word, kan die teks se verkondiging verstaan. Bultmann laat die geloof dus aan die Bybel voorafgaan in plaas van die geloof op die Bybel te laat rus.

Bultmann se grondfout is dat hy die kerugmatiese uitsprake losmaak van die objektiewe uitsprake oor God se optrede in die geskiedenis. Die dissipels getuig van hierdie groot daad van God (Hand. 2:11). In die Ou Testament en die Nuwe Testament is daar 'n onlosmaaklike eenheid tussen die verkondigde Woord en die groot daad van God. Christus spreek met sy gemeente as 'n opgestane en teenwoordige *Persoon*, nie net 'n idee nie. Waar Christus aan die woord kom, kom dus ook die geskiedenis aan die woord. En hierdie geskiedenis is die objektiewe, historiese gebeurtenisse van Jesus se sending deur die Vader asook van sy opstanding, verhoging en wederkoms.

Volgens Bultmann hoor die Christen die Woord van God in die Ou Testament slegs indirek. Die Ou Testament se begrip van die mens se eksistensie, saam met die Ou Testament se radikale beslaglegging op die hele lewe van die mens, is dieselfde as die van die Nuwe Testament. Die Ou Testament het egter [24] slegs 'n opvoedingsfunksie om die hoor en verstaan van die evangelie voor te berei. Die Ou Testament bevat nie heilsgeskiedenis, wat op

Christus uitloop nie. Dit is in teendeel 'n geskiedenis van mislukking, 'n geskiedenis van teleurstelling vir die hoop van Israel. So is dit 'n leermeester tot Christus (Gal. 3:24). Hierdie geskiedenis van verydelde hoop en van mislukking, saam met die eise wat die wet stel, bring die leser tot die besef van die teenstelling in sy menslike eksistensie. Dit is die teenstelling om deur God geroep te wees en tog aan die aarde gebonde te wees. Die mens se besef van sy eie mislukking dryf hom dan uit na berou en na die aanvaarding dat regverdigmaking deur die geloof alleen kom. Die Ou Testament is nie absoluut nodig nie, want wat die Ou Testament die mens oor die aard van sy eksistensie leer, kan feitlik oral in die menslike ervaring opgedoen word.

Bultmann se eksistensialistiese benadering maak dat hy by die menslike mislukking in die Ou Testament vaskyk en nie die liglyn van God se openbaringshistoriese optrede raaksien nie. God werk lewewekkend. Hy wek voortgang uit mislukking, voorspoed uit ondergang, lewe uit dood. Die mislukking van Israel, beliggaam in die ballingskap, laat juis die messiaanse verwagtings opbloei. Sterwe en opstanding slaan juis in die Ou Testament deur (Eseg. 37).

2.4 Friedrich Baumgärtel - die Ou Testament 'n getuienis van 'n ander religie.

Baumgärtel sien kontinuïteit tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament in die deurlopende tema van die "belofte in Christus". Tog benadruk Baumgärtel die verskille tussen Ou Testament en Nuwe Testament baie sterk en praat dikwels van die Ou Testament as 'n getuienis van 'n ander religie as die Christelike religie. Die Ou Testament kry by hom feitlik uitsluitlik 'n opvoedende funksie as voorbereiding vir die verstaan van die evangelie. So word die Ou Testament grotendeels gedevalueer tot 'n blote hulp vir die Nuwe Testament. (Vgl. F. Baumgärtel, 1968; C. Westermann, 1968).

3. DIE NUWERE HERMENEUTIEK

3.1 Ebeling en Fuchs - die Bybel as woordgebeure

Anders as hulle leermeester Bultmann, lê G. Ebeling en E. Fuchs meer nadruk op die historiese aspek in verband met Jesus. Hulle wil meer erns maak met die woorde van die Bybel en wil nie soseer ontmitologiseer om agter die woorde by die betekenis uit te kom nie. Die woord (of woorde) is volgens hulle dinamies, dit gebeur; hulle praat daarom van 'n woordgebeure ("Sprachereignis" en "Worhgeschehen"). Die woord moet weergeskied, lewend word. Die woord is in beweging en die hermeneutiek moet die beweging van die woord na verkondiging aan die gang sit. Die "woordgebeurtenis" in die mond van Jesus beweeg voort na die "woordgebeurtenis" in die mond van die prediker. In hierdie woord gaan dit om die geloof, maar dinamies gesien, 'n gebeurtenis. Dit gaan in die geloof dan meer om dát jy glo (die geloofshouding) as om wat jy glo (die geloofsinhoud). Die geloof het nie soseer te doen met áán Jesus glo ^[25] nie (die geloofsinhoud), as wel soos Jesus glo.

Die gevolg van hierdie benadering is dat die historiese aspekte in verband met Jesus weer vervlugtig en van minder belang word. Die vleeswording, opstanding en hemelvaart, so word gesê, is mitologiese verhale. Daarmee het die eerste christelike gemeente "onder woorde gebring" wat in Jesus ter sprake kom, naamlik sy geloof. Dit is geloof in die mag van God wat lewe uit die dood wek. Geloof in die opstanding van Jesus is net geloof in hierdie mag van God, nie in 'n historiese feit van 'n opstanding van Jesus nie. 'n Ander gevolg van bogenoemde benadering is dat die verklaring van die Bybel deur die prediker 'n dominerende betekenis verkry. Dit raak buite verhouding met die eenvoudige, duidelike, historiese betekenis van die Woord self. (Vgl. veral G. Ebeling, 1971; E. Fuchs, 1970; L. Floor, Calvin, Ebeling en Fuchs; J.H. Kroeze, 1974, 44.)

3.2 W. Pannenberg en J. Moltmann - 'n trinitariese God in wording

Pannenberg en Moltmann lê daarop nadruk dat die teks slegs in samehang met die hele geskiedenis verstaan kan word, die geskiedenis wat die destydse gebeurtenisse verbind met die hede. Die hede omvat ook die toekomshorison van dit wat tans moontlik is, want die sin van die hede word eers in die lig van die toekoms duidelik. In hierdie benadering val die klemtoon baie sterk op die eskatologiese toekoms, maar dan so dat dit in 'n groot mate binne die hede ingetrek word. Die toekomstige moet reeds nou tot realisering kom, veral met betrekking tot maatskaplike en ander nood. Daardeur dra hierdie benadering 'n utopiese karakter.

In hierdie universeel-historiese en futuristies-eskatologiese verklaring word die Bybelse teks maklik as 'n bestanddeel van die historiese proses gesien. So word daar gepleit vir 'n konsekwent trinitariese verklaring van die Bybel. Dit word egter in panenteïstiese sin verstaan, naamlik so dat God self in 'n sekere sin 'n God inwording is. Die Drie-eenheid (Vader, Seun en Heilige Gees) word dan eintlik histories onderskei; dit is verskillende bedelings van die Goddelike optrede, waarin die een as't ware die ander vervang.

Hierdie benadering dra dus sterk rewolusionêre trekke: die nuwe kom deur opsetting en afbreek van die oue. Dit geld nie slegs van die teologiese begrippe nie, maar ook van die mens se bestaan. Moltmann byvoorbeeld pleit nie sonder meer vir rewolusie nie en spreek homself selfs daarteen uit; tog sê hy dat Jesus as politieke opstandeling gekruisig is en dat hierdie feit deur die christene in hulle eie lewe ernstig geneem moet word.

Die sterk horisontalistiese benadering van Moltmann blyk onder meer duidelik uit die samevatting aan die einde van sy boek: *The Church in the power of the Spirit*. Dit lui: "The one holy, catholic and apostolic church is the church of Jesus Christ. Fellowship with Christ is its secret. The church of Jesus Christ is the one, holy, catholic and apostolic church. Unity in freedom holiness in poverty, catholicity in partisan support for the weak, and apostolate in suffering are the marks by which it is known in the world".

Moltmann verkies om die mens te sien as vriend van God eerder as kind van ^[26] God. Ook dit wys op Moltmann se sterk horisontalistiese benadering en ooraksentuering van die mens se mondigheid teenoor God. Moltmann pleit verder onder meer daarvoor dat die kinderdoop vervang moet word deur grootdoop. Ook dit bewys Moltmann se ooraksentuering van die mens se inisiatief en sy mondigheid teenoor God. Dit is ook 'n uitvloeisel van Moltmann se ooraksentuering van die futuristies-eskatologiese aspek en gepaardgaande onderbektoneing van God se werk in die verlede. Daarom het Moltmann nie oog vir God se inisiatief in die verbond en daarom in die doop nie (vgl. W. Pannenberg, 1968, 1977; J. Moltmann, 1974, 1978.)

4. HEDENDAAGSE ONTWIKKELINGE OP DIE GEBIED VAN DIE OU TESTAMENT.

Daar was in die jongste verlede tot op hede 'n hele stroom van literatuur oor die Ou Testament en die verklaring van die Ou Testament, te veel om op te noem. Hier sal net op enkele persone en rigtings ingegaan word. Selfs belangrike teoloë sal onbespreek moet bly, ook toonaangewende teoloë in ons land. Hier word slegs 'n deursnit gegee en enkele persone behandel wat as verteenwoordigend van die verskillende benaderings beskou kan word.

4.1 G. von Rad - geherinterpreteerde geskiedenis as geloofsbelydenis.

Net soos Bultmann vir die N.T. so lê Von Rad vir die Ou Testament groot nadruk op die skeppende invloed wat die gemeente in sy amptelike aanbidding op die Bybelse dokumente

gehad het. Von Rad beskou Genesis tot Josua as 'n eenheid. Hierdie Hexateuch (sesdelige boek) is volgens hom 'n uitbouing van 'n geloofsbelydenis ('n credo), waarvan Deut. 26:5-9 die kern is. Die Hexateuch gee geherinterpreteerde geskiedenis en is dus eerder 'n geskiedbeskouing as wat dit die geskiedenis weergee soos dit werklik plaasgevind het.

Hierdie geherinterpreteerde geskiedenis sluit slegs by die kern van die belangrike historiese gebeurtenisse aan. 'n Hele aantal onafhanklike geskiedenis, of liever tradisies, is doelbewus so saamgevoeg en gerangskik dat die geheelbeeld 'n teologiese konstruksie is en 'n boodskap moet verkondig. Die geheelbeeld waarin Abraham, Isak en Jakob nou in die Ou Testament voorkom, verskil volgens Von Rad grootliks van die werklike geskiedenis van hierdie persone. Elkeen van hulle verteenwoordig geskiedenis en tradisies wat oorspronklik onafhanklik van mekaar bestaan het. Verskillende tipiese gebeurtenisse en kenmerke uit verskillende tradisies is met verloop van tyd by een kultusentrum geassosieer met 'n Abraham, ander is weer by 'n ander kultusentrum geassosieer met 'n Isak, en nog ander is by nog 'n ander sentrum geassosieer met 'n Jakob.

Uiteindelik is hierdie drie groepe tradisies so saamgevoeg asof hierdie drie persone vader, seun en kleinseun was. Abraham, Isak en Jakob is in die Ou Testament dus tipes, of tipologiese figure, eerder as historiese figure. (Von Rad gebruik die woord "tipologies" dus in 'n heeltemal ander betekenis as die ^[27] tradisionele, vgl. sy Genesis, 39 e.v.).

Die teologies gerekonstrueerde geheelbeeld van die geskiedenis is volgens Von Rad die geskiedenis van die groot plan van verlossing, naamlik heilsgeskiedenis (Heilsgeschichte). Israel het God in die eerste plek geleer ken as die God wat hulle uit Egipte verlos het. Alles in die Ou Testament word daarom benader vanuit verlossing, selfs God se skeppingswerk word so benader, God is 'n Verlossergod. Die geskiedenis van die groot plan van verlossing is naamlik heilsgeskiedenis (Heilsgeschichte). Die geheelbeeld verkondig nou enersyds die mag van Jahwe en sy verlossende genade en etiese eise, en andersyds die mens se sondige aard en die roeping van Israel. Hierdie konstruksie is veral die werk van die Jahwistiese skrywer, die oudste van die skrywers of samestellers van die vier hoofbronne J, E, D, P (vgl. Von Rad, 1966, 20 e.v; vgl. ook IV 4.1). Von Rad sien alle groot gebeurtenisse in hierdie heilsgeskiedenis as tipes van Jesus Christus in wie die verlossing saamtrek. Hierdie tipologiese benadering verskil van die van die reformasietyd. Die hervormers het erns gemaak met die historiese aspekte van wat die Bybel meedeel, nie slegs met die hoofelemente nie.

Hoewel Von Rad die Ou Testament heilshistories benader, is die Ou Testament tog nie vir hom 'n eenheid nie. Dit bestaan volgens hom veel eerder uit verskillende teologieë. Die van die profete kan selfs nie as 'n voortsetting van die vroeëre gedeeltes van die Ou Testament beskou word nie, maar is radikaal nuut.

4.2 W. Eichrodt - die verbond

Von Rad lê baie klem op die geskiedenis van Israel. Die taak van die Bybelverklaarder is om daardie geskiedenis verder te vertel, sê hy. Tog is dit meer 'n credo of geloofsbelydenis wat verkondig word. W. Eichrodt, die ander beheersende gestalte van die Ou-Testamentiese teologie in hierdie eeu, sê dat Von Rad se uitgangspunt te eksistensialisties is. Eichrodt hou vas aan die historiese karakter van die Ou Testament. Hy bou sy Ou-Testamentiese Teologie uit om die kerntema: die verbond.

4.3 J. Bright - 'n historiese en teologiese eenheid

Bright sluit in sy lesenswaardige boek *Authority of the Old Testament*, baie sterk aan by die

geskiedenis en lê nadruk op die eenheid van die "teologie" van die Ou Testament, soos hy dit noem. Die eenheid lê veral in die koninkrykshoërskap van God en die unieke eienskappe van die Mosaïese geloof, veral in sy monoteïsme. In hierdie geloof was daar nie plek vir ander gode en vir beelde nie, ook nie vir towenaars, waarsêers, besweerders, ens. nie. Israel se monoteïstiese geloof het ook 'n sterk eskatologiese en historiese besef as vrug gehad. God bepaal alle gebeurtenisse en lei hulle na 'n doel toe. Ander vrugte van die monoteïsme is die verbond en verkiesing. Daar kan van verbond en verkiesing alleen sprake wees waar geglo word aan een God, skepper en regeerder van alle dinge en alle nasies (Bright, 126 e.v.).

[28] Vanweë Bright se sterk aansluiting by die geskiedenis is sy uitbou van die Ou-Testamentiese "Teologie" konkreet en nugter. Vanuit hierdie uitgangspunt lê hy sterk nadruk op die betekenis van die historiese koms van Jesus Christus. Jesus Christus is nie net 'n idee nie, en die Nuwe Testament is nie anders as die Ou Testament omdat dit verheerlikeer idees sou bevat nie, maar omdat Jesus Christus gekom het en 'n historiese vervulling van die Ou Testament gebring het. Die historiese koms van Jesus Christus is vir Bright 'n sleutel om die afsluiting van die kanon organies te verklaar. Die kanon sluit met hierdie historiese gebeurtenis en die historiese getuies daarvan af. Volgens Bright is die Ou Testament 'n organiese eenheid; alle gedeeltes is gesagvol maar sommige (bv. die geboorte) staan nader aan die sentrum as ander, en hierdie feit moet in die verklaring in die oog gehou word (Bright, 151 e.v.). Aan die negatiewe kant moet van Bright se benadering gesê word dat dit so sterk nadruk op die geskiedenis lê dat dit in sommige gevalle neig om die openbaringskarakter van die Ou Testament op die agtergrond te laat verdwyn. Die eerste elf hoofstukke van Genesis, die sogenaamde voorgeskiedenis of oergeskiedenis, kry byvoorbeeld nie aandag in sy boek *The Kingdom of God* nie. Hy sluit die koninkryk te sterk aan by Dawid in plaas van by Adam, met die gevolg dat die voorafgaande geskiedenis te sekondêr word. In die geheel gesien is Bright se benadering van die Ou Testament egter baie positief.

4.4 Th. C. Vriezen - 'n teologies-Christelike benadering

Vriezen is naas Eichrodt en Von Rad een van die invloedrykste Ou-Testamentiese teoloë van hierdie eeu. Hy verwerp die benadering wat die Ou Testament behandel as 'n blote onderdeel van die godsdiensgeskiedenis van die ou Nabye Ooste. Die Ou Testament bevat volgens Vriezen nie net die godsdiens of geloof van Israel nie, maar is normatief. Die Ou-Testamentiese Teologie is daarom inderdaad 'n teologiese wetenskap (Vriezen, 157). Volgens Vriezen moet die Ou Testament *teologies-Christelik* benader word, dit wil sê dit moet in die lig van die Nuwe Testament verklaar en gewaardeer word. Die Ou Testament het deur die smeltkroes van die ballingskap gegaan. In hierdie krisisperiode van Israel se volks- en geloofsgeskiedenis het Israel alles verloor en is hy gestroop van oppervlakkige en optimistiese geloofsbenaderings en -verwagtings. Die gees van die ware profesie kon nou ook suiwerend inwerk op die oorgelewerde tradisies en prediking. Daardeur word die hele Ou Testament deur die profetiese gees gedra. Dit is in wese dieselfde gees van die groot profeet Jesus Christus. Die Ou Testament moet nou vanuit Christus gewaardeer word: soms bevat dit 'n parallel van die Nuwe Testament, soms is dit voorbereiding, soms is dit weer gelyk aan die Nuwe Testament en soms bevat dit 'n teenstelling met die Nuwe Testament (Vriezen, 25 e.v.; 54; 106 e.v.; 146).

Volgens Vriezen word die hele Ou Testament beheers deur die gemeenskap tussen God en mens. Hierdie verhouding is volgens hom wyer as net die verbondsverhouding.

[29] 4.5 A.S. van der Woude - aksent op onderrig, nie op kerugma

Volgens Van der Woude (1969) lê die heilshistoriese benadering van Von Rad eensydig

nadruk op die verlossingsaspek van God se optrede. Volgens Von Rad het Israel God in die eerste plek leer ken as 'n Verlossergod: die uittog uit Egipte is die sentrale gedeelte sowel as die uitgangspunt van waaruit hulle gedink het. Die gedeeltes oor God as skepper en die gedeeltes oor die aartsvaders is eers later bygevoeg, of beter gestel, vooraan gevoeg. Hulle moet vanuit die verlossing verklaar en verstaan word. Die skeppingsberig wil daarom nie soseer iets sê oor God as skepper nie, maar wil hom in sy verlossende werksaamheid teken.

Hierteenoor stel Van der Woude dat die skepping deur die Ou Testament self nie verstaan is vanuit die verlossing nie. Daar is byvoorbeeld geen verbondsterminologie in die skeppingsberig in Gen. 1-3 nie, Israel word nie as 'n skeppingsgrootheid gesien nie. Die skepping (natuur) word in die Ou Testament ook nie bloot om God se verlossende werk daarin geprys nie, maar om God se skeppende en onderhoudende werk aan die natuur en die mens as sodanig. Die logiese volgorde van Genesis en Eksodus is dan ook nie Eksodus - Genesis, soos Von Rad meen nie, maar Genesis - Eksodus, soos dit inderdaad in die Ou Testament gegee is.

Die aksent val in die Ou Testament nie so seer op kerugma, verkondiging van heilsgeskiedenis nie, sê Van der Woude. Dit val veel meer op onderwysings, soos onderrig in die gebooe, insettinge, verordeninge van die Here sodat dit onderhou moet word in die praktiese lewe.

4.6 W. Brueggemann - aksent op die mens as geskapene, nie as verlore

Ook Brueggemann (1972) kom in reaksie teen 'n heilshistoriese benadering wat die hele Ou Testament vanuit 'n verlossingsoogpunt benader. Hy beweer dat die reformatoriese teologie eensydig nadruk lê op die regverdigmaking deur die geloof (Rom. 5). Redding en genade word oorbeklemtoon; ook die mens se swakheid en onmag om sy opgelegde roeping uit te voer. Daardeur ontwikkel die mens 'n passiewe gees en 'n passiewe lewenshouding. Daar moet volgens Brueggemann meer klem gelê word op God as skepper en op die mens as geskapene, nie net op die mens as verlore nie. Die mens is na die beeld van God geskape en is iemand in wie God vertrou het om heerser van sy skepping te wees; aldus Brueggemann. Die mens kán sy kultuurtaak op aarde uitoeven, hy kán keuses maak en beslissings neem wat sy lot bepaal, en hy kan die verantwoordelikheid daarvoor vat. Hierdie vermoë en verantwoordelikheid word veral in die wysheidsliteratuur, soos Spreuke en Job, benadruk.

Dit is met hierdie nadruk op die mens se vermoë wat die wysheidsleraars ingekom het agter die harnas van die selfgenoegsame mense van Dawid se tyd, sê Brueggemann. Hierdie nadruk sluit volgens hom nie die feit uit dat die mens ten diepste van God afhanklik is nie. Per slot van sake is die vrees van die Here die beginsel van die kennis of wysheid.

[30] Brueggemann kom tereg in verzet teen die oorbeklemtoning van die verlossingsaspek. Calvyn het byvoorbeeld ook sterk klem gelê op God as skepper en onderhouer en op die mens se roeping hier op aarde. Calvyn het egter juis die soewereiniteit van God beklemtoon. Brueggemann se siening dat God "vertrou" in die mens het, is strydig met die hele aksent van die Ou Testament. Sy verklaringswyse geringskat die absolute soewereiniteit van God. God is volgens die Ou Testament die enigste en almagtige regeerder, die inisieerder of subjek van alles. Brueggemann het te min ook vir die versoeningsaspek in die Ou Testament en sy fokuspunte word te sterk bepaal deur sosiologiese uitgangspunte.

4.7 C. Westermann - handelingstruktuur in plaas van gedagtestruktuur

Westermann (1978) wys op die samestelling van die Ou Testament met sy drie gedeeltes, naamlik historiese, profetiese en onderrigende gedeeltes. In die onderrigende stof is Psalms

die kern. Die drie gedeeltes dui volgens Westermann op drie aspekte, naamlik: eerstens, die Ou Testament handel oor God deur 'n geskiedenis te vertel; tweedens, dit is 'n dialogiese geskiedenis; derdens, dit handel oor wat tussen God en mens gebeur (of tussen God en die skepping, sy volk en die mens). Daarom kan 'n Teologie van die Ou Testament nie 'n gedagtestruktuur hê nie, maar 'n handelingstruktuur of historiese struktuur (Geschehenstruktur). Die Ou Testament kan egter nie verklaar word deur 'n blote "verder vertel" van die geskiedenis (soos Von Rad) nie, want die Ou Testament vorm nie 'n deurlopende geskiedboek nie. Dit bevat ook die woord van God wat in hierdie geskiedenis ingaan (profetiese gedeeltes). Die eenheid van die drie gedeeltes lê in die feit dat God een is (monoteïsme). Daar is ook ander konstante elemente in die Ou Testament: God se optrede gaan gepaard met redding en seën. Nog 'n konstante element is die mens se antwoord wat veral konsentreer in klaging en lof. Daar moet volgens Westermann by die Ou Testament se eie samestelling aangesluit word in die behandeling van die Ou Testament, want dit gee 'n objektiewer uitgangspunt as die omvattende begrippe wat gewoonlik as uitgangspunte gekies word, soos heil, verkiesing, verbond, geloof, kerugma, openbaring, verlossing, soteriologie, eskatologie, ens. Hierdie naamwoordelike begrippe vervreem 'n mens volgens Westermann van die taal van die Ou Testament. Die Ou Testament se taal is oorwegend werkwoordelik. As die naamwoordelike begrippe as uitgangspunte geneem word, gaan die verskeidenheid waarin God in die Ou Testament gespreek het, verlore. Westermann is self egter nie konsekwent nie. Hy volg self nie die samestelling van die Ou Testament nie, maar 'n eie teologiese struktuur (Die reddende God en die geskiedenis; Die seënende God en die skepping; God se gerig en God se erbarming; Die antwoord).

Westermann se werk verdien besondere waardering vir die belangrike plek wat hy aan die menslike antwoord gee. In die meeste Teologieë van die Ou Testament kry die digterlike boeke weinig of geen aandag. Westermann het egter 'n te sterk dialogiese benadering. Daarom weet hy nie raad met die ^[31] wysheidsliteratuur nie - in elk geval nie in hulle vroeë stadium, soos hy dit noem nie.

4.8 J. Barr - die woord is primêr, nie die geskiedenis nie

J. Barr verwerp Von Rad se enge verbinding van openbaring met die geskiedenis. Volgens Barr lê die nadruk in die Ou Testament nie primêr op die geskiedenis nie, maar op die woord. Daarom besit ons ook die tradisie in 'n taalkundig-literêre vorm. (Barr, 1966, 26 wil die term "dade van God in die geskiedenis" liever vervang met iets soos "situasies".) Die woordkommunikasie tussen God en mens is volgens Barr van die grootste belang, byvoorbeeld die feit dat God tot die profete gespreek het. Dit is juis om hierdie rede dat daar gepraat word van die hoogs "persoonlike" karakter van die God van die Ou Testament.

Teenoor Barr se pessimisme oor die bydrae van die gedagte van openbaring deur die geskiedenis, sê Lemke egter tereg: "It is our conviction that the concept will always be of fundamental theological significance to those who choose to believe in the biblical God. For in contrast to other major religious traditions, at the centre of which stands a philosophical metaphysic, a system of ethics, or a written code of conduct, the biblical tradition, whether in its Jewish or Christian manifestations, is first and foremost a story about God who acts on behalf of and through human beings in the context of specific and concrete historical events. The concept of revelation through history is, therefore, not simply a passing theological fad or aberration, but belongs to the core of biblical religion" (Lemke, 1982, 46).

Barr laat ook nie die eenheid van die Ou Testament tot sy reg kom nie. Volgens hom het ons in die Ou Testament eerder te doen met verskillende teologieë as met een teologie.

4.9 C.J. Labuschagne - 'n skriftelike verslag van menslike geloofservarings.

Vir C.J. Labuschagne (1979) is die O.T. soos 'n plakboek met die mees waardevolle oorblyfsels van die skriftelike verslag van mense se geloofservarings. Die Bybel is nie 'n *boek* wat deur die Gees geïnspireer is nie, maar bevat die skriftelike neerslag van die uitsprake van *mense*. Hierdie mense was in mindere of meerdere mate deur die Gees geïnspireer en het uiting gegee aan hulle geloofsopvattinge. By die profetiese geskrifte is ons die digste by die mense wat deur die Gees gelei is en namens God gespreek het. By die profete en psalms klop die hart van die Ou-Testamentiese geloofsgetuies. Die outeurs en bewerkers van die Tora bevind hulle veel verder weg. Labuschagne staan dus 'n rangorde van gesag in die Bybelse geskrifte voor. Maar anders as die Jode wat die Tora bo-aan plaas, maak hy die Tora ondergeskik aan die ander. Eintlik wil hy ook nie van die gesag van die Ou Testament praat nie. Gesag word as't ware aan die Bybel (kanon) toegeken deur wie die kanon erken as heilige Skrif. Die outoriteit van die Bybel word 'ervaar' deur wie hom daardeur aangespreek laat word.

Labuschagne sê tereg dat die kanon, soos dit histories gegroei het (die ^[32] eindproduk), as die Skrif van die kerk moet bly geld. Hy het egter blykbaar nie oog vir die Goddelike leiding in die historiese groeiproses nie. Die Skrif bly 'n blote menslike versameling van menslike geloofsgetuies.

4.10 A.H.J. Gunneweg-monoteïsme, maar nie een tema nie

Ook Gunneweg wil nie van 'n tema of Mitte van die Ou Testament weet nie. Kenmerkend van die Ou Testament is egter wel: monoteïsme, en: die wye veld wat oopgesluit word deur die Ou Testament se spreke oor skepping, aarde, mensdom, die geskiedenis van die volke en van Israel, ens. - al die baie temas van die aspekte en fasette van die menslike lewe (Gunneweg, 1977, 192).

4.11 Die "Amsterdamse Skool" - 'n prediking in die vorm van geskiedenis

Die "Amsterdamse Skool", veral onder leiding van F.H. Breukelman, wil die Ou Testament as eenheid sien, gevorm in die tyd van die ballingskap, en veral met die doel om prediking te gee. In daardie tyd sou kringe geleerdes bestaande materiaal gesif en aangevul het. Hulle wou daarmee die volk oproep om God se dae van die verlede te gedenk en daaruit te leef vir die hede en die toekoms. Wat aangebied word, is 'n heilsgeskiedenis, maar een wat gevorm is deur die verkondiging of prediking. Dit is 'n prediking in die vorm van geskiedenis.

Die verdienste van hierdie "skool" is dat hulle die Bybel sien as iets wat preek en waaroor gepreek moet word, in teenstelling tot die histories-kritiese benadering wat hierdie aspek heeltemal verwaarloos het en meer in analise ensomeer geïnteresseerd is. Die leemte in hierdie "skool" se benadering is egter dat die sterk aksent op die verkondigingskarakter van die Ou Testament die historisiteit daarvan in gedrang bring (vgl. o.a. Breukelman, 1961-62; Baarda, 1976; Van Uchelen, 1979).

4.12 B.S. Childs - uitgangspunt in die voltooide kanon

B.S. Childs (1970, 1980) kritiseer tereg die moderne histories-kritiese benaderings, wat vandag die verklaring van die Ou Testament oorheers. Hulle fout is volgens Childs dat hulle hulle uitgangspunt neem in die oorspronklike bronne of in die groeiproses van die teks, in plaas van in die kanon as die finale produk van die groeiproses.

Childs raak hiermee 'n besonder belangrike saak aan, en sy standpunt kry baie aandag, sowel negatief as positief. (Vgl. verder die bespreking oor sy standpunt in IV 4.5.)

4.13 G.T. Sheppard - sapiëntalisering van die Ou Testament

G.T. Sheppard het in 1980 'n boek laat verskyn met die sprekende titel: "Wisdom as a hermeneutical construct. A study in the sapientializing of the Old Testament". Sheppard wil aan die wysheid nie net 'n plek as onderdeel van die Ou Testament gee nie maar as inherente deel van die geheel van die Ou Testament as kanon. Hy sien dit so dat daar in die na-ballingskapse tyd 'n ^[33] herinterpretasie van die gesagvolle Tora en profete gedoen is in terme van die wysheid. So funksioneer die wet as bevestiging van die wysheid. Sheppard sê wel dat die wysheid aanvullend tot die tora en profete gesien moet word, maar sy studie en gevolgtrekkings kom prakties daarop neer dat die wysheid die nuwe en hoogste norm word en dus 'n trechter vorm waardeur die hele Ou Testament bekyk word.

4.14 Invloede van lewensbeskoulige denkstrominge

Lewensbeskoulige denkstrominge laat hulle in 'n mindere of meerdere mate geld in die metode van die verklaring van die Ou Testament, soos eksistensialisme, sosialisme, sekere sosiologiese uitgangspunte en Marxistiese maatskappykritiek.

Wat die *eksistensialisme* betref, kan byvoorbeeld verwys word na die standpunt van Von Rad (vgl. die kritiek van Eichrodt, 1961, 515). Nog 'n voorbeeld is Westermann se standpunt oor die verhale van die skepping van die mens en oor sy sonde, in die begin van Genesis. (Vgl. sy lywige en deeglike kommentaar op Genesis, in die reeks *Biblischer Kommentar*.)

Volgens Westermann wil die skrywer nie dinge meedeel wat in die verlede in historiese of chronologiese volgorde plaasgevind het nie. Hy wil intendeel 'n tydlose ekstensiële waarheid oor die mens se eksistensie meedeel, naamlik dat die mens 'n sondige wese is maar tegelykertyd een wat deur God goed geskape is.

Daar is vandag ook verklarings van die eerste hoofstukke van Genesis wat die vrug van 'n "*sosialistiese*" verklaringsmetode genoem sou kon word. Hierdie benadering het slegs oog vir die mensdom as 'n groep, nie as individuele, persoonlike wesens nie. Die skepping, die bestaan van Adam en Eva en die ontstaan of bestaan van die sonde, ensovoorts word vanuit hierdie gesigspunt verklaar.

Ook *Sosiologiese* uitgangspunte het 'n invloed op die verklaring van die Ou Testament. Dit speel byvoorbeeld 'n belangrike rol in A. Alt en M. Noth se verklarings van Israel se vestiging in Kanaán en kom sterk uit by Mendenhall wat die vestiging sien as 'n oornam van mag deur die besitloos. Hulle sou die mag van die Kanaanitiese konings oorgeneem het. Die verklaringselement kom ook voor by Gottwald.

Marxistiese maatskappykritiek het ook 'n invloed op die uitleg van die Ou Testament. Naas die histories-kritiese metode en die teologiese verklaring erken W. Dietrich die reg van 'n histories-materialistiese analise om die nodige balans te verkry en teen verabsoluttering te vrywaar. Hy waarsku egter dat God soewerein is en aan geen wet onderworpe nie, en dat Hy in sy oordelende en reddende optrede nie binne bereik van die menslike ondersoek is nie.

Ons moet volgens Dietrich verder daarop let dat die materialistiese kritiek 'n ideologiekritiek is. Juis die voorstanders van so 'n ideologiekritiek meen om by die Bybelskrywers 'n verdediging van 'n ideologie te sien. Sommige sienings sou die saak van die onderdrukkers opneem, ander weer die saak van die ^[34] verdruktes. Die Priesterkodeks sou, volgens hierdie Marxistiese maatskappy-kritiek 'n statiese maatskappy nastreef.

Daar is ook 'n sogenaamde *feministiese* teologie, wat deur die neo-Marxistiese lewensvisie beïnvloed is en wat die Bybel lees deur die bril van vroulike emansipasiedrang (L. Floor, Hermeneutiek. Klasdiktaat).

4.15 Die algemene situasie - bronne en teologieë

Dit is onmoontlik om in te gaan op al die negatiewe of positiewe standpunte. Daarom word volstaan met die voorgaande besprekings en die volgende algemene opmerkings. Oor die algemeen word die Ou Testament vandag deur Christelike teoloë as gesagvolle Woord van God aanvaar. Die groot verskil gaan oor die vraag "*hoe*" die Ou Testament gesagvol is en *wat* dit op die verskillende plekke wil sê. Daar word oor die algemeen daarvan *weggekram om die Ou Testament vanuit een sentrale tema* of gedagtelyk te verklaar omdat dit in die verlede te veel tot sisteemdwang gelei het. Die nadruk val vandag meer op besonderhede of onderdele. Die gevolg is dat die eenheid van die Ou Testament nie tot sy reg kom nie, maar in mindere of meerdere mate verdring word deur verskillende "teologieë" binne die Ou Testament. Daar is nog 'n groot waardering vir die indeling van Skrifgedeeltes in verskillende *bronne*. Hierdie bronne sou dan verskillende skole en "teologieë" verteenwoordig. Hierdie feit raak die uitgangspunt en metode van verklaring heel direk. Wanneer 'n mens die fokus rig op die eindproduk van die Skrif of samestelling van geskrifte, dan lê die klemtoon op die een Woord van God. Wanneer die fokus egter op die bronne gerig word, lê die klemtoon op menslike teologieë. Vandaar dat B.S. Childs (1970) geskryf het oor die krisis in die Ou Testament. Ook G. Hasel (1972) staan krities teenoor die hantering van die histories-kritiese metode. Wie werke soos die van Hasel (1972) en die van R.E. Clements (1976) lees, kom onder die indruk daarvan hoe daar in die studie van die Ou Testament veel meer belangstelling getoon word in ander aspekte as die teologiese aspekte (bv. in die geskiedenis van Israel). Dit is ook duidelik hoe selfs "teologiese" uitgangspunte openbaringsuitgangspunte verdring en die Ou Testament iets anders laat sê as wat hy, in die vorm waarin hy aan ons gegee is, wil sê.

Daar gaan vandag wel stemme op vir een Bybelse Teologie wat Ou Testament en Nuwe Testament saam oorspan. Dit is blykbaar in baie gevalle egter juis vanweë 'n verleentheid daarmee dat die Ou Testament self geen eenheid sou wees nie, maar verskillende, onharmoniëerbare lyne sou bevat.

4.16 Die Gereformeerde wêreld in die algemeen - detailstudies en 'n nuwe, relasionele waarheidsbegrip?

Ook in die Gereformeerde wêreld word die aandag, soos dit uit publikasies blyk, vandag ook op detailstudies toegespits. Daar bestaan egter 'n behoefte aan publikasies wat die eenheid van die Ou Testament na vore bring en uitwerk. Blykbaar word daar nog geworstel om los te kom van 'n dogmatiese dissipline enersyds en om gevrywaar te bly van die huidige dominerende ^[35] benadering van die Ou Testament as 'n teologie (of teologieë) andersyds. 'n Werklike openbaringsgeskiedenis met 'n ware openbaringshistoriese opset en uitbouing wag nog op publikasie.

Wat Potchefstroom betref, het S. du Toit 'n Openbaringsgeskiedenis die lig laat sien. Die opset daarvan is egter nie konsekwent openbaringshistories nie; afdeling B word tematies aangebied. J.H. Kroeze bied openbaringshistoriese gegewens in sy Handboek Bybelse Geskiedenis, Die Ou Testament. Die opset en doel van die boek is egter in die eerste plek om Bybelse geskiedenis te gee. Dit val buite die opset van hierdie publikasie om op kerklike besluite in te gaan. Tog moet die aandag gevestig word op 'n rapport wat in 1980 deur die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN) aangeneem is. Die rapport handel oor die Skrifgesag en sê dat hy 'n veranderde benadering oor die aard van die Skrifgesag bied. Dit word gegrond op 'n veranderde filosofiese siening oor die waarheidsbegrip. Sowel die *objektiewe* as die *subjektiewe* waarheidsbegrip is verkeerd, sê die rapport. Volgens die objektiewe waarheidsbegrip is alleen wat objektief vasstelbaar is, waar. 'n Verhaal is

daarvolgens waar as dit met die feitlike toedrag van sake klop. Volgens die subjektiewe waarheidsbegrip is die voorstellings wat die mens (subjek) deur middel van moeisame dinkwerk kry, waar. Nie die feitlike verloop van die gebeurtenisse is bepalend nie, maar hoe die waarnemer dit vir homself verwerk. Die regte waarheidsbegrip is volgens die rapport die relasionele waarheidsbegrip: alleen deur middel van 'n innige relasie (verhouding) tussen die mens (subjek) en iets buite die mens (objek) word die waarheid geopenbaar. "Die relasionale waarheidsbegrip sluit goed aan by wat die Bybel waarheid noem. As Christene bely ons dat die waarheid uit God is. Die Heilige Gees het mense by die geskiedenis van die openbaring ingeskakel. Dit beteken dat die waarheid van God nie bestaan sonder die inset van mense nie; hulle getuig van God se oormag en genade. Juis omdat hulle dit doen, mag 'n mens die Bybel nie uitlê as 'n menslike, louter subjektief gekleurde boek nie. Die wetenskap mag die geloofsgetuigenis van die Bybelskrywers nie buite spel sit nie." Hierteenoor moet die volgende gestel word:

- Die rapport se uitgangspunt is 'n hedendaagse filosofiese waarheidsbegrip, nie wat die Bybel self oor waarheid en oor homself sê nie. (Daar word wel van die filosofiese uitgangspunt af na die Bybel toe geredeneer, maar dit behoort andersom te wees.)
- Daarmee is die hele uitgangspunt relatief. Die mens se filosofiese denke en die menslike geloofsgetuigenis van die Bybelskrywers kry blykbaar 'n groot plek in die bepaling van waarheid. Daar word in die rapport meer klem gelê op die geloofsgetuigenis van die Bybelskrywers as op die unieke karakter van die Bybel as getuie van die openbaring van God (H.N. Ridderbos, 1982, 52). Daarmee kom die absoluut normatiewe karakter van die Bybel as basis vir ons denke en lewe in gedrang. Menslike situasies en menslike beslissings vir die situasies, en verder kerklike konfessies (nuwes, vir die huidige tyd) en kerklike besluite kry daarmee groter normatiewe waarde.
- Dit is waar dat die Bybel nie bloot tydlose waarhede gee nie, maar dat elke gedeelte in sy openbarings-historiese situasie gelees moet word. ^[36] Iemand het tereg opgemerk: *Die Bybel is tydgerig maar nie tydgebonde nie*. A. van Selms (1978, 4) praat van: "met die tyd verbind, nie aan die tyd gebind nie". Die Bybel raak dus nie uitgedien deur veranderde omstandighede nie. Hierdie onderskeiding kom in die rapport nie tot sy reg nie.

5. VERSKILLENDE WAARDERINGS VAN DIE OU TESTAMENT

John Bright (1976) gee 'n mooi bespreking van die verskillende tipe waarderings van die Ou Testament. Dit kom kortliks op die volgende neer: Die gesag van die Nuwe Testament staan vir die Christen vas, maar die gesag van die Ou Testament is oor die algemeen 'n probleem. Daar is drie hoofrigtings wat hierdie probleem probeer oplos het. Al drie waardeer die Ou Testament vanuit die Nuwe Testament as norm.

5.1 Devaluering en verwerping van die Ou Testament

Een groep lê al die nadruk op die verskille tussen die Ou Testament en Nuwe Testament, met die gevolg dat die Ou Testament gedevalueer en selfs verwerp word. Dit is op blatante wyse gedoen deur Marcion. A. von Harnack weer verklaar heel ewolusionisties: "Om die Ou Testament in die 2e eeu te moes opsy gesit het, was 'n fout wat die kerk ten regte verwerp het; om dit in die 16e eeu te behou het, was 'n lot waaraan die Reformasie nog nie kon ontkom nie; maar om dit nog in die 19e eeu as kanonieke dokument binne die Protestantisme te aanvaar, is die gevolg van religieuse en kerklike verlamming". Friedrich Delitzsch (seun van die bekende en behoudende skrywer Frans Delitzsch, van die kommentaarreeks Keil en Delitzsch) verwerp die Ou Testament op 'n felle manier. Die God van die Ou Testament is nie die van die Nuwe Testament nie, sê hy. Bultmann en Baumgärtel is milder in hulle houding

maar sien die religie van die Ou Testament tog as 'n "vreemde godsdiens" en hoogstens "voorbereidend" vir die van die Nuwe Testament.

Daar is ook baie "praktiese Marcionisme": teologiese skole wat Hebreeus of die Ou Testament nie in hulle leerplanne het nie; prediking wat groot dele van die Ou Testament nooit aan die orde laat kom nie en net die gedeeltes behandel waarin daar op Christus gewys kan word; en lidmate wat doelbewus gedeeltes in die Ou Testament oorslaan omdat dit aanstootlik of vervelig is; ens.

5.2 Vergeesteliking van die Ou Testament.

'n Ander groep red die Ou Testament deur 'n Christelike of Nuwe-Testamentiese betekenis daarin te lees. Dit geld veral die ou kerkvaders van Alexandrië in die vroeë Christelike kerk met hulle allegoriese verklarings. Dieselfde geld van die Middeleeue en die Roomse Kerk. Dit geld in die moderne tyd ook van die christologiese benadering van die Ou Testament deur W. Visscher. Die Ou Testament word in hierdie benadering nie toegelaat om vir homself te praat nie, maar word alleen aanvaar in soverre daar Nuwe-Testamentiese betekenis daarin gelees kan word.

[37] 5.3 Revidering van die Ou Testament

'n Derde groep verklaarders vergeestelik nie die betekenis van die Ou-Testamentiese tekste nie, maar lê 'n waardebeplanning aan op grond van die Nuwe Testament. Daarmee word elemente met blywende waarde, geskei van die wat oud, sub-Christelik en uitgediend is. Hier geld die benadering van die liberale skool van Wellhausen en andere. Hulle sien 'n ewolusie in die Ou Testament vanaf 'n primitiewe vormgodsdiens tot met die religieus-etiese monoteïsme van die profete. Die laere waardes moet dus as uitgediend beskou word. Die gevolg is dat die mense nie meer na die Bybel gevra het om hulle geloof en lewe daarvolgens te rig nie. Hulle het intendeel die Bybel beoordeel volgens die maatstaf van hulle eie etiese en godsdienstige oortuigings. Selfs die Nuwe Testament is so benader.

5.4 Die teologie van die Ou Testament aan die Woord stel

Bright pleit daarvoor dat die Ou Testament self aan die woord gestel moet word. Die Ou Testament moet vir homself praat en moet toegelaat word om te sê wat hy vir die lesers van daardie tyd in hulle konkrete, historiese situasie wou sê. Daar is kontinuïteit tussen Ou Testament en Nuwe Testament, maar ook diskontinuïteit (soos in die geval van offers, seremoniële wette, veelwywery, heilige oorloë, ens.). Daar moet gesoek word na die teologie wat agter elke Ou-Testamentiese gedeelte lê. Hierdie teologie van die Ou Testament is gesagvol ook in die Nuwe Testament. Dit raak die Ou Testament in sy geheel en in al sy onderdele.

Ondanks die verskeidenheid van skrywers, situasies, tye en benaderings in die Ou Testament word dit tog beheers deur een teologie, sê Bright. Israel se godsdiens was uniek in die ou wêreld, ondanks sekere ooreenkomste met andere. Dit het veral te doen met Israel se beskouing oor die geskiedenis. Hulle godsdiens was nie toegespits op 'n idee van God nie en het nie bestaan in 'n omskrewe kompleks van religieuse en etiese leringe nie. Die Ou Testament gee 'n teologiese interpretasie van die geskiedenis. Die geskiedenis, bepaaldelik die van Israel, is die arena of platvorm (theatre) van God se doelgerigte optrede. Dit het te doen met die werklike geskiedenis van Israel in verlede, hede en toekoms. Israel se geskiedenis word in die Ou Testament gedurig gesien as 'n geskiedenis wat deur die woord en wil van God na 'n doel heen gelei word. Die uitverkiesing van die volk, die verbond met hulle en die eskatologiese verwagtings ontvang hierin 'n baie groot nadruk. Die geskiedenis

beweeg na 'n doelpunt, naamlik die triomferende oprigting van God se heerskappy op aarde en die vervulling van sy beloftes. Hierdie vervulling van die hoop en beloftes lê dus nog buite die grense van die Ou Testament. In hierdie opsig is die Ou Testament teologies onvoltooid (incomplete); dit wys heen na iets buite homself en eindig met verwagting. Die God wat in die uittog van Egipte, die intog in Kanaän en deur Dawid opgetree het, sal eendag weer optree. Hierdie keerpunt van die geskiedenis het aangebreek met die koms van Jesus Christus: die God wat in Israel se geskiedenis opgetree het, het nou beslissend opgetree in Hom.

[38] Die sentrale teologiese doel van die Nuwe Testament is om hierdie aankondiging te doen. Ook die Nuwe Testament handel nie oor 'n hoër etiese kode of 'n meer verhewe Godsbegrip nie, maar oor hierdie historiese gebeurtenis. Daar is dus 'n wesenlike eenheid tussen Ou Testament en Nuwe Testament: die eenheid van enersyds die begin, en andersyds die bevestigde voltooiing van 'n enkele proses van verlossing.

[39] III. DIE GESAG VAN DIE OU TESTAMENT

Wie die Ou Testament verklaar, kom dadelik te staan voor die vraag: Wat is die gesag van die Ou Testament? Gesag in die algemeen is vandag in gedrang. Dit kan die benadering van die Skrifgesag raak, en in sekere gevalle gebeur dit ook wel. Daar is mense wat voor geen gesag wil buig nie en selfs van geen Goddelike gesag wil weet nie. Skrifgesag hoef egter nie noodwendig wesenlik geraak te word deur die huidige bevraagtekening van gesag nie. Demokrasering van gesag hoef nie noodwendig ongesond te wees nie. Dan moet demokrasering egter nie gesien word as volksregering teenoor Godsregering nie, maar teenoor outokrasie, hiërargie, ens. In hierdie betekenis kan demokrasering juis die eg Bybelse noot aanraak wat byvoorbeeld deur die Reformasie benadruk is teenoor die hiërargie van Rome. Baie van die beroepe wat ten gunste van gesag in die algemeen gedoen word, misken ongelukkig hierdie aspek. Objektivering, formalisering en verabsoluttering van gesag is ongesond en onbybels. Selfs die gesag van die Woord (en van God) kan deur mense abstrak, onpersoonlik en verslawend benader en aangebied word. Daarmee word die mens se persoonlike roeping en diens verdring.

1. GETUIENIS VAN DIE OU TESTAMENT OOR HOMSELF

Die eerste stap om die gesag van die Ou Testament te bepaal, is om te ondersoek wat die Ou Testament self daaromtrent sê.

1.1 Die Goddelike seggenskap

Die Ou Testament begin nie deur oor sy eie gesag te praat nie, maar wel oor die gesag of seggenskap van God. Dit gaan trouens in die Ou Testament nie om die Ou Testament self nie, maar om God. In die Ou Testament openbaar God Homself. Dit geld die hele Ou Testament. Wat die Ou Testament oor God openbaar, is nie teoretiese stelling nie, maar 'n openbaring van hoe God *in konkrete historiese gebeurtenisse* optree. God is daarin nie 'n statiese, passiewe objek oor wie net gepeins of geredeneer word nie. Hy word veeleer gesien as die dinamiese, aktiewe subjek wat aan die werk is. Dit geld ook van die openbaring, die Ou Testament self. God is nie alleen die objek van hierdie openbaring nie, maar ook en veral die subjek daarvan, Hy bewerk dit self (vgl. [40] die skeppingsberig, die roeping van Moses en die roeping van die profete). Die gesproke woord speel 'n baie belangrike rol in die openbaring. Dit beheers die hele skeppingsberig, die tuingskiedenis en die geskiedenis wat daarop volg. Daar word telkens vermeld dat God "gesê" het. Die woord word telkens aan God se optrede verbind: die woord berei die Goddelike optrede voor, lei dit in en bring dit (vgl. Vriezen, 1966, 238). Genesis 1 vermeld dat God telkens 'n skeppingsdaad verrig het deur te "sê" wat moet gebeur. Deur sy gesagvolle bevel of woord het alles tot stand gekom. Die digter van Ps. 33 stel dit so: "Deur die woord van die HERE is die hemele tot stand gebring, deur sy bevel al die hemelliggame . . . want Hy het gepraat en dit was so, Hy het beveel en dit was daar" (Ps. 33:6, 9). God spreek ook die mens aan en gee hom opdragte: om te vermeerder, om die aarde te onderwerp en oor die skepsele in die lug, op land en in die see, te heers.

So is dit ook in die roeping van Abraham. Dit is net die woord wat tot Abraham kom, sonder enige seremonie of bykomstigheid. Deur die woord word hy geroep en word wat menslik onmoontlik is, aan hom beloof: 'n nageslag uit 'n onvrugbare huwelik. Die woord kom hier in 'n sekere sin soos by die skepping; dit skep lewe uit niks, selfs nog meer: lewe uit verstorwenheid, uit dood. Ook in die geskiedenis van die aartsvaders en dwarsdeur die geskiedenis van die verbondsvolk is die woord 'n werkende woord. Daarom word daar dikwels

gesê dat die woord "vervul" is. Die profete veral het besonder baie klem gelê op die krag van woord. Die woord is so konkreet en persoonlik dat dit uiteindelik saamtrek en persoonlik gestalte kry in die kneg van die HERE (Jes. 49:2).

Die woord van God is dinamies, kragvol en effektief, maar tog nie meganies nie. Dit bly die woord van God, en God het persoonlik daarvoor beheer. Daarby kom die woord na die mens wat na die beeld van God geskape is. Die mens is 'n kind van God en word deur God persoonlik aangespreek. Dit is die geheimenis van die woord: God laat sy wil daardeur seëvier, en tog bly die mens se persoonlikheid ten volle gehandhaaf. Die mens het nog die verantwoordelikheid om op die woord te antwoord. Die mens dra ook die verantwoordelikheid vir hoe hy dit doen. Die woord kom nie bloot as 'n mag wat oorweldig nie, maar met gesag. Dit vra doelbewuste erkenning en onderwerping. Die woord is dus nie net dinamies, kragvol en effektief nie, maar oefen seggenskap uit en vra persoonlike, doelbewuste, verantwoordelike reaksie van die mens.

1.2 Goddelike seggenskap oor die mens se beoefening van kennis

Genesis 2 en 3 handel spesifiek oor God se absolute seggenskap oor die mens se uitoefening van sy kennis. God verbied die mens om van die boom van die kennis van goed en kwaad te eet. Geen motivering word vir hierdie verbod gegee nie, want die verbod hou juis in dat die mens onvoorwaardelik aan God gehoorsaam moet wees. Die boom se naam dui aan dat dit te doen het met die manier waarop die mens sy kennis uitoefen. Sou hy sy kennis van goed en kwaad uitoefen onder erkenning van die heerskappy van God? Of sou hy dit doen op 'n onafhanklike, neutrale manier? Anders gestel: sou hy hom ^[41] onderwerp aan wat God beslis het oor wat vir hom goed is? Of sou hy vir homself, onafhanklik van God, wou uitdink en beslis wat vir hom goed is? Dit het by hierdie boom nie gegaan om die manier waarop die mens kennis van goed en kwaad kon kry nie. Die mens was immers verstandelik volwasse geskape. Dit blyk byvoorbeeld daaruit dat hy aan die diere name gegee het (Gen. 2:19). Hierdie daad het die vermoë vereis om die diere in hulle wese te deurskou en dit in 'n naam uit te druk. Die mens was ook moreel volwasse geskape; hy was so moreel aanspreeklik dat God die doodstraf opgelê het vir 'n verkeerde beslissing oor die boom.

Volgens die geskiedenis van die tuin van Eden eis God dat die mens hom onvoorwaardelik aan God se gesag moet onderwerp met sy volle wese, insluitende sy verstand. Tog eis God *nie blinde gehoorsaamheid* nie. Die onvoorwaardelike onderwerping beteken nie dat die mens sy verstand aflê nie. Dit is geen sacrificium intellectum nie (vgl. ook Bright, 1967, 20). God se gesag kom nie as 'n blote formele gesag of onpersoonlike gesag nie. Die onvoorwaardelike eis oor die verbode boom kom nie van 'n onbekende God nie. Die mens het God reeds leer ken as iemand wat hom met oorfloed versorg: hy kan van al die ander bome van die tuin vry eet (Gen. 2:16). Verder het die mens God reeds leer ken as iemand wat sy diepste behoeftes peil en daarin voorsien. God het gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas" (Gen. 2:18). Die mens het hierdie vrou met groot vreugde en erkentlikheid ontvang (Gen. 2:23). Die Goddelike eis oor die boom van die kennis van goed en kwaad eis dus nie slegs onvoorwaardelike gehoorsaamheid by die mens nie. Dit veronderstel ook die geloof in God; dit is die *geloof dat* God die mens se behoeftes peil en daarin voorsien. Verder veronderstel die eis *dankbaarheid*; dit is dankbaarheid vir die oorfloed wat van God ontvang is.

God se eis is dus dat sy woord, opdrag of verbod *nie onpersoonlik*, op sigself, benader moet word nie, maar in verhouding tot Homself. Hierteenoor doen die mens hier iets wat later, ná die val, 'n neiging by hom bly: die neiging om dinge van God los te maak en op hulleself te sien. Die mens beskou die vrug van die boom op sigself en sien dit as iets wat in sigself die

vermoë het om kennis vir die mens te gee. So beoefen die mens sy eie kennis "neutraal": hy onderwerp hom nie aan God se bevel of woord in die beoefening van kennis nie. Ook die voorwerp waarop sy kennis gerig is, sien hy "neutraal": die voorwerp op sigself moet hom meer kennis gee.

Samevatting en gevolgtrekking: God is die skepper en regeerder. Daarom eis Hy die mens onvoorwaardelik op. Dit geld die hele mens, insluitende sy beoefening van kennis, veral daar waar hy te doen het met God se openbaring deur sy woord. Net soos in die tuin van Eden is hierdie openbaring op die mees direkte manier deur God gegee. God handhaaf daarmee sy seggenskap en gee aan die mens leiding oor hoe hy as skepsel sy verstand moet gebruik in God se skepping.

God kom nie met 'n onpersoonlike en wettiese eis om gehoorsaamheid nie. Sy ^[42] eis moet gesien word teen die agtergrond van wat Hyself is en doen en gee. Hy is die God wat die mens se diepste behoeftes peil en daarin voorsien, ook in die eis wat Hy stel. Wie voor die gesag van God se woord buig, kan en moet dit doen in dankbaarheid en vreugde, in die geloof in God wat magtig en goed is en wat 'n lewe van volheid vir die mens op die oog het.

1.3 Paradoksale gesagsuitoefening vanweë die gevalle mensdom

Die aarde is 'n gevalle aarde en die mensdom lê dood in die sonde. Die mens se verdorwe natuur is in opstand teen God en wil nie voor God se gesag buig nie. Tog voer God sy gesag deur. Hy doen dit op 'n onverwagte manier, Hy maak moontlik wat onmoontlik skyn te wees. Hy wek gehoorsaamheid uit ongehoorsaamheid, Hy gee lig in die donkerheid, Hy bewerk voortgang uit ondergang, Hy bewerk lewe uit stoflike en geestelike dood. Hy verander die negatiewe na die positiewe. Sy optrede is dus paradoksaal, lewewekkend. In die tuin van Eden het God aan die mens gesê dat hy sou sterf as hy homself nie in sy volle menswees onder God se heerskappy sou stel nie. Die mens het tog die verkeerde pad gevat en die dood het inderdaad ingetree, al was dit nie dadelik in sy finale vorm nie. Die mens se lewe word sedertdien gekenmerk deur disharmonie en verskeurdheid en loop onafwendbaar uit op die dood (Gen. 3 en 5). Tog word Gen. 3 nie deur 'n doodsatmosfeer beheers nie, maar deur die van lewe. Dit blyk veral uit die naam wat Adam op paradoksale manier aan sy vrou gee. Onmiddellik nadat God die doodsbestemming vir die mens aangekondig het, noem hy sy vrou "Eva (lewe), omdat sy die moeder geword het van alles wat lewe" (3:20). (Dit kom ook uit in die moederbelofte in Gen. 3:15.) Die hele *geskiedenis* word gekenmerk deur 'n paradoks. Die vroeë geskiedenis van die mensdom loop byvoorbeeld uit op die sondvloed. Daarin word die hele mensdom vernietig, behalwe Noag en sy gesin; die lewe seëvier, al is dit asof uit die dood. Telkens loop die geskiedenis van die mensdom vas, ook die van die bondsvolk: die bou van Babel, die slawerny in Egipte, die swerftog in die woestyn, die dodelike bedreiging in die rigtertyd, die pad onder die konings wat afdraand loop en in die volksdood, ballingskap, eindig. God red telkens sy volk uit ondergang, uit die dood wat ingetree het. Die geskiedenis word tog deur voortgang en lewe beheers.

Ook die mens *se persoonlike bestaan* vertoon 'n paradoks: die mens se bestaan loop onherroeplik uit op die dood, en tog spreek die lewe die laaste woord. Die vroeë geslagsregister in Gen. 5 word byvoorbeeld beheers deur die refrein "en hy het gesterwe", en tog gaan die lewe voort en word die woord lewe ook telkens gebruik ("en hy het soveel jaar gelewe".) Bowendien word in dieselfde geslagsregister vermeld dat Henog nie gesterf het nie: "Henog het met God gewandel: en hy was nie meer daar nie, want God het hom weggeneem" (Gen. 5:24). Lewe met God het die laaste woord. Ondanks die intrede van die dood op aarde, voer God heerskappy. God is lewe, en by God is daar vir die mens lewe. Hierdie gedagte kom dwarsdeur die Ou Testament voor, veral in die psalms.

[43] Daar is ook iets paradoksaals omtrent *die woord van God*: die woord is paradoksaal daadkragtig. Die strafdreiging wat God deur die woord uitgespreek het, gaan in vervulling en die mens word uit die tuin weggedryf, weg van die teenwoordigheid van God af. Tog trek God die mens klere aan; dit is 'n toonbeeld van God se genade. God se genade blyk ook daaruit dat Henog met God wandel. Die paradoksale aard van die woord van God blyk ook uit sy woorde voor en ná die vloed. Voor die sondvloed sê God dat Hy die mens en alles wat op die aarde is, sal verdelg omdat die mens deur en deur sondig is (Gen. 6:5-7). Ná die sondvloed sê God dat Hy juis om hierdie rede dit nie sal doen nie (Gen. 8:21). Abraham en Sara kon nie kinders hê nie, maar tog sê God juis aan Abraham dat Hy hom 'n groot nasie sal maak.

God se beloftewoord is paradoksaal en lewewekkend. God stel Abraham ook op die proef of hy aan die lewewekkende krag van God glo. God doen dit op verskillende maniere: eerstens deur hierdie belofte oor die kind, tweedens deur die eis dat Abraham moet wegtrek en alleen en onbeskermd 'n vyandige wêreld moet intrek, en derdens deur die eis dat hy sy seun op Moria moet gaan offer.

Hierdie eise wat God aan Abraham gestel het, wys dat die eis van die woord ook paradoksaal is. Dit eis van die gelowige om iets van sy "natuurlike", gewone denkwysse af te lê. Die woord kom met die eis van onderwerping en omkering. Dit is paradoksaal daarin dat dit 'n eis stel wat, weens die mens se totale sondigheid, nie nagekom kan word nie (Gen. 8:21 vgl. 6:5-7). Dit kom tot 'n mens wat die woord in werklikheid nie wil hê nie, soos blyk uit die geskiedenis wat uitloop op die sondvloed en daarna weer op die bou van Babel. Dit is slegs deur God se verkiesende genade en lewewekkende werking wat die woord deur sommiges aanvaar word en dat hulle daarvoor buig.

Hierdie paradoksale verhouding tussen die woord en die mens blyk ook uit die res van die Ou Testament. Dit kom byvoorbeeld na vore in Israel se reaksie op die afkondiging van die tien gebooue (Eks. 20:17). Dit kom ook na vore in die mens se reaksie op die Gees en woord van God: die mens gaan daaronder te gronde (Jes. 40:6-8). Tog is dit die woord wat hom red (Jes. 40:9-11; 55:7-11). Die woord lê nie in lyn met die wil van mense nie. Daarom roep dit teenkanting en vyandskap wakker, vyandskap teen die woord self en teenoor die wat daarvolgens lewe. Dit was reeds by Kain die geval (Gen. 4:4,5). Daardie lyn loop dwarsdeur die geskiedenis en maak 'n verdeling tussen die gelowiges en die sondige wêreld. Maar aangesien die woord teen die sondige menslike wil ingaan, loop die lyn van vyandskap ook dwarsdeur die gelowiges onderling en dwarsdeur ons eie lewe en hart. Die psalms is vol van die klag van die gelowiges dat die goddeloses hulle vervolg omdat hulle volgens die woord van God leef. Die profete ondergaan groot vyandskap en vervolging vanweë die prediking van die woord. Hierdie vyandskap kom uit die midde van die verbondsvolk, die gelowiges, self.

Lyding speel dus 'n belangrike rol in verband met die ontvangs, die verklaring en die toepassing van die woord. Dit is omdat die ware woord indruis teen die wense van die hoorders, sowel as van die verkondiger. Daarom bring dit [44] vyandskap na buite, asook innerlike worsteling en lyding. Tog bring dit vreugde vir wie homself verloën en hom as nuwe mens ontdek, 'n mens wat nie aan sonde, selfsug en eiebelang gebonde is nie, maar vryheid het in God. Die verklaarder moet dus daarmee rekening hou dat die woord van God soms anders is as wat 'n mens se verstand wil hê. Verder moet hy daarmee rekening hou dat sy sondige verstand die woord dikwels graag anders wil verstaan as wat dit sê. Ware Skrifverklaring vra selfverloëning. Dit vra ook gebed om die leiding van die Gees sodat God se lewewekkende werk in sy woord en in die verklaarder se hart aan die lig kan kom. Ware Skrifverklaring maak vry en gee vreugde ondanks die selfverloëning wat dit eis en selfs

vyandskap wat dit bring. Ware lewe en vreugde het hierin die laaste woord.

2. DIE VERBOND

Die woord van God gaan gepaard met 'n besondere verhouding tussen God en sy volk en moet altyd in daardie lig gesien word. Deur die woord sonder God Abraham af en gaan met hom 'n verbondsverhouding aan (Gen. 12:15,17). By Sinai sluit God 'n verbond met die volk wat uit Abraham ontstaan het (Eks. 19,20, ens.). Deur sy woord lê God 'n verbondsverhouding vas met Dawid en sy nageslag, en kragtens hierdie verbond hou God die hele volk in sy genade vas (2 Sam. 7; Jes. 55:3). Op hierdie wyse oefen God sy koningsheerskappy uit en laat Hy sy koninkryk kom. Sy koninkryk sentreer in sy verbondskring en laat daarvandaan sy invloed verder geld.

Fohrer (1972, 96) onderskat en L. Perlitt (1969, 279 e.v.) ontken die betekenis van die verbond in die tyd van Moses en daarna. Hulle beweer ten onregte dat die verbond eers in Israel se krisistyd, die Deuteronomistiese periode, werklik na vore getree het (vgl. o.a. D.J. Mc Carthy, 1973, 69; W. Zimmerli, 1979, 378,9; vgl. verder ook C. Graafland, 1978, 21 e.v.).

2.1 Die woord vir die verbondskring bedoei

Die woord is in die eerste plek vir 'n besondere leserskring bedoel en het 'n besondere doel op die oog. Die woord wil iets sê oor God se heerskappy, en veral soos dit in sy verhouding met sy bondsvolk uitkom. Die Bybel bevat nie maar blote objektiewe optekening van gebeurtenisse nie en is nie bedoel as 'n handboek vir geskiedenis, of natuurwetenskap, of die ontstaan van die aarde, of wat ookal nie. Die Bybel kom ook nie met 'n formele gesagsaanspraak wat vra dat 'n mens in die Bybel as sodanig moet glo of dit moet aanbid nie. Wat hy wel vra, is dat sy inhoud geglo moet word, naamlik wat hy sê oor God se heerskappy en sy verhouding met ons. Die inhoud van die Bybel is Godsopenbaring: openbaring van God (oor dinge), en ook openbaring óór God. Tog is die Bybel nie onhistories of onwetenskaplik nie, maar gee ook openbaring oor die skepping en die geskiedenis, openbaring waarvan die natuurwetenskap en ander wetenskappe moet kennis neem.

[45] 2.2 Gód se woord, nie sy volk s'n nie

Die woord bly altyd God se woord, dit word nooit sy volk of sy kerk se woord nie. Sy volk moet hulle onder die heerskappy van die woord stel. Verder moet hulle hierdie woord na buite laat getuig.

Daar moet in die vertaling van die Bybel hiermee rekening gehou word. Die vertaling mag nie in 'n geykte kerktaal wees wat nie in die gewone lewe daarbuite gangbaar is nie. Dit sou neerkom op kerklike monopolisering van die woord van God.

Die Bybel het op sy beurt invloed op die taal, onder andere deurdat dit die volk saambind.

2.3 Gesagvolle optekening - Skrifgesag

'n Verbond vereis skriftelike, gesagvolle optekening. Dit was in ou Israel se tyd die gewoonte om die verbondsbepalings tussen 'n groot koning en onderhorige konings skriftelik vas te lê en te bewaar, net soos tydens die verbondsluiting by Sinai (Eks. 34). Die verbondsverhouding tussen God en sy volk impliseer dus Skrifgesag. Dit geld van die tien gebooue en ander verbondsbepalings wat by Sinai gegee is, sowel as van die res van die Ou Testament. Die hele Ou Testament dra trouens die karakter van 'n verbond (vgl. die bespreking hier bo, vgl. ook die uitdrukking "die wet en die profete", Matt. 22:40 en verder Jer. 31:31-34 oor die nuwe verbond, en die benaming Ou Testament of Ou Verbond). G.M. Kline (1972, 74,75)

beweer selfs dat die hele Ou Testament ook in formele opsig die karakter van 'n opgetekende verbond dra.

2.4 Die Woord bokant die tradisie

Die Volk van God staan onder die gesag van die Bybel. Rome stel ten onregte die kerklike tradisie aanvullend by die Bybel en gelyk daarmee. In lyn met die Reformasie hou die Protestante egter daaraan vas dat die Bybel die bron van appèl is, nie die kerk nie. Daarmee handhaaf hulle die vryheid van die gelowige: daar staan geen middelaar tussen die gelowige en God nie, behalwe Jesus Christus. Die reformatoriese beskouing is dan ook dat die kerk nie die Bybel gekanoniseer het, met ander woorde gesagvol gemaak en afgesluit het nie. Die kerk het alleen die Bybel ontvang as iets wat in homself gesagvol is en afgesluit is, en het dit erken. Die afsluiting van die Bybel is gedoen deur die eintlike outeur, die Heilige Gees, en Hy het die Bybel aan die kerk gegee (1 Petr. 1:10-12). Tog het die kerk volgens die Protestante wel deeglik die roeping om die Woord amptelik te verkondig, veral binne eie kring. Die Bybel is die boek van God se verbondsverhouding met sy volk.

2.5 Nuwe openbaring?

Die vraag kan gestel word of daar dan nie nuwe openbaring kom vir ons situasies nie. Die antwoord daarop is: Jesus Christus het eenmaal gekom, eens en vir altyd; Hy is die openbaring van God, die volle openbaring (Joh. 15:26; 16:13,14). Met sy koms en met sy optrede en met wat met Hom gebeur het, ^[46] asook met die getuienisse daaromheen, is die openbaring afgesluit, dit wil sê met die Nuwe-Testamentiese boeke.

Die Nuwe-Testamentiese gelowige ontvang ook wel die leiding van die Heilige Gees. Maar die Gees lei ons in in die openbaring van God wat in die Bybel gegee is. Die Gees openbaar aan ons binne ons konkrete situasie wat God in die Woord, die Bybel, vir ons wil sê.

2.6 Die gewete - beperkte en relatiewe waarde

Die gewete van die christen is 'n belangrike hulpmiddel om sy optrede in bepaalde situasies te bepaal, maar kan nooit die werklike maatstaf vir sy optrede wees nie. Die Woord alleen moet dit wees. 'n Mens se gewete het beperkte en relatiewe waarde. Dit is grotendeels die vrug van jou opvoeding en van jou omgang met die Woord. Daarom verskil dit ook by mense onderling, na gelang van die aard, erns en diepte van opvoeding en lewe met die Woord. Daarby het 'n mens se sielkundige samestelling, jou aard en karakter ook 'n belangrike invloed hierin. Die Ou Testament self beroep hom altyd weer op die tora, die wet, die Woord van God. Dit kom dikwels by die profete voor. Gewete moet nie sommer met die leiding van die Heilige Gees vereenselwig word nie, maar moet getoets word aan die Woord, die Bybel.

[47] IV. VERKLARINGSMETODE

By die verklaring van die Ou Testament moet verskillende fakore in aanmerking geneem word, soos literatuursoorte, stylsoorte, woordbetekenisse, samestelling en die openbaringshistoriese lyn.

In hierdie hoofstuk sal meer op die formele kenmerke ingegaan word en in hoofstuk V meer op die inhoudelike.

Dit val buite die bestek van hierdie studie om in te gaan op die ontwikkeling op die gebied van die verskillende terreine van die Ou-Testamentiese wetenskap. Daarvoor kan onder andere verwys word na die bespreking van die situasie sedert 1951 tot 1979 deur verskillende geleerdes in: G. W. Anderson (ed.). Tradition and interpretation, 1979.

1. LITERATUURSOORTE

Daar kan in hoofsaak onderskei word tussen die verhaal of historiese stof, profesie, poësie en onderwysing of wysheidsliteratuur (vgl. veral P.A. Verhoef, 1981, 42-52; vgl. ook A.H. van Zyl, 1975, 54 e.v.). In al hierdie gevalle moet die eieaard van die Ou Testament in gedagte gehou word. Die Ou Testament maak die literatuursoort aan sy eie doel diensbaar, laat dit daarby aanpas en wysig dit selfs indien nodig. Die Ou Testament wil wys hoe God deur sy woord en deur die geskiedenis sy koningsheerskappy deurvoer. Dit gee dus, basies beskou, openbaring van God en oor God.

1.1 Verhaalstof

Die verhaalstof gee in verband met sondes en gebreke 'n opvallend objektiewe beskrywing van persone en gebeurtenisse. Noag, Abraham, Jakob en Dawid word byvoorbeeld nie as sondelose mense voorgestel nie. Hulle sondes en swakhede word intendeel oopgevelek. Die Bybel wil nie menslike helde beskryf nie, maar wil beskryf hoe God sy koninkryksheerskappy deurvoer oor hulle, in hulle, deur middel van hulle, en selfs ondanks hulle. Wie dit nie in gedagte hou nie, kan by die verklaring verleë sit met sommige optredes van hierdie gelowiges.

Geslagregisters in die Bybel is in 'n sekere sin verhaalstof (vgl. bv. ook C. Westermann, 1966 e.v., 8 e.v.) en wil nie notarieel eksakte of volledige gegewens ^[48] oor die geslagte gee nie, maar wil aantoon hoe God se koninkryksheerskappy dwarsdeur die geslagte voortduur. Daarom word sommige geslagte soms weggelaat, al lyk dit uit die verband asof 'n geslote opeenvolging gegee word (vgl. bv. Gen. 11:14-16 met Luk. 3:36). Hierdie feit moet byvoorbeeld by die verklaring van die opset van die dae in Gen. 1 nie uit die oog verloor word nie. Die beskrywing van konings is in die Bybel nie objektief in die gewone sin nie. Van baie konings van Israel en Juda word nie veel meer gesê nie as dat hulle "gedoen het wat verkeerd is in die oë van die HERE". Eienskappe soos dapperheid of staatkundige diplomاسie en begaafdheid word verswyg. Die hoofdoel is om die konings in hulle verhouding tot God en die deurvoering van sy koninkryksheerskappy te teken.

Die geskiedenis word verder gekenmerk deur 'n wonderkarakter. Dinge loop dikwels so vas dat God op 'n wonderdadige manier uitkoms moet bewerk, soos geboortes uit kinderlose huwelike by die aartsvaders en by Samuel se ouers. 'n Ander voorbeeld is die wonders wat God in die natuur laat plaasvind het om sy volk te verlos, soos by die uittog en intog. Die hele verloop van Israel se geskiedenis vertoon hierdie kenmerk. God red hulle uiteindelik wonderdadig uit die volksdood van die ballingskap (Eseg. 37). Die hele geskiedenis van God met sy volk word gekenmerk deur wonderdadige redding uit ondergang, lewewekking uit

dood, opstanding. Die wonders in die Ou Testament moet dus nie maar geïsoleerd en op hulleself bekyk word nie, maar binne hierdie groot raamwerk. Wie die een verwerp, bring die geheel in gedrang. Voorts gee die Ou-Testamentiese geskiedbeskrywing 'n lewendige en aanskoulike weergawe van feite en 'n losse chronologiese volgorde van gebeurtenisse. Daar is 'n opvallende vryheid: sommige feite word soms breedvoerig en andere uiters beknopt weergegee. Partykeer word die beskrywing van gebeurtenisse voorafgegaan deur algemene oorsigte. Soms word opsommings van feite wat reeds plaasgevind het, afgewissel met kort vooruitgrypings op gebeurtenisse wat nog moet kom (P.A. Verhoef, 1981, 42, 43).

Die beskrywing van gebeurtenisse in die Ou Testament dra dus 'n eie karakter, maar is tog geskiedbeskrywing. Dit moet as 'n eiesoortige geskiedbeskrywing benader word.

Hoewel dit feitlike gebeurtenisse beskryf of aanhaal, is dit byvoorbeeld nie altyd op dieselfde manier as ons geïnteresseerd in die akkuraatheid of "korrektheid" van getalle, geslagte, jaartalle, chronologiese volgorde, ensovoorts nie. Die weergawes hiervan verskil partykeer, byvoorbeeld die geslagsregister in die Hebreeuse teks van Gen. 11:14 in vergelyking met die Griekse Vertaling en Matt. 1, en sommige geslagsregisters en historiese weergawes in Konings in vergelyking met Kronieke. Ander voorbeelde is die probleem oor waar Ragel begrawe is: by Bethlehem of tussen Efraim en Benjamin, Gen. 35:19,20; 1 Sam. 10:2; en die bekendheid of onbekendheid van Dawid aan Saul en Abner nadat Dawid reeds aan die hof van Saul 'n sitterspeler was, 1 Sam. 16:23; 17:32, 55.

Kroeze sê hiervan: "Die berigte is nie eenstemmig nie! Maar is die Bybel nou daarom onbetroubaar? Of moet ons om die Bybel betroubaar te *maak*, hierdie verskilpunt gaan verklar, hierdie rimpel gladstryk? Nee, ons moet dit so ^[49] *aanvaar*. Die Heilige Gees gee *heilsoopenbaring* en het dit nie nodig geag om dergelike verskille te korrigeer nie". Kroeze sê die volgende oor die manier waarop Bybelboeke tot stand gekom het: "'n Westerse wetenskaplike geskiedenisboek is 'n sluitende geheel. Dit moet 'n logiese, chronologiese volgorde hê. Dit mag geen herhalings bevat nie, nog minder teenstrydighede. Dit moet volgens 'n deurgaande lyn opgestel wees, liefs notarieel noukeurig soos 'n prosesverhaal. Maar so het die Oosterse skrywer nie geskryf nie. Hy het ander metodes gehad. Hy skryf tradisies op. Sy boek groei. Ook is een bepaalde outeur nie altyd vir die hele inhoud verantwoordelik nie. Boeke ontstaan deurdat wat eers, soms lank, slegs mondeling oorgelewer was, op 'n bepaalde stadium van ontwikkeling op skrif gebring word. Latere skrywers sit die werk van vroeëres voort. So word verskillende oorleweringe soms saamgevoeg tot 'n groter geheel.

Dit geld veral die Ou Testament wat in die loop van eeue ontstaan het, totdat op 'n sekere tydstip die groei beëindig is. Dit is die proses van die menslike faktor in die ontstaan van die Heilige Skrif, waarvan God gebruik gemaak het om die Skrif aan ons te gee". (J.H. Kroeze. 1967, 42,41). Vgl. ook A.H. van Zyl, 1975, 19 e.v.).

Die Bybelskrywers is in die eerste plek geïnteresseerd in openbaringsgeskiedenis, nie soseer in geskiedbeskrywing in die gewone sin van die woord nie, en dit maak hulle geskifte nie onhistories of onbetroubaar nie, maar vereis dat hulle met die nodige onderskeiding benader moet word.

1.2 Profesie

Die profesie vertoon eie literatuurvorme wat vir die uitlegging belangrik is. Daar is byvoorbeeld die oordeelsprofesie en die verlossingsprofesie wat basies dieselfde formele struktuur bevat. Tipiese elemente van die oordeelsprofesie se struktuur is: 'n inleiding wat 'n opdrag aan die profeet bevat, vervolgens die beskuldiging, daarna die aankondiging van die

straf, en 'n bevestigende slotgedeelte (bv. Jer. 28:13 e.v.; 2 Kon. 1:3,4). Die verlossingsprofesie bevat nie 'n element soos die beskuldiging by die oordeelsprofesie nie, aangesien die verlossing nie deur menslike optrede veroorsaak word nie, maar alleen deur die Here se genade, sy verbondstrou (bv. Jes. 41:8-13;43:1-4,5-7)(vgl. bv. C. Westermann, 1967, 97).

Soms is die profesie in die vorm van 'n aanklag by 'n regsitting (rīb). Tipiese elemente hierin is byvoorbeeld: die skuldige word voor die gereg gedaag, daarna volg die verhoor met die toesprake van die aanklaer en die verdediging, dan 'n ondervraging van die getuies, en daarna die fel van die vonnis (bv. Jes. 41:1-5, 21-29; 42:18-25; 43:22-28; Eseg. 17:11-21).

Kennis van die verskillende strukture of patrone is 'n hulpmiddel om die stof beter te verstaan. Die profete gebruik en plooi die strukture egter vir hulle besondere doeleindes. Daarom moet die voorhande profetiese gedeelte self die belangrikste maatstaf by die verklaring wees. (Vgl. vir 'n breëre bespreking van die verskillende patrone, W. E. March, 1977; C. Westermann, 1967, 97.) Verhoef sê dat God in die profesie sy weë vir die verlede, sy wil vir die hede en ^[50] sy raad vir die toekoms openbaar. Profesie is nie net voorspelling van die toekoms nie en is ook nie vooruitgeskrewe geskiedenis nie. Profesie trek byvoorbeeld verskillende gebeurtenisse tot een saam. Hierdie sametrekende karakter van die profesie word die profetiese perspektief genoem. Dit kan verduidelik word met bergrûe wat ver uit mekaar lê maar van ver af gesien word asof hulle 'n eenheid is. "Histories-bepaalde gebeurtenisse en eindhistoriese feite en gebeurtenisse word tot een tableau met mekaar verbind, maar dan altyd so dat die profesie oor al die tussenstadiums heen op die groot einde gerig is" (P.A. Verhoef, 1981, 44,45). Hierdie sametrekende karakter word moontlik gemaak deur die basiese eenheid wat daar in God se werksaamheid in en deur die geskiedenis is. Hierdie aard van die profesie maak ook dat 'n profesie meer as een vervulling kan hê. (Jes. 40:3 e.v. kan bv. op Jesus Christus se koms en ook op sy wederkoms slaan; vgl. Matt. 3:3). Die profesie is gewoonlik voorwaardelik, al word dit nie uitdruklik gesê nie. Dit is Goddelike openbaring, en die uitkoms daarvan staan vas, maar die vervulling van die verlossing of oordeel hang af van die reaksie van die volk: of hulle hulle bekeer of nie (vgl. Jer. 18:1-10; 29:17-19; Jona 3:4, 10). Die profesie hoef dus nie presies so uit te kom soos dit uitgespreek is nie, omdat God se genade intree sonder dat dit eksplisiet bygevoeg word (P.A. Verhoef, 1981, 45).

Daar moet ook met die digterlike taal van die profesie rekening gehou word. Poëtiese beelde, vorme en motiewe moet anders uitgelê word as gewone verhaalstof waarin op die gewoon letterlike betekenis afgegaan kan word. (P.A. Verhoef, 1981, 45).(Vgl. bv. Jes. 40: berge word gelykgemaak en valleie opgevol; Jes. 55: berge jubel en bome klap hande).

Die profesie bevat heel dikwels elemente wat bokant die huidige werklikheid uitstyg. Hierdie elemente bly dan in 'n newel gehul, ook vir die Bybelskrywer self. Uit sommige gedeeltes blyk dat hierdie elemente deurgetrek sou kon word na 'n eskatologiese gebeurtenis, 'n finale eindgebeurtenis wat in die toekoms lê (vgl. bv. Jes. 7:1 e.v.; 9:1-6; 11:1 e.v.). Die lyne is ook soms inderdaad deur die profete deurgetrek. Gewoonlik het dit egter nie gebeur nie, ook nie in die profete se eie gemoed nie. Hulle het veel meer gefokus op God self, God persoonlik, en was daarmee tevrede. Daarom het hulle baie sterk by die hede aangesluit. Wanneer hulle oor die toekoms gepraat het, was dit veral in terme van hulle eietydse beelde, omstandighede en verhoudinge. Deur die profete se sterk konsentring op God persoonlik, is die tydselement in hulle prediking in 'n groot mate gerelativeer. Dit geld vir die hede en vir die toekoms, so-ook vir die tydsverloop tot by die toekoms. Daarom kan die profete gedurig sê dat die Dag van die Here naby is, al blyk dit dat die profete van vroeër dit ook al so verkondig het en dit nog nie gebeur het nie. Hulle aandag is so geheel en al in beslag geneem deur God se persoonlike

teenwoordigheid in die oordeel of verlossing dat die tydsaspek vir hulle heeltemal sekondêr en relatief word.

1.3 Digterlike literatuur

Die digterlike literatuur dra 'n eie karakter en kan nie soos gewone prosa ^[51] uitgelê word nie. Die Hebreuse digwerk is ook anders as die moderne poësie en word gekenmerk deur sy aksentuerende ritme in die woorde en strofes. Die Hebreuse metrum is nog 'n onuitgemaakte saak. Die Hebreuse poësie word gekenmerk deur 'n parallëllisme van die gelyke versdele: die tweede versdeel herhaal dieselfde gedagte in ander woorde (sinonieme), of sê die teenoorgestelde (antitetiese), of vul daarby aan (sintetiese) parallëllisme. Wanneer die woorde van een versdeel bekend is, kan die parallëllisme dus help om moeilike of onbekende begrippe in die ander versdeel te verklaar.

By die verklaring van die psalms moet die kultiese gebruik daarvan in gedagte gehou word. Die inleidende vers is gewoonlik so 'n kultiese opskrif wat nie deel van die oorspronklike gedig hoef te gewees het nie. Dit is dan later bygevoeg omdat die betrokke psalm in die kultus gebruik is by die herdenking van sekere gebeurtenisse of by die uiting van sekere gemoedstemminge. Iets soortgelyks geld vir die opskrif "n Psalm van Dawid" wat by so baie psalms voorkom. Dit wil nie sonder meer sê dat Dawid die psalm gedig het nie.

Die herhaling wat in sommige psalms voorkom en op die eerste oogopslag eentonig lyk, kry 'n heeltemal ander sin as 'n mens daarmee rekening hou dat hulle waarskynlik in kore en beurtsange gesing is (bv. Ps. 118; 136).

Daar is verskillende soorte psalms, soos lofsange, dankliedere, klaagliedere, koningspsalms, ens. wat sekere vaste formele kenmerke vertoon. Soms lyk dit onbegryplik dat 'n digter die Here kan dank vir verlossing en dan ewe onverwags kla dat hy geen verhoring vind nie. Die saak word duidelik as 'n mens rekening hou met die aard van 'n dankpsalm. 'n Dankpsalm begin gewoonlik met 'n dankwoord en beskryf daarna hoe die digter in die dieptes verkeer het voordat hy die redding ontvang het waarvoor hy nou dank.

Die psalmdigters sluit aan by die bestaande literêre vorme maar pas dit ook aan vir hulle eie doel. Hulle klaagliedere bevat daarom nie net klaginge sonder meer nie, maar gaan gepaard met 'n vertrouensvolle gebed tot God al word die vertrouwe nie altyd eksplisiet uitgespreek nie.

By die koningspsalms word daar aangesluit by die hofstyl van die destydse Semitiese wêreld, maar daar word 'n nuwe inhoud daaraan gegee. Volgens die omwonende nasies het hulle konings sekere goddelike eienskappe gehad en hulle kon dus veel meer uitrig as 'n gewone mens. Die psalmdigters beskryf hulle koning se optrede soms in terme van die ander nasies se beskrywings, maar dit staan vir hulle vas dat hulle koning net 'n gewone mens is. Wat bokant die huidige werklikheid uitstyg, is deur hulle gesien as iets wat op die eskatologiese werklikheid betrekking het (Ps. 2, 72, 110; vgl. die bespreking van profesie hier bo). By die verklaring van die koningspsalms moet daar egter ook deeglik daarmee rekening gehou word dat hulle in die eerste plek op die gewone koning betrekking het. Hulle moet byvoorbeeld nie sommer direk op Christus betrek word, soos so dikwels in preke gedoen word nie.

Die psalmdigters sluit dikwels aan by mitologiese uitdrukkings of voorstellings van die ander nasies. Die bedoeling is dan nie om hierdie beskouings oor te neem nie, maar intendeel om te sê dat alleen God almagtig is en heerskappy uitoefen oor alles en almal.

Die psalmbundel bevat sogenaamde vloekpsalms (Ps. 59, 109, 137, 139). ^[52] Hierdie psalms is nie werklike vloekpsalms wat as geheel op die vloek ingestel is nie, maar bevat vloekelemente. Hierdie psalms gee die digters se verlange na die oorwinning van die

geregtigheid oor die ongeregtigheid weer; nog skerper gestel: God se oorwinning oor die kwaad, sy absolute heerskappy oor die bose en oor God se vyande. Ook die Nuwe Testament stel die vernietiging van die goddeloses in vooruitsig, maar bring 'n ander fokus. God se geregtigheid geld ten volle, al moet Hy die sonde aan sy eie Seun straf. Sy Séún tree in vir sondaars. Die klemtoon kan daarom nou op genade, vergifnis en die oproep tot bekering val.

1.4 Onderwysing

Ook die onderwysing of wysheidsliteratuur (Spreuke, Prediker, Job) het sy eie kenmerke waarmee die verklaring moet rekening hou. Hulle word gekenmerk deur parallisme van die versdele (vgl. die bespreking by die digterlike literatuur). Die wysheid is bedoel as onderrig, soos die van 'n vader aan sy kind. Daarom praat dit in duidelik afgebakende, selfs enigsins oorvereenvoudigde, terme. Dit probeer een algemene waarheid tuis bring en laat daarby soms uitsonderings of diepere probleme buite rekening. Dit spreek soms in eksklusiewe en dikwels hiperboliese terme. Ps. 1 is 'n wysheidspsalm. Dit sê hoe voorspoedig dit gaan met iemand wat uit die woord van die Here lewe, en hoe sleg dit gaan met die goddelose, wat die woord van God verag. Die psalm gaan egter nie in op die probleem dat dit met die regverdige dikwels juis sleg gaan en met die goddeloses goed nie. Dit is nie dat die digter hierdie probleem nie ken nie, maar hy wil net die een basiese saak tuisbring wat waar bly al is daar ook hoeveel probleme aan verbonde.

Die eksklusiewe en kategoriese segswyse van die spreuke kom ook duidelik uit in Spr. 26:4,5: "Antwoord 'n dwaas nie na sy sotheid nie, sodat jy ook nie net soos hy word nie. Antwoord 'n dwaas na sy sotheid, sodat hy nie wys is in sy eie oë nie." Deur die twee skynbaar teenstrydige uitsprake langs mekaar te plaas, sê die digter dus: daar is meer as een manier om na die probleem te kyk (P.A. Verhoef, 1981, 51).

Die wysheidsliteratuur van Spreuke is praktiese lewenswysheid wat afgelei word uit waarneming van die alledaagse lewe en natuur. Dit wil nie soseer wetenskaplike gevolgtrekkings of formulerings gee nie en moet ook nie so verklaar word nie. Die Bybelse wysheidsliteratuur van Spreuke sluit by die van die ander nasies aan, in die waarneming van feite sowel as in die gevolgtrekkings daaruit. Tog sê die digter dat die uitgangspunt of hoofsaak van dit alles daarin bestaan dat die Here gevrees of geëer moet word.

2. STYLSOORTE

Die verklaarder moet rekening hou met die verskillende stylsoorte van die Hebreeuse taal en van die Ou-Testamentiese stelwyse.

2.1 Hiperbool, beeld, simbool

Die Hebreër praat dikwels in *hiperboliese* terme, dit wil sê in sterk taal, in die [53] oortreffende trap (Dawid vergelyk homself met 'n dooie hond en 'n vlooi voor Saul, 1 Sam. 24:15; Efron gebruik sulke sterk beleefdheidsterme in sy onderhandeling oor 'n graf vir Sara dat 'n mens ten onregte die indruk kan kry dat hy dit werklik verniet aan Abraham wil gee; Gen. 23). Verder moet met die *beeldryke* en *simboliese* spreekwyse rekening gehou word (iemand se beminde word maklik vergelyk met 'n palmboom, 'n stad, 'n stadsmuur en 'n stadstoring, en die tande met 'n kudde pasgeskeerde skape! Hoogl. 4:2, 6; 6:4; 7:4,7).

2.2 Allegorie

Ook die allegorie en tipe (of tipologie) is hier ter sake, al is hulle meer as net stylsoorte. In 'n allegorie gaan dit nie om die regstreekse sin nie, maar om 'n ander betekenis, die sogenaamde

diepere betekenis. 'n Gelykenis wil meesal net een sentrale gedagte tuisbring (vgl. Rigt. 9:8-15; 1 Sam. 12:1-4; 14:6, 7:2; 2 Kon. 14:9), maar die allegorie 'n hele reeks (Jer. 25:15-29; Eseg. 17:3-10; 19:2-9; 24:3-12; Sag. 11:4-17; Pred. 12:3-12). Hierdie gedeeltes dien hulleself aan as gelykenis of allegorie onderskeidelik.

Die bestaan van allegoriese gedeeltes in die Ou Testament het vroeër dikwels aanleiding gegee tot die gebruik van 'n allegoriese metode van uitleg van ander Skrifgedeeltes. 'n Ander betekenis is aan die gedeeltes toegesê as wat hulle grammaties-historiese sin in werklikheid is. Daar is verkeerdelik uit 'n enkele geval in die Nuwe Testament (bv. Gal. 4:20-31) oorgesprong na 'n metode of skema om die hele Ou Testament, of groot deel daarvan, so te verklaar. Hierdie metode van verklaring word vandag algemeen afgewys.

2.3 Tipe

'n Tipe het betrekking op 'n persoon, ding of gebeurtenis wat self bestaan en self betekenis het maar ook nog wys na iets of iemand wat meer is. Die paaslam is byvoorbeeld 'n tipe van Jesus Christus (1 Kor. 5:7), ook Jona (Matt. 12:40). Tipologie is nie maar die vrug van 'n sikliese wêreldbeskouing waarin daar altyd weer 'n herhaling van vroeër dinge is nie. Die vervulling van die Bybelse tipe is altyd meer as die tipe, meer as 'n herhaling. Daar is doelgerigtheid en voortgang in God se werksaamheid in die geskiedenis. Die bestaan van tipes het dikwels aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n tipologiese metode van uitleg van ander Skrifgedeeltes. Daar is op 'n meganiese manier in die Ou Testament gesoek na tipes van Jesus Christus. Wat daarmee gevind is, is egter los, gefragmenteerde heenwysings na Christus. Die fokus behoort veel meer te val op die eenheid van God se werk in die geskiedenis; daarvandaan moet die lyne dan organies deurgetrek word na Jesus Christus. Die dinge en gebeurtenisse in die Ou Testament het Christus nie direk op die oog nie, maar hulle vind wel hulle eenheid en hulle diepste sin in Hom.

Von Rad gebruik die term "tipologie" in 'n ander betekenis. Die aartsvaders Abraham, Isak en Jakob is byvoorbeeld vir hom "tipologiese" figure eerder as historiese figure, want oor 'n lang tydperk is tipiese kenmerke en gebeurtenisse uit 'n bepaalde samelewing aan hulle toegeskrywe (vgl. II 4.1).

[54] 3. WOORDBETEKENISSE

3.1 Stamontleding

In die verlede is daar soms baie staat gemaak op etimologiese afleidings om die betekenis van woorde vas te stel. Daar is gevra van watter stam 'n sekere woord afgelei is, en daarvolgens is sy betekenis bepaal. Daar is aangeneem dat die betekenis van die stam homself onveranderlik handhaaf en dat 'n woord dan ook oral dieselfde skerp omlynde betekenis het. Daarmee het daar selfs 'n sekere strakheid in die hantering van woorde en woordbetekenisse ingetree. Die Hebreeuse woord gêsed is byvoorbeeld feitlik oral met "goedertierenheid" weergegee. Aangesien hierdie Hebreeuse woord soms gebruik is om God se verbondstrou aan te dui, is die gedagte van verbondstrou feitlik oral met hierdie begrip verbind. Verder was daar ook 'n neiging om woorde te maklik as 'n soort tegniese teologiese term te beskou. (Vgl. hiervoor en vir die volgende, Barr, 1979, 44 e.v.; vgl. ook J.A. van Rooy, 1971, 16 e.v., 20 e.v.).

3.2 Gebruiksbetekenis

Ondertussen het dit ál duideliker geword dat 'n eksegeet nie net lexica kan raadpleeg nie en nie net analise op woorde kan toepas om die "oorspronklike" stambetekenis te probeer vasstel

nie. 'n Woord se betekenis is nie so onveranderlik, strak en afgebaken nie, maar veel organieser en vloeibaarder. Die betekenis moet ook deur sintese bepaal word: deur uit die verband waarin die woord voorkom, sy presiese en genuanseerde betekenis vas te stel. So sou gêsed soms met "trou", soms met "liefde" en soms met "verbondstrou" weergegee kon word.

Die Hebreuse woord nêfesj kan met "siel" weergegee word, maar beteken meer dikwels "persoon" of "ek". Verder moet die weergawe "siel" nie verstaan word in die Griekse sin waarin daar 'n skerp teenstelling tussen siel en liggaam gemaak word nie. Die Hebreuse woord beriet beteken dikwels verbond, maar soms bloot 'n ooreenkoms of 'n afspraak of iets pasliks. Woordbetekenisse ontwikkel soms met verloop van tyd. 'n Woord kan heeltemal ander betekenisse aanneem. Daar moet dus met 'n woord se gebruiksbetekenis rekening gehou word. Tog pleit Floor tereg vir woordondersoek en vir die woord as draer van 'n begrip. Die tipologie kan ook in een woord gekonsentreer wees (vgl. Gal. 3:16): die inspirasie moet nie net oor die hele Bybel versprei word nie. Daar is plek vir bepaling van die openbaringshistoriese betekenis sowel as vir begripsontleding. Daar moet rekening gehou word met die feit dat die Bybel deur die Gees geïnspireer is en daarom ook in 'n sekere sin sy eie terminologie het (L. Floor, Eksegese en prediking by Paulus, 11). (Vgl. ook J. Botha, 1980, 8 e.v. vir die woord as taalverskynsel.)

4. SAMESTELLEDE ONDERDELE

Vanaf die vorige eeu het baie Ou-Testamentiese teoloë hulle besig gehou met 'n studie oor die bronne waaruit die Ou Testament opgebou sou wees. Sodanige studies kan help om agtergrondskennis te gee vir die wording van die ^[55] teks soos dit vandag voor ons lê. Hierdie finale teks is egter die teks wat aan ons oorgelewer is en wat as die teks van die Ou Testament geld. Die bronnestudies was oor die algemeen egter meer geïnteresseerd in die bronne of samestellende dele self. Dit het gelei tot opsplintering van die Bybelboeke en van tekste en daar is aanvaar dat daar in dieselfde Bybelboek verskillende kompeterende teologieë voorkom.

Die bekendste rigtings is: die literêre kritiek, die vormhistoriese benadering, die tradisie-historiese benadering en die redaksie-historiese benadering (vgl. veral P.A. Verhoef, 1981, 52-65).

4.1 Literêre kritiek

Die literêre kritiek is veral aan Wellhausen gekoppel en was geïnteresseerd in literêre bronne en in die "skole" van skrywers. Die literêre kritiek onderskei vier bronne in die Pentateuch (die vyfdelige boek Genesis tot Deuteronomium) wat elk 'n besondere teologiese benadering verteenwoordig. In kronologiese volgorde gerangskik, is dit J, E, D en P. Aanvanklik is P ouer as D beskou.

J gebruik die naam Jahwe (HERE) vir God, E gebruik die naam Elohim (God). D kom veral in die boek Deuteronomium voor en beteken Deuteronomis.

P staan vir priesterkodeks en is die resultaat van die priesterlike teologie van die ballingskap en die na-ballingskapse tyd. Dit het 'n voorliefde vir skematiese voorstellinge: getalle, name, geslagslyste en wetlike bepalinge. Hierop is dan die wettiese struktuur van die na-eksiliese Jodendom gebou. P lê nadruk op die transendensie en heiligheid van God.

D vorm deel van die wetboek wat in die tyd van Josia in die tempel gevind is (2 Kon. 22:3-23:25) en huldig 'n bepaalde teologie van die geskiedenis: as Israel positief reageer op sy roeping, gaan dit met hom goed, anders sleg.

J dateer uit ongeveer 950-850 v.C. en handel oor God se bemoeienis met die mens van die skepping af tot by die intog van Israel in Kanaän. Dit het in Judea ontstaan, is streng nasionalisties en gee uitvoerige mededelings oor die aartsvaders. Dit erken die transendensie van God, maar lê tog groot nadruk op sy immanensie en praat veral op mensvormige wyse van God.

E het in Noord-Israel ontstaan in ongeveer 850-750 v.C. Dit is veral refleksief van aard en is gevoelig vir die sondes van die aartsvaders en probeer die probleme daaromheen uitstryk.

Die literêre kritiek word onder andere voorgestaan in die kommentaar-reeks International Critical Commentary en Interpreter's Bible. Hulle fokus op die bronne ten koste van die teks wat voor ons lê. Sekere versdele of hele verse word as glosse (verklarende byvoegings) of as byvoegings tot die bronne beskou en word gewoonlik glad nie verder verklaar of bespreek nie. Daar is dus nie belangstelling in die saamgestelde geheel nie.

Vanweë sy fragmentering van die Ou Testament het hierdie bronnensplitsing ^[56] groot veld verloor, maar die hoofverdeling in bronne word tog taamlik algemeen aanvaar.

4.2 Vormhistoriese metode

Die vormhistoriese metode word veral met Gunkel gekoppel. Hy wou nie net by die literêre bronne bly staan nie, maar wou deurdring tot die tradisie in die voorliterêre fase. Die mens se lewe word deur vaste ordeninge bepaal en hy gee op 'n konstante manier uiting aan sy belewing van gebeurtenisse, sê Gunkel. Elke soort (Sitz im Leben) word deur sy eie literatuursoort (genre) beskryf. Hierdie metode het gehelp om sommige literatuursoorte beter te verstaan, soos byvoorbeeld die verskillende soorte psalms (dankpsalms, lofliedere, ens.) en historiese stof (sages, mites, ens.) (vgl. Gunkel, 1933, 1901). Die metode het egter nie genoeg oog vir die eie aard van Israel se godsdienste wat dikwels alle bestaande gebruike deurbreek het nie. Daar was selfs 'n voortgaande versnippering van bronne deurdat baie sogenaamde mengvorme aangedui is.

4.3 Tradisie-historiese metode

Die tradisie-historiese metode ondersoek die geskiedenis van die onderskeie tradisies en bepaalde godsdienstige gebruike in die lang proses voordat dit skriftelik vasgestel is. M. Noth (1948 en 1966) onderskei in die Pentateuch vyf tradisies wat oorspronklik niks met mekaar te doen gehad het nie. Hulle is die oor die uittog uit Egipte, die intog, die beloftes aan die aartsvaders, die woestynreis en die openbaring by Sinai. Israel is volgens Noth die produk van 'n samevoeging van afsonderlike groepe wat aanvanklik los van mekaar gewoon het. Hulle is in Kanaän verenig tot 'n stammeverbond rondom 'n sentrale heiligdom, naamlik Sigm. Die sentrale kultus het die impuls gegee om die verhale van die onderskeie tradisies in herinnering te roep en daarop uit te brei. Die onafhanklike tradisie is tot 'n eenheid saamgevoeg asof al die stamme vroeër gesamentlik betrokke was. Hierdie rekonstruksie van die tradisies het plaasgevind rondom 'n kern wat uit 'n kort "historiese credo" (geloofsbelydenis) bestaan het. Dit is deur Von Rad na vore gebring. Hierdie credo bely God se reddende optrede teenoor sy volk in die geskiedenis vanaf die tyd dat hulle voorvader 'n swerwende Arameër was, verder die verblyf in Egipte, die uittog uit Egipte en die intog in die beloofde land Kanaän (Deut. 26:5-10). Hierdie geheelbeeld is 'n gerekonstrueerde geskiedenis en wil kerugma wees, dit wil sê verkondiging of prediking vir die tyd van die skrywer. Dit wil nie 'n getroue weergawe van die geskiedenis wees nie, al het dit 'n historiese kern of verskillende kerns.

Hierdie benadering bou op 'n hipotese en eindig met 'n gerekonstrueerde en gereduseerde

geskiedenis. Die sentrale rol van Moses in hierdie vroeë geskiedenis is gereduseer, en die benadering kan teologies nie verklaar hoe Israel dan tot die unieke besef van sy eie-aard as uitverkore volk van God gekom het nie.

[57] 4.4 Redaksie-historiese metode

Die redaksie-historiese benadering sluit by al drie voorgaande benaderings aan. Dit is egter veral geïnteresseerd in die redaksionele arbeid waardeur die literêre eenhede tot groter gehele saamgevoeg is totdat dit die huidige beslag gekry het. Hierdie metode vra dus veel meer aandag vir die literêre eenheid as geheel.

Hierdie benadering word die sinchroniese genoem in teenstelling tot die voriges wat diachronies genoem word. Volgens die redaksie-historiese metode kom daar in die Ou Testament ewewigstrukture voor in kleiner sowel as groter gedeeltes. Dit is dikwels min of meer konsentries opgebou rondom 'n sentrum wat die hoofgedagte vorm. Die formele struktuur kan dus help om die hoofgedagte van 'n Skrifgedeelte, boek of selfs meerdere boeke te bepaal. Behalwe die konsentriese struktuur (ABXBA) is daar ook die parallelle struktuur (AA), die ringstruktuur (AXA) en die chiasiese struktuur (ABBA) (vgl. bv. S. Bar-Efrat, 1980, 154 e.v.).

G. Kalsbeek stel die sentrum van die Samuelboeke soos volg vas:

- | | |
|-------------------------------------|---|
| 1 Sam. 13-17 Saul en Dawid | A |
| 1 Sam. 18-2 Sam. 1 Dawid en Saul | B |
| 2 Sam. 2-12 Koning Dawid | X |
| 3 2 Sam. 13-20 Dawid en Absalom | B |
| 4 2 Sam. 21-24 Die Saulide en Dawid | A |

1 Sam. 1-12 vorm hiervolgens slegs 'n inleiding tot die eintlike verhaal oor die regering en koningskap van Israel se Messias. Op dieselfde wyse ontleed, is 2 Sam. 6 en 7 weer die sentrum van 2 Sam. 2-12, en die eksakte sentrum daarvan en dus ook van die geheel, is 7:1-17: die Natansprofesie. Die struktuur wys dus dat nie soseer Dawid en sy heerlikheid in die middelpunt van hierdie verkondiging staan nie, maar veeleer die beloftes van die profeet met betrekking tot Dawid en sy troon. (G. Kalsbeek, 1974, 31-54.)

A. H. van Zyl dui die opset van die Deuteronomistiese Geskiedwerk soos volg aan:

Josua: Verowering van die land onder charismatiese leierskap A

Rigt. - 1 Sam.: Besit van die land onder charismatiese leierskap B

2 Sam. - 1 Kon.: Besit van die land onder monargiese regering B

2 Kon.: Verlies van die land onder monargiese regering. A

Kyk verder W. Vosloo (1978, 19 e.v.) vir 'n breedvoeriger bespreking van die benadering van ewewigstrukture).

4.5 Kritiek op die histories-kritiese benaderings

Dit hoef nie ontken te word dat sommige skrywers van die Bybel bronne of tradisies gebruik het nie. PA. Verhoef (1981, 65) sê tereg: "Wanneer geleerdes vandag volhou dat die redaksionele arbeid in die meeste gevalle vanuit 'n bepaalde teologiese (profetiese, priesterlike, deuteronomistiese, chronistiese) standpunt verrig word en die bewerking van 'n teks dikwels 'n herinterpretering van sy inhoud beteken, dan hoef ons hierdie opvatting nie sonder meer af [58] te wys nie. 'n Mens sou kon redeneer dat ook hierdie arbeid in diens van

die Heilige Gees gestaan het en dat die finale redaksie vir ons die Woord van God is. Terselfdertyd besef ons dat hierdie wyse van benadering die gevaar van 'n willekeurige interpretasie inhou en ook dat die Goddelike faktor in die proses van die openbaring deur die menslike verswelg word. Daar bestaan dus alle rede om in hierdie benaderingswyse 'n gesonde diskresie aan die dag te lê." (Vgl. ook J.P. Oberholzer, 129-137, vir waardering en kritiek op die verskillende benaderingswyses.)

JA. Loader stel hom teenoor Verhoef en meen dat die fundamentalisme te diep ingevreet het in die Afrikaanse kerklike wêreld, veral die fundamentalisme van die Totius-model, soos hy dit noem. "Ons sal om hierdie ban te deurbreek, ons teoretiese anti-fundamentalisme moet omskakel in 'n positiewe optrede 'tot op het grondvlak van de kerk'. Dit sal 'n wins vir die kerk wees." Loader het dit ook teen "diegene wat prinsipieel die fundamentalisme afwys, maar nogtans bereid is om so te skryf dat die oogmerke en tegnieke van die fundamentalisme oogluikend gedien word." Hieronder reken hy onder andere J.P. Oberholzer en A.H. van Zyl. Laasgenoemde toon "duidelik sy openheid vir die kritiese wetenskap, maar sy eindproduk is volledig aanvaarbaar vir die fundamentalis wat nie bereid is om die moderne Bybelwetenskap te aanvaar nie." (J.A. Loader, 107, 114, 117).

F.E. Deist pleit vir 'n radikale historisering van die teologie en volg dus ook in hoofsaak dieselfde benadering as Loader. Die laaste redaksie van die Ou Testament is volgens Deist nie noodwendig 'n beter teologie as die teologieë van vorige redaksies nie. Die skrywers het onder bepaalde omstandighede geleef en het op 'n historiese manier God se optredes in die geskiedenis beleef en daarop gereageer. Hulle opvattinge en oortuigings was nie ewige waarhede, soos die heilshistoriese skool meen nie, maar historiese insigte en historiese oortuigings. Die Bybel bevat volgens Deist verskillende teologieë wat nie hoef te verskil nie maar ook nie hoef saam te val nie (F.E. Deist, 1982, 32, 27, 30, 31). Die Bybel is vir hom blykbaar eerder 'n biblioteek as 'n boek (Deist, 1981, 1).

Die metode van Bybeluitleg is volgens hom (1982, 293) nie die belangrikste nie maar die vertrekpunt waaruit Bybelstudie gedoen word, die omgewing waarin die Bybel leef. Daarmee lê Deist te veel klemtoon op die mens en sy subjektiewe soeke binne sy situasie in plaas van op die objektiewe waarheid van die Skrif.

Deist maak nie genoeg erns met die unieke aard van die Bybel as openbaring of Woord van God en die bepalende invloed wat dit op die Bybelse literatuursoorte en geskiedenis en op die verklaring daarvan het nie.

B.S. Childs lewer grondliggende kritiek op die histories-kritiese benadering hoewel hy nie hulle bestaansreg as sodanig afwys nie. Volgens Childs vertoon die benaderings 'n grondliggende leemte, want hulle probeer nie om die kanonieke literatuur van die sinagoge en die kerk te analiseer nie. Hulle probeer eerder om die ontwikkelingsgeskiedenis van die Hebreeuse literatuur ^[59] te beskryf en om die vroeë en latere stadiums daarvan na te vors. Hierdie benaderings hou volgens Childs ook nie rekening met die teologiese refleksie van die gemeenskap deur wie die geskrifte gebruik is nie. Uit teologiese oorwegings is die tekste destyds dikwels in so 'n vorm gegiet dat die oorspronklike poëtiese vorms verlore gegaan het, of dat die eenheid van 'n verhaal ernstig verbreek is.

Die genoemde benaderings verklaar die historiese proses wat tot die vorming van die kanon gelei het, bloot uit sosiologiese, politieke en ekonomiese kragte. Om die groei van die kanon te verstaan, moet die interaksie verstaan word wat daar plaasgevind het tussen die ontwikkelende liggaam gesagvolle literatuur en die gemeenskap wat dit gebruik het. Die gesagvolle woord het aan die gemeenskap vorm en inhoud gegee. Ook die omgekeerde het gebeur: die hoorders van die gesagvolle tradisie het aan hierdie geskrifte vorm gegee deur 'n

historiese en teologiese proses van seleksie, versameling en ordening. Childs sê dat die kanon teosentries verstaan moet word, nie antropologies nie. Die kanon is Goddelike openbaring, nie 'n eksistensiële geskiedbeskrywing waarin Israel uitdrukking gee aan hoe hy homself verstaan het nie. Die duidelikste getuienis hiervan is dat die identiteit van die kanoniese redakteurs bewustelik versluier is; die enigste tekens van 'n voortgaande geskiedenis lê in die teks self met sy baie lae. Israel se verstaan van homself het nooit 'n outonome plek ingeneem nie, maar is altyd geïnterpreteer in die lig van die gesag van die Skrif. Toe die proses van Skrifvorming opgehou het, het die kanon bepaalde geskifte afgebaken as normatief vir die gemeenskap; daar is nie aan die proses van Skrifvorming self gesag toegeken nie. Toe Israel later die geskifte geherinterpreteer het om op die vroeë binne die veranderde situasies antwoord te gee, is dit gedoen in die vorm van kommentaar (targoem). Hierdie kommentaar is skerp onderskei van die heilige teks van die Skrif wat hulle ontvang het (Childs, 1979, 40, 58, 59, 74).

5. DIE OPENBARINGSHISTORIESE LYN

5.1 'n Sentrale lyn

Daar word vandag algemeen ingesien dat die diachroniese metodes te fragmentaries is en dat dit die ondersoeker in die woestyn laat met 'n magdom van teologieë. J. Bright voel dit byvoorbeeld as beswaar teen die benadering van Von Rad. Hierdie benadering bly vassteek by 'n veelheid teologieë en kan nie kom tot die een teologie van die Ou Testament, soos Bright dit noem nie. Childs wys op die fragmentering van die Ou Testament deur die histories-kritiese benaderings en pleit daarvoor dat daar by die kanon as geheel aangesluit moet word.

Die hedendaagse teoloë wil egter oor die algemeen nie die Ou Testament vanuit een sentrale gedagte benader nie. Daar word gevrees vir sisteemdwang vanuit 'n vooropgesette uitgangspunt.

Die Ou Testament is inderdaad groter as een metode. Daarom moet die metodes met beskeidenheid en diskresie toegepas word. 'n Metode moet ook ^[60] nie op alle soorte stof afgedwing word nie. Die Ou Testament het binne in die lewende geskiedenis ontstaan. Daarom sal ons eie veranderende geskiedenis en situasies ons oë oopmaak vir ander fasette van die Ou-Testamentiese geskiedenis wat nog nie raakgesien is nie. Om die rede sal die teologie altyd lewend met die Ou Testament kan besig bly. Die nuwe sieninge belig egter net ander fasette of bring verdieping in die verstaan van sekere gedeeltes van die Ou Testament en van die Ou Testament as geheel. Ondanks die verskeidenheid loop daar tog sentrale lyne dwarsdeur die Ou Testament. Dit kan selfs sterker gestel word: daar is een sentrale lyn: God se werksaamheid in en deur die geskiedenis wat Hy met sy openbaring begelei en deurvoer. Dit is dus 'n openbaringshistoriese lyn. Die Ou Testament moet dus ook nie bloot sinchronies benader word nie, dit wil sê sonder om die historiese verband of verloop in berekening te bring nie, maar moet openbaringshistories benader word. In die volgende hoofstuk sal nader hierop ingegaan word.

5.2 Verband met die geheel

Die openbaringshistoriese eenheid vereis dat 'n Skrifgedeelte altyd in 'n groter geheel en in verband met die een groot geheel gesien moet word. Daar moet ook rekening gehou word met die plek in die openbaringshistoriese verloop. So kan byvoorbeeld vasgestel word dat dit in die tuin van Eden nie net om gehoorsaamheid gaan nie, maar ook om geloof en om dankbaarheid (vgl. hoofstuk III 1.2).

Verder kan vasgestel word dat God nie net gehoorsaamheid van Abraham vereis as Hy hom beveel om Isak te gaan offer nie. Hierdie bevel moet gelees word binne die verband van die beloftes oor Isak, beloftes wat nog op vervulling gewag het. Dit veronderstel dat Isak moes bly lewe, al sou hy ook sterf. God beproef Abraham dus op Moria of hy aan God se lewewekkende krag glo (vgl. ook Hebr. 11:17-19).

[61] V. VERKLARINGSMETODE EN HOOFLYNE IN DIE OU TESTAMENT SELF

1. OPSET VAN DIE OU TESTAMENT - OPENBARINGSGESKIEDENIS VAN DIE KONINKRYK VAN GOD

1.1 Die kanon as vertrekpunt

Vandag word meer en meer ingesien dat die diachroniese verklaringsmetode alleen nie bevredig nie en dat daar meer as in die verlede aandag gegee moet word aan 'n sinchroniese metode. Daar is nie meer soveel belangstelling in gefragmenteerde onderdele nie, maar meer in saamgestelde gedeeltes. Daar behoort egter nog verder gegaan te word en aandag gegee te word aan die opset van die kanon as geheel. Veral Childs lewer 'n pleidooi dat die kanon in gedagte gehou moet word. Ook J.P. Oberholzer (bl. 160) wys op "die behoefte aan 'n Bybelse Teologie wat die kanon as konteks het". Bright (1967, 125) kritiseer tereg vir Von Rad daarvoor dat hy net verskillende teologieë in die Ou Testament raaksien en nie die een teologie van die Ou Testament nie. Ons het nie net te doen met woorde of boeke van mense nie, ook nie net met 'n meervoud van woorde of boeke van God nie, maar met die een Woord van God. Ondanks die verskeidenheid in die Bybel is die Bybel 'n organiese eenheid. Hierdie feit is van die grootste belang en vereis byvoorbeeld dat die Ou Testament as eenheid gelees moet word (vgl. die eenheidsterm "die wet en die profete") en nie selektief met 'n tonnelvisie op sekere gedeeltes nie (vgl. 1.4).

In die benadering wat hier gevolg gaan word, word die vertrekpunt geneem in die Bybel as historiese werklikheid. Die uitgangspunt is wat die Bybel oor homself sê. Die Bybel maak daarop aanspraak om 'n unieke karakter te hê en sal daarom ook so benader word. Dit wil die gesagvolle getuigenis of openbaring wees van God se heerskappy en verlossende optrede in verlede, hede en toekoms. Die Ou Testament word hier onder andere benader soos dit in sommige opsigte bokant homself uitstyg en vervul is in Jesus Christus. Dit is deur Homself gesien as die openbaring van God (Matt. 21:42; Luk. 4:21; Joh. 2:22). Die Ou testament word hier dus benader as deel van 'n groter geheel waarin dit - soos die eeue-oue naam aandui - die plek van Ou Testament beklee en die ou bedeling verteenwoordig, naas die Nuwe Testament wat die nuwe bedeling verteenwoordig.

[62] 'n Boek het nie 'n lukraak samestelling of opset nie. Nie eens 'n versameling van geskifte word lukraak saamgestel nie. Dit geld des te minder van die "Skifte" of "Skrif" wat daarop aanspraak maak dat dit God se openbaring is en dat God self prys gestel het op die vaslegging daarvan (vgl. 2.9). Die samestelling of opset van die Ou Testament is dus belangrik as 'n aanknooppunt vir die verklaring, hoewel dit in die lig van die inhoud geverifieer moet word.

1.2 Openbaringsgeskiedenis van God se lewewekkende koninkryksheerskappy

Die Ou Testament is in tweërlei opset aan ons oorgelewer, naamlik die wat by die Jode gegeld het en die wat in die Griekse vertaling of Septuagint gevolg is. Die Joodse opset bestaan uit 'n dieldeling, naamlik die Wet (Gen. - Deut.), die Profete (insluitende die sogenaamde Vroeë Profete: Jos., Rigters, Sam., Kon.) en die Geskifte (die res van die boeke plus Daniël). Die Griekse opset is via die Latynse vertaling tot vandag nog in die ander Bybelvertalings gevolg, naamlik: die historiese boeke (Gen. - Ester), die digterlike boeke (Job -Hooglied), die profetiese boeke (insluitende Daniël).

Die Joodse en die Griekse kanon bevat dus albei dieselfde drie elemente, naamlik 'n

historiese, 'n profetiese en 'n digterlike element. Hieruit blyk 'n paar dinge wat vir die verklaring van die Ou Testament baie belangrik is. Eerstens, die opset van die Ou Testament plaas God se skeppingswerkzaamheid voorop. Dit trek saam in die mens, wat koning is oor God se skepping en wat onder heerskappy van God staan. Die Ou Testament begin dus wesenlik met die *koninkryk van God* en plaas alles in daardie lig. (Vgl. J.L. Helberg, 1976, 19 e.v.; 1980, 3 e.v. vir 'n breër bespreking). Tweedens, die opset wys dat God Hom in en deur die geskiedenis openbaar (vgl. veral die historiese boeke) en veral deur sy woord (vgl. veral die profetiese boeke). God se woord staan nie los van die geskiedenis nie, maar in die nouste verband daarmee. Hy voer sy heerskappy deur in die geskiedenis, veral toegespits op die van die mens, besonderlik die verbondsvolk, en die heerskappy sluit die hele skepping in. God gaan dus *openbaringshistories* te werk, en die aangewese metode vir die verklaring van die Ou Testament is daarom 'n openbaringshistoriese metode, nie 'n tydlose, skematiese metode nie. 'n Openbaringshistoriese metode beteken egter nie 'n konsekwent chronologiese metode nie. Die digterlike en die profetiese boeke vorm afsonderlike groepe en is ook binne daardie groepe nie chronologies gerangskik nie. Openbaringsgeskiedenis het dus sy eie, unieke karakter.

Derdens wys die opset van die Ou Testament dat die *gemeenskap tussen God en mens* 'n belangrike plek daarin het. Ook die menslike antwoord op die openbaring van God is 'n deel van die openbaringsgeskiedenis en staan op 'n wonderlike wyse onder die heerskappy van God (vgl. veral die digterlike boeke). Die digterlike boeke is nie maar menslike gevoelsuitinge nie, ook nie bloot menslike geloofsgetuïenisse oor God nie, maar deel van 'n gesagvolle kanon. Dit blyk onder meer uit Ps. 1 wat 'n soort inleiding op die hele psalmbundel vorm. Volgens Ps. 1 is die woord (wet) van die Here die bron ^[63] van die ware gelowige se lewe. Hy oordink die woord dag en nag (1:2). Die psalms is die vrug van so 'n omgang met die woord, 'n antwoord op die woord, 'n antwoord wat ten volle onder die heerskappy van die woord staan. Nie elke woord van 'n psalmdigter is normatief nie - sommige is selfs verwyte teen God en dus verwerplik - maar wel die boodskap van die psalm as geheel. Dit kom veral daarop neer dat alleen God betroubaar is. Hy is die magtige en getroue regeerder, die mens se toevlug, die Koning wat gedien en geprys moet word. Die bogenoemde drie gedeeltes van die Ou Testament bring, soos reeds aangedui, nie aspekte na vore wat los van mekaar bestaan nie, maar benadruk telkens een aspek en werp so verdere lig op die ander. Vierdens begin die opset van die Ou Testament met Genesis. Dit handel oor die skeppingswerk van God, gevolg deur die geskiedenis van die sondeval en die van oordeel en verlossing. Daarmee word die hele inhoud van die Ou Testament geplaas teen die agtergrond van skepping, sondeval en verlossing. God se tweërlei optrede loop soos 'n goue draad dwarsdeur die Ou Testament: enersyds sy oordeel oor die sonde, andersyds sy genade. Deur die sonde is alles en almal aan die ondergang en dood prysgegee. Dit geld vir die mens sowel stoflik as geestelik. Dit bepaal die mens se verhouding tot God en sy Woord en die verklaring daarvan. Die mens verset hom teen die woord, verdraai dit en word daardeur vernietig; hy is in sy diepste wese onwillig en onmagtig om positief op die woord te reageer. Verlossing vind alleen plaas deur God se wonderdadige optrede, sy *lewewekkende heerskappy*. God laat sy heerskappy deurgaen, selfs deur ondergang en dood heen. Ook hierdie feit loop soos 'n goue draad dwarsdeur die Ou Testament (vgl. ook by III 1.3). God bly sy seggenskap uitoefen deur sy woord; Hy hou deur sy woord sy greep op die mens en maak sy Woord selfs die mens se lig en vreugde.

Die Woord is dan ook meer as sy verklaring en is nie gebonde nie. Al sou die verklaarders dwaal, bly die Woord mense aanspreek, selfs vir die dwalende verklaarder. Dit breek deur die verset van die lesers en laat hom geld as Woord van God.

1.3 Nie 'n heilshistoriese, wets-, profetiese of wysheidstregter nie

Die opset van die Ou Testament met die plasing van God se skeppingswerk voorop, wys dat dit in die Ou Testament om meer as net die verlossing van die mens se siel en van die mens as sodanig gaan. Dit gaan om die herstel van God se skeppingswerk, die koninkryk van God. Hiermee word 'n soteriologiese en heilshistoriese verklaring afgewys. Von Rad kan sy heilshistoriese uitgangspunt en metode dan ook alleen handhaaf deur in werklikheid die volgorde van Genesis en Eksodus om te ruil (vgl. bv. by II 4.5).

Die opset van die Ou Testament met die plasing van Genesis voorop, bewys ook dat 'n verklaring verkeerd is waarvolgens die hele Ou Testament deur die tregter van die wet geles en verklaar word, soos byvoorbeeld die Fariseese Jodendom in die tyd van Jesus gedoen het. Dieselfde geld vir die verklarings wat die Ou Testament in terme van 'n wetsbenadering lees en die Ou Testament dan teenoor die Nuwe Testament stel as wet teenoor evangelie ^[64] (soos veral in sommige Lutherse kringe).

Die vooropstelling van die "wet" in die Joodse drie-deling, Wet-Profete-Geskrifte, bewys nie dat dit aan die drie-deling eie is om die hele Ou Testament in terme van 'n wet te benader nie. Eerstens is die moderne woord "wet" 'n baie enger begrip as die Hebreeuse "tora" wat basies lering, onderwysing, beteken en nie slegs wetlike stof bevat of aandui nie. Tweedens staan die boek Genesis in die "Tora" as boek voorop, en die dra 'n heeltemal ander karakter as 'n wettiese of wetlike. Ook waar dit in Gen. 2 en 3 gaan om die verbod op die eet van die kennisboom, gaan dit nie bloot om gehoorsaamheid nie, maar ook om gemeenskap met God in dankbaarheid en geloof (vgl. III 1.2). Derdens sien die profete geen teenstelling tussen wet en profete nie. In Maleagi word die wet van Moses op een vlak gestel met die profeet Elia (Mal. 4:4,5). In Levitikus en Deuteronomium word gehoorsaamheid aan God en sy gebooe verbind met liefde tot God en die naaste (Lev. 19:18,34; Deut. 6:5, 10:12, 13, 18, 19). Dit stem heeltemal ooreen met die profete se siening oor die ware diens aan God (bv. Miga 6:8).

Die opset van die Ou Testament getuig verder teen die sogenaamde profetiese verklaringsmetode, wat die ander gedeeltes van die Ou Testament hieraan ondergeskik maak (waarop bv. Labuschagne se benadering neerkom). Dit word onder andere daardeur bevestig dat Moses en Elia deur die profete op een vlak geplaas word (Mal. 4:4,5).

Ook Jesus plaas die wet en die profete op een vlak, byvoorbeeld in sy uitspraak oor die groot gebod (Matt. 22:37-40). Hy sê verder duidelik wat die kern daarvan is: die liefde. Hierdie uitspraak werp lig op die aard van liefde. Dit is nie net 'n gevoel nie maar kom konkreet uit in dade, onder meer in gehoorsaamheid aan God se gebooe. Daar bestaan geen teenstelling tussen gebooe en liefde, wet en evangelie, nie (vgl. ook die boek Jakobus). Die opset van die Ou Testament met die plasing van Genesis voorop, bewys ook dat 'n verklaring verkeerd is waarvolgens die hele Ou Testament deur die tregter van die wysheid geles en verklaar word, soos deur G.T. Sheppard (1980). Daar mag wysheidselemente in Genesis teenwoordig wees (bv. die kennisboom, Gen. 2,3), maar dit is verre van oorheersend. Wat die beklemtoning van God as Skepper aangaan (Gen. 1 e.v.), moet opgemerk word dat hierdie beklemtoning nie net aan die wysheid eie is nie.

1.4 Nie 'n lewensbeskoulike tonnelvisie nie

Die eenheid van die Skrif hou in dat alle gedeeltes aan die orde moet kom en in harmonie met die geheel geles moet word. Daar mag nie volgens 'n eie vooropgesette skema of lewens- of wêreldbeskouing 'n seleksie gemaak word en die aandag eensydig daarop gevestig word, in isolasie van die geheel nie. Veel minder mag dit in stryd met die ander gedeeltes gestel word. So 'n benadering is 'n tonnelvisie en verdraai die Skrif. Dit geld byvoorbeeld van 'n feministiese, sosialistiese, kapitalistiese, individualistiese, nasionalistiese, internasiona-

listiese, rassistiese, rewolusionalistiese, horisontalistiese en materialistiese verklaring. In die laasgenoemde drie benaderings word die tweede ^[65] tafel van die tien gebooie byvoorbeeld van die eerste tafel geïsoleer en die verhouding tot die medemens nie binne die eenheid van die verhouding tot God en die naaste gesien nie. Die verklaring van die boek Amos word beperk tot die veroordeling van die onderdrukking van armes en hulpeloses, en daar word nie aandag gegee aan wat Amos as rede vir die onderdrukkende optrede aangee nie, naamlik dat die onderdrukkers die verbondsverhouding met God verbreek het. In die genoemde benaderings word daar in die uittog uit Egipte slegs op die nasionale verlossing gesentreer. Die verhouding tot God, soos uitgedruk in die verbondsluiting by Sinai, en die belangrikheid van die verbondsverhouding en van die erediens, soos uitgedruk in die inrigting van die kultus, word buite die gesigsveld gehou. Sekere Bybelgedeeltes kom glad nie aan die orde nie en word prakties doodgesmoor.

1.5 Die Ou Testament as Óú Testament

Die Ou Testament is nie net aan ons oorgelewer met 'n bepaalde opset nie, maar ook binne 'n bepaalde opset en vorm deel van 'n groter geheel wat uit twee dele bestaan. Binne hierdie groter eenheid beklee dit die plek van Ou Testament, terwyl die ander gedeelte die plek van Nuwe Testament beklee. Hierdie feit is van beslissende betekenis vir die verklaring van alle Ou-Testamentiese gedeeltes. Die Ou Testament moet nie in isolasie van die Nuwe Testament gelees word nie; ook nie die Nuwe Testament in isolasie van die Ou Testament nie (vgl. die bespreking in VI 3).

1.6 Samevatting

Die Ou Testament moet verklaar word volgens sy selfgetuienis en aanspraak om die unieke openbaring van God te wees. Ook die opset van die Ou Testament is belangrik en bied 'n aanknooppunt vir die verklaring daarvan. Uit die opset blyk dat dit in die Ou Testament om die koninkryk van God gaan. God voer sy heerskappy uit oor sy skepping waarvan die mens koning is en beoefen persoonlike gemeenskap met die mens. Die mens het 'n roeping teenoor God en die mense en die res van die skepping. Die verhouding tussen God en die mens is so persoonlik dat die mens se antwoord op die openbaring van God 'n belangrike plek binne die Woord kry en selfs so ingeskakel word dat dit Goddelike openbaring is, soos die psalms.

Die Ou Testament moet nie gelees en verklaar word deur 'n wets-, verlossings-, profetiese of wysheidstregter nie, ook nie dualisties (wet-profete, of wet-verlossing) nie, en ook nie vanuit 'n tydlose skema nie. Daar is 'n noue verbinding tussen woord en geskiedenis in die Ou Testament; daarom moet die Ou Testament openbaringshistories verklaar word. Die Ou Testament moet gelees en verklaar word as 'n eenheid. Daar mag nie vanuit 'n eie vooropgestelde skema of lewens- of wêreldbeskouing met 'n tonnelvisie sekere gedeeltes geïsoleer van die geheel benader en verklaar word nie. Nog minder mag sekere gedeeltes of Bybelboeke oorbelig en ander uitgeskakel word, soos byvoorbeeld by nasionalistiese, horisontalistiese en materialistiese benaderings.

^[66] Die openbaringsgeskiedenis het sy eie unieke aard en volg nie 'n konsekwent chronologiese patroon nie, soos blyk uit die plek en opset van die digterlike en profetiese boeke.

Die hele inhoud van die Ou Testament staan teen die agtergrond van skepping, sondeval en verlossing. Deur die sonde heers die dood en ondergang stoflik en geestelik. Die mens verset hom teen die woord en verdraai dit tot sy eie verderf. Hy wil nie en kan nie positief daarop reageer nie. Alleen deur God se lewewekkende heerskappy word die mens in sy wese verander en gaan die skepping en geskiedenis op 'n wonderlike manier voort. Die verklaring

moet ook rekening hou met die lewewekkende aard van God se heerskappy in die lewe van die gevalle mens en die geskiedenis.

Die Ou Testament wys bokant homself uit en moet gelees word binne die raamwerk van die kanon waarbinne dit die plek van Ou Testament beklee naas die Nuwe Testament.

Die belangrike hoofpunte sal hier onder nader uitgewerk word. Hier sal dit nie soseer vanuit die opset van die Ou Testament benader word nie, maar meer vanuit die inhoud.

2. WOORD EN GESKIEDENIS

2.1 Dinamiese maar nie meganiese openbaring deur die Woord

Soos reeds in hoofstuk III gesien is, gaan dit in die Ou Testament om Goddelike openbaring deur die woord. Hierdie openbaring was nie net kommentaar oor wat reeds gebeur het nie, maar het hand aan hand gegaan met die gebeurtenisse en het hulle selfs ingelei, in werking gestel en deurgevoer. So was dit byvoorbeeld by die skepping (Gen. 1; Ps. 33:6,9), by die roeping van Abraham (Gen. 12) en by die uittog uit Egipte (Eks. 3). God oefen sy seggenskap uit deur middel van sy woord.

Sy waarskuwing oor die kennisboom (Gen. 2:17) gaan oor in die daad, soos vertolk in die refrein "en hy het gesterwe" in die geslagsregister van Gen.5. Selfs die antieke woordbegrip dui op die noue verbinding met daad omdat die term vir woord (*dabar*) ook daad of ding kan beteken (Van Zyl, 1970, 18). God se openbaring deur die woord is nie net dinamies en effektief nie en werk nie meganies nie, maar persoonlik. Dit kom na die mens as God se kind wat doelbewus daarop moet reageer en die gesag daarvan moet erken. Die openbaring deur die woord word vasgelê in mondelinge en skriftelike oorlewering sodat dit ook latere hoorders of lesers gesagvol kan aanspreek. Die openbaring is nie net vir die een oomblik of situasie waarin dit gegee is, bedoel nie. God bly *betrokke* by sy woord, soos hieronder verder gesien sal word (vgl. 2.2,7,8); Hy is openbaringshistories werksaam.

2.2 Die persoonlike betrokkenheid van God en mens by die Woord

Een van die belangrikste dinge wat die Ou Testament verkondig, is dat God in 'n persoonlike verhouding met die mens staan, soos reeds in 2.1 gesien is. J. P. Oberholzer (bl. 160) sê "dat die sentrum van die Skrif eerder gevind word in 'n lewende verhouding as in 'n idee. Die sistematiese aanbieding van die ^[67] resultate van die Bybelse Teologie kan die beste geskied binne die verhouding tussen God en mens".

Die Woord vervang nie hierdie persoonlike verhouding nie maar staan in diens daarvan en is die middel om dit te bewerkstellig: "Die Here ons God het by Horeb met ons 'n verbond gesluit. Met ons vaders het die Here hierdie verbond nie gesluit nie, maar met ons self, ons wat hier vandag almal in die lewe is" (Deut.5:2,3; vgl. ook 27:9).

Deur die Woord "ken" God sy gelowiges en wil Hy deur hulle "geken" word. Hierdie kennis is nie bloot 'n verstandelike aksie nie maar sluit die beoefening van 'n persoonlike verhouding in. Dit blyk onder andere uit Eks. 2:23-25 en Ps.1:6. God hoor die gekerm van sy volk in Egipte, dink aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob, en "ken" hulle (Eks. 2:23-25). Sy "ken" van Israel hou dus in dat Hy in hulle belang optree. Volgens Ps. 1 is die regverdige iemand wat die pad van die Woord volg en nie omgang met die goddeloses, sondaars of spotters beoefen nie. Hy beoefen omgang met God deur sy Woord. Dit gaan goed met hierdie regverdige want God "ken" sy pad, dit wil sê God is by hom op sy lewenspad en sorg vir hom. Hierdie psalm sê wel nie uitdruklik dat die regverdige vir God "ken" nie, maar dit kom daarop neer. Die regverdige staan nie neutraal teenoor die Woord nie en gaan nie bloot

verstandelik daarmee om nie, maar oordink dit dag en nag, rig sy lewe daarvolgens in en beoefen daarin omgang met God, soos reeds gesê. Dit gaan hier dus, soos in Jes. 1:3, om kennis (da^cat) wat 'n persoonlike verbondsverhouding tussen God en mens inhou (vgl. bv. Fensham, 1970, 27). Die feit dat God deur die Woord sy volk só ken en só deur hulle geken word soos hierbo gestel is, hou in dat die mens in werklikheid nie neutraal met die Woord kan omgaan nie. Die Woord vra "kennis", en behalwe verstandelike kennis sluit dit die beoefening van 'n gelowige omgang met God in. Wie nie so met die Woord omgaan nie, is op die pad van oordeel, ondergang (Ps. 1:5,6). Die besondere aard van die "kennis" wat deur die Woord bewerk word, hou verder in dat die Bybel nie daarop ingestel is om natuurkundige, historiese, aardrykskundige of ander kennis as sodanig te gee nie, maar hierdie dinge ondergeskik maak aan wat hy oor bogenoemde verhouding wil sê (vgl. meer hieroor in 2.3).

Ook Mal. 4:1-6 is belangrik vir hierdie bespreking. Hierdie Skrifgedeelte doen 'n ernstige oproep tot bekering en lê daarin groot nadruk op die wet van Moses en op Elia (2.9). Dit wys dat die Woord van God nie bloot getuienisse bevat oor die optrede van God en die mens in die verlede nie. Die Woord is ook vir die hede bedoel: vir die tyd van Maleagi en ook vir ons tyd. God is nou nog op 'n soortgelyke manier besig en Hy vra dieselfde soort reaksie van die hoorder as in daardie tyd. Wanneer koning Josia die wetboek ontdek, word hy daardeur aangespreek, kom tot bekering en bring 'n hervorming te weeg (2 Kon.22).

Die mens moet die Woord biddend benader en omgang daarmee beoefen (Ps. 1,19,119); hy moet hom aan die woord oorgee en daardeur deurdring word - dit dag en nag oordink (Ps. 1:2;119:55). Dan is die mens soos 'n boom by waterstrome, want die Woord bring iets in hom tot stand (Ps. 1:2; Jes.40:8-11).

[68] Dit vereis God se inisiatief. Hy soek die opstandige mens op ná die sondeval (Gen.3). Hy bring die onwillige Moses, en ook sy volk, daartoe om die uittog uit Egipte te onderneem (Eks. 3 e.v.) en bly so getrou aan die woord van belofte (Gen.50:24; Eks. 2:23-25; 19:4). Hy besoek Dawid deur die profeet Natan met sy woord van straf en genade (2 Sam. 12). Die woord los nie vir Jeremia nie (Jer. 20:7 e.v.). Esegïël, Amos, Hosea en Elia het dieselfde ondervinding (Eseg. 1:1; 2:1; 3:1; 14; Am. 3:8; Hos. 1:2; 1 Kon. 18). God se woord is effektief, dit keer nie onverrigter sake na Hom toe terug nie. Dit sluit menslike verantwoordelikheid nie uit nie, maar doen juis 'n oproep om bekering (Jes. 55:6-11). Die woord bring oordeel en vernietiging vir die wat onbekeerlik is, maar lewe vir wie op Hom vertrou (Ps.1; Jes. 5,6; 40:6-11; 55:6-11).

2.3 Spanning tussen die woord en die mens

Die hoorder reageer nie sonder meer op die woord nie. Dwarsdeur die Ou Testament blyk dat die verbondsvolk dikwels die woord vergeet en ignoreer. Die mens is ook geneig om die woord te verdraai. Dit blyk reeds in die Paradys waar die vrou ander aksente lê in die weergawe van wat God gesê het (Gen. 3:3, vgl. 2:17). Selfs profete is geneig om dit te doen of hulle daardeur te laat verlei, soos blyk uit die geskiedenis van die verleiding van die profeet wat teen koning Jerobeam moes profeteer (1 Kon. 13). God se woord van genade word deur die verbondsvolk vir hulleself gemonopoliseer, en hulle is self onbekeerlik en stuur af op die oordeel van die woord (Am.5:18-20). Volgens Jesaja keer die verbondsvolk die woord om en staar die oordeel van die Woord in die gesig (Jes. 5:18-23;6:9).

Die mens is dus geneig om die woord te verdraai en te verideologiseer vir eie persoonlike en nasionale en ander groepsbelange, soos die van die verbondsvolk of gemeente. Elke leser en verklaarder moet groot erns maak met hierdie sterk neiging in homself - in besonder elke politieke en volks- en rasgroep, ook elke teologiese inrigting en elke kerk.

Die woord verkeer dus in werklikheid in spanning met die hoorder en moet teen die mens se wil ingaan en dit omkeer. God moet 'n verandering van hart by die mens bewerk - iets so drasties dat dit 'n nuwe bedeling sal inlei (Jer.31:31-34). God sal dit doen deur sy aktiewe teenwoordigheid, deur sy lewewekkende Gees (Eseg.36:25 e.v.) (vgl. 'n bespreking in meer besonderhede in 5:5).

God was aktief teenwoordig deur die Heilige Gees toe die Woord gegee is, hy is ook aktief teenwoordig deur die Heilige Gees wanneer die Woord gelees word. Daarom het die gelowige nie bloot met 'n boek te doen wanneer hy die Bybel lees nie, en is die Bybel ook nie outomaties effektief nie. Die Bybel eis 'n persoonlike reaksie by die mens deur die Heilige Gees. Dawid pleit ernstig by God om hierdie teenwoordigheid en leiding van die Gees sodat hy hom kan bekeer en volgens God se wil kan lewe (Ps.51:13-15). Elke gelowige behoort hierdie voorbeeld met groot erns na te volg.

2.4 Openbaring in en deur die geskiedenis

God openbaar Hom en die skepping (vgl. 1) en in die geskiedenis. Hy self ag sy ^[69]historiese optrede van die allergrootste betekenis, so selfs dat sy geboorte nie as tydlose eise gesien moet word nie, maar teen die agtergrond van sy reddende optrede in die geskiedenis en as uitvloeisel daarvan. By die afkondiging van die tien geboorte stel Hy Homself eers so bekend: "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het" (Eks. 20:2). Dit gee 'n besondere karakter aan sy geboorte en aan sy verhouding met die gelowiges. Die gelowiges se hele lewe word binne die raam of atmosfeer van dankbaarheid gestel. By die roeping van Moses verbind God sy naam Jahwe met die historiese gebeurtenis van die uittoeg en stel Hom tegelykertyd bekend as die God wat die toekoms bepaal. Jahwe sal sy gedenknaam wees van geslag tot geslag (Eks.3:15). Dit moet gedurig vertel word sodat Hy dwarsdeur die geslagte geloof word.

Ook by Dawid se voorgenome tempelbou blyk dit dat God sy historiese optrede besonder belangrik beskou. Die HERE verbied Dawid om vir Hom 'n huis te bou en sê dat Hy intendeel vir Dawid 'n huis sal bou. By hierdie geleentheid word Dawid gewys op die HERE se historiese optrede in belang van Dawid en van die volk (2 Sam. 7:5-16). Die HERE is nie bloot 'n God van tempel en kultus nie, Hy is die God wat die gebeurtenisse en die geskiedenis bepaal.

2.5 Openbaringsgeskiedenis: 'n geskiedenis met 'n eie karakter

Uit bogenoemde blyk dat die Ou Testament nie net openbaring gee nie en nie net geskiedenis nie, maar openbaringsgeskiedenis. A.H. van Zyl praat van kerugmatiese geskiedskrywing (predikende geskiedskrywing) vanweë die noue verband tussen geskiedenis en prediking en omdat die ou geskiednisse vir die latere geslagte 'n boodskap inhou. Hy sê tereg dat die "geskiedkundige" egter nie onbelangrik geag moet word nie. Dit gaan om geskiedenis wat gebeur het. Ons het egter nie te doen met die volledige historiese relaas van oorsaak en gevolg nie en omstandigheidsbeskrywings nie, maar met geskiedenis wat onder leiding van die Gees so geïnterpreteer is, dat dit 'n boodskap aan die volk van God verkondig. Onafhanklik van mekaar het talle skrywers in die Ou Testament so te werk gegaan en tog is daar 'n merkwaardige eenheidspatroon in hulle werk te bespeur (A.H. van Zyl, 1970, 11-13).

Die openbaringsgeskiedenis is die vrug van die openbaring van God wat binne die geskiedenis 'n eie geskiedenis tot stand bring, onderskeie van die algemene geskiedenis maar tog in die nouste verband daarmee. Die onderskeid tussen algemene geskiedenis en openbaringsgeskiedenis is soortgelyk aan die onderskeid tussen die algehele heerskappy van God oor die skepping en God se besondere heerskappy of koninkryk van God. Die koninkryk

van God is in werklikheid daar waar sy heerskappy so uitgeoefen word dat dit geloof en bekering bewerkstellig en sodoende 'n volk van God laat ontstaan of in stand hou, teenoor die mag van die bese en die sondige wêreld.

Aangesien openbaringsgeskiedenis 'n besondere geskiedenis is, het die vak Openbaringsgeskiedenis 'n eie karakter en metode, onderskeie van die van gewone geskiedenis (vgl. ook IV 1.1). Hoewel die Ou Testament histories is en oor die algemeen die historiese dissipline volg, gee dit nie gewone geskiedenis [70] nie maar openbaringsgeskiedenis. Dit is net so min 'n handboek vir geskiedenis van die oudheid as 'n handboek vir natuurwetenskap. Die Ou testament wil wel aandui hoe God sy heerskappy en gemeenskap deurvoer dwarsdeur die geslagte en die historiese gebeurtenisse of geskiedenis. Dit is egter nie in getalle, geslagte, jaartalle, ens. as sodanig geïnteresseerd nie. Hierdie dinge is dikwels vir die skrywer heeltemal periferies en ondergeskik. Daarom verskil die weergawes hiervan soms van mekaar (soos die geslagsregister in Gen. 11:14 in vergelyking met die Griekse Vertaling en Matt. 1, en sommige geslagsregisters en historiese weergawes in Konings in vergelyking met Kronieke). Die verklaring moet rekening hou met die eintlike, openbaringshistoriese, doel van die skrywers en nie verstrik raak in bykomstige problematiek nie.

Die openbaringsgeskiedenis sentreer in die Ou Testament veral om die volk Israel. Tog het dit die herstel van die hele mensdom en skepping op die oog (Gen. 12:1-3). Hierdie feit kom veral in die eskatologiese gedeeltes na vore waarin dikwels verwys word na 'n veranderde kosmiese vredestoestand soos in die paradys (bv. Jes. 11; 65:17-25; Hos. 2:17).

Maar dit kom ook in die konkrete geskiedenis tot uiting. Israel moet binne hierdie gevalle wêreld en nasies 'n toonbeeld wees van die herstelling van die verhouding met God. (Vir 'n bespreking van die herstelkarakter van die geskiedenis in Gen. 4-12; Eks. 1; 2; 19; 1 Sam. 1-4; die digterlike boeke, ens., vgl. J.L. Helberg, 1980). Een van die kenmerkende elemente in die openbaringsgeskiedenis is dan ook die oproep om bekering.

Die openbaringsgeskiedenis is dus herstellingsgeskiedenis, herskeppingsgeskiedenis. Dit is egter ook skeppingsgeskiedenis. God is nie net 'n hersteller van bestaande dinge wat skeefgeloop het nie, maar Hy is die Skepper wat alles deur sy woord in aansyn geroep het (Gen. 1; Ps. 33:6,9). Die skeppingswerk van God is in die Ou Testament nie maar 'n onderdeel van 'n verlossingsleer oor God nie en moet nie soteriologies benader word nie (vgl. 1.3; ook 3).

2.6 Openbaringsgeskiedenis, nie bloot heilsgeskiedenis en ook nie bloot heilsboodskap nie

Sommige verklaarders meen dat die Ou Testament nie openbaringsgeskiedenis gee nie, maar slegs 'n kerugma of heilsboodskap in die vorm van geskiedenis. (Hierdie saak is reeds in 1.3 aangesny; hier word nou meer toegespits op die historiese aspek). Dit mag 'n historiese kern bevat maar het die geskiedenis omvorm om vir die skrywer se eie tyd 'n teologiese boodskap te bring (bv. Von Rad).

Hierdie benadering gaan mank aan 'n innerlike tweespalt. Aan die een kant word die geskiedenis hiervolgens deur die Bybelskrywer so belangrik geag dat sy hele prediking in terme daarvan weergegee word. Andersyds ag hy die geskiedenis so onbelangrik dat hy die herinterpretasies, wat dwarsdeur die geslagte aanhoudend geherinterpreteer is, nogeens herinterpreteer, sodat daar van die geskiedenis uiteindelik weinig of niks oorbly nie.

B.J. Oosterhoff (1967, 16 e.v) wys daarop dat Israel se geskiedenisbeeld [71] volgens Von Rad in hulle kultus ontstaan het; Israel het soos geen ander volk tot 'n "historisering" van die

kultus gekom en het van daaruit sy geskiedenis-beskouing gekry. Die ander nasies se kultus het bly vassteek by die natuur. Hulle feeste was hoofsaaklik natuurfeeste wat met natuurgroei, vrugbaarheid, ens. te doen gehad het en nie verder as 'n sikliese tydsbeskouing gekom het nie. Hulle het geglo aan 'n gedurige herhaling van dinge, soos vergestalt in die gedurige herhaling van die seisoene. Oosterhoff sê tereg dat Von Rad nie kan verklaar waar Israel die Godsgeloof vandaan kry wat so historiserend kon werk nie. Feit is dat dit op God se werklike verlossingsdade rus, sê Oosterhoff. Die Bybelskrywers het wel hulle eie manier gehad om die geskiedenis te stel. Hulle was byvoorbeeld meer geïnteresseerd in die samehang van dinge as in die presiese kronologiese volgorde. Hulle gee heilsgeskiedenis (beter: openbaringsgeskiedenis, J.L.H.); en dit moet volgens eie maatstaf uitgelê word, nie volgens ons s'n nie. Maar dit gaan om die feite en is nie bloot kerugma waarby die feite nie meer van belang is nie. Met die feite staan en val die boodskap. Die feit dat God vir Israel uit Egipte gered het, of dat Izak se geboorte 'n wondergeboorte was, gee aan Israel die grond om aan God se reddende optrede vir die hede en die toekoms te glo.

Die Ou Testament is bowendien nie bloot geïnteresseerd in die verkondiging van heilsgeskiedenis nie, maar in die onderrig in die geboorte van die Here sodat dit in die praktiese lewe onderhou moet word - soos Van der Woude tereg aandui (vgl. II 4.5; vgl. ook die bespreking oor God as Skepper en Regeerder in VI 3).

2.7 Aktualisering

Bogenoemde benadering van Von Rad en ander bots met die "historiese besef" van die Ou Testament wat in 'n belangrike mate in historiese opset oorgelewer is. Dit is juis die boodskap van die historiese gedeeltes wat hulleself as sodanig aanbied, wat deur hierdie benadering in gedrang kom. Dit is wel inderdaad so dat God se openbaring nie net vir die verlede geld en daarom 'n histories gestolde iets is, iets wat die hoorder by die verlede wil vashou nie. God beoefen persoonlike gemeenskap met die mens binne sy eie persoonlike en historiese situasie en gebruik die woord daarvoor. Daarom is daar inderdaad 'n sekere mate van herinterpretasie, of beter gestel, 'n aktualisering van die openbaringsgeskiedenis. God se optrede in die hede word telkens uitgedruk in terme van sy optrede in die belangrike gebeurtenisse van die verlede. Anders gestel, sy optrede in die belangrike gebeurtenisse van die verlede word telkens geaktualiseer in die hede. Sy optrede bou op die verlede en word nuut toegepas vir die hede. Daar is kontinuïteit sowel as vernuwing. God se selfbekendstelling dra vir elke groot tydperk of omstandigheid 'n besondere karakter. Dit dra 'n eie aksent in die tyd van die aartsvaders, die tyd vanaf Moses en die tyd vanaf Dawid. Dit dra 'n eie aksent in die situasie van die profete en in die van die digterlike boeke. Verder word in die Ou Testament dikwels in gebede na God se groot verlossingsdade van die verlede ^[72]verwys. Dit wys op die belangrike plek van gebede in die Ou Testament en ook by die toepassing van die Ou Testament op die omstandighede van vandag se lesers.

Selfs God se skeppingsoptrede deur die woord aan die begin word deur die psalmdigters geaktualiseer deur dit in verband te bring met God se sorg en beskerming vir sy volk in die hede (Ps. 33:6 e.v.).

Die aktualisering van die Goddelike selfbekendstelling blyk ook uit Daniël se herinterpretasie van die sewentig jaar in Jeremia se profesie (Jer. 15:11) om sewentig jaarweke (d.w.s. 490 jaar) te beteken (Dan. 9:24-27). Verder blyk die aktualisering uit die verskil in motivering van die Sabbatsgebod. In Eks. 20 word dit met God se skeppingsoptrede gemotiveer, in Deut. 5 met die feit dat God Israel uit die slawerny in Egipte bevry het (vgl. bv. F.N. Lion-Cachet, 1976). Die aktualisering word uitdruklik in Deut. 5:2,3 gestel: "Die Here ons God het by Horeb met ons 'n verbond gesluit. Met ons vaders het die Here hierdie verbond nie gesluit

nie, maar met onself, ons wat hier vandag in die lewe is".

Die aktualisering blyk ook uit die opskrifte by sommige psalms wat nie oorspronklik gedig is vir die situasie wat deur die opskrifte aangedui word nie. Die opskrifte dui daarop dat die psalm in die erediens op die nuwe situasie van die gelowiges in die verbondsvolk toegepas is (vgl. bv. Bruce, 1972). Dit is omtrent soos die gebruik van Ps. 116 by die nagmaal vandag. Die kultus het dus 'n rol gespeel in die totstandkoming of die afronding van minstens sommige Bybelse geskrifte. Veral die digterlike boeke dra die karakter van 'n persoonlike en gemeentelike belydenis oor God. Die psalms sluit byvoorbeeld soms die subjektiewe geloofsworsteling van mense in.

Tog is die Ou Testament nie maar menslike of gemeentelike belydenis oor God nie, maar God se openbaring (Ps. 1, 19, 119; Mal. 4). Die Bybelboeke soos dit aan ons oorgelewer is, is nie maar in 'n onafgeronde stadium van 'n voortgaande proses van aktualisering nie, maar is afgeslote kanon. In hierdie verband kan verwys word na Childs se stelling wat reeds in IV 4.5 aangehaal is: Israel se verstaan van homself het nooit 'n outonome plek ingeneem nie, maar is altyd geïnterpreteer in die lig van die gesag van die Skrif. Toe die proses van Skrifvorming opgehou het, het die kanon 'n vaste liggaam geskrifte afgebaken as normatief vir die gemeenskap; daar is nie gesag toegeken aan die proses van Skrifvorming self nie. Toe Israel later die geskrifte geherinterpreteer het om op sy veranderde behoeftes antwoord te gee, is dit gedoen in die vorm van kommentaar (targoem). Hierdie kommentaar is skerp onderskei van die heilige teks van die Skrif wat hulle ontvang het (Childs, 1980, 40, 58, 59, 74). Die Bybelboeke het wel blykbaar oor die algemeen 'n lang proses van aanvulling, groei en soms selfs aktualisering agter die rug, maar soos die Boeke aan ons oorgelewer is, is hulle nie in 'n onafgeronde stadium van 'n voortgaande proses van aktualisering nie, maar is afgeslote kanon.

Die aktualisering in die genoemde Skrifgedeeltes moet nie verstaan word as herinterpretasie in die sin wat Von Rad herinterpretasie opvat nie. Von Rad oordryf die mate van aktualisering wat plaasgevind het en laat die band met ^[73] God se oorspronklike historiese optrede verlore raak. Von Rad sien die Ou Testament ook te veel as geloofsbelydenis van die gemeente oor God in plaas van God se openbaring. Die aktualisering in bogenoemde Skrifgedeeltes wys wel dat God deur sy woord elke geslag vir sy situasie aktueel wil toespreek. God gaan openbaringshistories te werk.

'n Ou Testamentiese Skrifgedeelte se betekenis vir die leser van vandag moet veel eerder gesoek word deur sodanige aktualisering as deur klinkklare of verskuilde messiaanse verkondigings of iets dergelyks in die Ou Testament in te lees.

2.8 Nie eksistensialisties nie, maar histories

Sommige verklaarders staan 'n eksistensialistiese benadering voor, byvoorbeeld Gen. 1-11: die sogenaamde oergeskiedenis. Hierdie verklaarders meen dat Gen. 1-3 nie 'n historiese of tydsorde gee nie, maar 'n tydlose, eksistensiële orde. Volgens hierdie benadering was daar geen sondeval ná die skepping nie, maar wil Gen. 1-4 net sê dat die mens hierdie tweërlei hoedanigheid in homself het: hy is 'n sondige wese en kan die skuld daarvoor nie op God werp nie, maar moet dit self aanvaar (bv. Westermann, 1966 e.v., 263, 357, 376 e.v).

Hierteenoor bied die skrywer van Genesis die hele inhoud as histories aan. Dit blyk uit verskillende faktore. Eerstens die terminologie in verband met die skeppingsdae: die verhaalstyl: "en dit was" (waw konsekatief); die afbakening van die dae: "en dit het aand geword en môre geword"; die numering van die dae: eerste, tweede, ens. Daar word dus nie slegs gesê dat God geskep het nie, maar daar word 'n kontinuïteit van spreek en doen beskryf:

"En God het gesê ... En God het. . . geskep". Net soos daar van ruimtelike ordening sprake is (vgl. die refrein: en God het skeiding gemaak), so ook van tydsordening: kontinuïteit.

Tweedens word die hele inhoud van Genesis saamgebind met die refrein: "en dit was die toledot van . . ." en tipeer dit daarmee as geskiedenis. (Gen. 2:4; 5:1; 6:9; 10:1; 11:10, 27; 25:12, 19; 35:1; 37:2). Toledot beteken eintlik "dit is wat daarvan geword het" (Holwerda) en dui in hierdie sin die geskiedenis aan van die saak of persoon van wie daar in die voorafgaande gedeelte sprake was (vgl. bv. A. van Selms, 1967, 46). Hierdie uitdrukking kom voor by die oorgang van die skeppingsgeskiedenis na die sondevalgeskiedenis (Gen. 2:4). Dit dui die twee aan as opeenvolgende gebeurtenisse, net soos die afstamming van een geslag uit die vorige. Dit dui ook iemand se stamboom aan (bv. Gen. 5:1). Toledot trek die eenheidslyn van die sentrale openbaring in die begineskiedenis (Genesis) deur (F.N. Lion-Cachet, 1980, 61). Derdens dui die skrywer van Genesis, in noue aansluiting by die voorafgaande, die historiese aard van sy geskrif aan deur die aanhaling van geslagsregisters, dit wil sê van opeenvolgende geslagte (Gen. 5, 10; 11:10 e.v.).

[74] 2.9 Kontinuïteit en vaslegging van die openbaring

God het Homself in die geskiedenis en in sy woord nie slegs geopenbaar in momentele openbarings wat net vir 'n kort rukkie verskyn of geldig is en dan verdwyn nie. Sy openbaring bevat iets blywends en het die tendens om vasgelê te word. Die verbond met Noag word byvoorbeeld vasgelê in die reënboog (Gen. 9:12). God stel Hom bekend as die God van Abraham, die God van Abraham en Isak, die God van Abraham, Isak en Jakob: daar is kontinuïteit in God se optrede, openbaring en verhoudinge (Gen. 26:24; 28:13; Eks. 3:15). Toekomsdinge word dikwels beskryf in terme van die uittog uit Egipte. Die dekalog word spesifiek opgeteken (Eks. 24,34), so-ook ander wette en bepalinge waarin die verhouding tot God en die naaste opgeteken is. Die geskiedenis van die uittog moet aan die volgende geslagte oorvertel word (Eks. 12:24 e.v.). Hierdie vertellings raak nie net die historiese optrede van God nie (teen Von Rad met sy beskouing oor Deut. 26:5 e.v. as Israel se ware geloofsbelydenis). Israel moes ook die Naam van die HERE bely (vgl. bv. Deut. 4:13; Eks. 20:7). Die Naam van die HERE is nie in die eerste plek geken uit sy historiese optrede nie. Intendeel, sy historiese optrede is in die eerste plek geken uit die openbaring van sy Naam. Hy het Homself in sy naam HERE (Jahwe) geopenbaar om sy volk te laat verstaan hou Hy verlossend gaan optree met die uittog uit Egipte (vgl. Eks. 3; vgl. ook J.G. Janzen 1979). Ook die psalmdigters praat van die Woord wat vasgelê is in skrif; dit was hulle vreugde (Ps. 1; 19; 119).

Die profeet Habakuk en die profeet Jeremia vermeld uitdruklik dat profesieë opgeskryf is sodat dit gelees kan word (Hab. 2:2-4; Jer. 51:59-64; vgl. ook Jes. 8:1). Jesaja praat van 'n optekening sodat dit vir alle latere tye gelees kan word (Jes. 30:8). Jeremia ontvang opdrag van die HERE om al sy profesieë op 'n boekrol te skrywe in 'n poging om die volk tot bekering te roep (Jer. 36). Esegïël word by sy roepingsvisioen beveel om 'n boekrol, waarin sy profetiese opdrag vervat is, te eet (Eseg. 2:8 - 3:2). In sy tyd was dit dus al 'n algemene gebruik dat profesieë opgeskrywe is.

In die tyd van Esra en Nehemia het die opgetekende woord 'n belangrike betekenis (Neh. 8).

Die laaste boek in die ry van die profete, naamlik Maleagi, handel oor die krisispunt in die bondsvolk se bestaan: die dag van oordeel (Mal. 4:1-6). Maleagi bring dit in verband met die wet van Moses. As die volk aan hierdie wet gehoorsaam is, sal die vernietigende oordeel oor die verbondsvolk afgewend word. Die wet is hier duidelik 'n eenheid, en die naam "Elia" sinspeel op die profete en hulle oorgelewerde, vasgelegde prediking. Die klemtoon val in hierdie gedeelte wel nie op 'n afgeslote boek nie maar op God persoonlik en op Moses en

Elia. God se woord is in 'n sekere sin persoonlik vergestalt in Moses en Elia. Tog neem die woord as geskrif hier 'n belangrike plek in. Vandaar dat die Nuwe Testament dikwels 'n verwysing bevat na die woord of woorde, of na die Skrif of Skrifte, as 'n eenheid (bv. Matt. 21:42; 22:29; 26:54; Luk. 4:21; Joh. 2:22). Daar is tereg op gewys dat dit wel aangaande die woord gesê word, maar nie aangaande die geskiedenis nie - teenoor Von Rad se heilshistoriese benadering ^[75] (Gunneweg, 1977, 165).

2.10 Verwagting: Noue verbinding van God se heerskappy, geskiedenis, woord, persoon en lewewekking

Skrifgedeeltes soos Jes. 40 e.v.; Jer. 31:31-34; Eseg. 36:25 e.v.; Dan. 12; Joël 3; Sag. 12 e.v.; Mal. 4; ens. wys dat die Ou Testament vooruit bly kyk, veral in verwagting dat die regte verhouding tussen God en mens herstel sal word - insluitende die skepping waaroor die mens koning is. Die verwagting draai om die mens se persoonlike verhouding met God en om redding deur 'n persoon of persone wat deur God beskik word. Die nadruk val veral daarop dat God persoonlik na sy volk toe sal kom (paroesie, vgl. Vriezen, 1966, 497). God se woord as 'n lewende dinamiese maar ook vasgelegde woord sal hierin 'n besondere rol speel. Hierdie woord moet gehoorsaam word sodat die lewegewende verhouding met God herstel kan word en die dodelike onderlinge en innerlike verskeurdheid van die gelowiges opgehef kan word (Mal. 4:4-6). In die Nuwe Testament is hierdie noue verbinding tussen woord en persoon ten volle geïntegreer in die Woord wat mens geword het, Jesus Christus. Die woord kry nie slegs gestalte in die daad of gebeurtenisse (2.1) nie, maar ook in 'n persoon (vgl. ook 4.3 en 5.6).

Dit blyk dwarsdeur die Ou Testament dat die verbondsvolk nie tot hierdie gehoorsaamheid kon en wou kom nie. Die mens is dood in die sonde; hy ignoreer en verdraai God se woord; ondergang is onafwendbaar. Verlossing kan alleen bewerkstellig word deurdat God lewewekkend optree en die geskiedenis laat voortgaan deur ondergang en dood heen (vgl. 1 en 5).

2.11 Die lig van vervulling

Die voorgaande, veral die bespreking van Mal. 4:4-6, laat sien dat die Ou-Testamentiese verkondiging geïntegreer is in Jesus Christus. In hierdie opsig is Christus die vervulling van die Ou Testament en moet die Ou Testament ook in die lig van die vervulling gelees en verklaar word (kyk VI).

2.12 Die Bybel groter as die verklaring

Die voorafgaande besprekings, veral die oor God se persoonlike betrokkenheid by die Woord en die oor sy lewewekkende optrede, wys dat die Bybel groter is as die verklaring daarvan (vgl. veral Floor: Eksegese en prediking by Paulus (6 e.v.)). Verklaring en teologie is die werk van mense en is daarom onvolmaak. Die verklaarder behoort diep onder die indruk hiervan te wees en moet daarom sy resultate met nederigheid aanbied. Hy moet veral bereid wees om dit aan die toets van ander te onderwerp. Verder moet hy besef dat die omstandighede waarin hy leef, en selfs waarin 'n hele menslike geslag leef, groot invloed uitoefen op die manier waarop die Bybel benader en verklaar word. Die verklaarder moet dus bereid wees om altyd weer opnuut na die Woord self te probeer luister, sy eie beperkinge te erken en die grootheid van God en sy Woord te bewonder. Dit beteken nie dat Skrifverklaring 'n blote ^[76] relatiewe saak is en niks bied wat heeltemal vasstaan nie. Daar is baie dinge wat dwarsdeur die eeue reeds vasstaan en altyd sal vasstaan. Bowendien bly die Woord die lig wat ons die pad wys (Ps. 119:105). Dit bly egter God se Woord wat tot 'n blote mens kom, 'n mens wat daarby 'n onvolkome en sondige wese is. 'n Mens moet nie dink dat hy die lig in pag het of dit beheer

nie. Die Bybel is groter as die verklaarder en as teologie. Die verklaarder, verklaring, metode en teologie is baie belangrik, maar die Woord is nie gebind nie (2 Tim 2:9). Die situasie mag ontstellend wees deurdat die verklaarders die Woord nie laat spreek nie maar aan eie benaderings of skemas ondergeskik maak. Die situasie mag ook ontstellend wees deurdat die verklaarders die Woord selfs devalueer tot blote menslike denkarbeid. Tog hoef dit nie 'n gees van wanhoop oor die openbaring en die toekoms van die kerk van God te wek nie. Die Bybel is nie bloot menslike getuïenisse of teologieë nie, maar die Woord van God. Dit praat met die mens. Dit laat homself geld omdat dit die Goddelike waarheid is. Bowendien bly God deur sy Heilige Gees daarby betrokke. 'n Mens moet dus in die eerste en laaste plek met die Woord self omgaan. Dit geld vir elke prediker en elke leser, selfs elke kind. Wie gelowig met die Bybel omgaan, sal ondervind dat die Bybel homself laat geld, maar nie as 'n boek wat ons gevoel of verstandelike vermoë streel nie. Intendeel, die boek gaan juis teen ons natuur in en teen die manier waarop ons ons verstand gebruik. Die boek bring ons tot inkeer, verandering en oorgawe. Die boek is nie bloot 'n voorwerp van ons ondersoek nie, maar hy spreek ons aan, eis ons op en gee ons 'n ander perspektief op onself in ons verhouding tot God en ons naaste, tot die hele lewe en die hele skepping. Die Bybel bring ons tot die besef dat ons verstand wel 'n werktuig is om die Skrif mee te verklaar, maar dat die Skrif self die maatstaf is. Die Bybel maak die gelowige vry van homself, vry om die rykdom van God en die lewe te sien en tot belydenis en lofsegging te kom. Dit laat ons bely: die Woord is my lamp en my lig, my vreugde en my krag. Loof die Here!

2.13 Samevatting:

Net soos die opset van die Ou Testament wys die inhoud op die belangrikheid van God se openbaring deur sy woord asook op die belangrikheid van God se historiese optrede en op die feitlikheid van die historiese gegewens (teenoor 'n kerugmatiese benadering van die Ou Testament). God gaan openbaringshistories te werk. Die Ou Testament is nie bloot geïnteresseerd in heilsgeskiedenis nie, maar in onderrig in die geboorte van die Here sodat dit in die praktiese lewe onderhou moet word.

God bly persoonlik betrokke by sy woord, en aangesien God in 'n persoonlike verhouding met die mens staan, wil Hy hom persoonlik aanspreek binne sy persoonlike en historiese situasies. Deur die Woord "ken" God die gelowiges en word Hy deur hulle "geken": daar word 'n persoonlike verhouding gevorm wat Goddelike sorg vir die gelowiges insluit en gelowige, gehoorsame omgang met God deur die gelowiges. As dit nie gebeur nie, stuur die mens af op oordeel en ondergang.

[77] God bring die mens deur die Heilige Gees tot biddende omgang met die Woord en tot gelowige reaksie daarop. Tegelykertyd eis God dat daar gebid moet word om die Gees, want sonder hierdie lewewekkende Gees is die mens tot niks in staat nie, aangesien hy magteloos, dood, lê in die sonde. Hy is geneig om die Woord te verdraai en te verideologiseer vir eie belang: persoonlike, nasionale en ander groepsbelang, onder ander gemeentelike, "kerklike" belang.

Aangesien God openbaringshistories te werk gaan, is daar aktualisering van Skrifgegewens en feite in nuwe situasies. Daar bly egter 'n historiese kontinuïteit. Dit is die gesag van God se Woord wat vir Israel deurslaggewend is om hulleself binne nuwe historiese situasies te verstaan. Dit is nie hulle selfverstaan binne nuwe situasies wat deurslaggewend is vir die verklaring van die Skrif nie. Die openbaring moet nie eksistensialisties en ook nie bloot verlossingsmatig verklaar word nie. Getuïenisse omtrent God se werksaamheid word vasgelê om onthou te word. Dit trek saam in 'n skriftelike vaslegging. God is nie net by die mondelinge woord persoonlik betrokke nie, maar ook by hierdie vasgelegde Woord.

Die geskiedenis loop na 'n eindpunt toe. By die finale konsentrasiepunt van die geskiedenis is daar 'n nou verbinding van God se heerskappy en geskiedenis, persoon, en lewewekking: God kom na sy verlore volk toe, en sy koms word voorafgegaan deur die prediking van sy woord (as oproep tot bekering), wat in 'n persoon vergestalt is ("die profeet Elia", Mal. 4:5). Woord en persoon word uiteindelik ten volle vergestalt in Jesus Christus. Die woord word dus uiteindelik nie net daad of gebeurtenis nie, maar ook persoon. Die Ou Testament moet uiteindelik in die lig van sy vervulling in Jesus Christus verklaar word.

Die Ou Testament vra 'n eie verklaringsmetode, nie 'n gewoon historiese, soos byvoorbeeld by die godsdiensgeskiedenis, nie. God werk openbaringshistories. Dit geld ook van die vorming van sy woord in 'n op-skrif-gestelde vorm: wat van die woord geword het (sy toledot), die uiteindelige opset wat vertoon word. (Dit geld ook vir die uiteindelige opset waarbinne die Ou Testament hom bevind, naamlik die Bybel as omvattende Ou Testament en Nuwe Testament. Maar kyk daarvoor VI).

Die Bybel is die Woord van God en daarom groter as die verklaring. Die Goddelike waarheid van die Woord laat homself geld, en so ook God se persoonlike betrokkenheid by die Woord deur die Heilige Gees.

3. GOD DIE SKEPPER EN REGEERDER, EN DIE MENS 'N KONING

3.1 God is skepper en maghebber oor alles

Uit die voorgaande is dit duidelik dat dit vir die verklaring van die Ou Testament van groot belang is om te let op die belangrike plek wat God se skeppingsoptrede en sy hoedanigheid as skepper daarin het. Daarmee word tegelykertyd God se soewereiniteit of heerskappy oor alle dinge benadruk.

[78] God se hoedanigheid as skepper word deur die skrywer van Genesis en deur die opset van die Ou Testament heel voorop gestel. Dat God skepper en maghebber oor alles is, blyk ook uit meer as hierdie opset en word benadruk deur die geskiedenis van die sondvloed, die bou van Babel en die roeping van Abraham met al die beloftes van 'n groot nageslag en 'n land. Verder word hierdie hoedanigheid van God beklemtoon in die geskiedenis van die verlossing uit Egipte en die natuurwonders wat daarmee gepaard gegaan het (die plae, die deurtog deur die Rietsee, die wonders gedurende die woestynreis en die intog). Dieselfde geld van die geskiedenis van die rigters en van die konings.

Ook die digterlike boeke lê groot nadruk op die feit dat God die skepper is. Die Psalms praat byvoorbeeld dikwels daarvan, en die wysheidsboeke Spreuke en Prediker lê soveel klem daarop dat die trekke van die besondere openbaring selfs in 'n groot mate daaragter skuil gaan. Daar is geen vermelding van Israel as uitverkore volk, die verbond, wet, profete en tempeldiens nie. Baie verklaarders vind dit dan ook onmoontlik om die wysheidsboeke in 'n struktuur van 'n Teologie van die Ou Testament te plaas. Dit is omdat hierdie verklaarders te soteriologies is in hulle uitgangspunt en daardeur nie 'n oog het vir God se hoedanighede as skepper en onderhouer van die skepping nie. Ook die profete getuig van God se skeppersmag. Dit is een van die hoofkenmerke van hulle prediking.

3.2 God se skeppershoedanigheid is iets aktueels

Dit is belangrik om daarop te let dat God in die Ou Testament nie slegs gesien word as die skepper in die sin dat Hy in die verre verlede die aarde geskep het nie. Sy skeppershoedanigheid is ook iets aktueels. Hy is die skepper wat sy skepping in stand hou (vgl. bv. Jes. 40:12 e.v.). Sy doel is die herstel van sy hele skepping, iets waarvan veral die

eskatologiese gedeeltes getuig. God se skeppingswerk en onderhoudingswerk moet wel duidelik van mekaar onderskei word. Sy skeppingswerk is afgehandel; die onderhouding van die skepping is nie maar 'n voortgaande skepping nie.

Tog openbaar God Hom nou nog in die natuur: die hemel, die uitspansel en alles op die aarde getuig van God se mag en van sy werk. Dit word byvoorbeeld uitdruklik geleer in Ps. 19: 1-7. Dieselfde psalm laat tegelykertyd duidelik sien dat die natuur nie op sigself as openbaringsmiddel gesien moet word nie, maar in die nouste verband met die Woord (19:8 e.v.). So alleen kan die mens, synde sondige mens, die natuur reg lees (19:13 e.v.; vgl. ook Rom. 1:18 e.v.). Die Ou Testament verkondig God as die skepper van alles (Gen. 1; Jes. 40:12 e.v.), die absolute heerser oor alle dinge (Ps. 8; 19; 24; 33). Hy dra sy gelowiges, nie hulle vir Hom, soos die aanbidders van die afgode, nie (Jes. 46). Niks is aan sy heerskappy onttrek nie, selfs nie die doderyk nie (Ps. 139:8). Hy is die lewende God, die God wat "is" en wat alles laat wees (Eks. 3:14; Gen. 1:3,6, ens.).

Hy is die bron van alles, die subjek van alle handeling (vgl. die veelvuldige "Ek is - uitsprake" in die tweede deel van Jes. (bv. 42:6 e.v.; 43:3 e.v.; 43:11 e.v.; [79] 44:6 e.v.). Hy sorg vir sy skepping. Hy beoefen 'n besondere persoonlike omgang met die mens (vgl. 4). God is tegelykertyd koning en herder. Sy volk is sy kudde wat liefderyk deur Hom versorg word (Ps. 23; 81). Bowendien is die mens nie maar soos enige ander skepsel nie maar is koning van God se skepping en geskep om oor die skepping te heers (Gen. 1:26 e.v.; Ps. 8).

3.3 Die mens se aardse bestaan, behoeftes en koninklike roeping

Verskillende skrywers wys daarop dat die verklaring en benadering in die verlede nie die aspek van God as skepper, en sy bemoeienis met die mens se alledaagse bestaan genoeg beklemtoon het nie, maar te soteriologies van aard was. Daarom is dit byvoorbeeld aan Marx oorgelaat om 'n maatskappykritiek te ontwikkel.

Brueggemann pleit vir 'n nuwe benadering in die verklaring van die Ou Testament. Hy wil op grond van die wysheidsliteratuur die lig laat val op die konkrete aardse bestaan, behoeftes en verantwoordelikheid. Hierdie dinge is volgens hom deur die reformasie in die 16e en 17e eeu verwaarloos. Die kerk moet deur 'n soort vierde amp die kennis van die spesialiste op die verskillende lewensgebiede, soos die politiek en die ekonomie, implementeer. Daarmee versekulariseer Brueggemann egter die ampte enersyds en verkerklik en versakraliseer hy die lewe andersyds. Die oplossing lê eerder in 'n beoefening van die onderwys en wetenskap in die lig van die Skrif om die gelowiges vir hulle taak op alle lewensterreine toe te rus en te besiel. (Vlg. J.L. Helberg, 1981, 89-95). As die Ou Testament verklaar word met die regte aksent op God as skepper en regeerder, kan bogenoemde roeping van die gelowiges in perspektief gesien word.

'n Verklaring van die Ou Testament wat God as skepper en regeerder tot sy reg laat kom, laat die lig ook val op die mens se aardse bestaan met sy geestelike sowel as sy stoflike en liggaamlike behoeftes. In so 'n verklaring val die aksent onder meer op armoede, siekte, eensaamheid, hulpeloosheid, verdrukking, ens. en op die verantwoordelikheid wat 'n mens het teenoor mense in sulke omstandighede. Maar ook die verantwoordelikhede van die mense wat self in hierdie situasies verkeer, word in so 'n verklaring beklemtoon, want die Ou Testament stem sulke mense nie tot 'n gees van passiwiteit nie (vgl. bv. Spreuke oor armoede). So 'n verklaring het ook 'n oog vir die stoflike en geestelike seëninge waarop die mens moet reageer met dankbaarheid, lewensvreugde en genieting in erkentlikheid van die goeie Gewer van al die goeie gawes. Dit laat verder die lig val op die mens se voorreg en verantwoordelikheid in die beoefening van kuns, kultuur, ontspanning, sport, wetenskap, tegniek, handel, ens.

'n Verklaring van die Ou Testament wat God as skepper tot sy reg laat kom, trap nie maklik in die strik van vergeesteliking nie en is nie maklik skuldig aan onderwaardering of nivellering van die materiële gedeeltes van die Ou Testament nie. Die mens word gesien in sy diepe afhanklikheid en sondigheid, maar ook in sy hoedanigheid as koning van God se skepping. As koningsmens is hy geseënd, bevoorreg en verantwoordelik. Hy het 'n materiële en geestelike ^[80] roeping wat uitgevoer moet word in liefde tot God en die naaste en met verantwoordelikheid teenoor die natuur. God is nie net in die mens se verlossing geïnteresseerd of in 'n soteriologiese gemeenskapsbeoefening met Hom nie, maar ook veral daarin dat die mens Hom in die gewone lewe dien deur sy geboorte te onderhou (vgl. ook 2.6).

4. PERSOONLIKE GEMEENSAP EN PERSOONLIKE GERIGTHEID

4.1 Persoonlike gemeenskap, persoonlike geborgenheid en persoonlike diens

Die koninkryk van God sluit God se persoonlike gemeenskap met die mens in. Dit kom reeds na vore in die skepping van die mens as beeld van God. Daarmee word twee hoedanighede van die mens aangedui. Enersyds is die mens geheel en al afhanklik van God. Die mens het geen bestaansmoontlikheid in homself nie - net so min as 'n skadubeeld, of as enige afbeelding. Andersyds is daar 'n innige verhouding tussen die mens en God, die mens is 'n verteenwoordiger van God, selfs meer: 'n kind van God (Vriezen; vgl. Gen. 1:26,27; 5:1 met 5:3). Albei hierdie hoedanighede van die mens word uitgedruk in die feit dat God vir die mens die lewensasem ingeblaas het (Gen. 2:7). Die mens is die heerser van God se skepping en staan onder heerskappy van God.

Die persoonlike gemeenskap tussen God en mens hou persoonlike geborgenheid en persoonlike diens in. As beeld van God staan die mens in 'n persoonlike verhouding tot God en het hy 'n persoonlike verantwoordelikheid om 'n beslissing te maak vir of téén gehoorsaamheid van God se absolute heerskappy (vgl. die boom van kennis van goed en kwaad, Gen. 2,3). In die ware persoonlike gemeenskap met God lê die onverganklike lewe: "Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem" (d.w.s. na God toe geneem, Gen. 5:24). God staan in so 'n noue persoonlike verhouding met die gelowige aartsvaders dat Hy sy Naam aan hulle verbind: "die God van Abraham, Isak en Jakob" (Gen. 26:24; 28:13; Eks. 3:6). Dit maak hulle geskiedenis en hulleself onsterflik (Matt. 22:29-32; vgl. VI. 2.2). Hulle is vir altyd in Hom geborge.

Ook die selfbekendstelling van God wanneer hy Moses roep om die bondsvolk uit Egipte te lei, getuig van God se absolute vrymag in verband met sy openbaring aan die mens sowel as sy persoonlike verbondenheid met die mens. God weier die versoek van Moses om Homself in 'n naam te openbaar. Tog openbaar God Homself tegelykertyd daarmee as: "Ek is wat Ek is"; "Ek is"; "Jahwe" (Eks. 3:13, 14, 15; 6:2). Daarmee betuig God dat Hy heeltemal vrymagtig is. Hy kan deur geen tyd of ruimte of naam omvat of ingeperk word nie. Geen naam of openbaring kan God ten volle omvat of aan die lig bring nie, maar God openbaar Hom wel so dat sy volk met vertroue na sy woord kan luister en sy wil kan gehoorsaam. Hy "is" by sy volk: Hy is beskermend by hulle teenwoordig. Daarom is dit 'n bemoediging vir Moses as God sê: Ek sal met jou "wees" (Eks. 3:12). Die Here is die God wat van ouds af al deur die geslagte vir sy volk optree. Hy word geken aan sy verbondsverhouding met sy volk en aan sy verbondsoptrede vir hulle in verlede en hede (Eks. 3:15). ^[81] Die verbondsverhouding moet die grond wees vir sy volk om te vertrou dat Hy reddend vir hulle sal optree. (Kyk verder die bespreking i.v.m. die verbond, 5). Die persoonlike gemeenskap tussen God en mens kom ook in die uittoggeskiedenis na vore. Israel word geroep om 'n koninkryk van priesters te wees (Eks. 19:5,6): almal moet priesters wees en moet direkte, persoonlike toegang tot God hê. Dit kom ook uit in die individuele aanspreekvorm in die tien

gebooië: "Jy" mag nie . . . (Eks. 20).

Die psalmdigters druk hierdie persoonlike gemeenskap onder meer uit in die intieme aanspreekvorm "My God" wat in verskeie psalms voorkom. Die algehele vrymag van God en sy persoonlike gemeenskap met die mens is pragtig geïntegreer in Ps. 23: koningsmag en herderlike sorg. Die profeet Jesaja verenig bogenoemde twee elemente in die naam waarmee Hy God aandui, naamlik: "die Heilige van Israel". As Heilige is God heeltemal vrymagtig, ongebonde en transendent. Tog kan Hy geken word aan sy verhouding met Israel.

Die profete lê besonder baie aksent op die heerskappy van God, maar ook op sy persoonlike verhouding met elke lid van die volk. Daarom wys hulle met groot erns alle soorte formalisme af en dring aan op persoonlike bekering en godsdiens van die hart.

4.2 Persoonlike betrokkenheid by die Woord

Die persoonlike gemeenskap tussen God en mens hou ook in dat alle formalisme in verband met die Woord afgewys word. Die mens moet nie met die Woord omgaan asof dit 'n onpersoonlike geskiedenis, wet of mededeling is nie of iets wat 'n onpersoonlike reaksie van die mens vra nie. Dit is God se Woord. God is persoonlik daarby betrokke en wil die leser daarin persoonlik toespreek deur sy Heilige Gees. (Kyk die bespreking in 2.2).

4.3 Persoonlike gerigtheid in verband met basiese probleme van die mensdom

Die Ou-Testamentiese openbaring het 'n persoonlike gerigtheid in verband met basiese probleme van die mensdom. Die verwagtings vir 'n oplossing word gerig op persoonlike verhoudings en op persone. Reeds in die paradys is daar die verwagting oor die vrou se saad of nageslag wat die slang sal oorwin (Gen. 3:15; vgl. my Die Here Regeer). Eva verwag van Set se geboorte troos oor Abel wat vermoor is (Gen. 4:25). Lameg verwag van Noag se geboorte troos oor die moeitevolle aardse bestaan onder die vloek van die HERE (Gen. 5:29). Die mensdom probeer met die toringbou van Babel 'n eenheid bewerkstellig, maar God doen dit deur die roeping van 'n persoon, Abraham (Gen. 12:1-3). Die beloftes in hierdie verband word aan die geboorte van 'n kind verbind. God roep 'n persoon om vir Israel redding uit Egipte te bewerkstellig. Die redding sluit nie net natuurwonders in nie, maar ook 'n persoonlike intrede van Moses vir die sondige volk. Die redding vra persoonlike middelaarskap (Eks. 32; 33).

Wanneer Dawid vir die Here 'n huis wil bou, weier die Here dit en sê dat Hy intendeel vir Dawid 'n huis sal bou. Dit sal vergestaltung kry in 'n ^[82] vader-kind-verhouding tussen die HERE en 'n seun van Dawid (2 Sam. 7). Hierdie profesie dra sterk messiaanse trekke en wys dat die persoonlike verhouding 'n sentrale plek in die Ou-Testamentiese openbaring gehad het. Die digterlike boeke handel onder andere oor die wysheid wat verkry word uit die waarneming van die natuur en die gewone lewe. Dit word alles verbind met 'n persoonlike verhouding met God: "die vrees of dien van die HERE is die beginsel van die kennis" (Job 28:28; Ps. 111:10; Spr. 1:7; Pred. 12:13). Ook by die profete word die openbaringsgeskiedenis sterk op 'n persoon gerig. Die verbond kry persoonlik gestalte in die Here se kneg (Hy word 'n verbond van die volk gemaak, Jes. 42:6; vgl. ook 49:8); dieselfde geld van die woord (Jes. 49:2 - die kneg is self die woord, naamlik 'n skerp pyl; vgl. ook Jes. 53: die lydende kneg). Die profete verkondig nie slegs die woord nie, maar die woord neem in 'n sekere sin ook in hulle lewe persoonlike gestalte aan. Jeremia het 'n groot stryd met die woord wat vir Israel die oordeel bring. Die woord verteer vir Jeremia van binne (vgl. bv. Jer. 20). Jeremia moet ook ongetroud bly as teken van die eensaamheid van die volk. Esegïël mag om 'n soortgelyke rede nie oor die dood van sy vrou treur nie. Hosea se huwelik met 'n prostituut bring iets van God se verhouding met die ontroue Israel tot persoonlike

vergestalting. Die laaste profeet in die ry van die profeteboeke, naamlik Maleagi, verbind die redding op die Dag van die HERE, die dag van oordeel, met die persone Moses en Elia. Maleagi maak ook 'n noue verbinding tussen die Woord (wet) van God en hierdie persone (vgl. bv. 2.7). Volgens die boek Daniël word die menslike geskiedenis gekenmerk deur verontpersoonliking. Dit kom tot uiting in die wêreldryke wat vergestalt is in hulle konings wat voorgestel word as diere (Dan. 2:7-12). Ook hulle staan onder heerskappy van God, en uiteindelik sal Hy 'n ware, menslike regeerder laat kom. Dit is die "seun van die mens", die ware mens, wat uit die hemel kom. Die gelowiges ("heiliges van die Allerhoogste") sal saam met hom regeer (Dan. 7:13-18). Die openbaringsgeskiedenis kom dus uiteindelik tot 'n volle persoonlike toespitsing.

In die verklaring van die Ou Testament moet die persoonlike gesentreerdheid daarvan dus in gedagte gehou word. God se koningsheerskappy het veral te doen met die mens, die koning van God se skepping, die mens wat na die beeld van God geskep is. God wil die mens tot 'n innige verhouding met Hom en met die naaste bring. Daarmee het die geskiedenis begin en daarmee sal dit eindig. Elke gedeelte in die Ou Testament moet binne hierdie groot verband van die verhouding tussen God en die mens benader word. (Vgl. ook die bespreking van menslike voorreg, verantwoordelikheid, ens. in 3). Die Ou Testament is nie bloot 'n boek met ou geskiedenis nie, maar getuig oor wat die verhouding God en mens is en moet wees, ook vandag.

4.4 'n Verbondsverhouding

Die persoonlike gemeenskap tussen God en sy gelowiges kom veral tot uitdrukking in die verbond wat die Here met hulle opgerig het en wat 'n baie sentrale plek in die Ou Testament inneem. Die skrywers van die historiese, profetiese en die digterlike boeke verwys dikwels daarna, veral na die uittog ^[83] uit Egipte en die gepaardgaande verbondsbepalings en verbondsverhouding. (In die wysheidsliteratuur is daar nie sulke verwysings nie, maar dit is vanweë die besondere aard daarvan). Dit bewys dat die latere skrywers ook God se optrede in hulle eie tyd vanuit 'n verbondsvisie benader en in 'n openbaringshistoriese perspektief sien.

Die opset van die Ou Testament wys dat die verbond van God, in die vorm wat dit aan ons gegee is, in besonder te doen het met die verlossing van die mens wat deur-en-deur sondig is, tot die dood toe gedoem is. Die eerste uitdruklike vermelding van die verbond (Gen. 9:1 e.v., veral v.9 e.v.) is wanneer God die mens getipeer het as só sondig. Hierdie sondigheid vereis volkome vernietiging (Gen. 6:5-7); maar deur God se onbegryplike genade laat Hy hierdie vernietiging nie plaasvind nie (Gen. 8:21). Hy het wel 'n vernietigende oordeel oor die mensdom laat kom deur die sondvloed (Gen. 6:8 e.v.), maar in sy groot genade (Gen. 6:8) tog gesorg vir 'n oorblyfseltjie, naamlik Noag en sy gesin (Gen. 6:9 e.v.).

Selfs daarna is die mens wesenlik nog net so sondig (Gen.8:21). Die mens het homself inderdaad onherroeplik prysgegee aan die sonde, naamlik om los van God besluite te wil neem en te wil leef (Gen. 2:17). Dit beteken disintegrering, dood (Gen. 2:17; 3:1 e.v.). Die dood het liggaamlik (Gen. 5:5 e.v.: vgl. die refrein "en hy het gesterwe") en geestelik (vgl. sy verdorwenheid, Gen. 6:5-7; 8:21) ingetree - onherroeplik en ongeneeslik. Maar in God se onbegryplike genade behou Hy tog 'n kern van stoflike en geestelike lewe by die mens en die skepping (Gen. 6:9 e.v.; 8:21) en hou Hy sy skepping in stand (Gen. 8:22; 9:1 e.v.). Dit gaan vir God om die behoud van sy skepping, waarvan die mens die kroon is. Dit doen God deur sy verbond (Gen. 9:9 e.v., let wel: 7 keer die woord "verbond"). Sy verbond is dus 'n middel of 'n manier waarop Hy sy skepping verlos en in stand hou. Anders gestel: die verbond is die manier waarop God in die gevalle skepping sy koninkryk laat geld of in stand hou. Die verbond is dus baie sterk op verlossing toegespits.

Hiermee is egter nie alles omtrent die verbond gesê nie. Selfs voor die sondeval het God wesenlik in 'n verbondsverhouding met die mens gestaan. Dit blyk uit die feit dat die mens na die beeld van God geskep is. Daar is 'n groot verskil tussen God en mens, so groot soos tussen 'n voorwerp en sy afbeelding, of tussen 'n liggaam en sy skadubeeld. Die mens is ook vir sy bestaan diep afhanklik van God, net soos 'n skaduwee afhanklik is van die liggaam. Daar is egter ook 'n noue verband tussen die mens en God, net soos tussen 'n skaduwee en 'n liggaam. Die mens is soos 'n kind van God. Hy is egter nie 'n kind in die gewone sin van die woord nie. Die verhouding God-mens is nie 'n natuurlike vader-kind-verhouding nie. As die mens nie gehoorsaam is nie, kan die verhouding tussen hom en God verval. Hierdie verhouding is dus in wese 'n verbondsverhouding en is anders as 'n natuurlike vader-kind-verhouding wat nie kan verval nie maar op 'n onverbreeklike bloedverwantskap berus. Hierdie laaste feit was byvoorbeeld die oorsaak dat die heidense nasies nie van 'n verbond tussen hulle gode en die betrokke nasie gepraat het nie. Die gode was volksgode of stamgode en was dus outomaties aan die volk of stam verbind.

[84] 4.5 Die verbond in die verband van die koninkryk

Dit is belangrik om tussen koninkryk en verbond te onderskei en hulle in die regte verhouding tot mekaar te sien. (Vgl. bv. L. Floor, 1981, 22-24.) As die verbond in isolasie benader word, kan dit verkeerdelik lei tot 'n soteriologiese verklaring van die Ou Testament. As die koninkryk in isolasie benader word, kan dit lei tot 'n individualistiese verklaring van die koninkryk waarin die organiese verband en eenheid van skepping en verlossing verloor word. (Vgl. daarteenoor die verbinding van verbond en koninkryk in Eks. 19:5,6). Dit kan op sy beurt weer lei tot 'n rewolusionêre verklaring met 'n gevolglike rewolusionêre benadering van die hele menslike bestaanswyse. Die teologie van die rewolusie hou byvoorbeeld nie die eenheid van skepping en verlossing vas nie. Dit gaan vir die rigting nie om herstel van wat God geskep en gedoen het nie, maar om rewolusionêre verandering.

Die verbond in die vorm waarin dit in die Ou Testament gegee is, geld dus veral die verlossende aspek van die openbaring (binne die verband van die koninkryk) en raak die mensdom en skepping as geheel. Vanweë die mensdom se hardnekkige opstand teen God volg God die weg om vir Hom 'n nasie af te sonder in en deur wie Hy sy verlossingswerk voortsit. Die doel bly steeds die herstel van die geheel. Al die nasies van die aarde sal uiteindelik op hierdie manier in die seën van God deel (Gen. 12:2,3; 22:18). Dit geld nie van alle persone uit alle nasies nie, maar die "oorblyfsel" uit die verskillende nasies, net soos Israel die "oorblyfsel" uit al die nasies was.

Uit die voorgaande bespreking is dit duidelik dat dit belangrik is om in die verklaring van die Ou Testament rekening te hou met die verbond. Dit werp lig op die verband tussen verlossing, koninkryk en Godsvolk, en is belangrik vir die verklaring van die Ou Testament sowel as die Nuwe Testament. Daardeur kan die gelowiges in hulle groeps- sowel as individuele bestaan tot hulle reg kom en kan belangrike slaggate vermy word soos nasionalisering van die Godsvolk (kerk), of vergeesteliking van die Godsvolk. 'n Verklaring wat met die verbond erns maak, laat die lig val op die innigheid en warmte van die verhouding tussen God en die gelowiges asook op die onveranderlike trou van God. In so 'n verklaring val die lig egter ook op die menslike roeping en verantwoordelikheid aangesien slegs 'n oorblyfsel gered sal word: die ware en getroue gelowiges.

5. DOOD, LEWEWEKKING EN HOOP (ESKATOLOGIE)

5.1 Belofte en verwagtings

Net soos die Ou Testament 'n openbaringshistoriese tekening van skepping en sondeval gee, nie 'n tydlose of eksistensialistiese tekening nie, so gee dit ook 'n openbaringshistoriese tekening van verlossing. Die verlossing word geknoop aan toekomsbeloftes, nie aan beloftes vir bloot hier en nou nie. Dit kom veral na vore in God se beloftes aan Abraham (Gen. 12:1-3). Genesis laat duidelik sien dat hierdie beloftes nie in Abraham se tyd of in die van die aartsvaders vervul sal word nie. Die aartsvaders bly intendeel selfs vreemdelinge in die [85] beloofde land. Daar is 'n baie sterk toekomselement in die openbaring. Ons sou dit die kern van die eskatologiese verwagtings kon noem. Dit geld nie alleen vir Genesis nie, maar ook vir die res van die geskiedenis. Die gebeurtenisse rondom die uittog word gekenmerk deur gedurige verwagtings. Selfs wanneer die verbondsvolk al binne die beloofde land woon, moet hulle steeds uit verwagtings leef. Dit geld ook van die koningskap waarop die volk hulle hoop gevestig het vir die oplossing van hulle probleme onder die nasies (1 Sam. 8:20 - 'n koning om hulle oorloë te voer). Ook die koningskap het nie 'n einde gemaak aan toekomsverwagtings nie. Intendeel, die mislukking van die koningskap het juis die eskatologiese verwagtings laat opbloeï (vgl. veral Jes. 7; 9; 11).

5.2 God tree lewewekkend op in die bestaanswyse van die mens

Die hoop en toekomsverwagtings hang saam met nog 'n belangrike faktor in die openbaringsgeskiedenis: God se lewewekkende optrede in die lewe van mens en wêreld en in die verloop van die geskiedenis. Genesis leer dat disharmonie, disintegrering en dood hulle intrede in die skepping gemaak het saam met die sonde. Vanweë die sonde word die verhouding tussen God en mens (en skepping) gekenmerk deur oordeel en genade. Heel aan die begin van die Ou Testament (Gen. 2,3) word die menslike bestaan geteken in die raamwerk van lewe en dood. Dit kenmerk die mens se hele bestaan en geskiedenis. Die mens se lewe loop onherroeplik uit op die dood; en tog het die dood nie die laaste sê nie. Die gelowige vind sy lewe in God, daarom is die lewe onvernietigbaar, ondanks die misterie van die dood (Ps. 49:16, 73:23, 28).

Die gelowige het lyding ondanks sy regverdigheid, selfs vanweë sy regverdigheid; die goddelose daarenteen leef in voorspoed ondanks sy goddeloosheid en selfs as gevolg van sy goddeloosheid. Tog is dit net skyn, in werklikheid is die regverdige voorspoedig, en die goddeloses oes ramspoed (Ps. 1; 73). Want die regverdige vind sy lewe in God. Hy kom alle teenspoed te bowe, hoe moeilik dit ook mag gaan. Selfs as hy in smart verkeer, is hy gelukkig en vol vreugde. Die Here het die armes en hulpeloses lief. Armoede en hulpeloosheid word egter nooit in die Ou Testament as ideaal voorgehou nie. God is 'n redder, Hy red uit ondergang en dood.

Die gelowige is 'n sondaar, hy is tot in sy diepste wese verdorwe (Gen. 8:21; 1 Kon. 8:46; Ps. 51:7; Jer. 13:23; 17:9; ens.). Tog is hy 'n regverdige: hy lewe uit God se genade en rig sy lewe in volgens God se woord; hy leef deur God se lewewekkende krag wat 'n nuwe hart in hom gee, 'n nuwe lewe in hom skeep (Ps. 51:7, 12; Eseg. 36:26).

Ook in die digterlike boeke het die lewewekkende mag van God 'n beheersende plek. In elk van die boeke (behalwe Hooglied) kom die uitdrukking voor: die vrees of dien van die HERE is die beginsel van "die wysheid/kennis" (Job 28:28; Ps. 19:10; Spr. 1:17; ens.; Pred. 12:13). Om God te vrees of te dien beteken ten diepste niks minder nie as om jou lewe aan God te verloor en dit weer uit genade van Hom terug te ontvang (Eichrodt, 1967, 268 e.v.)

[86] 5.3 God tree lewewekkend op in die geskiedenis

Die hele verloop van die geskiedenis in die Ou Testament dra die karakter van ondergang en dood enersyds, en van lewewekkende redding deur God andersyds. Telkens loop dit uit op ondergang en dood, maar telkens laat God deur sy lewewekkende mag die lewe en die geskiedenis voortgaan. Voortgang en lewe is die beheersende faktor, maar dan voortgang en lewe ondanks ondergang en dood, of as 't ware uit ondergang en dood. Dit blyk byvoorbeeld uit die geskiedenis van die paradys, die sondvloed, Abraham, die ander aartsvaders, die rigters, die konings, en ook uit die digterlike en die profetiese boeke. Dit word hier kortliks verder uitgewerk:

In die paradys tree die dood in die menslike lewe in as gevolg van die mens se breuk met God en as Goddelike straf daarop; tog seëvier die lewe en die Goddelike genade (vgl. III 1.3).

Die mensdom is so verdorwe dat God hulle deur 'n sondvloed vernietig, tog hou Hy vir Noag en sy gesin in die lewe; die mensdom leef voort (Gen. 6-8). Die mensdom breek met God by die bou van Babel, en God keer die rug op hulle; tog word Abraham gered, en in hom word 'n seën vir al die nasies in vooruitsig gestel (Gen. 11:1 - 12:3). Die verbondsgeslag, soos beliggaam in Abraham en Sara, loop dood, want hulle het geen kinders nie; tog laat God op 'n wonderbaarlike wyse 'n kind gebore word (Gen. 11:30; 12:2; 17:17-19). God beveel Abraham om hierdie kind te gaan offer, en toets daarmee Abraham se geloof in God se lewewekkende krag (Gen. 11; vgl. Hebr. 11:17-19). Die aartsvaders se geskiedenis eindig met Jakob as 'n vreemdeling in 'n vreemde land, Egipte, en tog met die geloof by Jakob en Josef dat God sy beloftes in verband met die beloofde land sal vervul (Gen. 49:29-31; 50:24,25). Die geskiedenis van die uittog uit Egipte en vestiging in die beloofde land, eindig met die rigtertyd. Dit was 'n laagwatertydperk: "elkeen het gedoen wat goed is in sy oë". Tog gryp God op 'n besondere manier ter wille van sy volk in deur middel van rigters. Die koningstydperk begin met 'n godsdienstige en politieke doodstoestand, waarvan die liggaamlike onvrugbaarheid van Hanna in 'n sekere sin 'n simbool is (1 Sam. 1:1-2:10; vgl. 2:12-4:22). Die volk wil 'n koning hê. Die koningskap sal egter tot hulle nadeel wees, sê God (1 Sam. 8). Tog word messiaanse toekomsverwagtings van verlossing aan die koningskap verbind (2 Sam. 7; Jes. 11:1 e.v.). Die koningskap sleep die volk inderdaad die afgrond in: in die volksdood van ballingskap. Tog is daar 'n herlewering van die volk uit hierdie dood (Eseg. 37). Volgens die indeling van die Griekse vertaling wat in die Afrikaanse vertaling oorgeneem is, eindig die historiese boeke met die boek Ester. Dit gaan oor 'n poging van die vyand om die volk van God uit te roei. Hierdie poging word ter elfder ure gefnuik. God laat sy volk lewe. Die laaste boek volgens die Joodse indeling is Kronieke. Dit eindig met die verlof van Kores aan die Jode om uit die ballingskap terug te keer, met ander woorde lewewekking uit die volksdood van die ballingskap. Die profetiese prediking word gekenmerk deur oordeel en genade, ondergang en lewe. Die geskiedenis sal uitloop op die dag van die Goddelike afrekening. Dit is 'n dag van duisternis - ook vir die volk van God (Amos 5:18-20; **[87]** Klaagliedere 2:21,22). Tog is dit die dag van verlossing. In die eskatologiese verwagtings word dikwels verkondig hoe die volke in die eindtyd teen Jerusalem sal aanstorm (bv. Sag. 14). Die bondsvolk sal alleen ter elfder ure deur God se wonderdadige ingryping gered word.

Die profetiese boeke eindig met Maleagi. Sy laaste woorde getuig van geweldige spanning, onderlinge vyandskap tot selfs in die huisgesinne, en die dreigende oordeel. Tog eindig die boek met 'n Goddelike belofte en dus met hoop: "Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. En Hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie".

5.4 Hoop op die lewende God

Uit die voorgaande bespreking blyk dit dat die Ou Testament se tekening van die geskiedenis - verlede, hede en toekoms - nie enkelvoudig is nie. Dit is nog optimisties nog pessimisties. Alles draai vas, en tog word alles ontwar: alles loop die ondergang tegemoet, tog sal redding en lewe seëvier. Die geskiedenis is geslote na die toekoms toe, en tog oop. Daar is 'n Goddelike reserwe in alles: God het die laaste woord en optrede ondanks die opstand en rewolusie van die mens, ondanks die verdorwe, verderwende en vernietigende magte. Die Ou Testament is 'n boek van hoop, 'n hoop wat nie op die geskiedenis of op mense, magte of gebeurtenisse gevestig is nie, maar op die lewende God.

5.5 Lewewekkende woord en onverbreeklike verbond

Die Ou-Testamentiese hoop is veral gegrond in die lewewekkende werking van God se woord, wat gepaard gaan met die intieme en onverbreeklike aard van die verbond. Die woord bring lewe (Gen. 1), maar dit bring ook die dood. Dit is omdat die mens ongehoorsaam is aan die woord (Gen. 2,3). Die mens is egter na die beeld van God geskape. God staan nie in 'n blote juridiese verhouding tot die mens nie, maar wesenlik in 'n verbondsverhouding (vgl. ook 4.4). Daarom bly die lewe tog op 'n wonderlike manier seëvier in die mens se bestaan. Dit kom onder meer daarin uit dat God die wêreld ná die sondvloed nie vernietig nie omdat die mens sondig is (Gen. 8:21; vgl. ook III 1.3). Die normale reaksie sou wees dat die wêreld daarom juis vernietig word (Gen. 6:5-7). God se woord van genade staan hier voorop.

Selfs wanneer die mensdom met die bou van Babel die rug op God keer, laat God die band tussen Hom en hulle nie heeltemal deurgesny raak nie. God maak 'n nuwe begin met Abraham en handhaaf so die verhouding met die mensdom (Gen. 12:1-3). Die woord speel 'n belangrike rol in die roeping van Abraham. God praat met hom, en daar is geen vermelding van enige ander middel, soos byvoorbeeld die kultus, wat enige rol speel nie. God maak 'n belofte van 'n groot nageslag aan Abraham, en hierdie woord is eintlik 'n nuwe skepping, gesien Abraham se onvrugbare huwelik. Die verhouding tussen God ^[88] en Abraham is intiem en persoonlik, soos blyk uit die naam waarmee God Homself aandui: "die God van Abraham". Hierdie verhouding word in 'n verbond vasgelê (Gen. 15; 17).

God handhaaf ook 'n intieme persoonlike verbondsverhouding met sy volk: Hy het hulle na Hom toe gebring (Eks. 19:4), hulle moet sy verbond hou en vir Hom 'n koninkryk van priesters wees (Eks. 19:5,6). Dit hou in dat hulle almal persoonlike toegang tot God moet hê, en ook dat hulle as volk 'n bemiddelende roeping teenoor die nasies het om hulle na God toe te bring. Hierdie woord van die verbond bring dus lewe vir God se volk. Tog bring dit ook as 't ware die dood. Dit blyk uit die eerste reaksie van die volk ná die afkondiging van die verbondswoorde, die tien gebooie; die volk vra dat God nie direk met hulle moet praat nie, want hulle sal daarvan sterf! (Eks. 20:19; Deut. 5:23-28). Ook Jes. 40:6-8 laat sien dat die woord wat lewe moet bring, eintlik die dood bring. Die verkondiger weet nie wat hy moet verkondig nie, want die woord wat uit God se mond uit gaan, is soos die wind. Die wind laat die veldblom verdor. So word die volk deur die asem van God, dit is sy Gees en woord, vernietig. Dit het prakties gebeur deurdat die woord die volk in ballingskap laat gaan het en so die volksdood oor hulle gebring het. Dit was die straf vir hulle onbekeerlikheid teenoor die woord wat vroeër aan hulle verkondig is. Volgens Jeremia 31:31-34 gaan daar 'n splinternuwe bedeling aanbreek. Die HERE gaan 'n nuwe verbond met sy volk oprig, sy volk wat 'n drastiese louteringsgerig deurgemaak het en as 't ware deur die dood heen is (31:28-30). Hulle verkeer diep onder die indruk van die HERE se toorn oor die sonde, en van hulle eie diepe skuldigheid. Daarby voel hulle hulle magteloos in die greep van die sonde en hulle hunker daarna dat die HERE hulle tot 'n ommekeer moet bring en hulle moet vergewe

(31:18). Die HERE se nuwe verbond bestaan daarin dat Hy sy woord, sy wet, in hulle hart skryf en hulle van binne uit daardeur regeer. Daar kom 'n drastiese verandering in die verbond: "Kyk daar kom dae . . . dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle gesluit het op die dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie - my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek gebieder oor hulle was" (31:31,32). Tog sal die nuwe verbond nie in wese van die vorige verskil nie: "en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees" (31:33). Die verbond sal as 't ware saam met die skuldige volk gesterf en opgestaan het. Ook Eseg. 36, 37 praat oor die drastiese verandering wat gaan kom en die nuwe bedeling wat gaan aanbreek. Die verbondsvolk is deur die oordeel van God weggevoer in ballingskap en is verstrooi onder die nasies (36:19). Net soos in Jer. 31 word hier van die nuwe verbond gepraat. Dit word egter nie uitdruklik so genoem nie, en die nadruk val op die verandering van die volk se hart. Dit sal deur die Gees van God bewerk word. Dardeur sal die volk God se woord, sy gebooe, onderhou (36:26-28). Die ballingskap beteken die dood van die volk, hulle is soos doodsbene. Maar hulle word lewendig deurdat die woord tot hulle geprofeteer word (37:4) en die Gees van God in hulle gegee word (37:14). Dit is as 't ware 'n nuwe skepping wat hier plaasvind (vgl. Gen. 2:7).

[89] 5.6 Die Woord deur die dood heen saam met die volk en vir die volk

Jesaja 53 leer dat die woord deur die dood heen gegaan het saam met die volk en ter wille van die volk, in die plek van die volk. Hierdie gedeelte handel oor die lydende kneg wat ter wille van die sonde van sy volk mishandel en doodgemaak is maar tog bly voortleef het. Die gedeelte is een van die knegliedere wat in Jes. 41-53 voorkom en veral 'n besondere uitdrukking vind in 42:1-7; 49:1-7; 50:4-11; 52:13-53:12. In elk van die laasgenoemde vier liedere wissel die identifikasie van die kneg tussen die profeet, die volk en iemand wat veel meer is as die profeet en die volk. Die volk berokken hom lyding, en hy ly tegelykertyd in hulle plek. Hierdie kneg verkondig die woord en is ook self die woord (49:2). Die woord is so nou verbonde aan die volk dat hy in 'n sekere sin met die volk geïdentifiseer word. Dit gaan nog verder: hy tree in hulle plek vir hulle in.

Die woord het, soos reeds in 4.3 aangetoon is, die tendens om in die profete gestalte te kry: Jeremia mag nie trou nie, Esegïel mag nie oor sy vrou rou nie, Hosea moet met 'n prostituut trou. Hier in die kneglied is dit nog verder deurgevoer: die woord neem in die volk gestalte aan, maar tog so dat volk en woord nie in mekaar opgaan en vermeng nie. Inteendeel, daar is 'n botsing tussen die volk en hom wat meer is as die volk en die profeet, 'n botsing tussen die volk en hom in wie die woord gestalte gekry het. Die verrassende is dat dit hier nie die volk is wat die lydende party van die twee is nie, anders as in Eks. 20:17 en Jes. 40:6-8. Hier is die lydende party inteendeel hy in wie die woord gestalte aangeneem het. Dit is dus eintlik die woord self. Dit geskied nie uit swakheid van die woord nie, maar uit sy vrywillige oorgawe ter wille van die volk. Die kneg oorbrug die kloof tussen God en sy sondige en opstandige volk. Die kneg doen dit nie deur mag en geweld en oordeel oor hulle nie, maar deur inteendeel die voorwerp van hulle opstandigheid te wees en deur vrywillig daardie lyding te ondergaan. Wat meer is, hy ondergaan die lyding ter wille van hulle. God se straf vir hulle sonde kom op hom neer sodat hulle vry kan uitgaan! So gaan die woord eintlik deur die dood heen ter wille van die volk. Uit die voorgaande blyk dat die verbond tussen God en sy volk nie bloot 'n ooreenkoms is nie, maar 'n intiem persoonlike verhouding. Dit is so persoonlik dat dit in 'n persoon gestalte kry: in die kneg (42:6; 49:8). Dit is verder so persoonlik dat dit onverbreeklik is. God se woord bewerkstellig hierdie verbondsverhouding. Die woord gaan saam met die volk en in die volk se plek, in die dood in en daardeur, en bewerk so redding. Wat die woord hier doen, is so buitengewoon, dit vereis iets so wonderliks, dat die Ou

Testament daardeur heeltemal getransendeer word. So word die Ou Testament gelaat met 'n verwagting van 'n nuwe bedeling. Hierdie bedeling sal aanbreek met die koms van iemand wat deur God gegee sal word om dienend God se heerskappy te vestig oor sy volk en oor die skepping. Dan sal nie alleen Israel die lig van God se woord hê nie, maar ook die nasies (42:6; 49:6).

5.7 Samevatting

Deur die mens se sonde is die band met die lewende God gebreek en het die ^[90] dood stoflik en geestelik sy intrek geneem. Volgens die Ou Testament vertoon die hele geskiedenis en die mens se hele bestaanswyse die karakter van lewe uit ondergang en dood. Alles draai uiteindelik vas in die dood: die mens se persoonlike bestaan sowel as die geskiedenis van die wêreld. Maar die hoop en verwagtings bly onwrikbaar staan. God staan in 'n intieme en onverbreeklike persoonlike verbondsverhouding met sy volk.

God se woord is so intiem en persoonlik met sy volk verbind dat die woord persoonlike gestalte kry en saam met die volk, en vir die volk, deur die ondergang en dood heen gaan. Daar kom 'n drastiese verandering deur die lewewekkende werk van die woord: 'n nuwe verbondsverhouding word tot stand gebring deurdat die mens in sy hart verander word om God te dien. Dit is so nuut en wonderlik dat dit 'n nuwe bedeling sal inlui, een wat die Ou-Testamentiese bedeling transendeer.

6. SAMEVATTING

Die Ou Testament moet nie gelees word deur die tregter van wet, verlossing, profesie of wysheid nie en ook nie vanuit 'n tydlose skema nie, maar as openbaringshistoriese en literêre geheel. Alle gedeeltes moet aan die orde kom en moet in die harmonie van die geheel gelees word. Daar mag nie volgens 'n eie skema of vooropgestelde lewens- of wêreldbenadering 'n seleksie gemaak word en die aandag eensydig daarop gevestig word nie, laat staan nog om dit in stryd met ander gedeeltes te stel. So 'n benadering is 'n tonnelvisie en verdraai die Skrif, soos byvoorbeeld 'n individualistiese, nasionalistiese, horisontalistiese en materialistiese benadering.

Die Ou Testament gee openbaring van God, nie bloot gemeentelike belydenis oor God nie, ook nie bloot menslike teologie nie. Bowendien spreek God in die Skrif die mens persoonlik toe in sy persoonlike en historiese situasie. So skeep God 'n persoonlike verhouding tussen Hom en die mens: die mens word deur Hom "geken", dit is in sy sorg geneem, en Hy word deur die mens "geken", dit is in liefde en gehoorsaamheid gedien. God neem die volle inisiatief en voer dit ook deur. Tog vereis Hy van die mens biddende omgang met die Skrif asook gebed om die Heilige Gees waarsonder die mens as sondige wese nie gelowig op die Woord wil reageer nie en gevolglik die ondergang tegemoet gaan. Selfs die gelowiges is geneig om die Woord anders te verklaar en toe te pas as wat God dit bedoel. Hulle verdraai en verideologiseer die Woord vir eie persoonlike, nasionale en ander groepsbelang, soos "kerklike" belang. Die mens is dus die subjek wat met die Woord besig is, maar ook die objek waarmee die Woord besig is. God bly vrymagtig, ook in verband met sy Woord. Die mens kan nie oor die Woord beskik asof dit bloot die objek van ondersoek is en hy die subjek is wat ondersoek doen nie. Die mens moet sy afhanklikheid besef, biddend met God omgaan sodat Hy sy Woord open en die mens open. Die mens moet dus ook hier bereid wees om in die geloof op God te wag wanneer dit nodig is. Die Ou Testament bevat geskiedenis, nie bloot prediking in die vorm van geskiedenis en wat alleen 'n klein betroubare historiese kern bevat nie. Die Ou Testament gee openbaringsgeskiedenis, nie bloot geskiedenis nie, en dit ^[91] aktualiseer die geskiedenis in nuwe historiese omstandighede. Hierdie aktualisering is

egter nie 'n herinterpretasie nie (teen Von Rad e.a.).

Openbaringsgeskiedenis volg sy eie dissipline wat wel in 'n groot mate saamval met die dissipline van geskiedenis, maar tog nie heeltemal nie. Dit is net so min 'n handboek vir geskiedenis van die ou tyd as 'n handboek vir natuurwetenskap, maar wil beskryf hoe God sy heerskappy en gemeenskap deurvoer dwarsdeur die geslagte en historiese gebeurtenisse en geskiedenis heen. Geslagsregisters en historiese weergawes sinkroniseer nie altyd nie, en die verklaarder moet nie in hierdie bykomstighede verstriek raak nie. Die Ou Testament gee openbaringsgeskiedenis, nie 'n skema van idees nie, en moet dus nie vanuit 'n tematiese skema benader en verklaar word nie (bv. God en mens, God en volk, God en skepping, ens.). Die Ou Testament het 'n eie verklaringsmetode: 'n openbaringshistoriese benadering is anders as 'n gewone historiese benadering, gaan nie altyd suiwer chronologies te werk nie, laat nie die datering van boeke of die volgorde van boeke, soos die psalms en profete, vanself 'n deurslaggewende rol speel nie en volg self ook nie in alle opsigte 'n historiese opset nie; daarby sluit dit ook die behandeling in van stof wat nie gewoon histories is nie, soos digterlike, wysheids- en ander literatuur.

Daar is kontinuïteit in God se openbaring en sy ander optrede en dit word vir die nageslagte vasgelê en op skrif gestel. Die openbaringsgeskiedenis trek in 'n brandpunt saam deurdat die woord van God histories en persoonlik gestalte kry. Die woord word nie net daad nie, maar ook persoon. Hierdie historiese en persoonlike vergestaltung gebeur in die koms van 'n persoon in wie die mens se verhouding met God herstel word. Hierdie persoon transendeer die gewone aardse bestaan; Hy is 'n ware mens, die ware verteenwoordiger van die mensdom (Dan. 7:13), maar van hemelse herkoms. Hierdie feit sluit 'n horisontalistiese verklaring van die Ou Testament uit.

Die openbaringshistoriese verklaring hou rekening met God as skepper en regeerder, en daarom met die mens se konkrete aardse bestaan. Hierdie verklaring vergeestelik nie die mens se bestaan nie, maar sien die mens as koning van die skepping en reken met hom in sy liggaamlik-geestelike bestaan. Dit het nie net 'n oog vir heilsgeskiedenis nie maar vir die mens se roeping teenoor God, die naaste en die natuur, en vir die menslike behoeftes, seëninge, vreugde en dankbaarheid.

Daar word in 'n openbaringshistoriese benadering besondere aandag gegee aan die verbondsverhouding tussen God en sy volk en sodoende gewaak teen nasionalisering, horisontalisering en vergeesteliking van die godsdiens. Die mens se groeps- sowel as individuele bestaan, behoeftes en verantwoordelikhede word in gedagte gehou. Die verbondsverhouding laat die innigheid, warmte en vertrouwe aan die lig kom, maar ook die verantwoordelikheid, want dit is net die ware "oorblyfsel" wat gered word. Die verbond bring 'n mens tot realisme en ook tot hoop. Die Ou Testament sien die mens as 'n sondige mens in 'n gebroke wêreld en gebroke verhoudings. So bring dit die mens tot realisme oor homself en ook oor wat hy van ander mense, instellings, die samelewing, ens. kan verwag. So vrywaar die Ou Testament die mens van naïewe verwagtings. Tog bring die Ou Testament die mens tot ware hoop.

[92] Lewewekking uit ondergang en dood vorm 'n sentrale lyn in die Ou Testament. Dit geld vir die geskiedenis en die menslike bestaan. Alles draai vas en loop uit op ondergang en dood. Tog bewerk God voortgang en lewe. Daarom bly die verwagtings om uitkoms altyd lewend; hierdie verwagtings transendeer die mens se persoonlike bestaan en die geskiedenis. Daar is in die Ou Testament 'n oopheid na die toekoms toe, 'n sterk eskatologiese tendens. Daar word 'n drastiese verandering van die bestaande situasie verwag. Die verbond sal plek maak vir 'n nuwe verbond. Hierdie verbond sal aangegaan word met die volk wat deur die oordeelsdood gegaan het en dus die oorblyfsel van die volk is. Die nuwe verbond hou in dat

hulle in hulle harte verander sal word om God te dien (Jer. 31; Eseg. 36,37). Die woord van God identifiseer hom so sterk met die mens dat ook hy, net soos die mens en die geskiedenis, as't ware die dood sal ingaan en daaruit sal opstaan (Jes. 53). Die Ou Testament gee dus openbaringsgeskiedenis van die lewewekkende koninkryksheerskappy van God in persoonlike verbondsgemeenskap met die gevalle mens, die koning van die skepping, wat deur God in sy Woord persoonlik toegespreek en tot geloofsgehoorsaamheid en gemeenskap met Hom gebring word. (Vir die by wie dit nie gebeur nie, volg die Goddelike oordeel; hulle is in werklikheid nie deel van die mensdom nie, maar is soos droë takke wat van die stamboom van die mensdom af afgesaag word.) God se lewewekkende optrede maak dat die Ou Testament 'n oopheid na die toekoms toe vertoon en sterk verwagtings bevat. Die Ou Testament transendeer homself. Die verwagtings is veral daarop gerig dat die woord van God gestalte sal kry in 'n persoon. Jesaja 53 laat sien dat die woord wat persoonlik gestalte gekry het, die weg sal volg van die menslike bestaanswyse en die geskiedenis onder God se genadige heerskappy. Dit is die weg van ondergang en dood, en van lewewekking en opstanding uit die dood. Die hele Ou Testament sal in hierdie persoon saamtrek. Dit sal so wonderlik wees dat die bestaande bedeling daardeur getransendeer sal word en dat 'n nuwe bedeling sal begin. Die Heilige Gees sal 'n nuwe lewe in die mens bewerkstellig, 'n verandering so grondig soos by die skepping (Eseg. 36). Die Ou Testament moet dus so verklaar word dat dit self aan die woord kom, maar tog nie in isolasie nie. Inteendeel, dit is deel van 'n groter opset, die kanon, en daarbinne beklee dit die plek van Ou Testament, 'n plek naas die Nuwe Testament, maar tog in die lig van die Nuwe Testament.

Die Bybel is die Woord van God en daarom meer as die verklaring. As Goddelike waarheid laat dit homself geld selfs as die verklaarders dwaal, en selfs teen die sondige verdraaiing deur die leser in. God bly persoonlik by sy Woord betrokke deur die Heilige Gees. Daarom moet die Bybel deur elke gelowige gelees word en moet biddend daarmee omgegaan word.

[93] VI. DIE VERKLARING VAN DIE OU TESTAMENT DEUR DIE NUWE TESTAMENT

1. DIE OU TESTAMENT VIND SY SAAMTREKPUNT IN EN DEUR CHRISTUS

1.1 Johannes die Doper: die koms van Jesus Christus en die koms van die koninkryk

Soos in die vorige hoofstuk aangedui is, is daar 'n eenheid in die Ou Testament. Die Ou Testament bied nie bloot verskillende meninge of teologieë nie, maar die een openbaring van God. Hierdie eenheid van die Ou Testament is 'n eenheid in God en sy onbegryplike, lewewekkende optrede in 'n wêreld en mensdom wat uitmekaar geslaan is. Hierdie eenheid van God se optrede kom veral uit in die woord se kenmerk om persoonlike gestalte te kry. Oor hóé die dinge presies geïntegreer is, bestaan daar in die Ou Testament nog nie duidelikheid nie. Hierdie integrering sou eers duidelik word wanneer Johannes die Doper ewe abrupt verkondig: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom" (Matt. 3:2). Johannes kom met die prediking van iets nuuts: Die koninkryk is tot met Johannes se tyd nog nooit in die Skrif by name genoem nie. Tog verkondig Johannes dit asof almal weet waaroor hy praat. Hy verduidelik dit nie, en niemand vra hom om dit te doen nie. (Dieselfde geld van Jesus se prediking.) Wat hy verkondig, is 'n samevatting van die hele Ou Testament in die een term: die koninkryk van die hemele, of: die koninkryk van God. Hier word die hele Ou Testament geïntegreer, nie in een of ander idee, ideaal of saak nie, maar heel konkreet histories en persoonlik: in die koms van Jesus Christus. Jesus Christus integreer die Goddelike heerskappy, gemeenskap, lewewekkende optrede, woord en geskiedenis in Homself. In Hom vind die Ou Testament sy saamtrepunt en sy ware sin. Daarom moet die Ou Testament van Hom uit verklaar word.

1.2 Die messiaanse tyd en Jesus Christus

Ook die res van die Nuwe Testament sien dit so dat die nuwe bedeling, die messiaanse tyd in die wye sin van die woord, aangebreek het met die koms van Jesus Christus. Hy word gesien as die vervulling van die verwagtings oor die komende heerser (Dan. 7:13), profeet soos Moses (Deut. 18:15 e.v.) en priester in die orde van Melgisedek (Ps. 110:4) (vgl. Hebr. 6:20). Hy is die lydende ^[94] kneg (Jes. 53) en die seun van die mens (Dan. 7:13 e.v.). (vgl. Matt. 24:30 e.v.; 25:31 e.v.).

Die openbaringshistoriese konsentrasiepunte in die verbondsvolk se geskiedenis, naamlik die uittog uit Egipte en die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap, vind in Hom hulle volle vervulling. Hy is die paaslam, en met Hom tree die woorde van die een wat roep (Jes. 40:3), in vervulling (vgl. 1 Kor. 5:7 e.v.; Matt. 3:1-3) (vgl. bv. Bruce, 1979, 412,3).

1.3 Die Woord het mens geword

In Jesus Christus kry die tendens van die woord in die Ou Testament om persoonlike gestalte te kry, wesenlike vervulling. Hy is die woord wat mens geword het (Joh. 1). In Hom laai die spanning tussen die mens en die woord tot breekpunt toe op. Die woord wat lewe moet bring, bring die dood vanweë die sondige mens se reaksie daarop. Maar soos by die lydende kneg van Jes. 53 het die woord Hom so met die mens ver-een-selwig dat Hy, die mensgeworde woord, as mens vir die mens in die bresse tree en vir hom deur die oordeelsdood gaan. Jesus

is die lydende kneg in die volste sin. Deur sy lyding, dood en opstanding bring Hy 'n nuwe bedeling van die woord.

2. JESUS LÊ 'N VERBAND TUSSEN DIE OU TESTAMENT EN DOOD EN OPSTANDING

2.1 Jesus se prediking aan die Emmaüsgangers - die Ou Testament vind sy sin in Jesus se dood en opstanding

Die Emmaüsgangers was verward oor Jesus se kruisdood, sy leë graf op die derde dag en die berig dat engele sou gesê het dat hy lewe. Jesus sê aan die Emmaüsgangers dat die Christus volgens die Ou Testament hierdie dinge moes ly en in sy heerlijkheid ingaan. Dan lê Hy aan hulle uit hoe die Skrifte van die Ou Testament op Hom betrekking het (Luk. 24:24-27). Volgens Jesus trek die hele Ou Testament dus saam in sy dood en opstanding.

2.2 Jesus se prediking aan die Sadduseërs - God se heerskappy is persoonlik en lewewekkend

Reeds voor sy dood het Jesus dit teenoor die Sadduseërs gestel dat daar vir mense 'n opstanding uit die dood is (Matt. 22:29-32). Hiervoor beroep Hy Hom op 'n selfbekendstelling van God in die Ou Testament. Hierdie beroep van Jesus wys hoe die Ou Testament verklaar moet word om dit reg te kan verstaan en bevestig die uitgangspunte wat in hoofstuk V vir die Skrifverklaring gegee is. Die Ou Testament moet openbaringshistories verklaar word, teosentries, en God se heerskappy sowel as sy persoonlike verbondsgemeenskap met mense moet in gedagte gehou word.

Dit blyk uit Jesus se verrassende bewys van die opstanding. Hy beroep Hom op die uitdrukking: "Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob". Om hierdie uitdrukking te kan verstaan as 'n bewys van 'n opstanding of 'n voortleef ná die dood, moet 'n mens so eksegetiseer: God is ^[95] absoluut soewerein, Hy het alle inisiatief in alles. Daarom hou bogenoemde uitdrukking in dat dit God is wat vir Abraham, Isak en Jakob uitgekies, aangeneem en aan Hom verbind het. Dit is nie hulle wat die inisiatief geneem het, Hom uitgekies, aangeneem en aan hulle verbind het nie. Daarom is die verkiesing en verbinding aan Hom nie verby as hulle gesterf het nie. Die saak rus in die hande van die lewende God, die onverganklike God. Verder, God is 'n God wat persoonlike gemeenskap met mense beoefen. As Hy die God van Abraham, Isak en Jakob genoem word, hou dit in dat hulle voortleef, want Hy beoefen gemeenskap met hulle. En sy optrede is nie net hier en nou nie, maar openbaringshistories. Hy is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes. Calvin verklaar Gen. 17:7 en Eks. 20:6 in hierdie lig, die lig van God se absolute heerskappy en persoonlike gemeenskap met die gelowige wat albei oor die dood heen strek. As God sy goedgunstigheids teenoor mense sou betoon deur ook ná hulle dood aan hulle nakomelinge goed te doen, sal sy guns teenoor hulleself nog minder ontbreek. God is nie soos mense wat liefde aan hulle vriende se kinders betoon omdat die dood verhinder om dit aan die vriende self te betoon nie. Wie deur God, beskikker oor lewe en dood, onder beskerming geneem word, gaan selfs nie deur die dood tot niet nie (Deut. 33:3; Eks. 3:6; Matt. 22:32; vgl. Calvin II. X. 9, 466). Jesus sê dus dat 'n mens saam met die Ou Testament, deur die gebrokenheid van die lewe moet kyk en die paradoksale werklikheid moet raaksien: al skyn ondergang en dood die laaste sê te hê, is dit tog voortgang en lewe wat seëvier, want God is lewe. Sy heerskappy en gemeenskap is lewewekkend.

2.3 Die groot gebod van die Ou Testament - God wat die lewe waarborg, eis liefde

Mattheus lê uitdruklik 'n verband tussen Jesus se gesprek met die Sadduseërs oor die opstanding, en sy stelling oor wat die groot gebod van die Ou Testament is (Matt. 22:34). Eers gaan dit dus om 'n onvervreembare gawe van lewe, en daaruit volg die eis aan die mens om met sy hele wese God lief te hê en sy naaste soos homself (Matt. 22:35-40).

Volgens Jesus trek die Ou Testament dus in 'n eenheid saam. Dit geld van die gawe (lewe deur opstanding) sowel as van die eis (liefde). En hierdie gawe is die vrug van Jesus se eie dood en opstanding (Luk. 24:24-27).

2.4 Jesus bring 'n nuwe bedeling deur sy dood en opstanding

Die bogenoemde Skrifgedeelte oor die opstanding en die liefdesgebod wys enersyds dat Jesus nie iets weselik nuuts verkondig het nie. Andersyds wys dit dat Hyself nie maar die vrug is van die ontwikkeling van die Ou Testament of van Ou-Testamentiese gedagtes nie. Die liefdeseis wat Jesus hier stel, kom uit die Ou Testament. In die Ou Testament is die eis om God lief te hê, wel nie so uitdruklik verbind aan die eis om die naaste lief te hê nie, maar dit word tog veronderstel soos blyk uit die tien gebooe wat voorafgaan aan hierdie eis in Deut. 6:4; vgl. bv. ook Miga 6:8 e.v.). Die nuwe lig wat Jesus bring, lê in die ^[96] plek wat Hyself in verband met die liefdeseis inneem: hoe hierdie eis met Hom verband hou, in Hom vervul word en in Hom vir die mense moontlik word. Dit gebeur deurdat Hy sterf en uit die dood opstaan. Alleen iemand wat homself afsterf en saam met Christus opstaan, kan waarlik liefhê. Die mens se liefde vir God en medemens kom nie uit homself nie maar is die vrug van God se lewewekkende liefde aan die mens in Jesus Christus wat vir die mens geleef, gesterf en uit die dood opgestaan het. Die sonde het so 'n groot breuk in die skepping geslaan dat die mens se lewe en die geskiedenis onherroeplik op die dood afstuur (vgl. V). Hierdie dood het inderdaad ingetree - maar in Jesus Christus. Die sonde het so 'n breuk in die mens en in die wêreld gebring dat die mens in sy diepste wese moet verander en dat ook die bestaande (ou) bedeling moet verander. Daar kom 'n nuwe bedeling. Dit word teweeg gebring deur Jesus Christus. Daarom moet die Ou Testament van Hom uit verklaar word, en dan bepaaldelik vanuit sy sterwe en opstanding waardeur Hy die bestaande bedeling oud gemaak het, die Ou-Testamentiese bedeling. Die geopenbaarde woord het homself so sterk ver-ee-n-selwig met die mens dat hy as't ware vir die mens gesterf het en 'n ou verbond of testament geword het.

2.5 Jesus het persoonlik en histories uit die dood opgestaan volgens die Skrifte.

Ná sy opstanding benadruk Jesus aan sy dissipels dat dit werklik Hy is wat volgens die Skrifte opgestaan het. Dit is nie maar skyn nie of net 'n geestelike verskyning nie. Dit is Jesus self met sy vleis en bloed (Luk. 24:39).

So is sy opstanding 'n vervulling en klimaks van die lyn wat dwarsdeur die Ou Testament voorkom, naamlik dat alles op ondergang en dood uitloop maar dat God lewewekkend daaruit red.

Hierdie persoonlike en historiese opstanding van Jesus is van deurslaggewende betekenis vir die verklaring van die Skrif. Die dood het nie vir Hom in sy persoonlike bestaan die laaste woord nie. Jesus het nie as persoon in die mensdom in verdwyn om net as deel van die mensdom, net in hulle gedagtes, voort te leef nie. Hy het sy persoon en identiteit behou. Dit is

ook die geval met die gelowiges. In Christus behou hulle hulle identiteit: persoonlik, kultureel, volks, ens. Hulle moet ook hulle identiteit teenoor die wêreld behou.

Die konsekwensie van die benadering waarvolgens Jesus nie werklik, histories, opgestaan het nie, is egter dat Jesus en die kerk identiteitloos in die wêreld in assimileer en verdwyn. Verder het dood, afbraak en ondergang, volgens hierdie benadering, by Jesus die laaste woord. Dit geld dan ook van die kerk en van alle dinge. Dit is in wese rewolusieteologie en gee aanleiding tot rewolusionêre omverwerping van alle ordes. So bring 'n a-historiese uitleg 'n mens by opstandsteologie in plaas van opstandingsteologie. Die openbarings-historiese benadering laat die Skrif egter in sy waarheid en rykdom ontvou: lewe het die laaste woord, lewe deur dood en opstanding heen. Dit geld ook vir die mens, liggaamlik sowel as geestelik. Dit is ook in die eerste plek persoonlik van aard: dit begin met 'n lewewekking in die hart, en 'n mens begin daarmee by jouself.

[97] 2.6 Jesus sien ook die nuwe bedeling eskatologies

Die nuwe bedeling wat met die dood en opstanding van Jesus aanbreek, is nie 'n eindvervulling van Ou-Testamentiese verwagtings nie. Jesus betrek die eindvervulling van Daniël se profesie oor die Seun van die mens op sy wederkoms (Dan. 7:13; Matt. 24:30) (vgl. ook Matt. 24:15 e.v. en die profesie in Dan. 11:31; 12:11). Die eskatologiese spanning wat daar in die Ou Testament was, bly in die Nuwe Testament bestaan.

Ook hierdie feit is van besondere belang vir die verklaring van die Skrif. Die verklaring moet openbaringshistories wees en ook die eskatologiese perspektief in berekening bring. Dit maak erns met die feit dat daar voor die koms van Christus geen utopie op aarde sal kom nie, maar dat ons nog na die finale opstanding toe leef. Dit het 'n oog vir die mens se aardse roeping maar waak tegelykertyd teen 'n bloot aardse perspektief en belangstelling. Daarom word so 'n benadering gekenmerk deur nugterheid en hoopvolle verwagting.

2.7 Jesus lê 'n verband tussen die woord en die Heilige Gees

Reeds in die Ou Testament word daar 'n verband gelê tussen die woord van God en die Gees (vgl. bv. Ps. 33:6; Jes. 40: 6-8; Eseg. 37; vgl. V 2.3 en 5.5). Joël 2:28 e.v. betrek die Gees veral by die eskatologiese tyd. Dit het volgens Hand. 2 in vervulling gegaan met pinkster (2:16 e.v.). Die uitstorting van die Heilige Gees is die vrug van Jesus se opstanding. Die Gees van Jesus wat uit die dood opgestaan het, bewerk met lewewekkende krag nuwe lewe in die mens, wat, synde sonaar, dood lê in die sonde.

Hierdie Gees lei die gelowiges in die waarheid van die woord (Joh. 16:13). Om die Skrifte te verstaan, moet hulle op Christus betrek word, en daarvoor moet 'n mens se verstand geopen word (Luk. 24:45). Meer nog, daar moet iets gebeur soos by die profete wanneer hulle die woordopenbaring ontvang het. Hulle moes hulleself verloën. Die woord staan in die teken van dood en opstanding: die mensgeworde woord Christus het deur die dood gegaan en die ou bedeling (Ou Testament) het in 'n sekere sin deur die dood gegaan. Ook die hoorder van die woord moet deur die dood gaan en as 'n nuwe mens opstaan. Dit word deur die Heilige Gees bewerk en geskied deur middel van die gelowige se gebedsoming met die woord (Ps. 1;119). Die Gees werk nie los van die woord nie. God werk openbaringshistories. Daar is lewende, persoonlike kontinuïteit in sy openbaringswerkzaamheid. Dieselfde Gees wat by die openbaring van die woord werkzaam was, is werkzaam by die gelowige as hy dit lees. Die Gees gee deur die woord lig vir die gelowige se situasie (vgl. o.a. A.B. du Toit, 1970, 94; L. Floor, Calvin. . . Ebeling en Fuchs; J.C. Coetzee, B.J. de Klerk en L. Floor. 1980).

3. DIE OU TESTAMENT AS DEEL VAN 'N GROTER GEHEEL

3.1 'n Eenheid van Ou Testament en Nuwe Testament

Soos reeds in 1.1 gesien, is daar 'n eenheid in die Ou Testament. Dit gaan daarin om die koninkryk van God en dit konsentreer veral om die gedagte van ^[98] dood en opstanding. Hierdie eenheid blyk verder ook uit die Nuwe-Testamentiese verwysings na die Ou Testament, soos: "daar staan geskrywe", "die Skrifte", "die Skrif" en die benaming "die wet en die profete" (bv. Matt. 4:4 e.v.; 7:12; 11:13; 21:13, 42; 22:29; Joh. 2:22; Hand. 17:2; Rom. 1:2; 1 Kor. 15:3; ens.). F. H. Klooster (1979, 7) wys tereg daarop dat in die teologie van die reformasie die klemtoon nie net op sola scriptura gelê is nie, maar ook op tota scriptura.

Hierdie verwysings van die Nuwe Testament impliseer nie net eenheid van die Ou Testament op sigself nie, maar ook die eenheid van die Ou Testament saam met die Nuwe Testament. So wys die Ou Testament, soos reeds gesien, op sy beurt vooruit na die nuwe bedeling waarmee die Ou Testament 'n eenheid sal vorm - soos die van die ou verbond en die nuwe verbond.

Die Ou Testament is geherïnterpreteer en geaktualiseer in en deur Jesus Christus. Dit het openbaringshistories plaasgevind, en wel deur 'n eenmalige historiese gebeurtenis. Die openbaringsgeskiedenis het by daardie geleentheid in Jesus Christus in 'n historiese brandpunt saamgetrek. Met Jesus se koms, sterwe en opstanding en die getuienis daaromheen is die kanon Ou Testament - Nuwe Testament afgesluit. Die Heilige Gees pas die woord vir ons persoonlike konkrete lewe toe, maar altyd in harmonie met hoe Jesus dit geaktualiseer het, met ander woorde in harmonie met die woord, die kanon. Die Ou Testament is in hierdie bepaalde konteks van die kanon vir ons oorgelewer deur Jesus Christus en die vroeë kerk. (Vgl. die Kanonieke of Inleidings vir die omvang en grense van die kanon.) Binne hierdie kanon beklee die Ou Testament 'n plek as Ou Testament (Ou Verbond) teenoor die Nuwe Testament (Nuwe Verbond). Dit hou in dat die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament verklaar moet word. Tog het die Ou Testament nog betekenis in homself. Hy het in die lig van die Nuwe Testament nie 'n ander betekenis nie, maar 'n veranderde, 'n "opgestane" betekenis. Die Ou Testament moet dus nou in die sin eskatologies gelees word. Dit moet homself wees en tog bokant homself uitstyg. Dit moet dieselfde bly en tog iets nuuts wees.

Die Ou Testament moet dus enersyds self aan die woord kom, met wat hy vir die mense in die skrywers se eie tyd wou sê, sonder om Nuwe-Testamentiese gedagtes daarin in te lees. Daarna moet die betekenis van die betrokke gedeelte egter na die Nuwe Testament toe deurgetrek word. Ou en Nuwe Testament vorm saam 'n eenheid en moet aanvullend tot mekaar gelees word. Die Ou Verbond het oud geword en het plek gemaak vir die Nuwe. Die Ou Testament het egter nie verval nie, maar is deur die koms van Jesus Christus in sy diepste kern geraak en moet nou by daardie nuwe lig gelees word (vgl. Matt. 5:17).

A.H. van Zyl wys op die hegte eenheidsband tussen Ou en Nuwe Testament, selfs waar dit lyk asof die prediking van Paulus, net soos die van Jesus, andersoortig is as die van die Nuwe Testament en dit skynbaar weerspreek (bv. Matt. 5:21-44; Gal. 3:10-12). Die prediking van Jesus en van Paulus is dikwels meer gerig op die teenstelling tussen hulle prediking en die Ou-Testamentiese boodskap soos vertolk in die kontemporêre wettiese Judaïsme. Jesus het gedagtes wat in die Ou-Testamentiese openbaring (tora) gesaai is ^[99] maar deur die Judaïstiese wettiese godsdiens gesmoor is, laat ontkiem en tot volle wasdom laat kom. Een voorbeeld daarvan is die gebod om die naaste lief te hê soos jouself (Lev. 19:17,18) en wat in die lig van die Abrahamsbeloftes eventueel universeel uitgedra moes word (Gen. 12:1-4), maar deur die godsdienstige leiers van Jesus se tyd kragteloos gemaak is en tot die Jode beperk is. Jesus bring die ware betekenis daarvan uit in die gelykenis van die barmhartige

Samaritaan (Luk. 10:30 e.v.) (A.H. van Zyl, 1970, 16,17).

Die Ou Testament sou onvolledig genoem kan word, maar dan nie in die sin van onvoltooid nie. Die verskil kan verduidelik word na analogie van die voorbeeld van 'n man en 'n vrou - hoewel dit net 'n analogie is en nie 'n parallel nie. 'n Man is 'n voltooide mens, selfs sonder 'n vrou, maar tog 'n onvolledige mens. So-ook 'n vrou sonder 'n man. Die Ou Testament is nie 'n onvoltooide testament of verbond nie, nie 'n halwe Woord van God of 'n halwe getuienis oor God se heerskappy en oor verlossing nie. Die Ou Testament is 'n volledige verkondiging van God se heerskappy en sy gemeenskap met die mens asook van die roeping van die mens. Die Ou-Testamentiese gelowige het God wesenlik nie op 'n ander manier gedien as die Nuwe-Testamentiese gelowige nie en het ook nie op 'n ander manier salig geword nie. In albei gevalle gaan dit om volle oorgawe aan God en 'n lewe met Hom in die geloof dat dit alles op sy vergewende genade rus, sonder enige menslike verdienste.

Die Ou Testament en die Nuwe Testament is nie elk 'n halwe testament wat saam 'n volle testament uitmaak nie, maar is elk 'n volle Testament. Die Ou Testament moet in sy geheel deur die Nuwe Testament belig word en so-ook die Nuwe Testament deur die Ou Testament. Die twee Testamente staan nie sonder meer as A en B langs mekaar nie, maar as oue teenoor nuwe wat tog albei geldig bly. Die Ou Testament bly egter geldig deur dood en opstanding heen, saam met Jesus Christus die mensgeworde Woord, en die Nuwe Testament ontstaan uit die opstanding van die mensgeworde Woord. Hy maak die Ou Testament die Óú Testament en die Nuwe Testament die Núwe Testament. Hy maak die twee tegelykertyd 'n eenheid. Eerder as om van diskontinuiteit tussen Ou en Nuwe Testament te praat, moet ons dit in terme van hierdie dood en opstanding beskryf. So bly die Ou Testament homself maar word hy tog oud deur bokant homself uit te wys. Daarom is hy dan juis tegelykertyd nuut deur die lig wat op hom en vanuit hom val deur die dood en opstanding van Jesus Christus.

3.2 Die verhouding Ou Testament - Nuwe Testament is openbaringshistories

Daar is 'n sekere groei in die Ou Testament. God gebruik nuwe situasies, soos byvoorbeeld die ballingskap, om nuwe openbaringslig vir sy volk te gee (vgl. die lydende kneg in Jes. 53). Dit beteken egter nie dat die Godsopenbaring self gaandeweg 'n ontwikkelder en suiwerder begrip van God of van verlossing kry en in die Nuwe Testament volgroei bereik nie. Daar is nie 'n ontwikkeling in die manier waarop God verlossing bewerk nie, slegs meer lig oor hóé God dit doen. Eerder as 'n ewolusionêre ontwikkeling is daar 'n dramatiese agteruitgang, en die openbaringsgeskiedenis word gekenmerk deur lewewekking ^[100] uit ondergang en dood. Jesus Christus is nie 'n produk van 'n ewolusionêre Ou-Testamentiese geskiedenis nie. Hyself laat iets ingrypends plaasvind en bring iets nuuts tot stand, 'n nuwe bedeling. Dit is Hy wat versoening bring in die onoorbrugbare kloof tussen die woord en die sondige mens.

Die is dus nie voldoende om die Ou Testament te vergelyk met 'n blomknop en die Nuwe Testament met die blom wat oopgegaan het nie. Hierdie beeld wys wel tereg daarop dat die Ou Testament 'n implisiete rykdom bevat wat in die Nuwe Testament eksplisiet na vore kom. Die beeld teken die verhouding egter te veel in terme van 'n natuurlike groeiproses en gee nie voldoende perspektief op die "oud" en die "nuut" nie.

Die Nuwe Testament gee egter ook nie 'n ander openbaring of 'n ander waarheid as die Ou Testament nie. Jesus was nie 'n rewolusionêr wat gebreek het met die Ou-Testamentiese orde en met die bestaande ordes nie. Hy het nie gekom om die Ou Testament ongeldig te maak nie, maar om dit in vervulling te laat gaan (Matt. 5:17).

Die Ou Testament gee nie voorspelling en die Nuwe Testament vervulling nie. Daar is

voorspellings in albei Testamente, maar albei is veel meer as voorspelling.

Dit gaan oor die heerskappy van God in persoonlike verbondsgemeenskap met die mens en dit lê nie maar in die toekoms nie, maar is reeds in die Ou Testament 'n werklikheid.

Die voorstelling belofte-vervulling kan met reserwe gebruik word om die verhouding Ou Testament - Nuwe Testament aan te dui. Die Ou Testament gee nie bloot 'n belofte in die sin van 'n voorspelling wat eers in die toekoms iets bied nie. Die Bybelse begrip "belofte" is ryker en bied reeds iets wanneer die belofte gemaak word, iets wat later tot volle vervulling gaan kom, soos verlossing. In hierdie sin is die genade van God in Christus reeds in die Ou Testament teenwoordig (vgl. bv. H.H. Wolf, 1958, 67). Dit is dus anders as byvoorbeeld 'n belofte dat 'n mens oor 'n jaar 'n motorkar gaan kry - wat inhou dat jy ondertussen nog niks het nie.

Die verhouding Ou Testament - Nuwe Testament is openbaringshistories. Dit draai om die historiese koms van 'n persoon, Jesus Christus soos reeds in 3.1 gesien is. Dit is Hy wat gemaak het dat daar 'n nuwe bedeling en 'n Nuwe Testament kom, en dit is Hy wat die Nuwe Testament en die Ou Testament in 'n eenheid verbind. Albei moet van Hom uit verklaar word, veral vanuit sy dood en opstanding. Die Nuwe Testament kom nie met 'n nuwe openbaring of met nuwe idees nie, ook nie met 'n blote ontwikkeling van Ou-Testamentiese idees nie. Die Ou Testament het self 'n nuwe verbond, nuwe bedeling, Nuwe Testament aangekondig. Dit is nie 'n verbond wat wesenlik van die oue verskil nie, maar een waarin die godsvolk, wat nie die verbond kan en wil nakom nie, deur God self kragdadig daartoe gebring word. Dit gebeur deurdat Hy sy geboorte in hulle harte inskrywe (Jer. 31:31-34; Hebr. 8; vgl. bv. De Vuyst, 1964, 259-262). Jesus is die vervulling van voorafskaduings in Ou Testament, nie 'n ontwikkeling van iets nie. Jesus versoen die woord en die sondige mens wat volgens die Ou Testament 'n onoorbrugbare kloof tussen hulle vorm. In die Ou Testament staan die straffende heiligheid van God en sy verbondstrou ^[101] soos hooggelaaiete elektriese pole teenoor mekaar. Alles stuur af op die Dag van die HERE: die dag van verlossing maar tegelykertyd van oordeel. Albei die lyne loop uit op Jesus Christus: in Hom vind die oordeel oor die sondige mensdom plaas, maar in Hom kom ook God se verbondstrou en liefde na vore. Buite Jesus om, sonder geloofseenheid met Hom, is daar geen versoening moontlik nie. Dit gebeur deur sy dood en opstanding. Daarmee kom daar nuwe lig op en in die Ou Testament.

3.3 Onderskeid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament

Die onderskeid tussen Ou Testament en Nuwe Testament kan saamgevat word in die twee uitdrukkings: "ondanks" en "op grond van". Die Ou Testament sê dat God sy heerskappy en sy gemeenskap deurvoer ondanks die mens se dodelike sondigheid en die Goddelike straf daarop. Die Nuwe Testament sê dit gebeur op grond van Jesus Christus se soenverdienste en opstanding. Die Ou Testament sê daar is vir die mens lewe ondanks die gebrokenheid van die aardse bestaan, die Nuwe Testament sê dit is op grond van Jesus Christus se dood en opstanding. Die aksent van die Nuwe Testament is dus positiewer as die van die Ou Testament. Daarom kan daar in die Nuwe Testament groter nadruk val op die dankbaarheid en blydschap van die mens.

Nog 'n onderskeid tussen Ou Testament en Nuwe Testament is: die Ou Testament sê God is *lewe*, die Nuwe Testament sê God is *liefde*. Hierdie onderskeid hang saam met die voorgaande. Die Ou Testament sê dat 'n mens se lewe gewaarborg is (ondanks), die Nuwe Testament sê hoé dit gewaarborg is (op grond van): deurdat God lewe uit die dood gewek het. God se grondelose liefde, met die volle universele aksent, is vir die Nuwe Testament die uitgangspunt. Hierdie aksent het eers moontlik geword deur die sterwe en opstanding van

Jesus, want die saak het daarmee in Hom duidelik en begryplik geword. Verder het dit moontlik geword deur die krag van sy opstanding in die werking van die Heilige Gees. Jesus self laat duidelik sien dat die twee dinge, lewe en liefde, nie teenoor mekaar staan nie. Hy lei albei direk af uit die Ou Testament. (Kyk die bespreking oor die Sadduseërs en die opstanding, en oor die groot gebod in 2.2 en 2.3).

Dit gaan in die Ou Verbond (Testament) en Nuwe Verbond (Testament) wesenlik om dieselfde saak. Dit verskil alleen in bediening (vgl. Calvyn II. X. 2,458). Dit is net 'n ou bedeling of wyse van gestaltegewing aan die koninkryk van God wat plek gemaak het vir 'n nuwe. Die koninkryk is nog dieselfde, naamlik God se heerskappy oor alle dinge, wat sy kroon het in God se heerskappy oor die mens (Gen. 1). Dit sluit in dat God persoonlike gemeenskap met die mens beoefen, en wel op so 'n manier dat die mens hierdie heerskappy en gemeenskap beantwoord met geloof en diensbaarheid, of, anders gestel, deur liefde. Hiervoor was niks minder nodig nie as 'n lewewekkende optrede van God deur sy woord, die woord wat Hom so sterk ver-een-selwig met die mens dat Hy in 'n persoon gestalte aangeneem het en dat die mens se geskiedenis van ondergang en dood histories in Hom ^[102]saamgetrek het. So het hy deur sy opstanding uit die dood vir die mens 'n nuwe bedeling gebring.

3.4 Die Ou Testament sonder beperkings

Die Ou Testament moet openbaringshistories gesien word. Dit is die openbaring van God en ook deel van die geskiedenis.

Soos Jesus Christus, die vleesgeworde woord, *gesterfen weer opgestaan het*, so was dit ook in 'n sekere sin met die *Ou Testament as woord*. Christus het opgestaan in heerlijkheid; Hy is nie meer onderhewig aan die beperkinge en swakhede wat Hy ter wille van die mens op Homself geneem het (uitgesonderd die sonde) nie. So intiem, persoonlik en wedyersyds is die verhouding tussen God en mens dat die woord, wat die verhouding bewerkstellig, self beperkinge aangeneem het - sowel die vleesgeworde woord Jesus, as die Ou Testament. Die woord het 'n dienskneggestalte aangeneem, soos die lydende kneg (Jes. 49:2: "Hy het *my* 'n skerp pyl gemaak" - die kneg is die woord). Hierdie beperkinge het aangesluit by die mensdom se historiese situasie. Anders kon die mens die woord nie verstaan nie en sou hy selfs deur die woord vernietig word (vgl. bv. Eks. 20:19; Jes. 40:6-8).

Die Ou Testament het homself reeds in sekere opsigte getransendeer (bv. in die aankondiging van die nuwe verbond, Jer. 31:31-34). Sedert die koms van Jesus Christus is dit des te meer die geval. Die Ou Testament moet nou verklaar word in die lig van Christus se dood en opstanding, die lewewekkende krag van die Heilige Gees, en die eskatologiese koms van Christus.

[103] VII. ENKELE SAKE WAAROP DIE NUWE TESTAMENT NUWE LIG LAAT VAL

1. KULTIESE EN SEREMONIËLE VOORSKRIFTE EN GEBRUIKE

1.1 Offerandes

In die Ou Testament is gereeld offerandes aan God gebring. Die offers het versoening van sondes buite die toedoen van die offeraar self gesimboliseer - plaasvervangend. Verder was dit 'n simbool van oorgawe en toewyding aan God. Wat in die offerandes gesimboliseer is, is in Jesus Christus daadwerklik vervul. Die offerandes is soos 'n skaduwee van 'n persoon wat moet wyk as die persoon self verskyn het (Hebr. 8:1 e.v.; 10:1 e.v.). Alle aandag moet op Homself gevestig wees, Hy wat in ons plek gesterf het en buite ons toedoen vir ons versoening bewerkstellig het sodat ons ons aan God kan oorgee en ons lewe aan Hom kan toewy.

1.2 Seremoniële wette

In die Ou Testament het die verbondsvolk baie seremoniële wette gehad. Die wette verkondig dat die hele lewe aan God behoort en dat dit tot in die fynste besonderhede volgens sy wil ingerig moet wees. In die Nuwe Testament geld laasgenoemde eis nog, maar die gelowige leef nou sterker uit die persoonlike verhouding met Christus en deur die Gees van die opgestane Christus (Gal. 4:6, 7; Rom. 6-8; Kol. 2:16 e.v.; Hand. 15:7 e.v.). Dit geskied nog steeds in harmonie met die woord (Gal. 5:1, 5, 14). Christus is die Heer of Here; Hy is ook die Heer van die wet, insluitende die Sabbat (Matt. 5:17, 18, 20, 22, 26, 28, ens; 12:1-8). So het Hy byvoorbeeld die vierde gebod vervul en dit heeltemal nuut gemaak, maar tog so dat dit behoue gebly het. Die rusdag word nou met sy soendood en sy opstanding verbind (Hand. 2:14 vgl. 2:1 en Lev. 23:15, 16; Joh. 20:19; 1 Kor. 16:2). Dit kan daarom veel meer die karakter van 'n feesdag dra: van dankbaarheid, blydskap en toewyding aan God.

2. HUWELIK EN GESLAG

2.1 Die posisie van die vrou

In die Ou Testament word veelwywery as 'n gegewenheid aanvaar. Reeds toe ^[104] was daar egter 'n beweging na monogamie toe. Met die koms van Jesus Christus kom daar ook veel meer aandag vir die vrou as selfstandige wese, wat nie net vir die man en dus vir die huwelik bestem is nie. Jesus Christus, die Verlosser, is uit 'n vrou gebore sonder toedoen van 'n man, deur 'n wondergeboorte (Matt. 1:20 e.v.; Luk. 1:28 e.v.). As die vrou vroeër sterker met die verleiding tot die sondeval geassosieer was, nou kan sy sterker met die verlossing geassosieer word. Deur Christus se wonderbare dood en opstanding is die sonde versoen en het 'n nuwe bedeling aangebreek.

2.2 Egskeiding

In die Ou-Testamentiese bedeling is egskeiding toegestaan, maar dit was weens die hardheid van die harte. "Van die begin af, van die skepping af, was dit anders, sê Jesus (Matt. 19:3 e.v.; vgl. ook 5:32). Hy sê dus dat 'n mens se lewe in die gees van dood en opstanding ingerig moet wees: die oue, die hardheid van harte, moet afgesterf word, en daar moet aangesluit word by die oorspronklike, die bedoeling van die huwelik soos dit openbaringshistories

bepaal kan word.

3. MAATSKAPLIKE VERHOUDINGE

3.1 Vyandskap en stryd

In die Ou Testament het vyandskap tussen mense 'n belangrike plek ingeneem. Baie psalms praat van vyandskap van mense teen die digter en van syne teenoor hulle. Die digters bid dikwels dat God reg moet laat geskied en die vyande moet straf en selfs vernietig. God se geregtigheid moet geopenbaar word, daar moet gesien kan word dat Hy regverdig is. In die Nuwe Testament is die geregtigheid van God 'n uitgemaakte saak. Dit is in Jesus Christus wat aan die kruis gesterf het, uitgemaak. Daar kom nou 'n ander perspektief op moontlikhede op aarde en ná hierdie bestaan. Die mens se bestaan word sterker teen die agtergrond van Jesus se opstanding en die mens se eie opstanding benader en gewaardeer (Matt. 5:12, Joh. 14:1 e.v.).

3.2 Vergelding

In die Ou Testament is daar sterk aksent gelê op die geregtigheid van God en daarom ook op die beginsel van vergelding (oog om oog). In die Nuwe Testament val die aksent op Jesus se selfverloëning onder die lyding wat die sondaars Hom aangedoen het. Alle mense is skuldig hieraan en leef uit sy genade. Daarom moet hulleself iets hiervan bewys in hulle houding teenoor mense deur wie hulle veronreg word. Die Nuwe Testament laat dus die klem ook op die gelowige se selfverloëning val (Matt. 5:38 e.v.).

3.3 Heilige oorloë

Heilige oorloë was 'n algemene verskynsel in die ou Ooste, so-ook by Israel. Die persoon van Jesus Christus laat egter die lig van God se genade en van die ^[105] Goddelike verowering van die mense van binne uit, helderder skyn (Matt. 5:43 e.v). Sending eerder as heilige oorloë, is nou die opdrag (Matt. 28:18,19).

3.4 Slawerny

Die Ou Testament aanvaar slawerny as 'n gegewenheid, maar bring tog sekere wysigings daarin aan. Slawe moes regverdig behandel word en beskerming geniet. Op die sabbatjaar moes alle Israelitiese slawe vrygelaat word. Daar was vir die Israelitiese slaaf dus die vooruitsig van vrywording. Maar in die Ou Testament word die bevryding uit slawerny dus meer bepaal deur die toekoms en deur verwagtings. Die Nuwe-Testamentiese benadering word veel meer bepaal deur Christus wat reeds gekom het. Die christene het spoedig besef dat 'n mens alleen 'n slaaf van Jesus Christus moet wees, van geen ander mens nie. In Hom wat ons met sy eie bloed vrygekoop het, is daar volle vryheid, geestelik en stoflik (Filemon).

4. WET EN GEES, EN STOF EN GEES

4.1 Die wet en die Gees

In die Ou Testament is daar 'n sterker nadruk op die wet hoewel dit tog altyd teen die agtergrond van God se verlossende genade benader is (Eks. 20:2 e.v.). Die Ou Testament getuig self van die geregtigheid wat God buite die wet om skenk (Rom. 3:21; vgl. bv. Calvyn II. X. 3, 459). Daar mag dus nie 'n teenstelling tussen wet en evangelie gemaak word nie. Calvyn het die saak duideliker ingesien as Luther en het tereg daarop gewys dat die wet nog

steeds onverswak geld. Die wet is egter nie 'n voorwaarde vir verlossing nie, maar is 'n reël of maatstaf van dankbaarheid vir die verlossing. Wanneer Paulus wet en evangelie teenoor mekaar stel, is dit slegs in die sin van regverdigheid deur die wet en deur die evangelie. Die evangelie het nie in die plek van die hele wet gekom sodat dit 'n ander wyse van saligheid gebring het nie. Die evangelie het veeleer bevestig en bewys dat al wat die wet beloop het, vasstaan; verder het die evangelie aan die skaduwees die wese (of liggaam) toegevoeg (Calvyn II. IX, 4, 455, 6).

Die Nuwe Testament neem sy uitgangspunt in die persoon van Christus. Die eis van die wet bly onverswak gehandhaaf; dit word selfs nog sterker gestel. Jesus sê dat 'n mens se geregtigheid nog oorfloediger moet wees as die van die Fariseërs en skrifgeleerdes. As iemand net na 'n vrou gekyk het om haar te begeer, het hy reeds met haar egreuk gepleeg (Matt. 5:10, 28). Jesus het nie die wet of die profete ontbind nie, maar dit vervul (Matt. 5:17). Die wil van God is in Jesus Christus geopenbaar. Daarom neem die Nuwe-Testamentiese gelowige die uitgangspunt vir sy lewe in Hom. Jesus is Immanuel, God met ons. 'n Vrug van Jesus se opstanding is dat Hy aan ons sy Heilige Gees gestuur het. Immanuel, God-met-ons, word nou selfs God-in-ons. Die Gees was reeds in die Ou Testament teenwoordig, net soos Jesus Christus ook, maar die Ou Testament gee die optrede van God meer ongenueanserd trinitaries weer. Dit is die werk van God: Vader, Seun en Heilige Gees. Deur die historiese koms ^[106] van Jesus Christus kom die trinitariese optrede van God sterker onder beligting. Die onderskeie Persone tree sterker in eie onderskeie funksie op die voorgrond. Jesus wat uit die dood opgestaan het, staan ook in ons harte op. Hy doen dit deur sy Heilige Gees. Die Gees laat ons deur sy lewewekkende krag opstaan uit ons sondedood en laat 'n nuwe geboorte in ons plaasvind. Dit gebeur in 'n sekere sin ook elke dag weer in die bekering. Dit is 'n afsterwing van ons ou mens en 'n opstanding van die nuwe.

4.2 Stoflik-geestelik

Die Ou Testament is nie stofliker as die Nuwe Testament nie en het nie, in teenstelling met die Nuwe Testament, meer met die sienlike dinge te doen as met die onsienlike dinge nie. Die Ou-Testamentiese gelowiges het die aardse besittings, soos byvoorbeeld die land Kanaän, nie op sigself gewaardeer nie, maar as teken van God se goedgunstigheid. So het hulle van die tydelike seëninge tot die hoogste en belangrikste opgestyg: om deel te hê aan God self (Ps. 73:27; 16:5; 142:6) (Vgl. bv. Calvyn II. XI 2, 485, 6).

In werklikheid lê die Ou Testament groot nadruk op die geloof en op beloftes wat eers in die toekoms ten volle vervul sal word. In 'n sekere sin gaan die Nuwe Testament juis uit van die aanskouing, naamlik van die feitlikheid van Jesus se koms wat reeds plaasgevind het.

Ook die opstanding van Jesus plaas nie 'n oorwegend geestelike nadruk op die benadering van die Nuwe Testament nie. Dit gee wel 'n dieper dimensie en wyer perspektief. Dit plaas die lewe in die raamwerk van die toekoms, meer bepaald die hiernamaals. Dit gaan nie net om 'n geestelike opstanding nie, maar om 'n liggaamlike. Daarom kom daar uiteindelik nie net 'n nuwe hemel nie, maar ook 'n nuwe aarde. Hierdie aksent word dikwels in die prediking verwaarloos; so-ook die feit dat Jesus begaan was oor mense se stoflike nood.

5. ENKELING EN GEMEENSKAP, EN DIE LEWE HIERNA

5.1 Enkeling-gemeenskap

Die enkeling het in wese 'n groot plek in die Ou Testament, anders as wat dikwels voorgestel word. Die psalmdigters spreek God nie net aan ons "ons God" nie, maar dikwels heel individueel-persoonlik as "my God" of "my Here". In Ps. 23 getuig die digter van sy

persoonlike geborgenheid in God as sy koning, wat hom in sy persoonlike nood en behoeftes soos 'n herder versorg. Die verbond word nie net globaal of volksgewys benader nie.

In die Nuwe Testament is die nadruk op die enkeling nog sterker, dit vra individuele bekering en stel baie duidelik individuele opstanding in vooruitsig (Luk. 3:8,9; Matt. 4:17; 7:13, 14; Joh. 6:40). Die Nuwe Testament is egter nie individualisties nie (Matt. 16:18, 19; 18:17, 20). Die gelowige word altyd gesien in sy begrepenheid in Christus en sy liggaam, die verbondsvolk. Die gelowige is ook nie 'n blote onderdeeljie nie, maar 'n selfstandige persoon in volle gemeenskap met Christus persoonlik.

[107] 5.2 Die lewe hierna

In die Ou Testament staan die lewe in die hiernamaals op die agtergrond. Die psalmdigters gaan byvoorbeeld slegs selde in op die vraag van die lewe ná die dood. Dit is nie omdat die enkeling in die Ou Testament onbelangrik sou wees en so in die groep (familie of volk) sou opgaan dat slegs die groep se voortbestaan belangrik was nie. Die rede waarom die hiernamaals in die Ou Testament op die agtergrond staan, is dat die aksent veel sterker op die lewe met God val. God is vir die psalmdigter die lewe. Die opstanding van Christus plaas die opstanding van die gelowiges, en ook die hiernamaals, veel meer op die voorgrond. Dit geskied egter nie ten koste van die roeping hier en nou nie. Ook verskuif die fokus nie van God af na die lewe toe nie. Die fokus bly nog op God gevestig, op Jesus Christus, die weg en die waarheid en die lewe (Joh. 14: 2-7). Daar kom nie soseer 'n verlange na die hiernamaals, soos so dikwels verkeerdelik in ons verwagtings en ons prediking, nie. Die ware verlange is 'n verlange na die koms van Christus self, 'n verlange na die voltooiing van die koninkryk van God waarin Hy alles sal wees in almal (1 Kor. 15:1-28).

6. VERBOND-KONINKRYK

Die verbond, wat in die Ou Testament so sterk op die voorgrond staan, word deur die dood en opstanding van Jesus Christus omvorm tot 'n testament. Die testament (verbond) het deur die dood van die testamentmaker onherroeplik in vervulling gegaan. Die erfenis is daar.

Die gelowige leef nie nou op 'n ander manier of uit 'n ander erfenis nie. Voor die dood van die testamentmaker is die erfenis ook reeds die gelowige s'n. Maar deur die dood van Christus word die gelowige se verantwoordelikheid groter, is hy mondiger. Hy is egter nie 'n mondiger "vennoot" teenoor God, soos sommige moderne teologiese rigtings beweer nie, maar mondiger deurdat hy kind van God is en nie bloot dienskneg nie (vgl. Gal. 4:10). Hy is slegs daarin mondiger dat hy as erfgenaam meer self moet optree en beslissings neem vir die konkrete situasies. Dit doen hy deur die Heilige Gees van Christus, maar nog steeds volgens die Woord. Dit is dus in wese dieselfde as in die Ou Testament al is dit deur die leiding van die Gees nog persoonliker van aard. Die koninkryk ontvang vanaf die Nuwe Testament sterk en uitgesproke aandag. Die verbond (ou verbond en nuwe verbond) was en is, in die Ou- sowel as Nuwe-Testamentiese bedeling, 'n wyse om die koninkryk te bewerkstellig. Die begrip koninkryk kom veral in die evangelies voor. In Handelingte en daarna kom die begrip "kerk" baie sterker na vore. Met "kerk" word dan die gelowiges bedoel, nie 'n instelling of instituut nie. Die gelowiges is in wese die verbondsvolk van God. In hulle en deur hulle laat Hy sy koninkryk kom. Dit dra nog steeds die karakter van lewe wat uit die dood gewek moet word, want die wêreld bly nog 'n gebroke wêreld. Eers met die koms van Jesus Christus sal die koninkryk in sy volkomenheid aanbreek. Die volkome koninkryk is ook nie die vrug van 'n ontwikkeling van die koninkryk op aarde nie, net so min as wat die eerste koms van Jesus dit was. Die koninkryk sal die vrug wees van Jesus se koms, nie omgekeerd nie.

[108] VIII. DIE VERHOUDING HERMENEUTIEK-EKSEGESE-PREDIKING

1. DIE VERHOUDING

1.1 Die Skrif moet self aan die woord kom

Die eerste vereiste by die verklaring van die Skrif is dat die Skrif vir homself moet praat. Daar mag nie van buite af betekenisse in die Skrif ingedra word nie. Daar moet dus begin word met die *teksgedeelte self* sodat dit nie in 'n skema van verklaring ingedruk word waarin dit nie bedoel is om te wees nie. As 'n mens byvoorbeeld erns maak met die realistiese beskrywing van die erotiese begeerte in Hooglied, kan jy die boek nie allegories verklaar, soos so algemeen gedoen is nie (bv. 7:1 e.v.).

Aan die ander kant staan 'n teksgedeelte nie alleen nie, maar in 'n groter *verband of konteks*. Daarom moet dit altyd ook bekyk word teen die agtergrond van wat voorafgaan en wat volg. Daar moet vasgestel word waarom die teksgedeelte juis op hierdie plek geplaas is, byvoorbeeld waarom daar direk ná die oordeel van God oor die mens, vermeld word dat die mens sy vrou Eva genoem het (Gen. 3:19,20).

Ook moet rekening gehou word met die *aard van die stof*: verhaalstof, digterlike of profetiese stof, ens. Elke gedeelte moet binne die raamwerk en doel van die besondere Bybelboek bekyk word. Die boek Rut stel hom byvoorbeeld teen die oordrewe, eksklusiewe nasionalisme van die bondsvolk, en leer dat God ook buite die grense van die bondsvolk koning is en dat Hy ook daar sy gelowiges vergader. In die lig hiervan mag daar nie te veel klem gelê word op die feit dat Elimeleg en Naomi tydens die hongersnood die beloofde land verlaat het asof hulle kleingelowig was nie. Trouens Jakob het ook vanweë hongersnood in Kanaän weggetrek en in Egipte gaan woon. Elke gedeelte of uitspraak moet weer in die lig van die *Skrif as geheel* benader word. Die Skrif is 'n organiese eenheid, en elke gedeeltetjie is soos 'n liggaamsdeel in harmonie met die geheel. Daarom moet Skrif met Skrif verklaar word; die duidelike gedeeltes moet die onduidelikes help verklaar. (Kyk ook die reëls wat die reformasie opgestel het, (1.4.3).

Die geheel vind sy klimaks in *Jesus Christus*. Ons sou Hom die hoof kan noem. Hy beheers alles. En dit trek weer saam in sy opstanding uit die dood, sy dood wat Hy tot ons versoening gesterf het. Met sy opstanding betoon Hy ^[109] Hom as heerser oor alle dinge, en as die Een wat onverganklike lewe en vreugde gee aan sy gelowiges onder alle omstandighede - selfs teen die gebrokenheid van hulle lewe en van die aardse bestaan in. Jesus Christus regeer in opdrag van sy Vader.

1.2 Eksegese of hermeneutiek as uitgangspunt?

Daar word dikwels 'n probleem gemaak van die vraag oor wat by verklaring die uitgangspunt moet wees: eksegese of hermeneutiek? Hierdie saak kan in werklikheid alleen 'n probleem wees as een of albei van die dinge geïsoleerd en op homself beoefen word. Eksegese is alleen ware eksegese wanneer dit die werksmetode volg wat in die voorafgaande afdeling (1.1) beskryf is, en hierdie werksmetode word deur die hermeneutiek nagevors. Hermeneutiek is die vasstelling en hantering van die reëls of kuns van eksegese. Dit word nie van elders af gekry nie, maar is die vrug van die eksegese van al die onderdele sowel as die geheel. In hierdie sin is eksegese die uitgangspunt. Die hermeneutiek beskryf en hanteer die werksmetode wat die vrug is van eksegese. Maar die eksegese van die onderdele moet altyd

weer as't ware voor begin, by die onderdeel self, en moet so altyd weer die vrug van die verlede sowel as die metode toets.

1.3. Grensoorskryding van die hermeneutiek

Hermeneutiek het in die afgelope jare in baie kringe sy perke te buite gegaan en sy ware karakter verloor. Dit is nie meer die vrug van eksegeese en diensbaar aan eksegeese nie. Dit is 'n bepaalde, op sigself staande verklaringswyse wat oor die eksegeese en oor die Skrif heers. Dit vind sy uitgangspunt nie in die Skrif self nie, maar buite die Skrif, soos byvoorbeeld in die mens wat hoor. Die mens moet nie soseer die Skrif probeer verstaan nie, maar homself, word dan gesê. Daarvoor is die Skrif maar net 'n hulpmiddel. Die mens het die diepste norm in homself.

2. GRAMMATIES-HISTORIES

2.1 Tekskritiek

Ons besit geen oorspronklike manuskripte van die Bybelboeke nie, maar alleen manuskripte wat reeds telkemale oorgeskryf is en dus oorskryffoute bevat. Daarom moet probeer word om die betroubaarste weergawe te probeer vasstel.

Dit impliseer dat tekskritiek beoefen moet word of dat van die resultate van tekskritiek kennis geneem moet word. In hierdie studie kan daar nie op tekskritiek self ingegaan word nie. Hier kan volstaan word met daarop te wys dat die studie van die Ou-Testamentiese wetenskap van die afgelope dekades 'n veel groter waardering van die Masoretiese teks meegebring het. Hierdie teks word vandag, in teenstelling tot vroeër, in die geheel veel hoër gewaardeer as die ou vertalings, soos die Griekse vertaling.

Moderne vertalings is oor die algemeen nog nie genoegsaam hiervan bewus nie.

[110] Daar is ook veel meer beskeidenheid om alternatiewe lesings voor te stel as in die verlede. Dit blyk byvoorbeeld uit die voetnote van die nuwe uitgawe van die Biblia Hebraica, die Stuttgartensia, in vergelyking met die van die vroeëre Kittel-uitgawe. (Vgl. vir meer besonderhede oor die teks, o.a. B.J. Roberts, 1979; P.A. Verhoef, 1981.)

Hier kan nie ingegaan word op die probleem wat die "oorspronklike" teks eintlik is: die van die oorspronklike skrywer, die van een van verskillende moontlike stadiums in 'n moontlike lang groeiproses, of die ten tyde van die afsluiting van die kanon in ongeveer 100 n.C. nie (vgl. bv. F.E. Deist, 1978, 249 e.v.). Vir ons doel is dit 'n hipotetiese eerder as praktiese probleem, gesien die gebrek aan ouer manuskripte. Die moontlikheid van 'n lang groeiproses van 'n teks is verder veel omvattender as net tekskritiek (vgl. bv. IV.4). Nog 'n punt moet in gedagte gehou word: toe die kanon in ongeveer 100 n.C. as afgeslote aanvaar is, het dit nie bedoel dat die voorhande teks tekskrities volmaak was en verdere tekskritiese arbeid oorbodig gemaak het nie.

2.2 Grammaties

Eksegeese moet begin met grammaties-historiese verklarings. Die oorspronklike taal moet deeglik ontleed word en die betekenis daarvan bepaal word. Dit is belangrik om te onthou dat woorde en begrippe in 'n moderne taal in baie gevalle nie die in die oorspronklike taal presies dek nie. Hulle het in ander situasies gegroei en is met ander of bykomende assosiasies belaa. Dit blyk uit die volgende voorbeelde: die woord "nasies" het in die Ou Testament heel dikwels die bymaak van "heidene", wat in ons woord nie die geval is nie. Die woord "dienskneg" of "diensmaagd" het, wanneer die spreker na homself of haarself verwys,

dikwels 'n afgeplatte betekenis en beteken weinig meer as "ek" of "my". Die Woord "my heer" het in die Ou Testament, wanneer 'n vrou 'n man aanspreek, 'n betekeniswaarde tussen ons "my heer" en "meneer".

2.3 Histories

Die historiese situasie van die skrywer en die hoorders moet in gedagte gehou word. Daar moet gevra word: Wat het die skrywer vir sy gehoor bedoel en hoe sou hulle dit verstaan het? Amos kom byvoorbeeld met felle oordeelsprediking. Wat die genade betref, kom hy in uitdruklike uitsprake nie verder nie as: miskien is daar hoop. Sy prediking moet egter gesien word teen die agtergrond van die selfgenoegsaamheid van die volk te midde van die skreiende onreg en onsedelikheid. Ook die voorwaardelike karakter van die profesie moet in gedagte gehou word, al is dit onuitgesproke: daar is genade as daar bekering is. Die tweede deel van Jesaja bevat in teenstelling tot Amos, 'n aangrypende verkondiging van troos. Die oorsaak vir die groot verskil is: die volk is nie selfvoldaan nie, maar platgeslaan en in ballingskap. So is daar ook 'n opvallende verskil in Esegïel se vroeëre profesie, toe die volk selfgenoegsaam was, en sy latere profesie, toe die volk in ballingskap verkeer het.

[111] In die toepassing van die profesieë moet daar dus rekening gehou word met die ooreenkomstige of verskil van die destydse hoorders se situasie, instelling en gesindheid en die van die huidige hoorders.

3. OPENBARINGSHISTORIES

3.1 Openbaringshistoriese lig

Daar moet veral met die openbaringshistoriese situasie rekening gehou word. So alleen kry 'n mens die regte perspektief op die absolute en ongemotiveerde eis van God oor die verbode boom in die paradys. Dieselfde geld vir die eis aan Abraham om sy seun te gaan offer (Gen. 22). Die roeping van Abraham verkry 'n dieper dimensie as dit gesien word teen die agtergrond van die stad- en toringbou van Babel. Dan gee dit lig op die verskil tussen hoe God eenheid vir die mensdom wil bewerkstellig en hoe die mens dit wil doen. God wil 'n persoonlike verhouding tussen Hom en die mens hê as die basis vir die verhouding tussen mense onderling. Die mensdom wil dit egter op 'n administratiewe onpersoonlike wyse doen.

As die Hanna-geskiedenis (synde aan die begin van die Samuelboeke) en die berig oor die begenadiging van Jojagin (synde aan die einde van die koningsboeke) openbaringshistories benader word, gee dit 'n dieper perspektief op die aard van die koningskap en die verwagtings daaromheen.

3.2 'n Organiese geheel

Die Ou Testament moet dus nie soos 'n woordeboek of wetboek of teksboek gebruik word waarin sake op hulleself in geïsoleerdheid bekyk word nie, maar as 'n organiese geheel. Aangesien die Ou Testament 'n organiese eenheid is, moet die mededelings en uitsprake daarin met onderskeiding gehanteer word. Alle gedeeltes is lede van die liggaam en daarom gesagvol. Maar die aard daarvan verskil, sommiges is nader aan die hart of hulle het 'n sentrale funksie in die hoofbloedstroom. Ander vervul alleen saam met ander 'n bepaalde funksie, miskien 'n verbygaande funksie. Die tien geboorte staan sentraler as die geslagsregisters in Esra en Nehemia. Die psalms moet anders benader word as die objektiewe mededelings van die profete. Die psalms gee byvoorbeeld ook subjektiewe instellings, uitsprake en gesindhede van die digters weer, selfs opstandigheid teen God. Onderafdelings

van die psalms kan dus alleen in die lig van die geheel gewaardeer word.

4. DIE VERHOUDING VAN EKSEGESE EN PREDIKING

4.1 Die Ou Testament is verkondiging

Die Bybel wil nie bloot historiese of tegniese kennis van gebeurtenisse uit die verlede gee nie. Dit wil God se heerskappy oor alle dinge en bepaaldelik oor die mens, en ook sy gemeenskap met die mens, verkondig. Die Bybel wil 'n verkondiging wees vir die mens wat dit lees. Dit is veral bedoel vir die gelowiges, ^[112] die kerk, die mense in die verbond.

Baie kommentare laat hierdie feit buite rekening. Dit geld veral by die rigtings wat bronnesplitsing, tradisie-geskiedenis, ens. voorstaan. Maar dit geld ewe-eens vir sommige ander kommentare, ook uit die Gereformeerde wêreld. Daar word met groot vakmanskap 'n tegnies-"wetenskaplike" bespreking gegee, maar die boodskap of prediking word verwaarloos. Dit word dan gewoonlik oorgelaat aan "homiletiese eksegeese".

Daarmee word 'n ongegronde en onvrugbare skeiding tussen eksegeese en homilie aangebring. Die gevolg is dikwels 'n dorre, lewelose eksegeese enersyds en 'n oppervlakkige toepassing andersyds. Dit loop prakties uit op 'n skeiding tussen wetenskap en godsdiens of prediking. In werklikheid moet ook wetenskaplike eksegeese met die skrif omgaan as lewende Woord van God, as lewende verkondiging vir vandag.

4.2 Die Ou Testament preek self tot die hoorder

Dit is nie eers op die preekstoel wat die Bybel prediking word nie. Dit is nie eers die predikant, of die predikamp, wat die Bybel laat spreek nie. Daar is wel 'n neiging om dit so te sien, maar hierdie benadering is in stryd met die gees van die reformatie. Die reformatie het die bevrydende herontdekking gedoen dat die Woord van God direk tot die gelowige spreek sonder tussenkoms van 'n menslike middelaar, en dus ook van die kerk. Die amptelike prediking is wel noodsaaklik om die amp van die gelowige te stimuleer, maar mag dit nie vervang nie. Daar moet duidelik onderskei word tussen die Woord van God en die prediking daarvan. Prediking is nie openbaring nie, maar verklaring en moet deur die gemeente aan die Woord getoets word (vgl. J.J. van der Walt, 1982, 60).

[113] IX. DIE PREDIKING

Dit gaan hier nie om Homiletiek nie. Daarom word nie aandag gegee aan alle fasette in verband met 'n preek nie, maar alleen aan die kerninhoud. (Vir meer besonderhede oor die prediking, vgl. o.a. V.E. d' Assonville, 1976.)

1. OPENBARINGSHISTORIESE PREDIKING

1.1 Die Drie-Enige God, God van verlede, hede en toekoms

Die Ou Testament moet openbaringshistories benader en gepreek word. Die kardinale openbaringshistoriese gebeurtenisse moet in berekening gebring word, veral die dood en opstanding van Jesus Christus, die begiftiging van die gelowiges met die Heilige Gees (Pinkster), en die wederkoms van Christus. Die koms van Jesus Christus en die aanbreek van die Nuwe-Testamentiese bedeling het 'n nuansering gebring in verband met die *Drie-eenheid*. Die prediking moet hiermee erns maak en moet die hoofgedagte van 'n teksgedeelte uitdruklik op die Vader, op Jesus Christus en op die Heilige Gees betrek. In die Ou Testament is God die Vader gewoonlik vanself in die teks betrek; Hy kom dus vanself aan die orde in die behandeling van die teks. Die lyn moet hier egter na Christus en die Gees toe deurgetrek word. Verder moet dit die openbaringshistoriese dimensie tot sy volle reg laat kom: die lig moet op die *verlede*, die *hede* en die *eskatologiese toekoms* val. Kort saamgevat kan ons sê: die preek moet handel oor die drie-enige God, die God van verlede, hede en toekoms.

1.2 Christus en die Heilige Gees nie 'n ekstra nie

Die prediking oor Christus en oor die Heilige Gees moet so gehanteer word dat dit as 'n inherente deel van die teks en tema van die preek aangebied word, nie as 'n ekstra nie. Dit sal duidelik word as 'n mens na die Ons Vader-gebed kyk. Nêrens word Christus of die Heilige Gees in hierdie gebed genoem nie. Dit sou egter 'n mistasting wees om hiervan af te lei dat daar oor hierdie gebed gepreek kan word sonder om oor Christus of die Heilige Gees te handel. Die Ons Vader is in werklikheid 'n gebed in die Naam van Jesus Christus. Dit is op sy **[114]** bevel en op sy gesag dat ons God kan aanspreek as: Ons Vader. Wat die Heilige Gees betref: Rom. 8:15 en Gal. 4:6 sê uitdruklik dat dit deur die Heilige Gees is dat ons God as Abba aanspreek, dit wil sê: Vader, net soos Jesus Hom aangespreek het (Mark. 14:36). Dit is dus alleen deur die Gees dat ons die Ons Vader kan bid.

Die rede waarom Christus en die Gees nie in die Ons Vader genoem word nie, is juis omdat hulle nie maar onderdele van die gebed is nie. Hulle is nie maar elemente van die gebed naas ander elemente nie, nie iets ekstra of bykomstigs by wat die Vader gee of wat die Ou Testament gee nie. Hulle het inteendeel te doen met die wese, die hart van die Ons Vader in sy geheel. Hulle maak die hele Ons Vader moontlik, nie net 'n gedeelte daarvan nie. Sonder hulle is die hele Ons Vader onmoontlik. Deur Christus en die Heilige Gees is ons kinders van God wat die Ons Vader kan en wil bid - anders is ons niks. (Vgl. ook J.L. Helberg, 1970.)

1.3 Die prediker onder heerskappy van Christus en die Gees

Net soos Christus en die Heilige Gees die Ons Vader beheers en ook die gelowige beheers, en die gelowige alleen daarom die Ons Vader kan bid, so moet ook die prediker deur Christus en die Heilige Gees beheers word by die ondersoek van die Woord en die prediking daarvan. Dit vra volle oorgawe en selfverloëning. Daarvoor word ook ernstige gebed vereis.

2. ELEMENTE IN DIE PREDIKING NADER BEKYK

2.1 God as heilige en liefdevolle heerser

Elke preek moet vra: Wat sê die teksgedeelte oor God en wat sê dit oor ons verhouding tot ons naaste, want elke mens is die beeld van God. In verband met God moet twee aspekte aandag kry. Die eerste is die heiligheid van God. God verdra geen sonde nie; verder is Hy die absolute Heerser wat onvoorwaardelike gehoorsaamheid en diensbaarheid vereis. Die tweede aspek is dat God liefdevolle verbondsgemeenskap beoefen. Hierdie verbondsgemeenskap raak ons verhouding tot Hom sowel as ons verhouding tot ons naaste, want ook ons naaste staan in 'n verhouding tot God. Dit raak verder ons verhouding tot die hele skepping en ons roeping op elke lewensterrein.

2.2 Christus en sy soenverdienste

Elke preek moet Christusprediking bevat. Dit raak nie net wat Jesus gesê het of gedoen het nie, net sy woorde en dade, soos wonderwerke nie, of sy voorbeeld vir ons nie. Christusprediking raak in die eerste plek God se werksaamheid in Christus: wat met Hom gebeur het, sy soenverdienste vir ons sondes. Hierdie aspek vorm 'n wesenlike deel van die prediking en is besonder aktueel vandag. Die soenverdienste van Christus word elders selfs deur sommige Gereformeerde teoloë, ten onregte bevestig (vgl. bv. Geref. ^[115] Kerk, 1976, 296 e.v. oor die standpunt van H. Wiersinga van die Geref. Kerken in Nederland).

2.3 Die Heilige Gees en sy lewewekkende werking

Elke preek moet Heilige Gees-prediking bevat. Dit het nie alleen te doen met wat die Heilige Gees ons leer, of waarvan Hy ons oortuig of hoe Hy ons lei nie. Dit gaan nog dieper. Terwyl die Christusprediking in die eerste plek aansluit by Christus se sterwe, sluit die prediking oor die Heilige Gees in die eerste plek aan by die vrug van Christus se opstanding. Dit handel oor die lewewekkende krag van die Heilige Gees in ons lewe: hoe Hy ons uit die sondedood lewendig laat word (wedergeboorte) en 'n daaglikse proses van sterwe en opstanding in ons bewerkstellig (daaglikse bekering). Deur die Heilige Gees word dit wat Christus vir ons verkry het, aan ons eie lewe toegepas. Die Christus-prediking lê meer klem op die objektiewe feite van Christus se werk vir ons, die Heilige Gees-prediking meer op die innerlike toepassing daarvan aan ons en in ons. Preke sonder die uitdruklike Heilige Gees-prediking neig maklik daartoe om bloot objektief, saaklik en feitlik te wees, sonder hart en bewoëheid.

As die Heilige Gees in elke preek gepreek word, word die probleem waarmee baie predikers worstel, vanself opgelos. Dit is die vraag: Moet ek God se genade verkondig, of die Goddelike eis; die Goddelike gawe, die indikatief, of die Goddelike imperatief? Of die vraag: Hoe hou 'n mens die twee sake in balans as jy nou die een benadruk en 'n volgende keer weer die ander? Of: Op watter een van die twee moet die aksent gelê word? Die balans kom vanself reg wanneer elke preek die Heilige Gees verkondig. Die Heilige Gees bring die gawe en eis, die indikatief en imperatief, organies bymekaar. Die Heilige Gees-prediking dui aan hoe die Heilige Gees dit wat Christus verwerf het, aan 'n mens se hart en lewe toepas. Daarmee doen dit vanself reeds 'n appèl op die hoorder en word die indikatief vanself 'n imperatief.

Daar word soms gesê dat Gereformeerde prediking nie dikwels genoeg oor die Heilige Gees handel nie. Die oplossing vir hierdie leemte lê nie daarin dat daar meer kere spesiaal "oor" die Heilige Gees as tema gepreek moet word nie, maar daarin dat die prediking oor die Heilige Gees 'n deel van elke preek moet wees, net soos die prediking oor Christus. Anders word die Heilige Gees te veel 'n voorwerp of tema waarvoor gepreek word. Die aandag is dan te veel op

die Gees as iets of iemand apart en onafhankliks, in plaas van Iemand wat 'n wesenlike plek in die godsdienst het en die hele godsdienst beheers. Verder word die Gees dan te veel as 'n voorwerp gehanteer en op 'n afstand gesien, en te min as subjek en stuwende krag.

Geesdryery is die gevolg van 'n eensydige en geïsoleerde nadruk op die werking van die Gees. Wanneer elke preek benewens die soenverdienste van Christus, ook die Heilige Gees verkondig, word die Gees egter organies met die Woord verbind en word die gemeente gedurig met die prediking en die eenheid van die Woord en die Gees gevoed.

[116] 2.4 Perspektief op verlede, hede en toekoms

'n Preek moet ook, soos reeds gestel is, verlede, hede en toekoms betrek. Die verlede kom normaalweg vanself uit die teks. Verder moet die preek op die hede toegepas word deurdat dit op Christus en die Heilige Gees betrek word en die lyn verder tot op ons konkrete situasie deurgetrek word. Die prediking mag nie die huidige werklikheid en die gelowige se roeping op aarde ontduik deur met die toepassing in die hiernamaals in te vlug nie. Dit moet nugter en konkreet bly. Aan die ander kant mag dit nie by die hede bly staan nie, maar moet dit die hede ook binne die toekomspektief plaas. Dit moet dieselfde karakter dra as die aartsvaders se lewe: konkreet en alledaags, en tog 'n lewe van hoop. Dit is 'n hoop wat bokant die aardse gebrokenheid uitstyg, ook bokant die gebrokenheid van ons lewe wat onherroeplik uitloop op die dood. Jesus Christus is Koning. Hy kom weer en sal alles uit die dood laat verrys. Hy het die laaste woord, en Hy is die lewe vir almal wat glo.

2.5 Samevatting

Elke preek moet gemaak en gelewer word in biddende afhanklikheid en selfverloëning teenoor God wat deur die lewewekkende Gees van Jesus Christus die hart en verstand van die mens oopmaak deur en vir die woord. Elke preek moet die drie-enige God verkondig, in sy eenheid sowel as in sy gedifferensieerdheid: Vader, Seun en Heilige Gees. God moet verkondig word as die God wat was en wat is en wat kom. Dit moet die menslike doemwaardigheid aan die lig bring, maar tegelykertyd die versoening en verlossing in Jesus Christus. Die mens se absolute magteloosheid in die sonde moet aan die lig gebring word maar tegelykertyd sy verlossing deur die lewewekkende krag van die Gees in daaglikse bekering. Die preek moet in die teken staan van opstanding, lewe, hoop en geloofsblydskap ondanks die sonde en gebrokenheid in die wêreld en in die gelowige. Die gelowige moet in sy verhouding tot God en die naaste getoets en gelei en gebou word.

[117] X. VERKLARING VAN ENKELE SKRIFGEDEELTES

Die gedeeltes hier onder word nie in besonderhede behandel nie, maar daar word slegs op enkele hoofelemente gewys. By die verklaring en prediking van hierdie gedeeltes moet detailksege in elk geval besondere aandag ontvang (vgl. hiervoor bv. P.A. Verhoef. Metodiek van Eksegese, 1981; F.N. Lion-Cachet. Eksegese in diens van die prediking, 1979).

Die temas is geformuleer as opskrif vir die betrokke Skrifgedeeltes, nie as geskikte preektemas nie.

1. ALGEMENE BESPREKING

1.1. Gen. 22 - Abraham moet sy seun op Moria gaan offer

Hierdie gedeelte bewys hoe noodsaaklik die openbaringshistoriese verband is om die juiste insig in 'n betrokke gedeelte te kry. As daar net na God se opdrag aan Abraham in hierdie hoofstuk gekyk word, dan gaan dit hier om 'n eis van absolute gehoorsaamheid, selfs blinde gehoorsaamheid, want Abraham moet 'n skrikwekkende handeling gaan uitvoer. Om 'n mens te offer, is in die latere Mosaïese wette selfs op straf van die dood verbied.

As die openbaringsgeskiedenis in gedagte gehou word, kom daar 'n veel dieper aspek na vore. In hierdie offerande gaan dit om Isak, die kind aan wie die vervulling van God se verbondsbeloftes verbind is. As hierdie beloftes in vervulling moet gaan, sal Isak moet bly voortbestaan. Daarby is dit uit die openbaringsgeskiedenis duidelik dat Isak se geboorte 'n wondergeboorte was. Hy is gebore uit ouers wat geen kinders kon hê nie en uiteindelik boonop te oud was daarvoor. God het deur sy lewewekkende krag vir Isak as't ware uit die dood uit opgewek.

Dit is teen hierdie agtergrond wat die opdrag aan Abraham gegee word om Isak te gaan offer. Abraham glo dat God sy verbondsbeloftes gestand sal doen en dat Hy vir Isak net so wonderbaarlik uit die dood sal terugbring as wat Hy hom gebore laat word het. Abraham handel dus nie slegs uit blinde gehoorsaamheid nie, maar uit geloof in God se lewewekkende krag. Abraham se optrede staan hier dus op 'n totaal ander vlak as die weersinwekkende praktyk van mensoffers. Dit is ook hoe die Nuwe Testament hierdie **[118]** geskiedenis verklaar (Hebr. 11:12, 17-19). Die tema van hierdie geskiedenis is dus nie: Abraham offer sy seun uit gehoorsaamheid nie, maar: Abraham offer sy seun vanweë sy geloof in God se lewewekkende krag.

In die prediking oor hierdie gedeelte sal hierdie tema met Christus se soenverdienste en met die lewewekkende werking van die Heilige Gees in verband gebring moet word. Weens die mens se sondigheid vereis God 'n soenoffer. Die straf op die sonde is die dood (Gen. 3). Maar God voorsien self "'n brandoffer in die plek van" Isak (Gen. 22:13), in die plek van die sondige mens. God gee sy eie Seun om dit vir Abraham te spaar om sy seun te offer, en om dit vir die sondaars te spaar om self geoffer te word.

Die Gees van Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het, wek 'n nuwe lewe in die verstorwe harte van sondaars. Hy wek by hulle 'n geloof in God se reddende en lewewekkende krag in die mens se hart en in die daaglikse gang van hierdie gebroke wêreld. Daarom kan die gelowige uit hierdie opstandingskrag en met hierdie opstandingsperspektief leef. Sy lewe staan in die teken van vertroue en hoop. Hierdie hoop is bowendien gewortel in die verwagting van die wederkoms van Christus, wat gepaard sal gaan met die finale opstanding van die gelowiges tot die ware, volle, ongebroke lewe.

1.2 Eks. 20 - Die wet van die HERE

Wanneer een of meer van die gebooie verklaar word, mag hulle nie op hulleself bekyk word nie, maar wel teen die agtergrond van die inleidende woorde van God: "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het". Hulle moet dus gesien word as die vrug van God se verlossingswerk aan sy verbondsvolk. Dan is die gebooie nie blote onpersoonlike juridiese eise nie, ook nie voorwaardes om in 'n verhouding met God te tree nie.

Die gebooie is God se eise aan sy volk wat reeds in 'n verbondsverhouding met Hom staan en daarvolgens moet lewe. Dankbaarheid teenoor God en liefde vir Hom behoort dus in die preek 'n belangrike rol te speel in die motivering waarom die gebooie onderhou word. Dit is dus verkeerd om te sê dat wetsonderhouding vir die Ou-Testamentiese gelowiges 'n voorwaarde vir redding was, maar dat die Nuwe-Testamentiese gelowiges gered word deur die verdienste van Christus en dat die wet vir hulle 'n reël van dankbaarheid geword het.

Dit is verkeerd om te sê dat die Israëliete uit die slawerny in Egipte verlos is, maar die Nuwe-Testamentiese gelowiges uit sonde en dood. Net soos die res van die Ou Testament, praat Eksodus nie net van 'n materiële verlossing nie. As die Israëliete nie die bloed van die paaslam aan hulle deurkosyne sou smeer nie, sou ook hulle oudste seuns sterf, net soos die van die Egiptenare. Daar was dus versoening nodig vir die Israëliete. Ook die geskiedenis van die woestynreis getuig van opstandigheid van die volk en van genade en versoening deur God. Die geskiedenis van die uittog is dus 'n geskiedenis van stoflike verlossing sowel as verlossing uit geestelike slawerny van sonde. God vorm vir Hom 'n volk wat Hom bewustelik moet dien en volgens sy woord moet lewe. Met ander woorde, God vorm vir ^[119] Hom 'n gemeente. Die horisontalistiese bevrydingsteologie het nie oog hiervoor nie maar slegs vir die materiële bevryding.

Dit is belangrik om in verband met die uittog te let op die toekomselement in die verlossing. Die verlossing was nie dadelik afgehandel nie, maar het eers 'n woestynreis vereis. Die volk moes bereid wees om met volharding op die HERE te bly wag. Ook die Nuwe Testament het 'n belangrike wag-element. Die Nuwe-Testamentiese gelowige leef nog in 'n tussentyd: tussen die koms en die wederkoms van Christus. Die verlossing is nog vervleg met die verslawing in hierdie gebroke wêreld. Die verlossingslewe is nie 'n enkelvoudige saak nie, maar is soos lewe wat uit die dood gewek word. So is dit ook met die onderhouding van die gebooie.

Die Nuwe Testament leer dat ons met liggaam en siel aan Christus behoort. God verlos die hele mens. Hy het die mens ook as 'n eenheid geskep, as 'n besielde liggaam (Gen. 2:7). As daar oor hierdie gedeelte gepreek word, moet daar dus ook ingegaan word op die betekenis van Jesus se liggaamlike opstanding vir ons bestaan. Jesus bewerk nie alleen 'n geestelike verlossing nie, maar ook 'n liggaamlike en stoflike. Die Heilige Gees wek ons op uit die dood van sondeslawerny en Hy laat 'n nuwe mens in ons opstaan. Hierdie nuwe mens onderhou 'n ware verbondsverhouding met God en kom in dankbaarheid sy gebooie na. Dit doen die Heilige Gees elke dag weer, Hy dring ons tot daaglikse bekering: afsterwing van ons ou mens en opstanding van ons nuwe mens. Die Gees van Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het, dring ons met sy lewewekkende krag tot 'n nuwe lewe, 'n lewe van daadkragtigheid en roepingsvervulling in al die fasette van ons bestaan. Ons ontvang ons hele lewe uit die hand van God, die geestelike en die stoflike, die kerklike en die volkere. Dit is in hierdie sin dat die tien gebooie sê God bewerk vir elke volk sy nasionale redding.

Geen volk mag egter sy nasionale aspirasies of behoeftes en sy pogings om dit in vervulling te laat gaan, beskou asof dit sonder meer God se saak is nie. Inteendeel, elke volk moet die sondige neiging om God en ander volke aan die eie selfsugtige aspirasies op te offer, beveg.

Die nasionale moet altyd binne die raamwerk van die geestelike verlossing bly. God wil 'n volk hê wat Hom geestelik, liggaamlik en stoflik dien, 'n volk wat met Hom versoen is deur die bloed van Jesus Christus en wat volgens sy verbondseise of gebooie leef. Dit gaan dus ten diepste om die gelowige kern van die volk, die gelowige "oorblyfsel". Hulle is een met die volk en voer daarin hulle roeping uit, maar is tog onderskeie deurdat hulle daarin, soos in alle dinge, eers die koninkryk van God en sy geregtigheid soek. Hulle soek nie net hulle eie belange nie, maar tegelykertyd die van ander persone en volke.

1.3 Rut 1 - God is koning ondanks 'n skynbaar leë situasie

In die verklaring van die boek Rut moet in gedagte gehou word dat dit daarin ^[120] gaan om God se heerskappy en sy gemeenskap met mense wêreldwyd. Hierdie geskiedenis speel af in die rigtertyd (1:1). Die boek Rigters vertel hoe God sy heerskappy op 'n oorweldigende wyse oor mense laat geld het, byvoorbeeld oor die rigters wat Hy verwek het om sy volk te verlos van hulle vyande. Die boek Rut laat God se heerskappy van 'n ander kant af sien: Hy oorwin mense innerlik, selfs as die omstandighede heeltemal ongunstig en onmoontlik skyn te wees. Daarby bevat die boek 'n vermaning oor die bondsvolk se geslote nasionalisme. Hierdie nasionalisme was nie bereid om iemand uit 'n ander nasie op te neem nie, al was so iemand ook 'n gelowige. Dit beteken nie dat die boek Rut wou hê dat Israel sommer sy deure moes oopgooi en sy besondere karakter as bondsvolk moes verloor nie. Maar Israel moes 'n ware afgesonderdheid beoefen, nie 'n strakke en formalistiese nie. Hulle moes plek hê vir iemand wat nasionaal, maatskaplik en godsdienstig met hulle een wil wees, en ook in lewenspatroon (1:16,17). Hierdie hoofaksent van die boek wys dat daar nie te veel klem gelê moet word op die feit dat Naomi-hulle die beloofde land verlaat het om elders 'n heenkome teen die hongersnood te gaan soek nie. Jakob het dit trouens ook gedoen.

Naomi se man se naam was Elimeleg. Dit beteken: my God is koning. Hierdie naam gee uitdrukking aan die geloof dat die lewe nie maar 'n toevalligheid is nie, maar deur God bepaal word. Elimeleg se lewe, en die van sy gesin, verloop egter heeltemal anders as wat 'n mens uit die naam sou verwag. Elimeleg moet na 'n ander land toe uitwyk om kos te kry. En daar loop die dinge nog verder skeef. Elimeleg sowel as sy twee seuns sterf. Naomi en haar twee skoondogters bly eensaam en verarm agter. Menslike gesproke is dit 'n leë situasie. So som Naomi haar eie lewe op (1:20).

Tog is dit juis in hierdie situasie wat Rut haar aangrypende belydenis doen. Sy doen afstand van haar bestaanswaarborges in haar eie land en stap saam met Naomi in die leë situasie in: "Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. Waar u sterwe sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag God so aan my doen en so daaraan toedoen - net die dood sal skeiding maak tussen my en u" (1:16,17).

Rut doen hierdie keuse omdat die verbondenheid aan Naomi vir haar meer beteken as al die leegheid. In die verbondenheid met Naomi gewaar Rut 'n groter werklikheid as alles wat die lewe bied of alles wat deur die lewe weggeneem kan word. God laat Hom selfs in hierdie situasie nie onbetuig nie, maar hou sy greep op die mens se hart. Daarby is God in hierdie skynbaar leë situasie besig met sy koninkryksplan wat tyd en ruimte oorspan (4:17-22). Eeue later is uit hierdie selfde geslagslyn 'n kind gebore wie se lewe ook menslik gesproke op 'n leë situasie uitgeloop het. Hy eindig aan die kruis. Wat bly daar oor van die belydenis dat Hy die Seun van God is, dat sy Vader die koning van die wêreld is? Tog is God ook daar besig met sy koninkryksplan. Hy bly vir Christus nog steeds "my God, my God!" Hy laat vir Jesus die leegheid aanbreek. Dit is om vir ons verlossing te bewerk. God se werk in ons lewe is sinvol, al lyk dit leeg en sinloos. God eis geloof en volharding, al is die lewe ^[121] vol teenslae, en

hard en meedoënloos, en al sit ons verleë met die belydenis: my God is koning.

God eis ook nie net dat óns sy koningskap moet bely, verkondig en verdedig nie. Hy laat Homself nie onbetuigd aan ons nie, maar skenk aan ons sy Gees. Die Gees laat ons God se werklikheid ervaar: sy greep op die dinge en op ons hart. As alles leeg skyn te wees, dan word ons deur die Gees gewaar dat God bestaan en met ons werk, dat Hy by ons is. Eendag as sy koningsplan voleindig is en ons dit van agter bekyk soos dit tyd en afstand oorspan, sal ons dit in aanskouing kan bewonder. Maar nou is dit vir ons nog soos vir Naomi en Rut daar in Moab, nou kan ons dit alleen in die geloof doen.

God se koningsheerskappy strek tot in die innerlike van die mens. God gryp 'n mens diep in die hart, selfs in die leegste situasie; Hy wek lewe uit die dood, en uit 'n dooie, sondige, heidense hart. Maar God vra terselfdertyd vir sy volk: Maak julle inderdaad erns met hierdie heerskappy van God? Toon julle lewens onder alle omstandighede dat julle aan die lewewekkende God behoort? Sal julle lewens in 'n skynbaar leë situasie, soos die van Naomi, hierdie belydenis uitdra? Sal dit so 'n trekkrag uitoefen dat daar ook 'n Rut sal kom wat sê: "Waar u gaan, sal ek gaan..."? En, so vra God verder, hoe maak jy met iemand wat daardie belydenis uitspreek?

1.4 1 Sam. 1 - Hanna en Samuel: geheel en al in God se diens.

Dit is vir die verklaring van 1 Sam. belangrik dat hierdie gedeelte 'n onderdeel is van 'n boek wat handel oor die instelling en aanvangstyd van die koningskap in Israel. Hierdie feit werp lig op belangrike aspekte. Volgens God se bedoeling is daar onder die koningskap en in God se koninkryk 'n belangrike plek vir gewone mense en vir die huislike lewe. Hierdie feit gee ook lig op die betekenis van die geslagsregister aan die begin van hierdie geskiedenis. Hierdie geslagsregister bevat die name van onbekende persone. Dit beteken egter nie, anders as wat een kommentaar beweer, dat Samuel "die man van die idee" is en dat hy aan hierdie "non-entities" sowel as aan Hanna hulle betekenis besorg het nie. Net soos die res van die boek wys hierdie geslagsregister juis dat dit nie om menslike prestasies of idees gaan nie, maar om God en om sý plan.

God sit sy werk voort deur die geslagte en die geskiedenis heen. Hy is selfs daar aan die werk waar menslik gesproke geen tekens daarvan is nie. Dit is alles sy inisiatief, Hy bewerk selfs lewe uit ondergang en dood. So het Samuel dan ook sy lewe ontvang; hy is uit 'n onvrugbare huwelik gebore en is van die HERE afgebid. God is die Een wat optree. Van die mens word daar geloof in God en sy lewewekkende krag verwag. Dit is daardie geloof wat tot daadkrag aanspoor.

Die verkondiging van 1 Sam. 1 trek saam in v.27, 28: "Om hierdie seun het ek gebid, en die HERE het my bede aan my gegee wat ek van Hom gebid het. So staan ek hom dan af aan die HERE al die dae wat hy leef; hy is aan die HERE afgestaan". Dit vertolk die gees van die hele hoofstuk, naamlik: geheel ^[122] en al in die HERE se diens. Dit geld van Hanna sowel as van haar kind Samuel. Hierdie hele geskiedenis verkondig God se absolute heerskappy en die mens se diensbaarheid. Dit geld van die menslike geslagte en geslagsregisters, van die onvrugbaarheid en vrugbaarheid van die huwelik, van die gewone menslike en huislike lewe, en van die koningskap. Dit is daarom dat Hanna se lofsang 'n noue verband lê tussen haar eie onvrugbaarheid en die van haar volk op politieke, maatskaplike en godsdienstige gebied, asook tussen die koningskap en God se heerskappy (1 Sam 2:1-10).

By die prediking oor hierdie gedeelte sal aangetoon moet word hoe Jesus Christus geheel en al in God se diens gestaan het. Daarmee het Hy ons met God versoen sodat ons geheel en al in God se diens kan staan. Anders is al ons werk, planne en idees nutteloos en staan dit onder

die toorn van God.

Deur die Heilige Gees haal Jesus Christus ons met lewewekkende krag uit die dood van sonde en eis Hy ons geheel en al op in God se diens. Hy heilig ons lewe en bring ons tot selfverloëning en ware diensbaarheid.

Ons verwagtings oor die wederkoms van Jesus Christus mag nie ingestel wees op ons persoonlike verlossing of welsyn sonder meer nie, maar op volkome diensbaarheid aan God. Dit is onder andere op hierdie manier dat Hy sy koninkryk laat kom. Dit gaan in alles om die koninkryk van God, om sy Goddelike heerskappy.

As ons geheel en al in God se diens staan, bring dit ons vanself daartoe om diensbaar te probeer wees aan ons naaste, anders as Peninna teenoor die kinderlose Hanna. Ons lewe word dan immers gedra deur 'n gevoel van sinvolheid, dankbaarheid, mededeelsaamheid en lewensblydskap.

1.5 Ps. 137 - "Hoe kan ons die lied van die HERE sing in 'n vreemde land?"

Hierdie psalm is een van die sogenaamde vloekpsalms waarin daar die vloek van straf en ondergang oor ander mense uitgespreek word. In die bespreking vroeër in hierdie boek is reeds daarop gewys dat hierdie psalms in werklikheid nie vloekpsalms is nie, maar net vloekelemente bevat. Dit is belangrik vir die verklaring (vgl. IV 1.3). Verder is daarop gewys dat in die verklaring van hierdie gedeeltes daar groot erns gemaak moet word met die regverdigheid van God en met sy handhawing van geregtigheid op aarde. Ook die Nuwe Testament verkondig dat God die goddeloses uiteindelik vernietigend gaan straf; al lê die aksent in die Nuwe Testament enigszins anders. Die Nuwe Testament het te doen met die tussentyd tussen Christus se koms en wederkoms, die tyd vir bekering, die tyd wanneer God se genade die klemtoon ontvang.

Daar moet in die verklaring van hierdie Ou-Testamentiese gedeeltes ook goed rekening gehou word met die verband waarin hulle voorkom en gevolglik ook waarop hierdie gedeeltes die klemtoon laat val.

In Ps. 137 gaan dit om die smart en hoopvolle verwagting van die verlate en bespote verbondsvolk onder die straf van God. Die ballinge het blykbaar van tyd tot tyd saamgekom en onder tranen die verwoesting van Jerusalem gedenk. Psalm 137 gee 'n besonder lewendige en intense beskrywing daarvan. Die broervolk Edom het verraderlike leedvermaak geopenbaar oor die ^[123] verwoesting van Jerusalem. "Breek af, breek af die stad tot op sy fundamente", het hulle geroep. Die Babiloniërs het in leedvermaak gevra dat Sionsliedere gesing moet word, liedere waarin God se almag en sy beskerming van Jerusalem besing is (bv. Ps. 48; 96-99; 125). Daarom kan die volk nie die liedere van die HERE in hierdie vreemde land sing nie, maar het hulle hulle Here aan die wilgerbome opgehang. Tog sal hulle Sion nie vergeet ten gunste van die vreemde stede en op die se mag vertrou nie.

Hoewel die digter dit nie uitdruklik sê nie, maak hy erns daarmee dat God 'n straffende God is en dat dit die rede is waarom die volk weggevoer is; dit is nie deur onmag van God nie (vgl. ook Klaagl. 1-5). Die volk het die ontsettende werklikheid van Goddelike straf aan eie lyf ervaar. Die digter hanteer daarom die strafgedagte op 'n felle manier, teenoor homself sowel as teenoor die vyande. Hy verwens homself as sy geloofsverwagtings en vreugde oor Jerusalem sou verflou; in so 'n geval moet sy regterhand verlam raak en sy tong aan sy verhemelte vaskleef: hy moet onbekwaam word om enige musiekinstrument te speel en enige lied te sing. Alle vreugde sal dan vir hom verdwyn. Vir Edom bid hy felle straf van die HERE af omdat hulle verraderlik met Babel saamgespan het - iets wat die bondsvolk nooit kon vergeet nie (Ob. :10; Klaagl. 4:21-22; Eseg. 25:12; 35:5). Vir Babel stel die digter met

genoeë 'n meedoënlose vernietiging in vooruitsig. Dit sluit skokkend realisties aan by die harde werklikheid van oorlog: selfs babatjies word doodgemaak, teen klippe verbrysel. Dit is hoe oorlog was en nog steeds maar is, al is dit op 'n meer subtiële en verfynde manier. Hier is dus nie juis die digter se wreedheid aan die woord nie, maar sy werklikheidsin. Hierdie woorde het dus iets om ernstig oor na te dink: wie bereid is om teen ander oorlog te voer, moet bereid wees om die saak tot die volle konsekwensies van die werklikheid deur te trek en om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar!

By die prediking oor hierdie gedeelte sal gewys moet word dat in Jesus aan die kruis, God aan die werk is: God wat straf maar tog ook sy verbond hou. Dáár was smart en verlatenheid, dáár was spot en leedvermaak (Matt. 27:40-43,46). Maar dit het alles op Jesus neergekom. Hy het ons straf by God gedra. Die straffende God is ons God, wat getrou is aan sy verbond. Hy bly ook die God wat die vyande straf: Jesus Christus het uit die dood opgestaan en na die hemel toe opgevaar; Hy regeer die wêreld. Ook kom Hy weer om die wat leedvermaak het oor die verleentheid en smart van die gelowige volk van God, met sy oordeel te tref. Dit geld vir die ongelowige wêreld waarvan Babel die simbool is. Dit geld ook vir die wat, soos Edom, net in naam 'n broederverbintenis met die ware kerk het.

In onself verdien ons die felle straf van God, net soos die bondsvolk van ouds. Tog leef ons in hoopvolle verwagting, want die Gees van Hom wat uit die dood opgestaan het, bring ook lewe vir ons: lewe in plaas van oordeel. In ons hart, wat dood is in die sonde, wek Hy lewe. Hy laat ons 'n lied van die Here sing. Want Hy laat Jesus Christus binne in ons opstaan. In Jesus Christus is vervul wat in Sion gesimboliseer was: God se mag oor alles en almal, en sy gemeenskap met sy volk. Daarom kan dié wat in Christus is, op enige plek 'n lied van die Here sing.

[124] Deur die gebrokenheid van die lewe en deur ons eie sonde voel ons soms soos vreemdelinge in die vyandige wêreld vol spot en leedvermaak. Ons smag om tot eer van God te sing oor sy mag en oor sy goedheid vir sy volk. Maar die leedvermaak bring ons in smart en diepe verlatenheid; dit bring ons tot pynlike swye. Tog bly ons hoopvol op die Here wag, want ons leef uit die opstandingskrag van die Gees; Hy laat ons uit dieptes en uit ondergang opstaan. Vreugde in Jesus Christus bly die beheersende stukrag van ons lewe. Ons sal Hom en sy volk nooit vergeet nie. Ons bly die lied van die Here sing.

Jesus Christus is ons vreugde. God se mag en regverdigheid is in Hom geopenbaar en Hy is reddend by ons in alle nood. In ons verhouding met mense kan die aksent nou op liefde en vergifnis val en op die oproep tot bekering. So kan ons altyd en oral die lied van die Here bly sing.

1.6 Jes. 7 - Die Immanuel-teken

Hierdie gedeelte is 'n baie bekende messiaanse profesie, maar word gewoonlik so direk op Christus betrek dat die konkrete betekenis daarvan vir die lesers van die skrywer se tyd heel dikwels nie ter sprake kom nie. Hierdie profesie is deur Jesaja uitgespreek toe die Arameërs en die Tienstammeryk vir koning Agas van Juda met geweld wou dwing om aan hulle anti-Assiriese koalisie deel te neem. Agas word in die noutes gedryf en probeer om die guns van die Assiriërs af te koop. Hy bied ook aan om 'n vasal van Assirië te word om sodoende sy beskerming te verkry. Jesaja wil Agas oorhaal om nie op menslike verbonde te vertrou nie, maar om selfs onder die benardste omstandighede op God alleen te vertrou. Vir 'n lid van die verbondsvolk is dit die enigste ware verbondspolitiek.

Hierdie gedeelte verkondig: God is alleen by die wat glo, en Hy bevestig hulle: "As julle nie glo nie - voorwaar, dan sal julle nie bevestig word nie" (7:9). Jesaja moet sy seun Sjear Jasjub

met hom saamneem as hy die koning gaan ontmoet. Hierdie naam beteken: 'n oorblyfsel sal terugkeer. Dit is self ook 'n profesie aan Agas om op die Here te bly vertrou. Agas kan 'n teken van die HERE vra, maar hy doen dit nie. Hy is te benoud om in hierdie politieke saak die woord van God die deurslag te laat gee. Hy wil die saak liever deur middel van politieke diplomatie oplos. Die tasbare wapens van Assirië gee vir sy gevoel meer veiligheid as die woord van die profeet. Maar dan gee die HERE deur die profeet tog vir hom 'n teken: "die jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en hom Immanuel noem" (7:14). Immanuel beteken God-met-ons. Hy sal nog heel klein wees, dan sal dit met die twee konings vir wie Agas bang is, verby wees. Omrede Agas se ongeloof sal die Here vir hom en sy volk met 'n vernietigende oordeel tref.

Hierdie profesie is in die profeet Jesaja se tyd vervul. Tog vind wat hier gebeur het, sy diepste vervulling in Jesus Christus. In Hom kom God ook na sy volk toe, 'n volk wat in hulle diepe nood onmagtig en onwillig is om in God alleen te glo. Hy is beskermend by sy volk. Maar hulle moet glo, anders word hulle deur die onheil getref. Dit is alleen 'n oorblyfsel wat gered word, soos in die geval van die bondsvolk. Vir hulle het Jesus self die benoudheid deurgemaak, ook ^[125] die benoudheid van die straf op hulle sondes. Hy is deur God verlaat sodat ons nooit deur Hom verlaat sal word nie. Hy sal altyd vir ons Immanuel wees: God-met-ons.

Dit geld vir ons geestelike en stoflike lewe. Die volgende stelling is dus nie korrek nie: die kerk het in die plek van verbondsvolk Israel gekom; die belofte van God se nabyheid geld net vir die kerk. Hierdie stelling berus op allegoriese eksegeese. Dit is wel waar dat Christus vir ons duidelik stel wat die belangrikste is: dit moet in alles in die eerste plek om God se koninkryk gaan, om 'n mens se verhouding tot God en jou naaste. Dit moet gaan om God se wêreldwye volk, om 'n volkskap wat alle geografiese en nasionale grense transendeer. Maar dit moet tog gebeur sonder vernietiging van hierdie grense of verskeidenhede. Christus red die gelowiges as individue, maar ook as nasies. Die nasies word in hulle gelowiges gered. By God tel die gelowiges as die betrokke nasies. Hulle is die kern en die oorblyfsel uit die nasies.

Daarom kan ons ook vir die sake van ons land op God vertrou en durf ons daarvoor veg, soos Israel van ouds vir hulle s'n. Maar ons moet daarin tog eerstens die koninkryk en sy geregtigheid soek. Soos ek beskerming vir my persoon soek, so kan en moet ek dit soek vir my volk. Maar hierdie beskerming moet ondergeskik wees aan die Koninkryk, aan God se doel. Daarby mag ons nie aan God voorskryf hoe Hy moet maak nie. Hy kán van 'n enkeling sy lewe vra. Hy kan ook van 'n enkeling sy land vra. Tog kan ons onder alle omstandighede op God vertrou, mits ons waardebepalings reg gestel is. Dan kan ons ook oor hierdie teks preek vir ons konkrete landsituasies.

Dit moet in die geloof gedoen word. Die ware geloof word ontvang van Jesus Christus self. Hy wat vir ons gesterf en ook weer uit die dood opgestaan het, staan met sy lewewekkende Gees ook binne in ons op. In harte wat dood lê in die sonde en twyfel, wek Hy 'n nuwe lewe op, 'n lewe uit Christus, 'n lewe wat vasgryp aan Christus. Die Gees woon in mensharte wat elke dag maar weer terugsink in moedeloosheid en vertwyfeling. Maar deur die Gees staan hulle daagliks op tot geloof in God en sy reddende krag. Hulle glo in God, hoe donker of uitsigloos hulle situasie ook mag wees. Hulle weet en vertrou dat Hy met lewewekkende krag die lewens van mense en ook die wêreld regeer.

In hierdie gebroke wêreld vol sonde is daar nog baie onduidelike en onverklaarbare en teenstrydige dinge. Daar is nog selfs stryd tussen gelowiges, en daar is oorloë. Daarom verlang ons na die dag wanneer Christus sal kom om daaraan 'n einde te maak, dan wanneer Hy volkome en vir altyd by ons sal wees. Ondertussen leef ons nog in hierdie gevalle wêreld en moet ons daarin ons pos beman, ook op die slagveld as dit nodig is. Maar in alles soek ons

eers en bowe-al ons oplossing deur uit liefde tot God en ons naaste te leef. In hierdie wêreld met sy menslike mislukking moet ons noodgedwonge stryd en oorlog voer. Ook dit doen ons in die geloof dat God by ons is. Maar ons weet dat die ware oplossings vir die wêreld in nood, ten diepste geleë is in iets anders. Dit is geleë in die ware en gemeenskaplike geloof in Jesus Christus die Vors van vrede. Hy bestendig die wat glo, ook in hierdie verwarrende en gebroke wêreld.

[126] 1.7 Jer. 31:31-34 - Die nuwe verbond

Ook hierdie gedeelte is 'n voorbeeld van hoe noodsaaklik dit is om 'n teks of perikoop in sy verband te bekyk. Hierdie verse mag nie op hulleself geneem word nie, anders verloor hulle hulle geweldige spanning. Dan word hulle ook te maklik en te regstreeks oorgedra op die uitstorting van die Heilige Gees en die vrug van die Gees se werking. Die ander aspekte van God se verlossingswerk soos die verskriklike straf oor Jesus Christus, bly dan buite die gesigsveld. Die gevolg is dat hierdie ryke verkondiging spanningloos tot die hoorders kom, selfs sonder dat hulle 'n behoefte aan die nuwe verbond en werking van die Gees voel. Dit kan selfs bydra tot die beoefening van 'n matte en sorgelose godsdienst.

In werklikheid sê hierdie gedeelte nie sommer net dat die HERE 'n nuwe verbond met Israel gaan oprig nie. Die profeet rig hom intendeel tot 'n volk wat 'n louteringsgerig deurgemaak het. "En soos Ek oor hulle wakker was om uit te ruk en om te gooi en te verwoes en te vernietig en skade aan te doen, so sal Ek oor hulle wakker wees om te bou en te plant, spreek die HERE" (v. 28). Hulle verkeer diep onder die indruk van God se toorn oor die sonde en van hulle eie diepe skuldigheid. Daarby voel hulle hulle magteloos in die greep van die sonde en hunker hulle daarna dat God hulle innerlik moet verander en moet vergewe. "Sekerlik het Ek Efraim hoor weeklaag: U het my getugtig en ek het my laat tugtig soos 'n ongeleerde kalf. Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die HERE my God" (v.18). Die bondsvolk het hulle selfgenoegsaamheid afgewerp en kla ook nie meer dat hulle onskuldig moet ly nie: "In die dae sal hulle nie meer sê nie: Die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die kinders het stomp geword. Maar elkeen sal weens sy eie ongeregtigheid sterwe; elke mens wat die groen druiwe eet, sy tande sal stomp word" (v.29, 30).

Teen hierdie agtergrond van Goddelike straf oor die sonde en van sy volk se berou, verkondig die profeet die absolute heerskappy van God en sy persoonlike verbondsgemeenskap met sy volk. Dit kry gestalte in die nuwe verbond waarin God ál die inisiatief neem vir die verlossing van sy volk; Hy verander selfs hulle harte om volgens sy gebooie te leef. Hy vergewe (v. 31-34).

Die tema van hierdie gedeelte is dus nie net: Die Here sluit 'n nuwe verbond met sy volk, of iets dergelyks nie, maar: Die Here sluit 'n nuwe verbond met die oorblyfsel, wat berou het oor hulle sonde.

In die prediking oor hierdie gedeelte sal God se straffende toorn oor die sonde ernstige aandag moet kry. Hy verskoon selfs nie sy eie volk nie. Daarby lê die mens magteloos in die greep van sy sonde en sy hardnekkigheid. God straf die sonde deur 'n vernietigende straf. Tog is Hy genadig, Hy straf dit aan sy eie Seun Jesus Christus. Dit geld egter alleen vir die wat in Christus is, die wat in Hom glo. Hulle is die oorblyfsel, hulle word deur die Heilige Gees lewewekkend gered uit die ondergang en dood van sonde en onbekeerlikheid. Die Gees laat hulle opstaan tot 'n nuwe lewe in Christus. Dit is 'n lewe van ware berou en van 'n innige hunkering na die gebooie van God, na sy verbondsbepalinge.

[127] God se oordeel gaan as't ware daagliks oor hulle heen, in die sin dat hulle hulleself onder sy oordeel stel in belydenis van hulle sondes, in berou daarvoor en in smeking om

genade deur die soenbloed van Jesus Christus. So leef ons in verwagting op die koms van Christus, dan wanneer die nuwe verbond in volkomenheid sal aanbreek. Dan sal ons opstaan tot volkomenheid en sal ook hierdie gebroke wêreld verander word tot volkomenheid. Ons leef reeds in die vreugde van die nuwe verbond, ons leef in 'n innige gemeenskapslewe met God in Jesus, Christus. Aan Hom behoort ons; Hy is ons lewe. Ons wy ons met ywer en blydschap aan ons roeping op hierdie aarde. Hierdie aarde behoort aan Hom.

2. HOMILETIESE LYNE

2.1 'n Skema

Die volgende konsepskema is nie volledig nie, maar het hoofsaaklik die openbarings-historiese elemente op die oog.

Tema. Dit moet in 'n toegepaste vorm geformuleer word sodat dit 'n boodskap bring vir die hoorder en hom nie 'n toeskouer laat wees nie. So 'n formulering is tegelykertyd 'n goeie toets vir hoe aktueel die teks vir 'n preek is. 'n Tema soos die volgende mag geskik wees in 'n kommentaar of vir 'n lesing, maar nie vir 'n preektema nie: Die roeping van Abraham, of: God roep Abraham. Die name van Bybelse persone moet nie gebruik word nie; wat van so 'n persoon gesê is, moet so geformuleer word dat die hoorder voel dat dit op homself betrekking het.

God. In die Ou Testament is God die Vader gewoonlik vanself in die teks betrek en kom aan die orde in die behandeling van die teks (vgl. 1.1).

Christusprediking. Die Christusprediking moet konsentreer op die versoening deur die kruis. Dit moet nie bloot gaan om wat Christus gedoen het - sy wonders ens. nie, of wat Hy gesê of geëis het nie.

Heilige Gees. Dit moet konsentreer op die lewewekkende werking van die Gees in die mens. Die preek moet aandui dat die mens in homself dood in die sonde is en dus onwillig en magteloos is om te doen wat die teks eis. God bring lewe deur sy Gees en woord: ontdekking van die sonde, berou, daaglikse bekering, reiniging. Die prediking oor die Heilige Gees moet nie bloot gaan om dit waarvan die Gees ons oortuig of waarin Hy ons lei nie.

Eskatologie. Die eskatologie moet die tema in verband bring met die gebeurtenisse rondom die wederkoms van Christus, met ander woorde openbaringshistories, nie slegs tydloos op die hiernamaals gerig nie.

Toepassing. Dit moet God se optrede sowel as ons optrede teenoor Hom en ons naaste insluit.

2.2 Kort formulering

Hierdie elemente moet elkeen kort geformuleer word - net in een sin, anders is dit 'n bewys dat dit nie geïntegreer is tot 'n eenheid nie. Dit behoort organies by die tema aan te sluit en moet uitdruklik sy kernwoorde gebruik. ^[128] 'n Preek behoort nie geskryf te word voordat hierdie elemente geformuleer is nie. Dit verseker dat die preek 'n eenheid vorm en op die punt af is. As hierdie weg nie gevolg word nie, wreek dit hom in die uitbou van die preek.

[129] LITERATUUR

- B.W. ANDERSON. Tradition and Scripture in the community of faith. *Journal of Biblical Literature*. 100.1. March 1981, 5-21.
- G.W. ANDERSON. The history of Biblical interpretation. In: *The interpreter's one-volume commentary on the Bible, 971-977*. C.M. Laymond (ed.). London, Glasgow, 1971.
- G.W. ANDERSON (ed.). *Tradition and interpretation. Essays by members of the Society for Old Testament Study*. Oxford, 1979.
- T.J. BAARDA e.a. Een geschil over de uitleg van het Oude Testament. *Kerk en Theologie*. 27. 1976, 89-101.
- D.L. BAKER. *Two Testaments - one Bible*. Leicester, 1976.
- S. BAR-EFRAT. Some observations on the analysis of structure in Biblical narrative. *Vetus Testamentum*. 30.2. April 1980, 154-173.
- J. BARR. *Old and new in interpretation. A study of the two Testaments*. London, 1966.
- J. BARR. Trends and prospects in Biblical theology. *Journal of Theological Studies*. 25.2. Oct. 1974, 265-287.
- J. BARR. Semitic philology and the interpretation of the Old Testament. In: *Tradition and interpretation*. G.W. Anderson (ed.). Oxford, 1979, 31-64.
- L. BERKHOF. *Principles of Biblical interpretation*. Michigan, 1966.
- J. BOTHA. Die ontwerp van 'n metode vir woordstudie in die Griekse Nuwe Testament. M.A.-verhandeling. P U vir C H O, 1980.
- F.H. BREUKELMAN. Gerechtigheit. *Vox Theologica*. 32. 1961-1962, 42-57.
- J. BRIGHT. *The authority of the Old Testament*. London, 1967.
- G.W. BROMILEY. The authority of Scripture. In: *The new Bible commentary revised*, D. Guthrie (ed). Guildford and London, 1970.
- F.F. BRUCE. The earliest Old Testament interpretation. *Oudtestamentische studiën*. XVII. Leiden, 1972, 35-52.
- F.F. BRUCE. Theology and interpretation. In: *Tradition and interpretation*. G.W. Anderson (ed.). Oxford, 1979, 383-416.
- W. BRUEGGEMANN. *In man we trust: The neglected side of Biblical-faith*. Richmond, Virginia, 1972.
- W. BRUEGGEMANN. *The land. Place as gift, promise and challenge in Biblical faith*. Philadelphia, 1977.
- J. CALVYN. *Institutie*.³ Deel I. Uit het Latyn vertaald door A. Sizoo. Delft, 1956.
- B.S. CHILDS. *Biblical theology in crisis*. Philadelphia, 1970.
- B.S. CHILDS. *Introduction to the Old Testament as Scripture*.² Philadelphia, 1979.
- J.C. COETZEE, B.J. DE KLERK EN L. FLOOR. Die Hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *Koers*. 45.1. 1980, 18-36.
- R.E. CLEMENTS. *A century of Old Testament study*. Guildford and London, 1976.
- D.J.A. CLINES. *Story and poem: The Old Testament as literature and Scripture*.

- Interpretation. 34.2. April 1980, 115-127.
- V.E. D'ASSONVILLE. Die dwaasheid om te preek. Johannesburg, 1976.
- F.E. DEIST. Towards the text of the Old Testament. Pretoria, 1978.
- F.E. DEIST EN J.J. BURDEN. 'n ABC van Bybeluitleg. Pretoria, 1981.
- F.E. DEIST. Die God van Jona. Kaapstad, 1981.
- F.E. DEIST. The problem of history in Old Testament theology. OTWSA. 24. 1981. May 1982, 23-39.
- F.E. DEIST (red.). Die Bybel leef. Pretoria, 1982.
- J. DE VUYST. "Oud en Nieuw Verbond" in de Brief aan de Hebreëen. Akademisch proefschrift. Kampen, 1964.
- W. DIETRICH. Wort und Wahrheit. Studien zur Interpretation alttestamentlicher Texte. Neukirchen - Vluyn, 1976.
- P.B. DIRKSEN. De mogelijkheid van een theologie van het Oude Testament. Nederlands Theologisch Tijdschrift. 36.4. Okt. 1982, 279-290.
- A.B. DU TOIT. Die eksegeese van die Sinoptiese Evangelies in: Hermeneutica. Erebundel aangebied aan prof. E.P. Groenewald. Pretoria, 1970, 65-101.
- S. DU TOIT. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Potchefstroom, 1969.
- G. EBELING. Einführung in Theologische Sprachlehre. Tübingen, 1971.
- W. EICHRODT. Theologie des Alten Testaments. 1," II & III \ Göttingen, 1960, 1964. (Theology of the Old Testament. I, II. London, 1961, 1967).
- I.H. EYBERS. Hermeneutiese beginsels vir die Ou Testament in die lig van die verhouding Ou Testament-Nuwe Testament. Intreerede. Unisa, Pretoria, 1963.
- F.C. FENSHAM. Israel - 'n prinsipe in die Hermeneutiek. In: Hermeneutica. Erebundel aangebied aan prof. E.P. Groenewald. Pretoria, 1970, 23-34.
- F.C. FENSHAM. Die studie van die Ou Testament in die moderne wêreld. In: Die Bybel en die moderne mens. S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1974, 14-25.
- L. FLOOR. Calvyn se herneutiek in vergelyking met Ebeling en Fuchs. Kladiktaat.
- L. FLOOR. Hoe gebruik die teoloog die Skrif? Koers. 44.1. 1978, 8-17.
- L. FLOOR. Eksegese en prediking by Paulus. Kladiktaat.
- L. FLOOR. Hermeneutiek. Kladiktaat.
- L. FLOOR. Die evangelie van die koninkryk. Pretoria, 1981.
- G. FOHRER. The centre of the Theology of the Old Testament. Ned. Geref. Teologiese Tydskrif. 7.4. Sept. 1966, 198-206.
- G. FOHRER. Theologische Grundstrukturen des Alten Testaments. Berlin, New York, 1972.
- K. FRÖR. Biblische Hermeneutik.³ München, 1967.
- E. FUCHS. Hermeuneutik.⁴ Tübingen, 1970.
- GEREFORMEERDE KERK IN S.A. Handeling van die nege-en-dertigste sinode. 1976.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. God met ons. De aard van het

- Schriftgezag. 1980.
- C. GRAAFLAND. Het vaste verbond. Israel in het Oude Testament bij Calvijn en het gereformeerd protestantisme. Amsterdam, 1978.
- S. GREIJANUS. Schriftbeginselen ter Schriftverklaring. Kampen, 1946.
- H. GUNKEL. The legends of Genesis. (Uit Duits vertaal). Chicago, 1901.
- H. GUNKEL. Einleitung in die Psalmen. Göttingen, 1975.
- A.H.J. GUNNEWEG. Vom Verstehen des Alten Testaments. Eine Hermeneutik. Göttingen, 1977.
- G.F. HASEL. Old Testament theology: basic issues in the current debate. Michigan, 1972.
- G.F. HASEL. The problem of the centre in the Old Testament theology debate. Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft. 86.1, 65-82.
- J.L. HELBERG. Ou Testamentiese teologie in verleentheid? (Twee studies oor uitgangspunt en metode). P U vir C H O, 1976.
- J.L. HELBERG. Die Here regeer. Openbaringslyn deur die Ou Testament. N.G. Kerkboekhandel Transvaal, 1980.
- J.L. HELBERG. Die Ons Vader: Die Heilige Gees is geen ekstra nie. Die Kerkblad. 84. 2615. 26 Augustus 1981, 7, 8.
- J.L. HELBERG. Die beginsel van ware wetenskap is oorgawe aan God. In: Interpretasie en oordeel. Wetenskap in u lig. No. 1: Band 2, deel 1. N.T. van der Merwe (red.). P U vir C H O, Potchefstroom, 1981, 89-95.
- B. HOLDWERDA. Historia revelationis Veteris Testamenti. I. Kampen, 1971.
- E. JACOB. Grundfragen Alttestamentlicher Theologie. Stuttgart, 1970.
- J.G. JANZEN. What's in a name? "Yahweh" in Exodus 3 and the wider Biblical context. Interpretation. 33. 3. July 1979, 227-239.
- M.G. KLINE. The Structure of Biblical authority. Michigan, 1972.
- F.H. KLOOSTER. Toward a reformed hermeneutic. RES Theological Bulletin. 2.1. Grand Rapids, May 1974.
- F.H. KLOOSTER. The uniqueness of reformed theology. A preliminary attempt at description. The Reformed Ecumenical Synod Theological Forum. VI, 3 & 4, April 1979.
- J.L. KOOLE. Verhaal en feit in het Oude Testament. Kampen. Ongedateer.
- J.L. KOOLE. Scripture and history. In: International Reformed Bulletin. P. Schrotenboer (ed.). 54. 1973, 2-13.
- H.J. KRAUS. Die Biblische Theologie. Ihre Geschichte und Problematik. Neukirchen-Vluyn, 1970.
- J.H. KROEZE. Die tuin van Eden. Pretoria, 1967.
- J.H. KROEZE. Adam en Eva. Johannesburg, 1974.
- C.J. LABUSCHAGNE. Gods oude plakboek. Visie op het oude testament.² s'Gravenhage, 1979.
- B.C. LATEGAN. Die hermeneutiek en die prediking. In: Die Bybel en die moderne mens. S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974.

- W.E. LEMKE. Revelation through history in recent Biblical Theology. A critical appraisal. *Interpretation*. 36.1. Jan. 1982, 34-46.
- F.N. LION-CACHET. God die HERE het al hierdie woorde gespreek. Die betekenis van die "Inleidingsformule" van die dekaloo vir die Ou Testamentiese Besondere Kanoniek. *Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO*. H. 31. 1976.
- F.N. LION-CACHET. 1979. Eksegese in diens van die prediking. Referaat gelewer tydens die aktualiteitskonferensie van die Potchefstroomse Teologiese Skool. Ongepubliseer.
- F.N. LION-CACHET. Die beklemtoning van die geslagte in Genesis. *Koers*. 45.1. 1980, 54-62.
- F.N. LION-CACHET. Diskusie met Loader, J.A.: die Christus-prediking van die Ou Testament, (In die *Skriflig*, Junie 1981). In die *Skriflig*. 16.62. Junie 1982, 30-32.
- J.A. LOADER. Ortodokse fundamentalisme en die gebruik van die Ou Testament in Suid-Afrika. *Hervormde Teologiese Studies*. 35. 1 en 2, 101-118.
- J.A. LOADER. Die Christusprediking van die Ou Testament. In die *Skriflig*. 15.58. Junie 1981, 1-11.
- W.E. MARCH. Prophecy. In: *Old Testament form criticism*², J.H. Hayes (ed.), San Antonio. 1977.
- D.J. McCARTHY. *Old Testament covenant. A survey of current opinions*. Oxford, 1973.
- J. MOLTMANN. *The crucified God*. London, 1974.
- J. MOLTMANN. *The church in the power of the Spirit*². London, 1978.
- M. NOTH. *Überlieferungsgeschichte des Pentateuch*. Stuttgart, 1948.
- M. NOTH. *Geschichte Israels*⁶. Göttingen, 1966.
- J.P. OBERHOLZER. Christusverkondiging in die Ou Testament. *Hervormde Teologiese Studies*. 19. 1964, 1-7.
- J.P. OBERHOLZER. Eksegese en prediking. *Hervormde Teologiese Studies*. 30.3 en 4, 129-137.
- J.P. OBERHOLZER. Die soeke na 'n Bybelse Teologie. *Hervormde Teologiese Studies*. 32. 3 en 4, 151-160.
- D.H. ODENDAAL. Die wetsgedeeltes van die Ou Testament in die prediking. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. 19. 3. Junie 1978, 163-183.
- B.J. OOSTERHOFF. *Feit of interpretasie*. Rektorale rede. Kampen, 1967.
- W. PANNENBERG. *Der Gott der Geschichte. Der trinitarische Gott und the Wahrheit der Geschichte*. *Kerygma und Dogma*. 23.1. April-Juni 1977, 76-92.
- L. PERLITT. *Bundestheologie im Alten Testament*. Neukirchen, 1969.
- H.G. REVENTLOW. Die Eigenart des Jahweglaubens als geschichtliches und theologisches Problem. *Kerygma und Dogma*. 20.3. 1974, 206-217.
- W. RICHTER. *Exegese als Literaturwissenschaft: Entwurf einer alttestamentlichen Literaturtheorie und Methodologie*. Göttingen, 1971.
- H.N. RIDDERBOS. *De aard van het Schriftgezach*. *Gereformeerd Weekblad*. April 1981.
- H.N. RIDDERBOS. *Evaluation of Comments on God with Us*. (On the nature of the

- authority of Scripture. A discussion). *Theological Forum*. 9. 3 & 4. January 1982, 51-56.
- B.J. ROBERTS. The textual transmission of the Old Testament. In: *Tradition and interpretation of the Old Testament*. G.W. Anderson (ed.). Oxford, 1979, 1-30.
- G.T. SHEPPARD. *Wisdom as a hermeneutical construct. A Study in the sapientializing of the Old Testament*. BZAW. Berlin, New York, 1980.
- G.T. SHEPPARD. Canonization. Hearing the voice of the same God through historically dissimilar traditions. *Interpretation*. 36. 1. Jan. 1982, 21-33.
- W.J. SNYMAN. *Nuwe en ou dinge*. Potchefstroom, 1977.
- G.J. SPYKMAN. A confessional Hermeneutic: alternative to the historical-critical method. *R.E.S. Theological Bulletin*. 1.3. Michigan, December 1973.
- A.G. VAN AARDE. Hoekom diversiteit in die Bybel? *Die Hervormer*. Februarie 1982, 16.
- J.J. VAN DER WALT. *Soek die Here in sy tempel*. Potchefstroom, 1982.
- T. VAN DER WALT. *Hermeneutiek*. Klaskodisat.
- A.S. VAN DER WOUDE. Genesis en Exodus. Beschouwingen over de plaats van de schepping in de oudtestamentiese teologie. *Kerk en Teologie*. 20. 1969, 1-17.
- J.A. VAN ROOY. Language and culture in the communication of the christian message as illustrated by the Venda Bible. Doctor's thesis, PU for CHE, 1971.
- A. VAN SELMS. *Genesis deel 1. Prediking van het Oude Testament*. Nijkerk, 1967.
- A. VAN SELMS. *Die God van die Ou Testament*. Studieboekreeks no. 8. Unisa, 1978.
- N.A. VAN UCHELEN. *Bijbeluitleg volgens de zg. "Amsterdamse School"*. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*. 79. 1979, 201-214.
- A.H. VAN ZYL. *Gods woord in mensetaal. Die ontstaan en boodskap van die eerste vyf boeke van die Bybel*. Durban, 1975.
- A.H. VAN ZYL. Die verhouding Ou Testament-Nuwe Testament. In: *Hermeneutica*. Erebundel aangebied aan Prof. E.P. Groenewald. Pretoria, 1970.
- G.C. VELDHUIZEN. *Inspirasie manifesteer in gelowige getuienis*. *Die Hervormer*. April 1982, 16.
- P.M. VENTER. *Wysheidsliteratuur en Bybelse Teologie*. *Hervormde Teologiese Studies*. 38. 1, 53-61.
- P.A. VERHOEF. Some thoughts on the present-day situation in Biblical theology. In: *Westminster Theological Journal*. 33, 1-19.
- P.A. VERHOEF. Some notes on typological exegesis. In: *New Light on some Old Testament problems*. Die O.T. Werkgemeenskap in Suid-Afrika. A.H. van Zyl (red.). 1962, 58-63.
- P.A. VERHOEF. *Ou-Testamentiese teologie in perspektief*. Stellenbosse Teologiese Studies. 6 April 1981. N.G. Kerk-uitgewers.
- P.A. VERHOEF. *Metodiek van die egsegese*². Kaapstad, Pretoria, 1981.
- G. VON RAD. *Das Erste Buch Mose, Genesis*, Göttingen, 1956 (*Genesis. A commentary*³, London, 1966).
- G. VON RAD. *Theologie des Alten Testaments*. I, II. München, 1957, 1960. (*Old Testament Theology I, II*, Edinburgh, London, 1962, 1965).

- W. VOSLOO. Die Abrahamsbeloftes in die Abrahamsvertellinge in Genesis. 'n Literêre en teologiese analise. Proefskrif Universiteit van Pretoria, 1978.
- TH. C. VRIEZEN. Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament³. Wageningen, 1966.
- H.M. VROOM. De grote daden van God: verhaal of historie? Gereformeerd Theologisch Tijdschrift. 79. 1979, 215-246.
- C. WESTERMANN (red.). Probleme alttestamentlicher Hermeneutik³. München, 1968. Dit bevat die volgende artikels:
- G. VON RAD. Das Alte Testament ist ein Geschichtsbuch.
- C. WESTERMANN. Zur Auslegung des Alten Testaments (Geschichtliche Einleitung).
- R. BULTMANN. Weissagung und Erfüllung.
- M. NOTH. Die Vergegenwärtigung des Alten Testaments in der Verkündigung.
- W. ZIMMERLI. Verheissung und Erfüllung.
- C. WESTERMANN. Bemerkungen zu den Thesen Bultmanns and Baumgärtels.
- F. BAUMGÄRTEL. Das hermeneutische Problem des Alten Testaments.
- H.W. WOLFF. Zur Hermeneutik des Alten Testaments.
- J.J. STAMM. Jesus Christus und das Alte Testament.
- Th. C. VRIEZEN. Theokratie und Soteriologie.
- W. EICHRODT. Ist die typologische Exegese sachgemasse Exegese?
- A. JEPSEN. Wissenschaft vom Alten Testament.
- F. HESSE. Zur Frage der Wertung und der Geltung alttestamentlicher Texte.
- W. PANNENBERG. Heilsgeschehen und Geschichte.
- H.W. WOLFF. Das Geschichtsverständnis der alttestamentlichen Prophetie.
- S. HERRMANN. Das Prophetische.
- C. WESTERMANN. Genesis. Biblischer Kommentar altes Testament. Neukirchen, 1966 e.v.
- C. WESTERMANN. Grundformen prophetischer Rede. München (Basic forms of prophetic speech. Londen, 1967.)
- C. WESTERMANN. Theologie des Alten Testaments in Grundzügen. Göttingen, 1978.
- H.H. WOLF. Die Einheit des Bundes. Das Verhältnis von Altem und Neuem Testament bei Calvin. Neukirchen, 1958.
- H.W. WOLFF. Das Alte Testament. Eine Einführung in seine Schriften und in die Methoden ihrer Forschung. Stuttgart, 1970.
- E.J. YOUNG. The study of Old Testament theology today. London, 1958.
- W. ZIMMERLI. Zum Problem der "Mitte" des Alten Testaments. Evangelische Theologie, 35, 2. Mrt./Apr., 95-118.
- W. ZIMMERLI. Vom Prophetenwort zum Prophetenbuch. Theologische Literaturzeitung. 104.7. Juli 1979, 481-496.
- W. ZIMMERLI. The history of Israelite religion. In: Tradition and interpretation. G.W.

Anderson (ed.), 351-383.

H.J. ZOBEL. Altes Testament-Literatursammlung und Heilige Schrift? Theologische Literaturzeitung. 105. 2. Febr. 1980, 81-92.